1989091270 01

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

UOVS - BIBLIOTEEK
*198909127001220000018*

DIE EKONOMIE AS BEPALENDE FAKTOR IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK 1929 - 1936.

deur

**JAN ADRIAAN HENDRIK VAN DEN BERG**

voorgelê om te voldoen aan die
vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM**

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
(Departement Geskiedenis)

aan die

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
**BLOEMFONTEIN**

**Studieleier:** Prof S L Barnard

**Mede-Studieleier:** Mnr J S van Zyl

BLOEMFONTEIN
Junie 1989.

[illegible] EKSEMPLAAR [illegible]
[illegible] OMSTANDIGHEDE UIT [illegible]
BI[illegible] VERWYDER [illegible]

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
29 NOV 1989
T 330.968054 BER
BIBLIOTEEK

# VOORWOORD.

Die tema van hierdie verhandeling spruit voort uit jare se be= langstelling in die rol wat die ekonomie in 'n land se ge= skiedenis speel. Die ekonomie en politiek in enige land, maar veral in Suid-Afrika, is so 'n integrale deel van mekaar dat dit moeilik van mekaar te skei is.

Die tydperk van die studie, 1929-1936, kan inderwaarheid as 'n waterskeidingstydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis beskou word. Dit was gedurende hierdie jare dat die wêreld in 1929 geskok is deur die ineenstorting van die aandelemark in New York. Hierdie ineenstorting het ook in Suid-Afrika reperkussies gehad en het die interaksie tussen die ekonomie en politiek duidelik uitgebeeld in die debat rondom die afstapping aldan nie van die goudstandaard. Afrikaner Nasio= nalisme *versus* Engelse Imperialisme kom ook tydens die debat duidelik na vore.

Die belangrike algemene verkiesing van 1929 en die daarop= volgende probleemjare rondom die droogte en ander ekonomiese faktore het interessante verwikkelinge op die politieke front na vore gebring. Argumente wat vanuit 'n suiwer ekonomiese perspektief gevoer moes word is heel dikwels deur party= politici buite verhouding aangewend tot gewin van die betrokke party. Die rol wat Tielman Roos in die goudstandaardkwessie gespeel het kan as die katalisator beskou word wat die twee generaals, Hertzog en Smuts, gedwing het om die strydbyl te begrawe en uiteindelik politieke bedmaats te word.

'n Baie interessante tendens wat waargeneem is, is dat die Afrikaner die geneigdheid openbaar dat wanneer daar op die politieke front kalmte is, daar ook 'n ekonomiese oplewing te bespeur is en *vice versa*. Die gebeure voor en na Koalisie en Samesmelting is duidelike bewyse hiervan. Die ekonomiese im= plikasies van verstedeliking en die armblankedom in hierdie tydperk laat beslis nog ruimte vir heelwat verdere studie.

Dit kan kategories gestel word dat daar seer sekerlik nie 'n ander tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was dat die ekonomie so 'n belangrike rol gespeel het nie. Dat daar an= der aspekte van menswees was wat net so 'n groot rol kon speel of wel gespeel het in die politiek is wel duidelik. Aspekte soos die Wit-Swart verhouding, Armblankes, klimatologiese toestande en selfs ook persoonlike verskille tussen die politieke leiers, kon inderwaarheid ook 'n groot invloed op die politiek van die dag gehad het. Dat daar ook tydperke was waar die politiek weer 'n groot invloed op die ekonomie gehad het is eweneens waar, maar vir die doel van hierdie studie is daar gekonsentreer op die feit dat die ekonomie 'n bepalende rol gespeel het op die Suid-Afrikaanse politiek in die tydperk 1929-1936.

Om die Geestes- en Ekonomiese wetenskappe te koppel was nie altyd maklik nie. Ek het werklik probleme ondervind om bronne te bekom wat interdissiplinêre vertolkinge weergee. Veral wat die sekondêre bronne betref word die saak gewoonlik net beskou vanuit die gesigspunt van een van die twee vakdis= siplines. Ek kon nie 'n werk raakloop wat werklik die invloed van die een vakdissipline op die ander ten volle belig nie. Gevolglik moes ek my maar hoofsaaklik verlaat op koerante uit die tydperk en moes heel dikwels, met die hulp van my studieleiers, sekere afleidings maak om te kon gaan ondersoek instel na die relevansie daarvan. Wat nogal tref=

fend was, is dat verskeie historici sowel as ekonome land= wyd, aan wie skrywes gerig was, nie baie begerig was om te reageer nie en die gedagte het duidelik na vore gekom dat 'n nouer skakeling tussen die twee vakdissiplines 'n noodsaaklikheid is.

Die werke van J.H. le Roux, P.W. Coetzer en A.H. Marais, **Generaal J.B.M. Hertzog, sy strewe en stryd**, sowel as J.H. le Roux en P.W. Coetzer se **Die Nasionale Party Deel 11 en 111** was van groot waarde met betrekking tot die kronologiese verloop van politieke gebeure gedurende die tydperk 1929 - 1936. Die rol wat Tielman Roos, veral tydens die goudstan= daardkwessie, gespeel het, word uitgespel in die werk van J.P. Brits, **Tielman Roos**. Met betrekking tot die ekonomie was verskeie werke van C.G.W. Schumann, maar veral **The World Depression - South Africa and the Gold Standard**, van groot nut.

Die Instituut vir Eietydse Geskiedenis van die UOVS se volledige versameling van Volkraadsdebatte, Wette van die Unie van Suid-Afrika, privaatversamelings, talle koerante en pamflette was van onskatbare waarde.

'n Probleem wat deurentyd opgeduik het, was die wissel= koerseenheid. In die proses moes sekere aannames gemaak word. Die belangrikste rede hiervoor was, dat 'n Pond Ster= ling van 1929 -1936 nie summier as R2 aanvaar kon word nie. Tydens die oorskakeling vanaf Sterling na die Desimale stelsel is algemeen aanvaar dat een Pond Sterling ekwivalent was aan R2. Die gedurige skommeling op die geldmarkte veroorsaak egter heel dikwels verwarring. Vir die gerieflikheid daarvan is tydens hierdie studie deurentyd aanvaar dat 'n Pond ekwivalent is aan R2.

Die doel van die studie was egter om 'n bres te probeer slaan met die oog op verdere navorsing in verband met die wis=selwerking tussen die ekonomie en die politiek. Daar is beslis 'n behoefte aan navorsing met betrekking tot die invloed wat die ekonomie op die politieke gebeure het.

Ek wil graag my hartlike dank uitspreek teenoor die direkteure, bibliotekarisse en personeel van die volgende biblioteke en navorsingsentrums vir hulle vriendelike en hulpvaardige samewerking: Die Sasolbiblioteek van die UOVS, die biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika in Pretoria, die Stadsbiblioteek van Bloemfontein en die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die UOVS. Veral 'n besondere woord van dank aan mej. Helena Pretorius van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis vir baie ure se on=baatsugtige diens en die bereidwilligheid om tydig en ontydig, soms te midde van 'n baie druk program, maar weer van voor af na nog bronnemateriaal begin soek het.

Geldelike bystand gelewer deur die Instituut vir Navorsingsontwikkeling van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie publikasie uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die van die outeur en moet nie noodwendig aan die Instituut vir Navorsingsontwikkeling of die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing toegeskryf word nie.

Ek wil ook my hartlike dank betuig aan my medestudieleier mnr. J.S. van Zyl vir die groot hulp vanuit die Departement Ekonomie . Dankie vir ekonomiese perspektiewe wat baie lig op die navorsing gewerp het.

Aan prof. S.L. Barnard 'n besondere woord van dank vir baie ure se opoffering, soms tot baie laat in die nag. Sonder sy hulp sou hierdie studie nie voltooi kon word nie. Baie dankie ook vir die volgehoue motivering en aanmoediging. Ek het groot waardering vir die wyse waarop hy my altyd tuis laat voel het en die feit dat hy nooit gehuiwer het om sy rype ervaring en kennis in die Suid-Afrikaanse politieke ge=skiedenis met my te deel nie.

Ek wil ook my moeder, familie en vriende opreg bedank vir hulle belangstelling en voortdurende aanmoediging.

Aan my vrou en drie kinders 'n spesiale woord van innige dank en waardering vir die groot opoffering wat hulle moes bring om hierdie studiejare vir my moontlik te maak. Baie dankie vir die volgehoue vertroue en gebede en ook vir die baie kere se tuisbly sonder om te kla. Aan my vrou, baie dankie vir die bekwame wyse waarop sy die tikwerk behartig het.

Ten slotte, my innige dank aan my Skepper vir krag en genade, onverdiend ontvang.

J.A.H. van den Berg.

**BLOEMFONTEIN**
Mei 1989.

DIE EKONOMIE AS BEPALENDE FAKTOR IN DIE SUID-AFRIKAAN=SE POLITIEK 1929 - 1936.

## INHOUDSOPGAWE.

HOOFSTUK 1. p. 1

ENKELE POLITIEKE EN EKONOMIESE FAKTORE WAT BEPALEND WAS IN DIE GESKIEDENIS VAN S.A. TOT 1929.

Inleiding.
Ekonomiese probleme na die Anglo-Boereoorlog.
Die werkersopstand van 1922 aan die Witwatersrand.
Die Algemene verkiesing van 1924.
Die regeringstyd van die Pakt-Regering, 1924 - 1929.
Die staking van 1925.
Die stigting van Yskor.
Mynbou in Suid-Afrika voor 1929.
Die armblanke in Suid-Afrika.
Die Pakt en die armblanke.
Evaluering.

HOOFSTUK 2. p. 48

DIE EKONOMIESE FAKTORE IN SUID-AFRIKA WAT VANAF 1929 - 1936 'N BEPALENDE ROL GESPEEL HET.

Inleiding.
Ekonomiese toestande in die buiteland.
Ekonomiese toestande in Suid-Afrika.

Die rol van die Goudstandaard in die Suid-Afrikaanse poli=
tiek 1929 - 1936.
Evaluering.

HOOFSTUK 3. p. 140

HISTORIESE PERSPEKTIEF OP DIE POLITIEKE GEBEURE IN DIE TYDPERK 1929 - 1936.

Inleiding.
Die algemene-verkiesing van 1929.
Die skeuring binne Arbeidersparty-geledere.
Die rol van die ekonomie in die 1929-verkiesingsveldtog.
Die Pakt se hantering van die Blanke arbeiders.
Gebeure wat samesmelting vooraf gegaan het.
Koalisie tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse
Party.
Samesmelting word 'n werklikheid.
Die stigting van die Gesuiwerde Nasionale Party.
Die aanname van 'n viertal belangrike wetgewings.
Evaluering.

HOOFSTUK 4. p. 218

DIE EKONOMIE AS DOMINANTE FAKTOR IN DIE SUID-AFRIKAAN=
SE POLITIEK, 1929 - 1936.

Inleiding.
Die interaksie tussen die politiek en die ekonomie in Suid-
Afrika, 1929 - 1936.

Slotopmerking.

BYLAES. p. 236

Bylae 1 'n Teoretiese model van die ekonomiese konjunktuur.

Bylae 2 Program van beginsels van die "Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party", 1934.

Bylae 3 Program van beginsels van die Nasionale Party van die Unie, 1936.

Bylae 4 Hertzog se sewe voorwaardes vir koalisie.

Bylae 5 Enkele vergelykings tussen die twee programme van beginsels van die Kaaplandse Hoofbestuur van die N.P. en die basis van genl. Hertzog.

BRONNELYS EN BIBLIOGRAFIE. p. 264

# HOOFSTUK 1.

## ENKELE POLITIEKE EN EKONOMIESE FAKTORE WAT BEPALEND WAS IN DIE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA TOT 1929.

### 1.1 INLEIDING.

Die tydperk 1929-1936 was van kardinale belang vir die poli= tieke geskiedenis van Suid-Afrika. Dit was 'n tydperk waarin belangrike partypolitieke veranderinge plaasgevind het. Par= typolitiek wat selfs neerslag gevind het in die sosiale pro= bleme waarmee die Pakt-regering te kampe gekry het. Probleme in die vorm van die Armblankevraagstuk, wat as gevolg van die ekonomiese insinking en die geweldige Droogte van 1930-1933, die grootste oorsaak was dat sommige boere net nie langer kon bly voortbestaan op die plase nie. Dit het gelei tot verste= deliking wat op sigself 'n ernstige probleem geword het, omdat die boer eenvoudig net nie in die stede kon aanpas nie.

Die swak omstandighede waarin die mense gaan leef het, het probleme oor die kleurgrens heen veroorsaak en wetgewing moes ingestel word om hierdie problematiek te probeer bekamp.

In 1929 is die wêreld onverwags in 'n ekonomiese krisis ge= dompel as gevolg van die ineenstorting van die Wallstraatse aandelemark in New York op 29 Oktober 1929.[1] In Suid-Afrika het die ineenstorting van die aandelemark eweneens ernstige

1. R.L. Heilbroner, The Making of Economic Society, p. 139.

gevolge gehad. Die impak wat die ekonomie in die tydperk op die politiek gehad het, het die vraag laat ontstaan tot watter mate daar 'n wisselwerking tussen die ekonomie en die politiek van 'n land bestaan. Dit het gelei tot die onder= soek na hoe bepalend hierdie ekonomiese impak op Suid-Afrika se politieke geskiedenis was.

Die gevolgtrekking word gemaak dat die interaksie tussen die ekonomie en die politiek van so 'n aard was dat die volgende hipotese gemaak kan word naamlik: die ekonomiese tendense van Suid-Afrika was in die tydperk 1929-1936 van so 'n aard dat dit 'n bepalende rol uitgeoefen het op die politiek van die land. So bepalend was die invloed dat dit gelei het tot koalisie en samesmelting en dus die stigting van die Verenigde Party in 1934.

Ten einde 'n logiese aanknopingspunt in 1929 te kry is dit noodsaaklik dat 'n saaklike historiese beeld oor enkele po= litieke en ekonomiese gebeure verkry word. In geskiedskrywing kan die vraag gevra word watter faktore die gang van 'n land se geskiedenis bepaal. 'n Paar begrippe wat dadelik die oog vang, is die rol wat politieke, staatkundige- en sosiale fak= tore te speel het.

In die geskiedenis van Suid-Afrika word die belangrike rol wat die ekonomie gespeel het dikwels nie raakgesien nie. As en= kele voorbeeld hiervan kan die faktore genoem word wat verantwoordelik was vir die Groot Trek. Nie al die gebeure wat op die Groot Trek uitgeloop het was polities of staatkundig van aard nie. Teen 1830 was die Oosgrens oorbe= volk en was dit in baie gevalle ekonomies nie meer moontlik om 'n normale winsgewende boerdery daar te bedryf nie. Grondpryse is verhoog en droogtes het 'n normale boerde= rysisteem bykans onmoontlik gemaak. Dit was 'n bedreiging

vir die grensboere se leefwyse, wat hulle tot in daardie stadium gevrywaar het van 'n bestaan as loonarbeiders. Vir die jonger geslag was daar nou nie meer grond nie. Hulle kon moontlik na 'n meer intensiewe vorm van boerdery oor= skakel, maar dit sou 'n langsame proses wees wat gevorderde tegnologie en gunstig klimaatsomstandighede sou vereis. Dit sou egter 'n duur proses wees en die deurslaggewende rol van 'n nypende tekort aan finansies kom weer hier sterk ter sprake.

Die Anglo-Boereoorlog het deels gegaan om Brittanje se strewe na die besit van die Witwatersrandse goudvelde. Hierdie soeke ná geldmag kan as een van die hoofoorsake van die oorlog aangedui word en teen hierdie agtergrond gesien het dit 'n groot ekonomiese impak op die land se geskiedenis gehad.

Die industriële ontwikkeling in Suid-Afrika het dikwels drastiese aanpassings in owerheidsbeleid geverg en die ekonomiese invloed daarvan het soms politieke debatte tussen die regerende partye en die Opposisie teweeg gebring. Die vraag of Suid-Afrika oor die nodige fondse beskik om 'n projek aan te pak, word altyd gevra alvorens so 'n projek van stapel gestuur word. Suid-Afrika se deelname aan Wêreldoorlog 1 het verreikende ekonomiese implikasies tot gevolg gehad. Dit gebeur heel dikwels dat Suid-Afrika daarvan weerhou word om 'n sekere standpunt in te neem, omdat die land se buite= landse handelsbetrekkinge in die proses kan skade ly. Reeds in die vroeë jare van die Unie se geskiedenis het generaals J.B.M. Hertzog en J.C. Smuts met mekaar verskil as gevolg van Hertzog se "Suid-Afrika Eerste"-beleid en Smuts se voorliefde om nie die bande met Brittanje te breek nie. Die vraag kan tereg gevra word: watter invloed het buitelandse druk teen Suid-Afrika met betrekking tot veranderinge, veral op staat= kundige gebied, wat in die land plaasvind? 'n Vraag waaroor

baie gedebatteer was, is of die ekonomie 'n land se politiek beïnvloed of *vice versa*.

Om perspektief te kry op die gebeure gedurende 1929-1936 sal dit nodig wees om eers terug te gryp in die verlede, veral sedert die draai van die eeu en te ondersoek wat vooraf gebeur het. Sekere faktore was wel deurlopend van aard en hierdie faktore sal moet verreken word om die relevansie van die voorafgenoemde hipotese te toets. Die gebeure van 1929-1936 sal veral onder die vergrootglas geneem moet word om tot 'n sinvolle gevolgtrekking oor die interaksie tussen politiek en ekonomie te kom.

## 1.2 EKONOMIESE PROBLEME NA DIE ANGLO-BOEREOORLOG.

Die Anglo-Boereoorlog het Suid-Afrika maar veral die twee verslane Boererepublieke, op hulle knieë gedwing. Ekonomies het dit baie sleg met die land gegaan. Die Boere het na hul= le afgebrande plase teruggekeer en moes met niks tot hulle be= skikking van voor af begin. Die Afrikaner het, trou aan sy aard, weer begin en teen Uniewording, op 31 Mei 1910, het dit ekonomies gesproke al heelwat beter met die land gegaan. Daar was weer 'n mate van orde in die ekonomiese sisteem al= hoewel die Unie met 'n skuldlas van R232 miljoen gesit het.[2]

Wat die landbou betref was Suid-Afrika na Uniewording al weer so goed op dreef dat wol en mielies op daardie stadium uitgevoer is en dit was ook die land se belangrikste inkomste

2. C.F.J. Muller, 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 369.

uit buitelandse valuta.[3] Koring moes egter nog ingevoer word. Die goudmynbedryf was ook goed op dreef en die staatskas het baie gebaat by die belastings wat op die myne gehef is. Reeds so vroeg as 1914 ontstaan daar egter konflik tussen die mynowerhede en die mynwerkers. Hierdie konflik het gegaan oor lone en dit het op die 1914 staking van die mynwerkers uitgeloop.[4] Kort hierna breek die Eerste Wêreld=oorlog uit.

Na die beeïndiging van die Oorlog het ekonomiese toestande in Suid-Afrika weereens begin verswak. Die pryse van landbouprodukte op die buitelandse markte het gedaal en die goudprys was baie laag en wisselvallig.[5] Verder het daar nog 'n swaar las op die staat gerus as gevolg van die oor=logsuitgawes. Die regering was derhalwe verplig om belas=tings te verhoog ten einde die mas te kon opkom. Ook die myne is swaar belas in 'n poging om meer fondse vir staat=skulddelging te bekom.[6] Spesiale verhogings op doeane en aksyns is ingestel en die regering was later verplig om uit noodweer selfs van die delgingsfonds [7] se geld te gebruik om die begroting te laat klop. Ekonomies het dit nie goed met Suid-Afrika gegaan teen die einde van 1919 nie en die land het met sy eerste ekonomiese depressie te doen gekry.[8]

---

3. A.P. Ravenscroft, The course of the Depression in South Africa, p. 12.
4. D.W. Krüger, The Making of a Nation, p. 74.
5. Muller, p. 413. (Die goudprys het gedaal vanaf R1.30 per fynons in Februarie 1929 tot 95 sent in Desember 1921.
6. Ibid.
7. Die delgingsfonds was 'n fonds wat gestig is met die uit=sluitlike doel om surplus geld wat die regering uit belas=tings bekom het te gebruik om landskuld te delg.
8. A.L. Müller, Die Ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika. p. 225.

In 1920 was die regering verplig om van die goudstandaard af te stap en dadelik moes banke krediet inkort, omdat die goudprys so laag gedaal het dat sommige van die laegraadse goudmyne moes sluit.[9] Werkloosheid het die hoogte ingeskiet en die ontevrede werkers het die regering vir hierdie toedrag van sake blameer. In 1921 was die totale heterogene bevol= king aan die Witwatersrand ongeveer 7 miljoen waarvan byna vyf en 'n half miljoen swartmense was. Hierdie toename in die bevolking het nog meer negatief op die reeds ekonomies wankelende gemeenskap ingewerk.[10] Hierdie bevolkingstoename met die gepaardgaande styging in werkloosheid het die regering nog meer hoofbrekens besorg.

## 1.3 DIE WERKERSOPSTAND VAN 1922 AAN DIE WITWATERSRAND.

Die ekonomiese laagtepunt het na 1921 aan die Witwatersrand voortgeduur en werkloosheid het 'n al groter probleem geword. Dit was egter nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd wat die Oorlog en oorlogsuitgawes lande gedwing het om te besnoei in hulle begroting. Feitlik die hele Europa se ekonomie het in duie gestort en na die vredesooreenkoms van 28 Junie 1919 het betaalmiddele drasties gedevalueer.[11] In hierdie stadium het Suid-Afrika se goudmyne die ruggraat van die land se ekonomie gevorm. Die bedryf het die grootste bydrae tot die nasionale inkomste van die land gelewer, die mynbou het die meeste werk op daardie stadium aan blank sowel as swart verskaf en wat buitelandse valuta betref, het die myne die leisels by landbou oorgeneem en was die myne die grootste

9. A.P. Cartwright, Gold paved the way, p. 123.
10. A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer, Geskiede= nis van Suid-Afrika, p. 506.
11. O. Geyser en A.H. Marais, Die Nasionale Party Deel 1, p. 428.

verdiener op hierdie gebied vir Suid-Afrika.[12] Verder was die goudmyne die grootste invoerders, veral van mynmasjienerie en myngereedskap, en ook die grootste belastingbetaler. Kortom, die goudmyne was in 1922 die grootste enkele stabiliserende faktor in 'n wankelende ekonomiese stelsel in Suid-Afrika.[13]

In 1921 het die produksiekoste van die goudmyne drasties toegeneem.[14] Hierdie verhoging was deels te wyte aan prys=stygings ten opsigte van mynbenodigdhede en deels as gevolg van hoër lone wat aan blankes betaal moes word. As gevolg van die styging in die produksiekoste moes heelwat van die myne wat 'n laegraadse goud produseer het, sluit. Dit het beteken dat heelwat mense sonder werk sou sit en dit sou die werkloosheidsyfer onrusbarend verhoog.[15] In Mei 1920 het 'n Kommissie, wat deur die regering aangestel was om die saak te ondersoek, verslag aan die Eerste Minister gedoen. In die verslag word gemeld dat 21 myne teen 'n verlies gewerk het en indien hierdie myne gesluit sou word dit sou beteken dat 10 503 blankes en 81 734 swartmense sonder werk sou sit.[16] Die Kommissie het aanbeveel dat die Kleurslagboom uit hierdie myne verwyder moes word.[17] Indien die Kleurslagboom verwyder

---

12. Volgens regeringsverslae het die goudmynbedryf in 1920 aan 22 837 blankes en 184 971 swartes werk verskaf. In 1921 het die syfers verander na 21 607 blankes en 181 323 swartes.
13. C.G.W. Schumann, <u>Die Ekonomiese posisie van die Afrika=ner</u>, p. 81.
14. In 1914 was die produksiekoste ongeveer R1.75 per fynons. Teen 1921 het dit reeds meer as R2 per fynons beloop. Vgl. Regeringsverslae U.G. 27.24 van 13.12.1923 en 37.23 van 13.12.1922..
15. S.F. Zaaiman, <u>Die Volksblad 1917-1925</u>, p. 150.
16. <u>Ibid</u>.
17. Die Kleurslagboom was inderwaarheid beroepsverskansing en is vergestalt deur myn regulasies, wat deur die Wet en Werke van 1911, bekragtig is. Die Kleurslagboom het bepaal dat sekere beroepe, gewoonlik geskoolde of half=geskoolde werk, slegs deur blankes verrig kon word. Daar moet op gelet word dat die Kleurslagboom gedurende die Eerste Wêreldoorlog gewysig moes word, omdat daar

word, kon die myne wat so swaar onder die finansiële las gebuk gegaan het, van die goedkoper swart arbeid gebruik maak in 'n poging om hulle produksiekoste te verlaag.

Die goudmyne het hulle aan die einde van 1921 in 'n redelike dilemma bevind. Aan die een kant was daar die probleem rondom die produksiekoste wat so gestyg het en die daling in die goudprys en aan die anderkant was daar die Vakbonde wat 'n redelike houvas op die Kamer van Mynwese ge= durende Wêreldoorlog 1 gekry het. Hierdie Vakbonde het ge= dreig met stakings indien die werkers na hulle mening on= regverdig behandel was. Die stryd tussen die Kamer van Mynwese en die Vakbonde was inderdaad 'n vrugbare teelaarde vir 'n groot algemene staking.

Op 8 Junie 1921 het Sir Lionel Phillips, voorsitter van die *Central Mining Investment Corporation Ltd.*, die opheffing van die Kleurslagboom en loonverlaging van die blankes bepleit.[18] Dit is duidelik dat hy hierdeur 'n groter wins aan die maatskappy wou toeëien. Die Kamer van Mynwese het hiermee saamgestem, omdat volgens die Kamer, die salarisver= hogings sedert 1914 met bykans 11,6% meer toegeneem het as die styging in lewenskoste.[19] Op 22 Julie 1921 kondig die Kamer van Mynwese aan dat die lone van blanke arbeiders vanaf 1 Augustus met 15 sent per skof verminder sou word.[20] Dit het egter nog nie die probleme van die goudmyne opgelos nie en generaal J.C. Smuts, die Premier, het die erns van die saak besef en saam met S.F. Malan, Minister van Mynwese, 'n ver= gadering met die Mynwerkersunie belê. Die samesprekings het

'n tekort aan blankes was en na die Oorlog is die *status quo* weer gehandhaaf. Dit op sigself het groot probleme veroorsaak.

18. Die Burger, 15.7.1921.
19. F.J. van Heerden, Die Randse Staking van 1922, ongepu= bliseerde M.A. verhandeling, p. 57.
20. Die Burger, 23.7.1921.

op 4 November 1921 plaasgevind waartydens Smuts hoër pro= duktiwiteit van die swart werkers geëis het. Saam hiermee het hy hom sterk uitgelaat teen die afskaffing van die Kleurslagboom omdat dit, volgens hom, wrywing tussen blank en swart sou veroorsaak.[21] Die Mynwerkersunie wou aanvanklik niks hiervan hoor nie, maar na verdere samesprekinge met Smuts op 10 en 15 November 1921 is die voorstel van Smuts, met betrekking tot hoër produktiwiteit, aanvaar.[22] Die atmosfeer was uiters gespanne en beweringe is gemaak dat tot 60% blankes werkloos sou wees indien die Kleurslagboom laat vaar word. Op 28 Desember 1921 kondig die Kamer van Mynwese aan dat blankes vanaf 1 Februarie 1922 [23] met swart werkers vervang kon word.

Ook in die steenkoolmyne was daar 'n styging in pro= duksiekoste en 'n afname in uitvoere. Die eienaars van die steenkoolmyne het dadelik 'n verlaging van ongeveer 50 sent per skof vir blankes aangekondig.[24] Die Federasie van steenkoolmynwerkers wou dit nie aanvaar nie en, ondanks 'n versoek deur die regering om dit nie te doen nie, het die werkers besluit om vanaf 1 Januarie 1922 te staak.[25] Die ge= volg van die staking was dat 800 blanke werkers op 26 Januarie 1922 uit die diens ontslaan is. In navolging van wat op die steenkoolmyne gebeur het, het die goudmynwerkers ook 'n sta= king afgekondig wat daartoe gelei het dat 20 000 blankes en 180 000 swartes binne enkele dae werkloos was.[26] Generaal Smuts het aangebied om as bemiddelaar op te tree, maar die blanke mynwerkers wou niks daarvan hoor nie. Die Kamer van Mynwese het 'n werkersverhouding van 1 blanke tot 10,5 swartes

---

21. Van Heerden, p. 60.
22. Ibid., p. 61.
23. Ibid., p. 63.
24. Ibid., p. 69.
25. The Star, 24.12.1921.
26. Van der Walt, p. 506.

aanbeveel en die blanke mynwerkers het aangedring op 'n verhouding van 1 blanke tot 3,5 swartes.[27]

Die blanke werkers het ook die regering gewantrou, omdat die mynbase volgens hulle te veel inspraak in die regering ge=had het en dus nie werklik die saak van die werkers goedgesind was nie. Hoggenheimer,[28] Die Burger se karikatuur van die ryk mynbase, is as die sondebok uitgewys wat die onder=handelinge sou laat skipbreuk ly. Smuts was vir die stakers glad nie aanvaarbaar nie en hulle het eerder hulle hoop op steun van die Nasionale Party, wat op daardie stadium die Opposisie was, gevestig. Die aanvanklike steun wat Tielman Roos, Transvaalse leier van die Nasionale Party, aan die sta=kers gegee het, was bloot net 'n verskansing om self politieke gewin uit die saak te behaal.[29]

Op 3 Februarie 1922 hou die stakers 'n massavergadering en word daar op hierdie vergadering besluit om nie langer die Ka=mer van Mynwese te erken nie, maar 'n voorlopige re=publikeinse regering in die lewe te roep.[30] Die Transvaalse

27. Ibid., p. 507.
28. Hoggenheimer was 'n karakter wat deur D.C. Boonzaaier, spotprenttekenaar van Die Burger, geskep is. Hoggen=heimer was 'n bekende figuur wat oor baie jare heen aan Nasionale Party kant as die bewerker van die Afrikaners se ondergang uitgebeeld is. Boonzaaier het in die ka=rakter, met vernietigende effek die georganiseerde geld=mag verpersoonlik. Hoggenheimer was altyd as 'n dik vet Jood voorgestel. Hy het 'n besondere voor- liefde vir dik sigare gehad en was deur Boonzaaier voorgestel as iemand met 'n onversadigbare gierigheid om sakke vol geld te versamel. Geld wat hy, volgens Die Burger uit die Afrikaner gesuig het en wat hy aangevul het met geld wat hy uit die myne van Suid-Afrika gekry het. Kortom, kan hy dus as die kapitalis met 'n kapitalistiese geldstelsel in Suid-Afrika uitgebeeld word. Vgl. At van Wyk, Die Keeromstaat-kliek, p. 23.
29. J.P. Brits, Tielman Roos, p. 132.
30. J.H. Le Roux, P.W. Coetzer en A.H. Marais, Generaal J.B.M. Hertzog. Sy Strewe en Stryd Volume 1, p. 241.

Nasionale Party wou nie meer verder hulle steun aan die stakers verleen nie, omdat hierdie voorgenome Republiek niks anders as 'n werkersrepubliek, geskoei op die lees van die Marxistiese ideologie van Rusland, sou wees nie.[31] Die stakers het hulleself nou bewapen en sou diegene wat nog wou gaan werk nie toelaat om dit te doen nie. Smuts was nie ge= neë om die regering by die staking te betrek nie, omdat sy aanvanklike aanbod, om as bemiddelaar op te treë, van die hand gewys is. Gevolglik het hy verklaar dat die staking 'n saak tussen die mynbase en die stakers was. Op 27 Februarie 1922 moes die Polisie ingeroep word om die stakers tot orde te probeer bring. Dit het gelei tot 'n skietgeveg en nou was genl. Smuts verplig om in te gryp.[32] Hierna was die vet in die vuur en 'n groep bekend as die Aksiekomitee het beheer oor die stakers oorgeneem. Die staking het nou in 'n algemene staat van oproer ontaard. Georganiseerde bendes het deur Johannesburg se strate gedwaal, die Polisie en veral die swartmense gemolesteer. Die bendes het nou begin moor, roof, brande stig en rewolusionêre liedere in die strate sing.[33]

Dit was die laaste strooi vir generaal Smuts en hy het be= sluit om persoonlik na die Rand te gaan. Krygswet is af= gekondig en die Polisie is onttrek. Die Leër en Lugmag is ingeroep en Smuts het voorbereidings getref om die staking met geweld te onderdruk. Die hoofkwartier van die Aksiekomitee is gebombardeer en verwoede gevegte het in die strate van Boksburg, Langlaagte, Benoni en Brixton plaasgevind.[34] Op 15 Maart 1922 pleeg lede van die Aksiekomitee selfmoord en kom alle weerstand tot 'n einde. Die Vakbonde het die beheer oor

Sommige bronne verwys na die datum as 5 Februarie. Vgl. Krüger, p. 123.

31. Ibid.
32. Brits, p. 136.
33. Ibid.
34. Van Heerden, pp. 113-116.

die staking oorgeneem en dit kort daarna beëindig. Daar is weer met die Kamer van Mynwese onderhandel wat ingestem het om die werkers weer, op die Kamer se voorwaardes, in diens te neem.[35] Vir die blanke mynwerkers was die staking 'n vol= slae mislukking. Baie eiendomme is verwoes en 230 mense onder wie 50 polisiemanne, is in die gevegte gedood.[36] Daar is drasties teen die stakers opgetree en sommige is selfs sonder verhoor doodgeskiet. Ander is opgehang of swaar tronkstraf opgelê.[37] Baie meer blankes is nou deur die myne afbetaal en met swartes vervang. Smuts het 'n vrywaringswet deur die Parlement laat aanneem om die Polisie en die Leër te beskerm en die spesiale Kommissie het die regering van alle blaam onthef.[38] Die finale nadraai van die staking was dat die Hooggeregshof in November 1923 beslis het dat die Kleurslagboom onwettig was en die blanke werkers was nou aan die genade van die mynbase uitgelewer en swartes is na willekeur aangestel. Die Nasionale Party en veral die Arbeidersparty het die regering geweldig veroordeel vir hulle optrede en hierdeur het die Arbeidersparty groot aanhang onder die werkers geniet.[39]

As uitvloeisel van die staking het daar nou 'n toestroming van swart werkers na die Rand plaasgevind. Hierdie toestro= ming het probleme met betrekking tot behuising veroorsaak en die regering was verplig om in 1923 die Naturelle Stads= gebiede-Wet No 21 van 1923, aan te neem.[40]

---

35. Ibid., p. 121.
36. Krüger, p. 125.
37. Ibid.
38. Die regering het 'n geregtelike ondersoek na die gebeure gelas.
39. Brits, p. 148.
40. Die Wet het voorsiening gemaak vir die verbetering van woontoestande, administrasie, die beheer van dienskon= trakte en oor die algemene reëlings van die toegang van swartes en hulle verblyf in stadsgebiede.

'n Belangrike ekonomiese gevolg van die staking was dat die produksiekoste van die myne baie gesny is, as gevolg van die goedkoper arbeid. Waar die produksiekoste in 1920 nog ongeveer R2.58 per ton erts was, is dit in 1923 verminder tot sowat R2 per ton erts.[41] Tesame hiermee was daar egter die anderkant van die munt naamlik dat daar in Augustus 1922 4 400 minder blankes in diens van die myne was as voor die staking.[42]

Genl. Smuts was in 'n moeilike posisie. Hy moes kies tussen die sluiting van die myne en die opheffing van die status quo ooreenkoms. Indien hy die myne sluit sou dit beteken dat die inkomste van die staatskas met bykans R3 600 000 jaarliks verminder word en boonop nog die werkloosheidsyfer met 10 000 vermeerder.[43] Hierdie verlies aan inkomste moes weer aangevul word uit verhoogde inkom=stebelastings. Dit kon polities 'n terugslag vir Smuts beteken, omdat beide die belastingbetalers sowel as die werkloses dan nie weer hulle stem ten gunste van Smuts en sy party sou uitbring nie.

Samevattend kan die staking as sulks as 'n mislukking beskou word, maar gesien vanuit 'n ekonomiese perspektief is dit belangrik om daarop te wys dat die mynbase veral gebaat het by die staking. Die weg was nou vir hulle gebaan om blankes, wat teen 'n hoër loon gewerk het, met swartes, teen 'n baie laer loon, te vervang. Deur dit te doen, kon hulle besnoei op produksiekoste en sodoende 'n groter wins behaal .

41. R. Horwitz, <u>The Political Economy of South Africa</u>, p. 237.
42. <u>Ibid</u>.
43. <u>Die Burger</u>, 10.11.1922.

## 1.4 DIE ALGEMENE VERKIESING VAN 1924.

Gedurende die stakings van 1922 het generaal J.B.M. Hertzog 'n lae profiel gehandhaaf en is daar nêrens bewyse dat hy hom enigsins met die staking bemoei het nie. Die staking het egter gedien as 'n stimulus om generaal Hertzog en kolonel F.H.P. Creswell nader aan mekaar te dryf. Beide Hertzog, as Opposisieleier, en Creswell,as Arbeiders-partyleier, het sim= patie met die stakers gehad en dus in Smuts 'n gemeenskaplike vyand van die blanke werker gesien.[44]

Reeds in April 1923 het Hertzog en Creswell ooreengekom om in die volgende verkiesing mekaar te ondersteun in die sin dat die twee partye nie kandidate teen mekaar sou stel nie en dat die een party die ander se kandidaat sou steun teen die Suid-Afrikaanse Party van Smuts.[45] Hierdie was 'n goed berekende skuif van Hertzog en hy het 'n stap verder gegaan en verklaar dat hy, indien hy met die hulp van die Arbeidersparty die volgende verkiesing sou wen, hy die sesessievraagstuk eers op die langebaan sou skuif.[46] Deur hierdie stap te neem het Hertzog vir Smuts gemuilband, want Smuts het juis die seses= sievraagstuk van Hertzog in die vorige verkiesing tot sy eie voordeel benut. Hierdie taktiek van Hertzog het hy baie goed uitgewerk. Hy het geweet dat hy slegs van Smuts sou kon ontslae raak mits hy die samewerking van die Arbeidersparty kon kry. Hy het verder geweet dat hy nie op die samewerking van die Arbeidersparty kon staatmaak indien hy nog sesessie gepredik het nie, vandaar hierdie skielike toegewing van sy kant af. Die toenemende ongewildheid van die Smuts-regering is duidelik waarneembaar in die uitslae van die

44. Le Roux, Genl. J.B.M. Hertzog, p. 242.
45. Van der Walt, p. 509.
46. Die reg tot sesessie was bloot die reg wat die Unie, volgens Hertzog gehad het om van Brittanje af te skei en sy eie besluite te neem.

tussenverkiesings wat veroorsaak het dat die regering se meerderheid van 24 tot 8 gekrimp het.[47] 'n Verdere terugslag het Smuts getref toe die sterk regeringsetel van Wakkerstroom ook 'n Nasionale Party setel geword het in 'n tussenverkiesing waar A.S. Naude van die Nasionale Party met 'n meerderheid van 213 stemme gewen het.[48] Hier was 'n duidelike bewys dat die Smuts-regering in onguns by die volk verval het en op 7 April 1924 het Smuts aangekondig dat 'n algemene verkiesing op 17 Junie 1924 gehou sou word.[49] In hierdie verkiesing is genl. J.C. Smuts deur die Nasionale Party van genl. J.B.M. Hertzog in samewerking met die Arbeidersparty van kolonel F.H.P. Creswell verslaan en is Hertzog deur die Goewerneur-generaal gevra om 'n nuwe regering saam te stel.[50]

## 1.5 DIE REGERINGSTYD VAN DIE PAKT-REGERING, 1924-1929.

Op 30 Junie 1924 kondig genl. Hertzog sy nuwe kabinet aan en die nuwe kabinet is dieselfde dag deur die Goewerneur-generaal ingesweer.[51] Op hierdie stadium was daar twee Arbeiderspartylede, te wete F.H.P. Creswell en Tommy Boydell,

---

47. Krüger, p. 133.
48. J.C. Smuts, Jan Christiaan Smuts, p. 267.
49. Ibid., p. 268.
50. Die uitslag van die verkiesing was as volg: Nasionale Party 63, Suid-Afrikaanse Party 53, Arbeiders 18 en 1 Onafhanklike.
51. Hulle was generaal J.B.M. Hertzog Eerste Minister, adv. T.J. de V Roos, Minister van Justisie; dr. D.F. Malan, Minister van Binnelandse Sake, Onderwys en Volksgesondheid; kolonel F.H.P. Creswell, Minister van Verdediging en Arbeid; N.C. Havenga, Minister van Finansies; C.W. Malan, Minister van Spoorweë en Hawens; adv. F.W. Beyers, Minister van Mynwese en Nywerheid; genl. J.C.G. Kemp, Minister van Landbou; P.G.W. Grobler, Minister van Lande en T.C. Boydell, Minister van Pos- en Telegraafwese en van Openbare Werke. Vgl. C.M. van den Heever, Generaal J.B.M Hertzog. p. 459.

in die kabinet ingesluit en hulle geledere is later versterk toe genl. Hertzog ook vir Walter Madeley as Minister aangestel het.[52] Dit was 'n kabinet met baie min ervaring en slegs genl. Hertzog het enige ministeriële ervaring gehad. Boy=dell laat hom as volg uit oor die kabinetslede: " We were a mixed lot, republicans and sinners, nearly half our number had been in goal. We had one thing in common each was determined to do his best to *'deliver the goods'* to the satisfaction of the country".[53]

Gesien teen die agtergrond van Boydell se evaluering van sy span moes genl. Hertzog seker ook maar sy bedenkinge gehad het. Nogtans het hy sy taak, om die land te regeer, posi=tief gesien en hom as volg daaroor uitgelaat: "Ek moet veral sê dat ek die belange van Suid-Afrika altyd voorop gestel het en ek is bly dat so baie vandag met ons saamstaan op daar=die punt - baie wat ons vroeër beskuldig het. Dit sal altyd ons strewe wees om met Groot Brittanje en die ander Dominiums saam te werk en hartlik saam te werk."[54]

Die vernaamste oogmerke van die nuwe Pakt-regering was eerstens om duidelikheid te kry oor waar Suid-Afrika staan met betrekking tot sy verbintenis met Groot Brittanje. Genl. Hertzog het dit as eerste prioriteit gesien om die onduide=likheid, wat daar in Suid-Afrika sowel as in die buiteland bestaan het ten opsigte van Suid-Afrika se status, uit die weg te ruim. Genl. Hertzog het hom van die begin van sy be=windsaanvaarding, opnuut daarvoor beywer dat Suid-Afrika se soewereine onafhanklike staatkundige status erken moes word. Tweedens sou die nuwe Pakt-regering 'n oplossing moes vind vir die probleme rondom die swart vraagstuk en derdens moes po=gings aangewend word om die blanke te beskerm teen oorheersing

---

52. Krüger, p. 137.
53. Geyser, Nasionale Party Deel 1, p. 582.
54. Van den Heever, p. 459.

deur swartes in die arbeidsveld. Die Arbeidersparty was ver= al gesteld op die beskerming van blanke arbeid en Hertzog sou moes waak teen ontevredenheid in hierdie veld.

Die nuwe regering was in sommige opsigte nogal gelukkig dat ten tye van die bewindsoorname daar verskeie faktore was wat in sy guns getel het. Die landsekonomie was besig om te herstel en tekens van 'n opswaaifase in die ekonomiese konjunktuur was duidelik na te speur.[55] Die Pakt het hierdie herstel in die ekonomie toegeskryf aan hulle bekwame hantering van die landsake. Inderdaad was die wêreldekonomie in die tydperk egter aan die herstel en hierdie "reg" wat die Pakt hulle toegeëien het, was vir Smuts 'n doring in die vlees.[56] Die Suid-Afrikaanse Party het beweer dat die Pakt die kiesers bedrieg, deur voor te gee dat hulle verantwoordelik is vir die ekonomiese herstel van die land, waar daar op hierdie tydstip wêreldwyd 'n opbloei in die ekonomie was.[57] Hierteenoor moet in gedagte gehou word dat Hertzog dadelik begin het om nywerheidsontwikkeling te stimuleer. Hertzog se groot doel voor oë was nog steeds onafhanklikheid vir Suid-Afrika en nywerheidsontwikkeling sou meehelp om hierdie doel te verwesenlik.[58] Hierdie ekonomiese herlewing is verder gestimuleer deur die fiskale maatreëls van die nuwe regering wat 'n beskermingsbeleid ten opsigte van die nywerhede in die hand gewerk het. Genl. Hertzog het voorts ook die hersamestelling van die Handel- en Nywerheidsraad voorgestel.[59] Die Raad sou die regering bystaan ten opsigte van ekonomiese ontwikkeling van natuurlike hulpbronne en die

55. Sien bylae 1 vir 'n uiteensetting van die ekonomiese kon= junktuurgolf.
56. Le Roux, Genl. J.B.M. Hertzog, p. 261.
57. Ibid., p. 261.
58. Van den Heever, p. 461.
59. Die Raad sou uit 4 lede bestaan en sou sy aandag wy aan die fiskale, industriële en handelsvraagstukke van die Unie. Die hoofdoel van hierdie ondersoeke was om 'n beter ekonomiese stelsel vir Suid-Afrika te beding.

algemene ontwikkeling en bevordering van die land se handel en nywerhede.

Saam met die ekonomiese oplewing in die nywerhede het daar ook 'n oplewing in die landbousektor plaasgevind. Klimaats= omstandighede was goed en dit was asof die boere weer nuwe moed gekry het om te begin boer. Dit was asof 'n nuwe gees geheers het. Die Arbeiders het vertroue in die Regering gehad en die Afrikaners het al hulle vertroue in Hertzog gestel.[60] Hierdie ontwakende Afrikaner Nasionalisme het 'n groot rol gespeel in die uiteindelike erkenning van Afrikaans as amptelike taal en dit het weer meegehelp in die ontplooiing van die Afrikaanse Kultuur.[61]

Vir genl. Hertzog was dit nou die ideale geleentheid om sy visie van 'n tweestroombeleid te verwesenlik.[62] Sy ideaal van "Suid-Afrika Eerste" het nou begin vorm aanneem. Vir hom het dit gegaan om die wedersydse respek vir die tradisies van die Engels- en Afrikaanssprekendes en hulle gemeenskaplike liefde vir Suid-Afrika. Hy het dit duidelik gestel dat Brittanje altyd as Suid-Afrika se eerste en beste vriend beskou sou word. Hy het voorts verklaar dat Suid-Afrika die volste reg gehad het om van Brittanje af te skei.[63] Nogtans was Hertzog versigtig om nie die Engelssprekendes, van wie se steun hy afhanklik was, die harnas in te jaag nie.

60. Van der Walt, p. 511.
61. F.A. van Jaarsveld, <u>Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652 -1966</u>, p. 235.
62. Hertzog het met sy tweestroombeleid in gedagte gehad dat die Afrikaans- en Engelssprekendes as twee eie identitei= te langs mekaar in Suid-Afrika kon voortbestaan sonder dat die een die ander noodwendig benadeel.
63. Van den Heever, p. 435.

Op 30 Julie 1925 het generaal Hertzog die Doeanetariefwet, Wet no. 36 van 1925 ingestel.[64] Die deurvoer van die wet het 'n verandering in eensydige voorkeurbehandeling van die Verenigde Koninkryk gebring, omdat Brittanje sedert 1919 voorkeur aan die Unie en ander Britse Dominiums gegee het, maar na 1925 sou die voorkeur behandeling op 'n wederkerige grondslag plaasvind. Die hoofdoel van die wet was om voorsiening te maak vir die hef van doeaneregte op goedere wat die Unie ingevoer het. Verder het die wet voorsiening gemaak dat die regering se besluit in verband met die verbod op die heffing van doeane en aksynsregte, wettig verklaar is. Wysigings in die wette met betrekking tot doeane en sake rakende doeane en aksyns sou voortaan ook gewettig wees.

Daar kan dus met reg aangevoer word dat die jaar 1925 in Suid-Afrika se buitelandse handelspolitiek,- soos trouens in nog ander fasette van sy ekonomiese beleid, ondermeer sy ar= beidsbeleid - 'n soort waterskeiding vorm.[65] Genl. Hertzog het beslis meer aandag aan binnelandse ekonomiese toestande geskenk as wat die Smuts-regering gedoen het en daarom dat daar 'n gees van optimisme te bespeur was. Na 1924 was daar vir vyf jaar 'n oorskot in die staatskas en dit het die Minister van Finansies, N.C. Havenga, instaat gestel om die uitgeputte pensioenfondse te herstel.[66]

Op die gebied van die landbou het sake na 1924 ook baie beter begin lyk. Die seisoen en weersomstandighede was gun=

64. Die Doeane en Tariefwet, Wet No 36 van 1925 het bepaal dat heffing en aksyns op ingevoerde goedere vanaf 30 Julie 1925 betaal sou word. Verder het die wet die ak= sie wat reeds vroeër deur die Regering in die verband ge= loots is, bekragtig. Die wet is op 27 Julie 1925 goed= gekeur. Vgl. Statues of the Union of S.A. 1925 with tables of Contents.
65. Le Roux, J.H. en Coetzer, P.W., <u>Die Nasionale Party Deel 11</u>, p. 22.
66. Brits, p. 225.

stig en die boere het genl. Hertzog vertrou om vir hulle te sorg. Hertzog het ook geglo dat die boere die krag van Suid-Afrika was. Verder het die Nasionale Party groot aanhang in die platteland gehad en daarom moes hy alles in sy vermoë doen om die deel van die bevolking met sy groot landbouelement tevrede te hou.[67] Die Pakt het in talle opsigte ingegryp om die landbousektor te verbeter of te beskerm. Nogtans het Smuts die boere gewaarsku dat hulle onder die Pakt-regering swaar sou kry as gevolg van die Arbeidersalliansie wat die Nasionale Party aan bande sou lê. Die teendeel was egter waar en die landbou het groot baat gevind by veral die feit dat landbouprodukte, wat ingevoer was, onderhewig was aan invoerregte en dit het veroorsaak dat binnelandse produkte goedkoper op die mark geplaas kon word.[68]

Die daarstelling van die Loonwet van 1925 was nog een van die kenmerke van die "waterskeidingsjaar." Deur hierdie wet is die minimum lone van arbeiders vasgestel en 'n Loonraad is in die lewe geroep.[69] Die Loonraad sou lone van tyd tot tyd hersien en dan aanbevelings aan die Minister van Arbeid doen.[70] Reeds voor die verkiesing van 1924 het die Smuts-regering die Nywerheidsversoeningswet ingestel en die Loonwet kan as 'n verlengstuk van hierdie wet beskou word. Die Loon=wet het sterk aanklank by die Arbeidersparty gevind, omdat die regte van die blankewerker daardeur beskerm sou word. Die Opposisie (Suid-Afrikaanse Party) het die wet egter teengestaan en beweer dat die wet sosialisties van aard was, en het verder beweer dat die wet deur die Arbeidersparty op die Nasionale Party afgedwing was.[71] As teenvoeter vir hier=die aantygings het die Nasionale Party van die standpunt

---

67. Ibid., p. 227.
68. Ibid.
69. Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1925, pp. 239-263 Vgl. Wet 27 van 1925.
70. Ibid.
71. Le Roux, J.B.M. Hertzog, p. 269.

uitgegaan dat die wet noodsaaklik was om loongeskille te besleg en moontlike herhalings van die 1922 stakings te voorkom. Verder was dit 'n meganisme om die status van die werker te verhoog en kapitalisme aan bande te lê.

Tydens die parlementsitting van April 1925 het minister Klasie Havenga, Minister van Finansies, die Pakt-regering se eerste begroting ingedien.[72] Vir vriend en vyand was dit 'n groot verrassing toe Havenga met groot kundigheid 'n heel gunstige begroting ingedien het. Hy het belangrike verande=rings aan die fiskale beleid aangekondig. So was daar vir die eerste keer sedert 1920 'n surplus in die leningsfondse. Die Pakt sou die volgende jaar, 1926, nog meer geld uit die leningsfonds moes bestee om skulde, deur die vorige regering aangegaan, te delg, aldus mininster Havenga. Wat buite=landse skulde betref was daar 'n afname van ongeveer R112 miljoen teenoor 'n jaarlike toename van ongeveer R26 miljoen onder die Smuts-regering.[73] Havenga het ook aangekondig dat hy die skoolsubsidies verander het. Hierdie subsidies sou voortaan op 'n bepaalde bedrag per capita van die aantal leerlinge op skool in 'n bepaalde provinsie baseer word. Havenga het met sy begroting 'n surplus van R1,6 miljoen getoon.[74]

Tydens die parlementsitting is aangekondig dat die Spoorweë weer op 'n winsbasis begin werk het en dat 3 000 blankes weer in diens geneem is. Dit weerspieël die strewe van die Pakt-regering en genl. Hertzog som dit raak op toe hy hom as volg uitgelaat het: "The great aim of industrial development was to build up a self-supporting, vigorous population."[75]

---

72. O. Pirow, James Barry Munnik Hertzog, p. 119.
73. Hansard, Deel 111, van 8 April 1925, kol. 2261-2265.
74. Ibid., kol. 2286.
75. The Cape Argus, 6.2.1925.

Dit was duidelik dat die Pakt-regering en veral genl. Hertzog alles in hulle vermoë sou doen om die land ekonomies weer op te hef. Nadat Brittanje en die meeste Europese lande weer tot die goudstandaard toegetree het, was genl. Hertzog eweneens verplig om terwille van die gunstige buitelandse handel ook weer op 30 Junie 1925 na die goudstandaard terug te keer.[76] Die gunstige ekonomiese klimaat het tot gevolg gehad dat die jaar 1925 met 'n gunstige handelsbalans van ongeveer R45 miljoen afgesluit is. Saam hiermee is die totale buite= landse skuld, wat deur die vorige regering aangegaan was met bykans R20 miljoen verminder.[77]

Op 2 Julie 1926 het Tommy Boydell, Minister van Arbeid, 'n uiteensetting gegee van die Unie se vooruitgang op ekono= miese gebied onder die Pakt-bewind. Hy het beweer dat ban= krotskappe met bykans 60% gedaal het vanaf 1923 tot einde 1925.[78] Saam met hierdie daling in bankrotskappe was daar 'n afname van R22 miljoen in die Unie se uitvoerhandel. Boydell het verklaar dat in 1925 daar 9 000 werkloses weer in diens geneem is en dat heelwat meer mense in talle sektore van die staatsdiens opgeneem is. Hy stel dit as volg, "It has been publicly admitted by leading manufacturers that the Pact Government has done more in two years to stimulate and develop industries in South Africa than had been done in the whole period since Union."[79]

Die Opposisie het uit sy pad gegaan om die Pakt se ekonomiese beleid by die kiesers verdag te maak. Talle lede van die Suid-Afrikaanse Party en veral genl. Smuts het by verskeie geleenthede dit wat die Pakt vermag het, veral as niks

---

76. Hansard, Deel 1V, van 18.5.1925, Kol. 3780-3781.
77. 'n Gunstige handelsbalans beteken dat 'n land meer goede= re uitvoer as wat nodig was om in te voer. 'n Onguns= tige handelsbalans is net die teenoorgestelde.
78. Le Roux, Nasionale Party Deel 11, p. 36.
79. Ibid., p. 37.

beduidend afgekraak. So het genl. Smuts byvoorbeeld aan 'n vriend van hom, kol. Dirk van Deventer, geskryf dat die Pakt in die staatsdepartemente geld soos water mors en ge= waarsku dat finansies nog die oorsaak gaan wees dat die regering hulle "nek gaan breek."[80] Verder het 'n nyweraar, Theodore Sonnenberg, aan Smuts geskryf dat die Pakt syns in= siens die land in ekonomiese ellende sou dompel. "The coun= try is tired of the wasteful way Government is being carried on and the way Socialism is undermining the prosperity of our country."[81] Senator F.S. Malan, 'n voormalige Suid-Afri= kaanse Party minister het beweer dat die Pakt-regering swaar= der laste op die inwoners van die Unie in die vorm van invoerbelasting gelê het.[82]

Dit is jammer dat die Opposisie nie hulle weg oopgesien het om eerder met die Pakt saam te werk om die land ekonomies weer op te hef nie. Die negatiewe reaksie vanuit Opposisiegeledere het veroorsaak dat politiek en ekonomie later so verstrengel geraak het dat dit nie meer te skei was nie. In byna elke denkbare daad van die regering, waarin gepoog is om die land ekonomies op te hef, is fout gevind. Hierdie werkwyse het algemeen geword en Opposisieleiers het, oral waar hulle opgetree het, politieke munt daaruit probeer slaan deur die regering te kritiseer en op sogenaamde wanpraktyke ten opsigte van die hantering van finansies deur die regering te wys.

80. Smuts versameling, Band 203. Soos aangehaal in Le Roux Die Nasionale Party Deel 11, p. 29.
81 Ibid., Band 202, p. 31.
82. Die Volksblad, 10.12.1925.

## 1.6 DIE STAKING VAN 1925.

Skaars 'n jaar na sy bewindsoorname het die Hertzog-regering met sy eerste staking te doen gekry toe matrose van die Union Castle-redery in Durban gestaak het. Die matrose het om hoër lone gestaak en teen 8 September was daar in die Durban=se hawe reeds 17 skepe wat by die staking, betrek was, ter=wyl die staking na Kaapstad ook uitgebrei het.[83] Die staking was direk vanuit Brittanje beheer en genl. Hertzog het hom nie daarmee bemoei nie. Nogtans het Smuts nie die geleent=heid laat verby gaan om daarop te wys dat dit die Sosia=listiese element van die Arbeidersparty, binne die Pakt was wat vir die staking verantwoordelik was. Smuts het verklaar dat Hertzog nie by magte was om teen die stakers op te tree nie, as gevolg van sy verbintenis met die Arbeidersparty. Hy het gewaarsku dat die Nasionale Party met kommuniste geheuel het en dat die volk bedag moes wees op sulke optrede van die regering.[84]

Brittánje het 'n beroep op Hertzog gedoen om in te gryp en die staking te beëindig, maar Hertzog het geweier. Hieroor was Smuts eweneens ontstoke en het gewaarsku dat Hertzog die volk nog tot ondergang sou lei.[85] Die regering het intussen probeer om deur middel van kolonel F.H.P. Creswell met die stakers te onderhandel. Dit was egter onsuksesvol en Hertzog het besluit dat die regering neutraal sou bly en slegs sou op=tree indien landsbelange geraak sou word. Volgens Hertzog was daar geen klinkklare wyse waarop hy die wil van die regering op die stakers kon afdwing nie, maar hy sou ook nie aanvaar dat die uitvoer van die land se produkte in gedrang

83. Die staking was as gevolg van die Union Castle Redery se besluit om seelui se lone met R2 te verminder vanaf Au=gustus 1925.
84. The Star, 24.9.1925.
85. Ibid. 30.9.1925.

kom nie. "Daar ontstaan misverstande," het Hertzog verklaar, "omdat albei kante wil hê dat die Regering die een of ander rigting moet inslaan. Die Regering kan egter maar net pro=beer om alles stil en rustig te hou en 'n atmosfeer vir 'n oplossing te skep."[86]

Dat Hertzog nie kragdadig teen die stakers wou optree nie, is te verstane. Die gebeure rondom 1922 was nog te vars in die geheue en hy wou nie 'n kans waag om, soos sy voorganger, in onguns by die volk te raak oor 'n soortgelyke loondispuut nie. Gelukkig vir genl. Hertzog is die staking op 14 Oktober 1925 beëindig en kon hy weer rustig voortgaan om sy aandag aan landsake te skenk.[87]

Die staking van die matrose het weliswaar geen direkte invloed op die ekonomie van die land gehad nie, maar dit het nogtans die geleentheid aan die Opposisie gebied om Hertzog voor stok te kry. Polities beskou moes genl. Hertzog dus verantwoor=ding doen waarom hy geweier het om op te tree. Smuts het oral verkondig dat die Suid-Afrikaanse Party die saak veel beter sou kon hanteer. Hy het die volk gewaarsku dat Hertzog se "Suid-Afrika Eerste"-beleid die land nog duur te staan sou kom. Volgens hom was Hertzog te bang om op te tree, omdat hy daardeur sou bewys dat Suid-Afrika en Brittanje tog nog steeds nou bande met mekaar het. Die sogenaamde onafhanklik=heidsgedagte wou Hertzog hierdeur onderstreep, maar in die proses sou Suid-Afrika baie meer skade ly, aldus Smuts.

86. Die Burger, 23.9.1925.
87. Le Roux, Genl. J.B.M. Hertzog, p. 271.

## 1.7 DIE STIGTING VAN YSKOR.

Een van genl. Hertzog se grootste strewes was om die Suid-Afrikaanse nywerhede uit te bou en te poog om die nywerhede op 'n onafhanklike, selfstandige basis te kon bedryf. Dit sou meehelp om plaaslike nywerhede te stimuleer en om werkloosheid daardeur te verminder. In 1927 was dit duidelik dat die Pakt-regering van plan was om 'n staatsondersteunde staal=bedryf in Suid-Afrika te begin.[88] Dit was beslis teenstrydig met genl. Smuts se siening, omdat hy hom eerder wou beywer vir 'n privaat geinisieërde yster- en staalbedryf.

Die yster-en staalbedryf is een van die oudste nywerhede in Suid-Afrika. Reeds in 1909 het die owerheid begin belangstel in 'n "Iron and Steel Industry." In 1911 word die "Union and Steel Corporation (of South Africa) Limited" deur Sammy Marks gestig.[89] Die maatskappy se hoofdoel was om skrot van die Spoorweë te verwerk. Om administratiewe redes is die maat=skappy later herdoop na USKO en in Augustus 1913 vervaardig die maatskappy die eerste staal by Vereeniging.[90] Die eerste gietstuk het maar 220 kilogram geweeg, maar dit was nogtans die eerste staal wat in Suid-Afrika vervaardig is.

'n Sindikaat met C.F. Delfos, 'n Pretoriase ingenieur, aan die hoof daarvan het in 1917 die "Pretoria Iron Mines Limited" gestig en het begin om ystererts in die munisipale gebied van Pretoria te ontgin.[91] Natal het tot die staalbedryf toe=getree toe daar in 1920 'n maatskappy op Newcastle gestig is,

---

88. Muller p84
89. E.P. du Plessis, <u>'n Volk staan op. Die Ekonomiese Volkskongres en Daarna</u>, p. 76.
90. <u>Ibid</u>.
91. <u>Ibid</u>.

maar as gevolg van probleme kon die maatskappy nie die mas opkom nie en is die maatskappy deur USKO oorgeneem.[92]

Delfos het 'n mooi toekoms vir die staalnywerheid in Suid-Afrika gesien. In 1920 het hy met die hulp van die "National Industrial Corporation", die "South African Iron and Steel Corporation" gestig.[93] Laasgenoemde het die ou maatskappy, Pretoria Iron Mines, oorgeneem. Die tekort aan die nodige fondse het die maatskappy egter genoodsaak om buitelandse kapitaal te probeer bekom, maar die twee lande wat genader was, Brittanje en Italië, het geensins belang gestel nie. Generaal Smuts het besef dat iets gedoen moes word en dat die regering sou moes ingryp. In 1922 word die "Wet ter bevor=dering van Yzer en Staal" op die Wetboeke geplaas en sou die regering voortaan, volgens die wet, die nywerhede behulpsaam wees en wel in die sin dat die regering finansiële hulp aan die maatskappye sou verleen.[94]

Adv. C.F. Beyers het die Raad van Handel en Nywerhede gevra om kommentaar oor die moontlikheid aldan nie van die oprigting van 'n staalfabriek by Pretoria. Die voorsitter van die Raad, dr. A.J. Bruwer en dr. F. Meyer, 'n ingenieur, het na 'n deeglike ondersoek, bevind dat daar wel groot potensiaal in die oprigting van so 'n fabriek was en het die regering aangemoedig om met die plan voort te gaan.[95]

Genl. Hertzog, minister Havenga en dr. Bruwer is in 1926 na Engeland om persoonlik eerstehandse kennis te gaan inwin oor hoe staalfabrieke aldaar bedryf word. Daar was dit vir hulle gou duidelik dat 'n eie yster en staalnywerheid onontbeerlik vir Suid-Afrika was. So 'n nywerheid sou as stimulus vir an=

92. Ibid.
93. Ibid.
94. Ibid.
95. Ibid., p. 77.

der industrieë dien. Saam met hierdie nuus wat hulle terug= gebring het, het minister Havenga bekend gemaak dat daar 'n oorskot van R1,6 miljoen in die staatskas was vir die fi= nansiële boekjaar 1924-25.[96] Dit was egter nie maklik vir generaal Hertzog om so 'n besluit vir die oprigting van 'n staalfabriek deur te voer nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die Pakt-regering slegs in die Volksraad en nie in die Senaat 'n meerderheid gehad het nie en die Opposisie was van meet af gekant teen die gedagte. Na wye bespreking het Hertzog tog daarin geslaag om die wet, wat die oprigting van so 'n fabriek sou magtig, op 10 Februarie 1927 deur te voer.[97]

In die Parlement het Smuts sy kommer oor die bestaande fa= brieke uitgespreek en het hy versoek dat hierdie fabrieke regverdig behandel moes word.[98] Volgens hom sou dit 'n nasionale ramp wees indien hierdie fabrieke benadeel word en hy het 'n gevaar gesien in die staatsbeheerde, hoogs mededingende staatsnywerhede soos wat die Arbeidersparty dit wou gehad het. Dit was nie lank nie of partypolitiek het die oorhand gekry in die debat rondom die beoogde oprigting van die staalfabriek. Die Opposisie het gevoel dat die So= sialisme, wat volgens hulle, so treffend was van die Arbei= dersparty, deurslaggewend geword het in die Suid-Afrikaanse bestel. Die Opposisie-dagblad, The Cape Argus het ge= waarsku dat talle Hertzog ondersteuners "simple farmers" was, wat nie die gevaar van Sosialisme kon raaksien nie en dus onverhoeds betrap was deur die invloed van die Arbeidersparty op die globale ekonomiese bestel in Suid-Afrika.[99]

96. Le Roux, Die Nasionale Party Deel 11, p. 26.
97. Muller, p. 425.
98. The Cape Argus, 1.3.1927.
99. Hansard, Deel 8, van 28.2.1927, kol. 934-935.

Die Pakt se verweer teen hierdie aantuigings was dat Suid-Afrika oor genoeg hulpbronne beskik het, maar dat ystererts teen 'n lae prys uitgevoer word en dan word dieselfde yster=erts in 'n verwerkte vorm teen 'n baie hoër prys weer ingevoer. Verder het kol. F.H.P. Creswell daarop gewys dat bykans R2 miljoen se aandele aan die publiek verkoop kon word en dit dan inderdaad 'n "volksaangeleentheid" sou word.[100] Die uitgee van aandele sou egter eers na 3 jaar kon geskied en Smuts het dadelik dit as 'n afskrikmiddel gesien, omdat die privaatbelegger dan eers 'n bydrae kon maak. Die Suid-Afrikaanse Party het gevoel dat daar te min afsetgebiede was, maar 'n Duitse span deskundiges het die teendeel bewys.[101] Dat die ekonomie ook verdeeldheid binne 'n politieke party te weeg kan bring, word duidelik geïllustreer in die onmin wat daar tussen sommige lede van die Suid-Afrikaanse Party onstaan het oor die oprigting van 'n staatsondersteunde staalfabriek. C.M. de Vries was byvoorbeeld een wat ontevrede was oor genl. Smuts se teenkanting teen die oprigting van 'n staalnywerheid in Suid-Afrika. De Vries het saam met Delfos die oprigting van so 'n nywerheid ondersoek en het gevoel dat dit hoog tyd was dat Suid-Afrika met betrekking tot sy nywerhede minder af=hanklik van Brittanje moes word. Hy wou van Smuts weet: "Are we, as a nation going to continue to allow the parasites of the capatalistic element to run their industry at the

---

100. Ibid., 21.2.1927, kol. 592.
101. As teenvoeter vir die vrees van die Opposisie kan genoem word dat genl. Smuts tydens sy ampstermyn, op aandrang van dr. H. van der Bijl, Voorsitter van die Suid-Afri=kaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, 'n on=dersoek na afsetgebiede laat doen het. K. Spilhaus, Suid- Afrikaanse buitelandse handelskommissaris het op=drag gekry om 'n buitelandse maatskappy te soek wat kapitaal vir die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse staalnywerheid beskikbaar sou stel. Die gevolg was dat 'n Duitse firma, die Gutchoffnungshutte van Oberhausen, ingewillig het om 'n ondersoek na die ontwikkeling van 'n Suid- Afrikaanse Yster- en Staalnywerheid te doen . Die verslag was so gunstig dat daar selfs sprake was dat die Duitse Maatskappy kapitaal in die onderneming sou belê. Vgl. Le Roux Die Nasionale Party Deel 11, p. 77.

expence of the inhabitants of South Africa for the advantage of their shareholders?"[102] Hy het voorts daarop aangedring dat die staat moes help en het Smuts as volg gewaarsku: "I can assure you if this Bill is opposed by the S.A. Party, as a Party in the Senate, it will be the death knell for the S.A.P. as for as the Transvaal is concerned. We are South Africans first and the Party is only a second considera= tion." [103]

Die rol wat die ekonomie dus selfs binne partypolitiek speel, kom duidelik hier na vore in de Vries se woorde dat om Suid-Afrikaner te wees, 'n groter rol behoort te speel as wat dit beteken het om aan 'n sekere politieke party te kon be= hoort het. Dit is inderwaarheid so dat politieke partye met mekaar verskil en soms ook sake buite verband ruk. Heel dik= wels word dit teen hulle beterwete gedoen in 'n poging om hulle opponente in 'n swak lig te stel, maar die burgemeester van Pretoria, de Vries, het dadelik die moontlikhede, wat die oprigting van 'n staalfabriek vir sy stad ingehou het, raakgesien en besef dat politieke verskille soms noodgedwonge ondergeskik aan ekonomiese belange gestel moes word. De Vries se besluit om teen sy Party se wense te gaan ten koste van ekonomiese gewin moet gesien word teen die agtergrond van die deeglike studie wat hy saam met Delfos gemaak het en ook as gevolg van die feit dat hy bereid was om rasionele denke te laat seëvier bo sentimentele lojaliteite.

Dit het algaande duidelik geword dat Hertzog en die Pakt vas van plan was om die oprigting van 'n staalnywerheid te onder= steun in Pretoria, ondanks die teenkanting van die Suid-Afrikaanse Party. Op verskeie vergaderings het Hertzog die volk probeer oortuig van die noodsaaklikheid van so 'n stap en

---

102. Le Roux, Die Nasionale Party Deel 11, p. 78.
103. Ibid.

op 17 Oktober 1927 is die Wetsontwerp op die Yster en Staalbedryf weer ingedien.[104] Hierna het 'n wipplankryery oor die wet gevolg. Die Senaat het die wet verwerp en die Volksraad het dit aanvaar. Daarna het die Senaat dit weer verwerp en genl. Hertzog was verplig om 'n gesamentlike sitting van die twee huise te belê.[105] Op 30 Maart 1928 is die Yster en Staalnywerheidswet (Nou van 1928) deur die parlement aangeneem en op 14 April het dit Wet geword.[106]

Die wet het voorsiening gemaak vir die oprigting van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (Yskor).[107] Die kapitaal benodig vir hierdie projek was meer as R7 miljoen en om dit te kon finansier, sou aandele uitgereik moes word. Die aandele sou bestaan uit R1 miljoen se "A"-aandele wat deur die staat opgeneem sou word en R6 miljoen se "B"-aandele wat vir die publiek beskikbaar gestel sou word.[108] Die Raad van Direkteure sou uit 7 bestaan waarvan die staat 4 sou benoem en een van die staatsbenoemdes sou ook die voorsitter wees.[109] Die staat sou egter geen direkte beheer oor die daaglikse bedrywighede van Yskor hê nie. Die reaksie van die publiek was maar traag, moontlik as gevolg van die relatiewe onsekerheid oor die toekoms van die bedryf, en daarom moes generaal Hertzog weereens ingryp om te verhoed dat die projek skipbreuk ly. Die gevolg was dat die staat die "B"-aandele ook moes oorneem wat meegebring het dat die staat 99% van Yskor besit, wat verder impliseer het dat die regering ook al die direkteure op die Raad benoem het.[110]

---

104. Hansard, Deel 10, van 17.10.1927, kol.45.
105. Ibid. , 26 Maart 1928, kol. 2528.
106. Verenigde Vergadering van albei Huise van die Parlement, 29, 30 Maart 1928, kol. 2528.
107. Muller, p. 425.
108. Hansard, Deel 19, van 14.4.1932, kol.3448..
109. Ibid.
110. Du Plessis, p. 77.

Usko, die ander staalindustrië, was bekommerd dat Yskor hom uit die bedryf sou dwing en na samesprekinge van die direksie van Usko met genl. Hertzog is besluit dat Usko en Yskor sy aan sy sou werk. Yskor sou 125 000 "A"-aandele van Usko bekom wat hom die reg sou verleen om 8 direkteure van Usko te benoem.[111] Usko sou hom voortaan toespits op die vervaar= diging van spoorstawe, boute, moere, staalgietstukke, boor- en gereedskapstaal wiele, asse en koperdraad.[112]

Die totstandkoming van Yskor kan inderdaad beskou word as een van die Pakt-regering se grootste hoogtepunte. In 1934 reeds het Yskor sy eerste staal gelewer. Ondanks die feit dat Ys= kor aan Suid-Afrika 'n beter bedingingsmag gegee het, het dit ook aan baie mense werk verskaf. Baie ander verwante maat= skappye is gestig en dit het 'n reuse bydrae gelewer tot die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika.

## 1.8 MYNBOU IN SUID-AFRIKA VOOR 1929.

Vir die eerste aantal dekades van die twintigstge eeu het die mynwese 'n baie belangrike, selfs onmisbare, bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomiese lewe gemaak. Dit het groot be= langstelling onder die inwoners van Suid-Afrika gaande gemaak, maar terselfdertyd het dit ook die oë van die buiteland op Suid-Afrika gevestig. Een van die oorsake van die Anglo-Boereoorlog was juis die twis oor die besit van die ryk mine= raalregte aan die Witwatersrand. Die ontdekking van 'n nuwe goud- of steenkoolrif het veroorsaak dat daar nuwe dorpe op soms verafgeleë plekke begin is. Sodra die dorpe begin ont=

111. Ibid.
112. Ibid. (Usko het bly voortbestaan ondanks kritiek van baie mense en was in 1964 die wêreld se grootste ver= vaardiger van boorstaal.)

wikkel het, het daar 'n nuwe infrastruktuur nodig geword en het dit weer aanleiding gegee tot die ontstaan van sekondêre nywerhede om te voorsien in die behoeftes van die myne. Nuwe ekonomiese aktiwiteite lok weer meer mense en 'n heel nuwe gemeenskap word dan so saamgevoeg. Hierdie gemeenskappe het uit 'n heterogene samestelling bestaan en dit was nie altyd tot voordeel van die samelewing nie. Die soms haglike omstandighede met die gepaardgaande sosiale euwels, was heel dikwels die oorsaak van groot probleme in hierdie gemeenskappe.

Nogtans het die ekonomie baie gebaat oor die jare as gevolg van die ontstaan van die mynwese in Suid-Afrika. Voor 1870 was daar nie juis sprake van groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie nie, bloot as gevolg van 'n gebrek aan kapitaal. Die daarstelling van moderne fasaliteite in die vorm van vervoer, bankwese, kommunikasie, groter diversifikasie van beroepe, groter markfasaliteite en meer produktiewe ont=ginning van die myne, was hoofsaaklik afhanklik van die be=skikbaarheid van fondse. Daar moes voorts ook nog voor=siening gemaak word vir die daarstelling van 'n effektiewe infrastruktuur om in die behoeftes van die gemeenskap te voorsien en ook dit het heelwat kapitaal geverg. Die staat het op hierdie tydstip heelwat te kort aan internasionale handel en koopkrag ondervind.

Met Uniewording het sake vir Suid-Afrika meer rooskleurig begin voorkom wat die mynwese in die land betref. Die ont=wikkeling in hierdie sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie was so snel dat ander sektore van die industrieë begin agter raak het. Dit sou 'n nadelige invloed op die vooruitgang van die myne tot gevolg hê. Suid-Afrika is reeds in 1924 beskou as die land met die grootste per capita inkomste, uit sy

mineraalbronne, in die wêreld.[113] Op daardie tydstip was Suid-Afrika ook gereken as die wêreld se grootste leweransier van goud en diamante.[114] Die voortbestaan van die goudmyne het in 1924 redelike kommer by die regering gewek en dit was veral as gevolg van drie faktore.

Eerstens was daar die probleem van die diepte waarop gemyn moes word. Myningenieurs het reekse toetse aan die Witwatersrand uitgevoer om te bepaal of dit ekonomies gereg= verdig was om die myne nog dieper te maak. Die produk= siekoste het hier 'n belangrike rol gespeel. Hoe dieper die myne geword het, hoe duurder het dit geword om dit te ontgin en arbeid- sowel as vervoerkoste was van deurslaggewende belang. Indien die myne ekonomies dieper ontgin kon word sou dit inderdaad 'n langer leeftyd aan die myn gee en gevolglik kon die uiteindelike winste groter wees.[115]

Tweedens was daar die probleem van die uitbreiding van die myne, veral in die rigting van die Oosrand. Die rege= ringsingenieurs het met toetse bepaal dat die myne wat meer oos van Johannesburg geleë was, ryker potensiaal getoon het. Verder was hulle van mening dat dit nie nodig sou wees om so diep te delf nie. Na raming sou hierdie myne in die omgewing van R900 biljoen se goud kon oplewer.[116]

---

113. Müller, p. 224.
114. Die totale inkomste van die land was R2,2 biljoen, waar= van goud ongeveer R1,5 biljoen opgelewer het. Die in= komste uit diamante was R450 miljoen, steenkool R1,2 miljoen, koper R46 miljoen en tin R10 miljoen.
115. D.G. Franzen en H.J.J. Reynders, Die Ekonomiese lewe van Suid-Afrika, p. 128.
116. M.H. de Kock, Economic History of South Africa, p. 255.

Laastens was daar die groot vraag rondom die waardehandhawing van goud op die wêreldmarkte. Die prys van goud op die wêreldmarkte was baie fluktuerend van aard en dit het 'n groot invloed op die winsgewendheid van 'n myn gehad. Na die Eerste Wêreldoorlog moes baie lande die goudstandaard verlaat en teen 1923 was dit nog slegs die VSA wat terug was op die goudstandaard.[117] Die goudprys het ook 'n bepalende rol ge= speel in die vasstelling van die prys van ander kommoditeite. Indirek het die prys van daaglikse goedere en dienste wat deur die gemeenskap benodig was, ook 'n rol gespeel in die bedryf van die myne. Indien die pryse baie sou styg het die werkers aangedring op hoër vergoeding en indien die hoër vergoeding toegestaan sou word, het dit weer 'n remmende effek op pro= duksiekoste gehad. Hoe hoër die goudprys gestyg het, hoe groter moontlikheid het leweransiers van goedere en dienste gesien om ook hulle winste te vergroot en hoe duurder het die noodsaaklike masjienerie en myntoerusting geword. Dit het 'n sneeubaleffek gehad en stemme het begin opgaan dat alle lande weer na die goudstandaard moes terugkeer.[118]

Wat die diamantmyne in Suid-Afrika betref, was die eerste diamant per toeval reeds in 1867 deur 'n reisiger op 'n boer se plaas in die Hopetown distrik ontdek.[119] Dit was die spreekwoordelike vonk in die kruitvat en hierna het die groot soektog na diamante landwyd begin posvat. Die De Beersmaat= skappy het van die begin af 'n leidende rol in die diamant=

117. D.G. Franzen, p. 247.
118. Interessant om daarop te wys dat Indië en China in hier= die tydperk (1920-1924) alles in hulle vermoë gedoen het om goud te bekom en dit dan op te berg. Gedurende Junie 1923 het die twee lande 62,5% van alle goud wat uit Engeland verskeep is opgekoop. Hierdie feit moet veral gesien word teen die agtergrond daarvan dat Suid-Afrika nie direk met Indië en China kon handel nie. Alle handel moes via Engeland geskied en stemme het nou begin opgaan dat daar na 'n metode van direkte skakeling met twee lande gekyk moes word om sodoende maksimum wins vir die Suid-Afrikaanse myne te beding.
119. D.G. Franzen, p. 138.

bedryf gespeel en in 1920 was die belangrikste diamant=myne van die groep by Jagersfontein in die OVS, Kimberley in die Noordkaap en Pretoria in Transvaal.[120]

Anders as wat die geval was by die goudmyne, was die produksiekoste van die diamantmyne heelwat laer. Die wins=marge was ook heelwat hoër as by die goudmyne en gevolglik was die diamantmyne oënskynlik ryker as die goudmyne. Daar was baie diamante in die diamantvelde, maar kommer het ontstaan oor die uitvoerbeheer en buitelandse mark daarvan.[121] Dit was nodig dat die hoeveelheid wat uitgevoer was beperk moes word, en Brittanje was weereens die kanaal waardeur alle uitvoere moes geskied. Die uitvoerbeheer was dan ook deur Brittanje gekontroleer. Baie van die direkteure van die De Beersgroep was Britte en die "Diamant Sindikaat," soos wat hulle bekend gestaan het, was net op winsbejag uit. Dit het 'n nadelige invloed op toestande in die myne in Suid-Afrika gehad. As gevolg van die winsbejag het die Sindikaat hulle nie gesteur aan die, soms haglike, omstandighede wat in die myne geheers het nie. Van werkstevredenheid onder die mense was daar nie veel sprake nie. Eise om hoër lone is gewoonlik baie negatief benader en verlies aan lewens was onnodig hoog as gevolg van die gevaarlike omstandighede waaronder gewerk moes word.[122]

Die insinking in die diamantmark, in 1921, het veroorsaak dat heelwat van die myne se aktiwiteite gestaak moes word, maar teen 1923 het toestande weer na normaal teruggekeer. Die totale produksie van die diamantmyne in Suid-Afrika het in 1923 ongeveer R12 miljoen beloop.[123]

---

120. Ibid.
121. Ibid., p. 139
122. Ibid., p. 140.
123. M.H. de Kock, p. 262.

Genl. Hertzog het alles in sy vermoë gedoen om die belas= tingstelsel in Suid-Afrika te laat hersien om die myne tegemoet te kom en aan hulle ook 'n aandeel in die landswinste te gee. Met die proklamasie van die Kleurslagboomwet in 1926 het die Pakt-regering bepaal dat bevoegdheidsertifikate, vir geskoolde werk in die myne, slegs aan blankes en Kleurlinge uitgereik kon word.[124] Genl. Smuts was teen hierdie wet ge= kant en het voorspel dat die wet nog groot probleme sou veroorsaak. "Die Minister en die Regering gaan 'n geveg oor hierdie wetsontwerp uitlok, waarvan hulle die omvang vandag weinig voorsien."[125] Genl. Hertzog het hom verweer deur te meld dat die myne gevaarlike werk behels en dat baie lewens op die spel is, vandaar sy betoog dat sulke werk slegs deur goedopgeleide mense hanteer moes word.

Wanneer daar na die mynbedryf in sy geheel gekyk word, bly dit 'n waarheid dat die bedryf 'n baie belangrike impak op die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika gehad het. Die myne was een van die grootste verskaffers van werk en het 'n belangrike rol in die bekamping van werkloosheid gespeel. Die myne was van onskatbare waarde vir die verdiening van buitelandse valuta vir Suid-Afrika. Veral die goudmyne het gesorg dat Suid-Afrika 'n land was waarmee deeglik rekening gehou moes word, daar Suid-Afrika op daardie stadium die meeste goud produseer het. Dit was as gevolg van die bydra van die mynindustrieë wat genl. Hertzog 'n sterker standpunt kon inneem dat Suid-Afrika ekonomies meer selfstandig moes word. Die gedagte van "Suid-Afrika Eerste" kon ook baie sterker beklemtoon word, omdat die myne gesorg het dat Suid-Afrika 'n sterk bedingingsmag op die wêreldmarkte bekom het en dus nie slegs van Brittanje afhanklik was vir uitvoere nie. Die Ryksbelange was nie meer vir Hertzog van kardinale belang

124. Vergelyk voetnoot 17 met betrekking tot die Kleurslag= boomwet.
125. Hansard, Deel 111, van 16.2.1925, kol 16.

nie, maar wel die belange van Suid-Afrika en dit sou voortaan die regering se handelsbeleid bepaal. Die Nasionale Party was van mening dat hierdie ekonomiese bedingingsmag tot voordeel van die land benut moes word en dat onderhandel moes word vir beter handelsvoorwaardes met ander lande. Vandaar dan ook dat die latere Duitse- en Japanse handelsverdrae gesluit was.

Aan die negatiewe sy van die munt moet egter gemeld word dat die myne grootliks verantwoordelik was vir die verstede= likingsproses wat, veral met die goudstormloop, geweldig toegeneem het. In die proses van verstedeliking het daar later haglike maatskaplike toestande ontstaan wat 'n goeie teelaarde vir die armblanke was.

## 1.9 DIE ARMBLANKE IN SUID-AFRIKA.

Om die begrip armoede te definieër sal nie baie maklik wees nie daar die een mens nie dieselfde maatstaf as die ander mens toepas wanneer dit by die begrip kom nie. Ook kan dit dik= wels gebeur dat daar 'n verskil is in die graad van armoede en ook van tyd tot tyd gebeur dit dat een of ander krisis 'n hele land of gedeelte van die land in 'n staat van tydelike armoede dompel. Armoede is egter nie 'n vreemde begrip in Suid-Afrika nie. Sedert die vroegste geskiedenis van die land was daar maar dikwels duidelik-waarneembare tekens dat armoede oral, in veral die laer besoldigde groep van die inwoners van die land, teenwoordig is. Met die ontdekking van die ryk mineraalvelde in Suid-Afrika was daar 'n mate van verbetering in die algehele lewensstandaard van die land se inwoners, maar dit was slegs tydelik van aard.

Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die Afrikaner weer op sy knieë gedwing. Die Britte het as oorwinnaars uit die stryd getree, maar meer nog, die Afrikaner moes terugkom na niks. Alles was verwoes, plase afgebrand, trekdiere weg, plaasarbeiders verstrooi en sonder enige geld moes die Afrikaner van meet af weer begin. Finansiële probleme was legio en daar was nie baie mense wat bereid was om te help om die plase weer op te bou nie. Omstandighede het algaande begin verbeter en teen Uniewording was sommige al weer goed aan die boer. Skaars was hulle weer op hulle voete of die Eerste Wêreldoorlog breek uit, 'n oorlog wat weliswaar nie op Suid-Afrikaanse bodem geveg was nie, maar wat groot finansiële eise aan die volk gestel het.[126] Op die hakke van die oorlog volg die hoë inflasie- tydperk vanaf 1919 en nog jare daarna.

In 1919 was daar na raming tussen 67 500 tot 110 000 armblankes in Suid-Afrika.[127] Die ontginning van die onder= grondse minerale in Suid-Afrika, veral deur buitelanders, en die gepaardgaande toestroming van buitelandse geldmagnate, het tot gevolg gehad dat die Afrikaner en byname die armblanke blootgestel was aan geweldig baie uitbuiting.[128] Die 1922-staking spreek boekdele oor die onmin wat daar tussen die ryk sakeman en die armblanke-werker geheers het. Dr. A.M. Moll, wat gereeld politieke kommentaar vir Die Volksblad, vanuit Transvaal gelewer het, skryf op 19 Mei 1922 as volg: "Agter die rykes staan die militêre, die polisie, 'n voortreflike speurdiens, die sogenaamde wetenskap ens. Agter die arm man staan daar miskien 'n aalmoes. Die moderne magnaat roof en is heeltemal onverskillig teenoor menselewens. Die moderne rykman is verafgod. Hy is byna 'n heilige ---,[sic] die parlement is maar 'n klugspel. Die donkerste teken van ons

126. Van Jaarsveld, p. 236.
127. Zaaiman, p. 144.
128. Ibid., p. 145.

tyd is die onverskilligheid waarmee ons die wrede soek na goud gadeslaan."[129] Dat die regering van genl. Smuts, in 1923 geweldig baie kritiek moes verduur as gevolg van die armoede blyk uit verslae in byna al die dagblaaie van die tyd. Die volgende aanhaling kom uit 'n berig in Die Volksblad "Die Regering wil ons verplig om die deur vir immigrante oop te gooi. Die Regering bevorder nie nywerhede nie en fabrieks= werkers het in 1922 met 10 200 verminder, in die mynbedryf is blankes van 20 500 tot 15 600 verminder. Die inkorting van blanke arbeidsveld in die drie vernaamste industrieë is die Regering se grootste misdaad. As die Regering nie die toets kan deurstaan om nywerhede te bevorder en die kleurlyn te handhaaf nie, is hy 'n vyand van Blank Suid-Afrika, en hy dweep met die Empire. Hy is geweeg en te lig bevind."[130] Hierdie ontevredenheid met die Smuts-regering se onvermoë om die Armblanke weer op te hef, het baie daartoe bygedra dat die Regering in 1924 tot 'n val gekom het.

In 1923 vind 'n hernieude poging plaas om die Armblanke-vraagstuk te bowe te kom. Die Transvaalse Landbou-Unie het eerste daarmee begin deur 'n beskrywingspunt van die Preto= riase Boere-Unie aan die regering voor te hou waarin die regering gevra word om R100 000 aan die Boere-Unie voor te skiet.[131] Die geld sou aangewend word om nedersettings te stig waar armblankes, wat nie vir hulleself kon sorg nie, geakkommodeer kon word. Die Kaapprovinsie het nie op hulle laat wag nie en by monde van dr. D.F. Malan, word 'n reeks artikels in Die Burger publiseer waarin daar gepleit word dat die mense na die platteland moet terugkeer.[132] In die ar= tikels het dr. Malan aangevoer dat daar iewers 'n grondoorsaak moes wees waarom die Afrikaner so verarm het! Hierdie oorsaak moes nagespeur en uitgewis word. In een van die

129. Ibid., p. 149.
130. Die Volksblad, 1.11.1923.
131. Du Plessis, p. 70.
132. Ibid.

artikels laat hy hom as volg uit: "Die toestroming naar die stede is 'n vlug. Naar wat? Die vlugtende kan self nie sê nie. Hy weet alleen dat dit weg is van dreigende honger of barbaarsheid, of albei, en dit is vireers vir hom genoeg. A! die bitter, bitter weedom van die ongeskoolde blanke man in Suid-Afrika, van ons vlees en bloed, van die kinders van Geuse en Hugenote!"[133]

Hy gaan voort en bekla die feit dat daar in 1921 bykans 6 000 blankes minder in diens was by die myne as 10 jaar tevore toe daar 38 000 blankes in die myne gewerk het.[134] In 1921 was daar volgens Malan reeds 70 000 blanke "vlugtelinge" in die stede. Van die totale aantal mynwerkers was die blankes toe maar slegs 11,22% terwyl die res, 88,78% Anderskleuriges was.[135] Oor die werkersopstand van 1922 laat Malan hom as volg uit: "Maar toe die mynmagnate daarna, terwille van groter profyte, ook nog hierdie klein persentasie wou ver= minder, en toe dit die blankes tot wanhoop gedryf het, het generaal Smuts in Maart van die volgende jaar bo en behalwe die 6 000 ook nog 'n verdere 4 000 met kruit en lood van hul verdienste en brood weggeskiet."[136]

Dat dr. Malan nie alleen oor hierdie saak gekla het nie, blyk duidelik uit 'n artikel in Die Burger van 20 Julie 1923. "Sagmoedige Neelsie"[137] bekla ook die lot van sy volk onder die opskrif "Waar is Abel?" Hierin skryf hy ondermeer, "Vra ek of die arm man kan lees, wat ek hier skryf? Liewe God, wat 'n spotterny? Ons vermoor Abel se liggaam en dan verneem ons naar sy siel?"[138]

133. Ibid.
134. Ibid.
135. Ibid.
136. Ibid., p. 71.
137. C.J. Langenhoven.
138. Du Plessis, p. 71.

Dat die Afrikaner erg bekommerd was oor die lot van sy mede Afrikaner in 'n tyd van armoede is gewis. Oral het stemme op kongresse opgegaan dat die regering iets sou moes doen om die armblanke, waarvan die meeste boere en plattelanders was, te hulp te kom. Op 'n gesamentlike kerklike kongres in Bloem=fontein was die volgende persone ondermeer teenwoordig en het hulle as sprekers opgetree: dr. D.F. Malan, generaal J.B.M. Hertzog, dr. H.P. van der Merwe, ds. M.L. Fick en ds. A.F. Louw.[139] Uit die referate wat gelewer is, was dit duidelik dat die verarming en die aantal mense wat plase verlaat het, om in die stede 'n beter heenkome te gaan vind, nog steeds voortgeduur het. In meer as 50 plattelandse distrikte was daar 'n konstante stroom na die stede van mense wat net nie langer hulle weg oopgesien het om in sulke haglike arm omstandighede te lewe nie. Die stede was vir hulle 'n ontvlugting van die armoede en hulle het gedink dat dit daar met hulle beter sou gaan. In 1922 was daar na raming 122 000 armblankes in Suid-Afrika.[140] Hierdie hoë syfer kan toege=skryf word aan die droogte van 1922 en die daaropvolgende haelskade. In dieselfde jaar het die land se boere na raming sowat 308 000 beeste en 2,5 miljoen skape verloor en die haelskade is geskat op R1 miljoen.

Op die bogenoemde kongres in Bloemfontein is die Smuts-regering van onverskilligheid teenoor die Afrikaner beskuldig. Verder het die kongres aanbeveel dat die regering drastiese stappe moes neem om die boere van ondergang te red. Groter bedrae geld moes ook aan die boere beskikbaar gestel word om te verhoed dat hulle die plase verlaat. Die kongres het op=nuut by die regering gepleit dat daar hernieude aandag aan die industriële segregasie-beleid gegee moes word. Dit was 'n beleid wat sou verhoed dat die blanke ongeskoolde arbeider verlore sou gaan en dat daar daadwerklike werkreservering sou

---

139. Ibid.
140. Ibid.

wees wat sou verseker dat die blanke nie deur die swartman verdring sou word nie. Hieruit het 'n versoekskrif met 60 000 handtekeninge voortgespruit waarin die regering versoek is om die kongresvoorstelle in wetgewing te vervat. Dit was die einste versoekskrif wat genl. Hertzog later gebruik het om sy beleid van "beskaafde arbeid" deur die Parlement aanvaar te kry.

## 1.10 DIE PAKT EN DIE ARMBLANKE

Generaal Hertzog het by die bewindsoorname van die Pakt, in 1924, dadelik besef dat iets drasties gedoen sou moes word met betrekking tot die armblanke in Suid-Afrika. Hy het 'n be= leid van "beskaafde arbeid" in die vooruitsig gestel waarmee hy wou verseker dat die blanke werklose iewers 'n heenkome sou vind. Volgens hom was dit noodsaaklik dat die blankes beskerm sou word teen oorheersing deur die swartes wat teen 'n relatief laer loon kon werk.

Een van Hertzog se eerste daadwerklike stappe was om op 1 Augustus 1924 'n Ministerie van Arbeid in te stel, om die probleme rondom werkloosheid en armoede op 'n breë Nasionale grondslag te hanteer.[142] Die departement sou vergestalting gee aan generaal Hertzog se beleid om werkreservering toe te pas ten opsigte van blankes en Kleurlinge. Dit sou meebring dat daar 'n groter arbeidsveld vir blanke werkloses iewers ontplooi sou word. Generaal Smuts en die Opposisie was baie ontevrede met die beleid van Hertzog. Nogtans het generaal Hertzog volhard en in 1925 die Loonwet op die Wetboek ge=

141. Le Roux, Genl. J.B.M. Hertzog, p. 272.
142. Le Roux, Die Nasionale Party Deel 11, p. 59.

plaas.[143] Die wet het arbeidsvoorwaardes en lone van onge= skoolde arbeiders vasgestel en binne die breë raamwerk van die wet is ook voorsiening gemaak vir onderskeid tussen beskaafde en onbeskaafde arbeid.[144]..Die Wet is opgevolg deur die Kleurslagboomwet in 1926. Die wet was deur generaal Hertzog ingedien en die hoofdoel was om artikel 4 van die Wet op Myne en Bedrywe van 1911 so te wysig dat bevoegdheidsertifikate alleen aan blankes en Kleurlinge uitgereik kon word om geskoolde arbeid te verrig.[145]

Om die verstedelikingsproses te probeer hok slaan het die Pakt addisionele finansiële hulp aan mense verskaf wat weer wou gaan boer. In 'n poging om nog meer mense op die platteland te hou het generaal Hertzog opleidingsplase by Lopersfontein, Zanddrift, Geluk, Uitval en Sonop in Transvaal gestig.[146] Hertzog het hiermee gepoog om die mense op te lei om korrek en op die mees produktiewe wyse te boer en dit sou ook meehelp om die mense se geestelike en materiële vermoë te verbeter. In Natal is 'n soortgelyke stelsel van stapel gestuur en die Doornkopskema by Stanger in Natal het vir 100 pagter- en huurboere op 7 000 akker vrugbare grond voorsiening gemaak.[147] Beide hierdie pogings van Hertzog was egter onsuksesvol en dit het weer vir Smuts aangespoor om kritiek teen die regering uit te spreek.

Die toestande met betrekking tot die armblanke het algaande verswak en die N G Kerk was verplig om in 1927 in te gryp. Op 'n buitengewone vergadering van die N G Kerk se Sinodale Kom= missie in 1927 is besluit om 'n Kommissie te benoem om ernstig

---

143. Verslag van die Carnegie-kommissie Deel 1, p. i.
144. Le Roux, Genl. J.B.M. Hertzog, p. 274.
145. Wetten van de Unie van Zuid-Africa 1925: Wet 27 van 1925 - Die Loonwet, pp. 239 - 263.
146. Hansard, Deel 111 van 30.3.1925, kol. 1800 - 1810.
147. Ibid., 16.2.1925, kol. 14.

aandag aan hierdie armblanke vraagstuk te skenk.[148] Die Kom= missie het opdrag gekry om by die Carnegie Korporasie van Amerika aansoek te doen om finansiële steun sodat voldoende navorsing oor die probleem gedoen kon word. Die belangrikste opdrag van die Kommissie was om ondersoek in te stel na die opheffing van die armblanke in Suid-Afrika en indien die regering gewillig sou wees en daartoe instem moes daar ook van staatshulp gebruik gemaak word in die proses van opheffing.[149] Dr. Malan Minister van Binnelandse Sake en Volksgesondheid, was te vinde vir so 'n plan en derhalwe is regeringshulp ook belowe. Na skrywes aan hulle gerig was, het die Carnegie Korporasie R8 000 bewillig vir die projek en die res is bygedra deur die destydse Raad vir Navorsingstoelae van die Departement van Mynwese en Nywerheid. Die N G Kerk het self ook 'n aansienlike gedeelte van die kostes vir die navorsing gedra.[150]

Nog een van die Pakt-regering se suksesse met betrekking tot die bekamping van armoede was die instelling van ouder= domspensioene vir blankes en Kleurlinge bokant die ouderdom van 65 jaar.

Dat generaal Hertzog verskeie pogings aangewend het om armoede hok te slaan kan nie betwis word nie, maar dat sommige hier= van jammerlik misluk het, kan ook nie weggeredeneer word nie. Hy het wel by verskeie geleenthede en op verskeie plekke die boere gewaarsku teen verstedeliking, maar hy kon nie daad= werklik iets doen om die probleem te bekamp nie. Hertzog het besef dat Suid-Afrika se welvaart op ekonomiese gebied nie slegs op die industriële akker gemeet kon word nie, maar dat die landbou sektor net so 'n kardinale rol gespeel het in die

148. Ibid., Deel 8, van 21.2.1927, kol. 1912.
149. Ibid.
150. Carnegie Verslag Deel 1, p. iii.

bepaling van die waarde daarvan. Die depressie van 1933 was immers 'n baie duidelike bewys daarvan. Die armblanke sou in die jare wat kom, selfs 'n groter probleem word waarmee die regering sou moes worstel.

## 1.11 EVALUERING.

Die tydperk wat 1929 voorafgegaan het, was 'n tydperk waarin relatief baie verwikkelinge in Suid-Afrika plaasgevind het. Voorvalle wat sterk op die voorgrond was, was die 1922 Wer=kersopstand en die val van die Smuts-regering twee jaar later. Die ekonomiese oplewing en die groot uitbreiding op industriële gebied met gepaardgaande tegnologiese inovasies het die wiel aan die rol gesit vir groot uitbreidings wat in die land sou plaasvind.

Die stigting van maatskappye en die oprigting van fabrieke het die weg gebaan vir 'n sterker infrastruktuur wat Suid-Afrika in latere jare as 'n leiersfiguur in Afrika laat bekend staan het. In hierdie tydperk was die tekens reeds baie duidelik te bespeur, dat ekonomie en politiek nie geheel en al van mekaar te skei was nie. Interaksie op 'n wye front van ekonomies-politiese aktiwiteite was baie duidelik sigbaar. Nuwe wetgewings in hierdie verband het hulle beslag gevind, waarvan die Loonwet en Kleurslagboomwet die sprekendste is. Politieke leiers kon ook nie daarin slaag om partypolitiek uit 'n suiwer ekonomies debat te hou nie.

Nog 'n belangrike faktor wat hier na vore gekom het, was dat daar nog steeds 'n stryd tussen die twee taalgroepe in die land was. Die stryd om die vlag het duidelik bewys dat

Afrikaans-en Engelssprekendes nog nie volkome langs dieselfde vuur gesit het nie. Generaal Hertzog se samestelling van 'n Pakt-regering met Afrikaans- en Engelssprekendes om dieselfde tafel getuig beslis van goeie staatmanskap van sy kant af.

Die tydperk vanaf Uniewording, 1910 tot 1929 was eweneens gekenmerk deur tye van ekonomiese voorspoed sowel as tye van ekonomiese teenspoed. Wanneer daar na die ekonomiese kon=junktuurgolf gekyk word, is die tipiese opswaai- en voor=spoedfases baie duidelik sigbaar met die daaropvolgende afswaaifase, rondom 1922, nie so laag dat dit die depres=siefase ingegaan het nie. In die jaar 1926 is die kruin van die voorspoedfase op die golf weer bereik.[151] Die tydperk 1924 tot begin 1929 kan beslis as die blomjare van die Pakt-regering beskou word.

151. Vir 'n uiteensetting van die konjunktuur vergelyk Bylae 1.

# HOOFSTUK 2.

## DIE EKONOMIESE FAKTORE IN SUID-AFRIKA WAT VANAF 1929-1936 'N BEPALENDE ROL GESPEEL HET.

### 2.1 INLEIDING.

Wanneer daar 'n oplewing in die ekonomie van 'n land is, is daar baie minder kritiek teenoor die regerende party as wanneer daar 'n ekonomiese resessie of depressie is. In tye van ekonomiese insinking word die regering gewoonlik heftig gekritiseer oor alles wat in die land verkeerd loop. Vir Suid-Afrika was die tydperk 1929-1936 ook geen uitsondering nie. Aanvanklik was daar lof vir regeringsprojekte om die land uit die ernstige ekonomiese krisis te kry, maar later was die kritiek teen die regering heel heftig.

Aan die begin van 1929 was die Suid-Afrikaanse ekonomie rela= tief sterk in verhouding tot die ekonomie van oorsese lande.[1] Met die ineenstorting van die New Yorkse aandelemark in Okto= ber 1929 het ekonomiese toestande drasties versleg. Soos in die meeste lande waar werkloosheid geheers het, het Suid-

1. Die feit dat Suid-Afrika baie goud tot sy beskikking gehad het en dat die gouduitvoere na die buiteland so goed was, het die land 'n sterk bedingingsmag op die ekono= miese markte van die wêreld gegee.

Afrika in 'n afwaartse konjunktuurfase beweeg en het die land 'n ernstige depressie ondervind.[2]

Die depressie is gekenmerk deur uiters haglike sosiale en ekonomiese toestande. Grootskaalse werkloosheid was aan die orde van die dag, daar was bykans geen buitelandse handel nie en voedsel was skaars. Die toestande is verder vererger deur die groot droogte van 1933 toe die boere op hulle knieë gedwing was. Mans moes vir so min as 25 sent per dag gaan werk om aan die lewe te bly.[3]

Verskeie faktore het bygedra tot die Groot Depressie van 1929-1933. Binne- sowel as buitelandse faktore het bygedra tot die ekonomiese wanorde van daardie tyd.

## 2.2 EKONOMIESE TOESTANDE IN DIE BUITELAND.

Die tydperk 1920-1928 was 'n tydperk waarin die wêreldekonomie ongekende hoogtes bereik het. Innovasies in industriële teg= nologie het dit moontlik gemaak dat massaproduksie en 'n gepaardgaande groot wêreldmark tot stand kon kom. Produksie het toegeneem, produksiekoste het gedaal en kapitaal het 'n ruillimiet vir arbeid geword. Optimisme oor die welvaart wat oral hoogtepunte bereik het, was aan die orde van die dag.[4]

---

2. Die konjunktuurgolf van 'n land se ekonomiese aktiwiteite het tradisioneel 'n opswaaifase sowel as 'n afswaaifase. In die opswaaifase gaan dit gewoonlik goed met 'n land totdat die ekonomiese hoogtepunt bereik is. Hierdie staan ook bekend as die voorspoedfase van die land se ekonomie. Die kruin van die golf is gewoonlik nie baie lank nie voordat die afswaaifase of resessiefase weer begin. Die onderste draaipunt staan bekend as die De= pressiepunt. Vgl. Bylae 1.
3. Persoonlike Versameling, B. Wheeler aan J. vd Berg, 18.3.89.
4. R.L. Heilbroner, Making of Economic Society, p. 138.

Heilbroner beskryf hierdie gees van optimisme as volg: "We in America today are nearer to the final truimph over poverty than ever before in the history of any land. The poorhouse is vanishing from among us. We have not yet reached the goal, but, given a chance --- (sic) we shall soon, with the help of God, be in sight of the day when Poverty will be banished from this nation."[5]

Heilbroner se uitlating was nie vergesog nie, want die Ame= rikaanse bevolking het gegroei van 76 miljoen in 1900 tot 121 miljoen in 1929. In die tydperk is 75 biljoen dollar aan stedelike behuising, 9 biljoen dollar aan verbetering op plase en meer as 30 biljoen dollar aan verbeteringe op industriële gebied spandeer. Daar is ook werksgeleenthede vir meer as 48 miljoen mense geskep en Amerika het in 1929 gespog met 'n werkloosheidsyfer van so laag as 3,2%.[6] Werksomstandighede het dus geweldig verbeter. Werksure het afgeneem van 60 uur per week in 1909 tot 44 uur per week in 1929. Saam hiermee is werkers se lone verhoog vanaf 20 sent per uur in 1909 tot 56 sent per uur in 1929. Die Amerikaanse regering het ook prysbeheer ingestel wat teweeg gebring het dat verbruikerspryse vasgepen is. Hierdie vaspenning van pryse het tot gevolg gehad dat lewenskoste nie gestyg het nie en dit op sigself het 'n verdere 10 - 20% effektiewe salarisverhoging in die hand gewerk.[7] Vandaar die gees van optimisme in Amerika oor hierdie oplewing.

Die koms van die Effektebeurs in Amerika het die wêreld= ekonomie in die tydperk radikaal laat verander. Dit was al= gemene praktyk dat elkeen, vanaf die skatryk sakeman tot die brandarm vensterskoonmaker, 'n kans op die effektebeurs ge=

5. Ibid.
6. Ibid.
7. Ibid., p. 139.

waag het in 'n poging om geld te maak. Daar word beweer dat in 1929 in Amerika alleen ongeveer 10 miljoen mense op die effektebeurs probeer het om hulle daaglikse inkomste aan te vul.[8]

Winstransaksies op die beurs was aan die orde van die dag. Frederick Lewis Allen, 'n historikus van die twintigerjare, beskryf hierdie buitengewone gees van spekulasie wat geheers het as volg: "The rich man's chauffeur drove with his ears laid back to catch the news of an impending move in Bethlehem Steel; he held fifty shares himself on a twenty point margin. The window cleaner at the broker's office paused to watch the ticker, for he was thinking of converting his laboriously accumulated savings into a few shares of Simons. Edwin Lefevre (an articulated reporter on the market at this time who would claim considerable personal experience) told of a brokers valet who made nearly a quarter of a million in the market; of a trained nurse who cleaned up thirty thousand, following the tips given her by her grateful patients and of a Wyoming cattleman, thirty miles from the nearest railroad, who bought or sold thousand shares a day."[9]

Op die keper beskou kan dus gesê word dat dit goed gegaan het met die Amerikaner wat in 1929 op die aandelemark gespekuleer het. 'n Persoon wat op daardie stadium sou voorspel dat hierdie welvaart binnekort beëindig sou word, sou beslis uit=gelag kon word. Niemand sou kon dink dat hierdie rykdomme binne enkele dae in die niet sou verdwyn nie. Dat dit wel die geval was, het vir die wêreld as 'n skok gekom toe die Wall Street se aandelemark in Oktober 1929 in duie gestort het.

Teenstrydige redes word aangevoer vir die gerugte wat op Vry=dag 25 Oktober 1929 die rondte begin doen het, dat die aan=delemark besig was om in duie te stort. Pandemonium het los=

---

8. <u>Ibid</u>.
9. <u>Ibid</u>.

gebars. Mense het geskarrel om van hulle aandele ontslae te raak voordat die mark nog verder sou daal. Dit het 'n sneeu=bal-effek gehad sodat alle aankope van aandele feitlik on=middellik gestaak is. Chaos was aan die orde van die dag en die naam "Black Friday" het sy betekenis gestand gedoen deur die wêreld in 'n ongekende ekonomiese krisis te dompel.[10] Op Dinsdag 29 Oktober 1929 het die Wall Street-aandelemark dan inderdaad ook in duie gestort. Enkele weke later het 30 bil=joen dollar se rykdom in die niet verdwyn. Dit was 'n gewel=dige slag vir die wêreldekonomie. Hierdie sogenaamde "Great Crash" was 'n bewys van wat kon gebeur indien massa-histerie die oorhand kry. Dit het die Groot Depressie vir Amerika ingelui.

Onmiddellik het werkloosheid die hoogte ingeskiet. Baie fa=brieke het gesluit, maatskappye en individue was insolvent en behuising het 'n probleem geword. Die B N P[11] het gedaal van 104 biljoen dollar in 1929 tot 56 biljoen dollar in 1933, soveel as 9 miljoen spaarrekenings is gesluit en talle banke was verplig om hulle deure te sluit.[12] Lone is drasties verlaag en vrouens het salarisse van tot so min as 2,39 dollar per 50 uur werkweek ontvang. As gevolg van die lae salarisse asook die werkloosheid, het die mense geweldig verarm en hon=gersnood was geen vreemde verskynsel nie. Die mense was ook gewoond aan hulle relatiewe konstante inkomste en daarom, toe dit eensklaps afgesny word, het diefstal en roof 'n byna alledaagse verskynsel geword. Hierdie toestand moet gesien word teen die agtergrond van die kultuurmilieu waarin sommige

10. Ibid., p. 140.
11. Die Bruto Nasionale Produk van 'n land is die totale waarde teen huidige of konstante pryse van jaarlikse vloei van goedere en dienste wat aan 'n land beskikbaar gestel word vir verbruik om sy materiële welvaart te behou of daarby te voeg. Daar word ook meer algemeen van die Bruto Binnelandse Produk gepraat. Vgl. Mohr, v.d. Merwe, Botha en Inggs, Ekonomiese aanwysers. p. 20.
12. Heilbroner, p. 141.

van hierdie mense geleef het. Baie van hulle het arm groot geword en was nie aan 'n hoë lewenstandaard gewoond nie. Die ongekende rykdom, wat spekulasie op die aandelemark na hulle kant laat kom het, is skielik weer ontneem en dit het pro= bleme veroorsaak. Vandaar die swaai na misdaad eerder as om weer in die ou lewenswyse te verval.

Brittanje het ook moeilike tye beleef. Reeds in 1920 is die Britse Pond oorwaardeer ten opsigte van die Franse Frank, wat druk op die Britse ekonomie geplaas het. Kort na die in= eenstorting van die Amerikaanse banke het die Duitse banke ook 'n krisis beleef en dit het die druk op die Britse Pond nog meer laat toeneem. Brittanje was een van die lande wat 'n hoë premie op die goudstandaard geplaas het, veral daar die goudstandaard reeds so ver terug as 1821 in Brittanje dateer het.[13] As gevolg van die geweldige druk wat nou op die Pond geplaas is, was Brittanje verplig om op 21 September 1931 van die goudstandaard af te stap.[14] Hierdie besluit van Brittanje het veroorsaak dat die Pond vroeg in 1932 gedevalueer het. Omdat Brittanje met so baie ander lande handel gedryf het, was daardie lande ook verplig om dieselfde te doen. Hier was dit veral die lande van die Britse Gemenebes van Nasies wat die swaarste deur Brittanje se be= sluit getref is. Om te verhoed dat Brittanje te veel skade sou ly, het die Britse regering besluit om sy handelsbetrek= kinge met ander lande te wysig en invoere te beperk en 'n hoë invoerbelasting is op ingevoerde goedere gehef. Hierdie stap het verreikende gevolge vir die wêreldekonomie ingehou. Die tydige optrede van die Britse regering om die goudstandaard so vroeg te verlaat, het grootliks daartoe bygedra dat Brit= tanje een van die eerste lande was wat 'n herstel in sy ekonomie kon rapporteer. Reeds so vroeg as 1932 het die

13. Habler Gottfried, The World Economy, Money and the Great Depression 1919-1939, p. 10.
14. Ibid.

Britse ekonomie die opswaaifase van die konjunktuur bereik. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 was Brittanje reeds weer ekonomies sterk genoeg om die oorlog met mening te kon aanpak.
Dit is belangrik om daarop te wys dat Brittanje in 1932 reeds begin herstel het van die ekonomiese skok, terwyl baie ander lande, veral Suid-Afrika, hulle nog op daardie stadium in die depressiefase van die konjunktuur bevind het. Die rede hiervoor blyk die reeds genoemde tydige afstapping van die goudstandaard te wees.

Twee ander Europese moondhede wat ekonomiese probleme ondervind het, was Duitsland en Frankryk. In teenstelling met Amerika was die oorheersende faktor van die depressie in Duitsland, druk vanuit die buiteland. Kapitaalvloei en kapitaal transaksies met Europese moondhede het ook 'n groot rol in Duitsland gespeel. Die skerp daling in kapitaalvloei vanuit die V.S.A. na 1928, die onttrekking van buitelandse krediet deur Frankryk en kapitaaluitvloei uit Duitsland was van die grootste faktore van die depressie. In 1932 was die werkloosheidsyfer in die omgewing van 43% en die per kapita[15] inkomste het tot 'n rekord-laagtepunt gedaal. Die devaluasie van die Pond en die ineenstorting van die effektebeurs het verder bygedra tot Duitsland se dilemma.
Die ander wêreldmoondheid wat ook probleme ondervind het as gevolg van die ineenstorting van die Wall Street aandelemark was Frankryk. Ook hier het buitelandse faktore 'n belangrike rol gespeel. Die devaluasie van die Britse Pond en buite=landse druk op in- en uitvoere na en van Frankryk het die Franse ekonomie geknou. Eers in die tweede helfte van 1930 is die volle impak van die depressie in Frankryk werklik gevoel. Aansporing deur die Franse regering, in die sin van

15. <u>Ibid</u>., Die per kapita inkomste van 'n land beteken dat ekonomiese hoeveelhede uitgedruk kan word as 'n gemid=delde inkomste per persoon.

voortdurende inligting aan die inwoners van Frankryk met be= trekking tot wat hulle te doen gestaan het, het 'n effense opflikkering in die Franse ekonomie gedurende 1932 tot gevolg gehad. Die devaluasie van die Dollar in 1933 het Frankryk egter weer dieper in die moeilikheid laat beland. Dit was derhalwe heelwat later, eers in 1935, toe Frankryk tekens van 'n opswaai in die ekonomie begin toon het.[16]

Die Groot Depressie van 1929-33 het soos 'n skokgolf deur die wêreld getrek. Oral was daar regerings wat krisisse beleef het. Hierdie krisisse is baie vindingryk deur Opposi= siepartye benut om die regerings van die dag in onguns by die volk te bring. Ekonomiese probleme, waaraan die meeste re= gerings werklik niks kon doen nie, het nou verander in poli= tieke probleme. Deur die wêreld het mense swaar verliese gely as gevolg van saketransaksies wat skeef geloop het. Dit is dus te verstane dat hierdie mense 'n rype teelaarde vir opsweping teen die onderskeie bewindhebbende regerings was. Werkloosheid het hongersnood in die hand gewerk en hongersnood het weer ontevredenheid met die regering gebring, omdat die regerings kwansuis vroegtydig voorsorg moes getref het indien 'n depressie sou ontstaan.

Wanneer daar teruggekyk word, is dit baie duidelik dat geen regering te blameer was vir die chaos wat na 29 Oktober 1929 ontstaan het nie. Geen direkte oorsaak kon nog aangestip word as die grootste rede waarom die Wall Street aandelemark in duie gestort het nie. Massapaniek kan maar slegs as die vonk in die kruitvat bestempel word. Opposisieleiers was wel deeglik bewus daarvan, maar om persoonlike munt daaruit te slaan, is die politiek baie nou betrek by die haglike toestande wat wêreldwyd geheers het. Dat hierdie leiers eweneens geen alternatief vir die situasie gehad het nie is

16. Ibid., p. 14.

wel waar, maar dit is nou maar een maal soos die politieke masjiene werk: val die regering sterk aan in 'n krisis en jy behaal maksimum voordeel daaruit - veral wanneer dit sou gaan om die individu se finansiële probleme.
'n Wêreldmoondheid wat die depressie oënskynlik vrygespring het, was Rusland en dit het sy aansien in sommige lande laat styg. Dit het aan Rusland 'n soort mag gegee om ook sy stem dik te maak wanneer dit by ekonomiese sake gekom het. Dit was eers tydens die Groot Depressie dat die Weste begin besef het dat Rusland 'n belangrike rol in die wêreldekonomie speel. So het Amerika byvoorbeeld 55% van sy totale uitvoer van hand=gereedskap na Rusland gestuur. Hierteenoor het Brittanje in 1932 81% en Duitsland 74% van alle masjiengereedskap wat hulle vervaardig het na Rusland uitgevoer.[17]

Een van die redes waarom Rusland nie so swaar onder die Groot Depressie gely het nie, was omdat hulle geen vryemarkstelsel in Rusland gehad het nie. Die Russiese regering moes dus slegs maatreëls tref om die ekonomiese krisis die hoof te bied. Daar was geen politieke probleme wat ook nog oorkom moes word nie, geen opposisie wat gepoog het om munt te slaan uit 'n ekonomiese krisis nie. Dit bewys weer eens dat die ekonomie wel 'n invloed op die politiek van 'n land het.

Die ekonomiese gevolge van die Groot Depressie in die buiteland moes noodwendig ook in Suid-Afrika neerslag vind. Suid-Afrika, 'n lid van Britse Gemenebes van Nasies van Brittanje, kon nie die gevolge van gebeure en optredes in Brittanje vryspring nie. Die impak van gebeure in die buiteland was nie dadelik in Suid-Afrika sigbaar nie, maar namate die ekonomie in die res van die wêreld verswak het, was die invloed daarvan op Suid-Afrika baie duidelik waarneembaar.

17. Ibid., p. 38.

## 2.3 EKONOMIESE TOESTANDE IN SUID-AFRIKA.

Die ekonomiese voorspoed wat sedert 1925 in die grootste ge= deelte van Europa geheers het, is ook in Suid-Afrika onder= vind. Eweneens het die ineenstorting van die Amerikaanse aandelemark ook negatiewe gevolge vir Suid-Afrika gehad. Die ekonomiese krisis en die depressie wat daarop gevolg het, was die ergste wat nog ooit in Suid-Afrika plaasgevind het. Gepaardgaande hiermee het die ernstige droogte van 1933 ver= oorsaak dat 'n groot deel van die bevolking verarm het en baie boere het hul plase verlaat om 'n heenkome in die stede te gaan soek. 'n Duidelike bewys hiervan is dat daar met Uniewording bykans 20% van alle Afrikaanssprekendes in stede woonagtig was, terwyl in 1936 reeds 40% Afrikaanssprekendes verstedelik was.[18]

Die swak ekonomiese toestande het ernstige sosiale en poli= tieke probleme geskep. Die regering was verplig om drastiese stappe te tref om veral die Afrikaanssprekende blankes van armoede en ondergang te red. Dat die ekonomiese krisis en die droogte nie aan swak bestuur vanaf regeringskant toe te skryf was nie, het geen verskil aan die verantwoordelikheid van die regering gemaak nie. 'n Regering is immers verplig om om te sien na die wel en wee van sy inwoners. Die Pakt, en veral genl. Hertzog, was maar te deeglik bewus van hierdie feit en het ernstig oor die saak besin. Die moont= likheid van steun aan die Opposisie as gevolg van die mense se ontevredenheid oor die swaarkry was ook nie weg te rede= neer nie. Die Pakt moes inderdaad in gedagte hou dat hulp

18. R. Horwitz, The Political Economy of South Africa, p. 317.

aan hierdie mense hulle lojaliteit teenoor die regering kon verseker. Ekonomiese krisisse is dus weer eens as 'n moontlikheid gesien om politieke gewin te behaal. Die ou gesegde, "Wiens brood men eet diens woord men spreek", is hier ook van toepassing. Hierdie poging van die Pakt om hulp te verleen aan veral die Afrikaanssprekende boere het hewige kritiek van die Opposisie ontlok. Genl. Smuts het as volg gewaarsku: "Commandoes [sic] of poor whites were sent to various parts to turn the scale in critical constituencies. They voted blindly for promises that would never be fulfilled --- the Union will be burdened with unheard of expenditure, with a standing labour army that must be paid ---"[19]

Die neiging om die regerende party te blameer as sake skeef loop, is hier duidelik sigbaar. Wanneer daar egter na genl. Smuts se waarskuwing gekyk word, kom die wesenlike gevaar eweneens duidelik na vore. Om die mense te help deur werks=geleenthede in die stede te skep, sou net veroorsaak dat daar 'n toeloop na sulke geleenthede sou plaasvind. Dit op sig=self het verdere probleme geskep. Die meeste van hierdie plekke waarheen die plaasverlaters gestroom het, het geen of 'n baie swak infrastruktuur gehad. Sosiale, maatskaplike en kulturele probleme kon dus baie maklik die ekonomiese probleme hier vervang of dalk vererger het. Genl. Smuts moes inder=daad ook bekommerd gewees het oor watter invloed die Afri=kaanssprekendes op die, hoofsaaklik Engelssprekende, stede=like kiesafdelings sou gehad het, maar sy waarskuwing kon sekerlik nie in die wind geslaan word nie.

Die verandering in inwonertal vanaf die platteland na die stad het velerlei implikasies gehad. Sodra die stad of dorp 'n groter inwonertal gekry het, het dit die ekonomie daarvan

19. J.H. Le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party Deel 111, p. 151.

gestimuleer. 'n Groter infrastruktuur moes noodwendig geskep word en hoe beter die infrastruktuur, hoe groter word die aantrekkingskrag na die betrokke gebied. Wanneer so 'n ge=meenskap dan uitbrei, moes daar noodwendig sterker ekono=miese aktiwiteite na vore kom. Meer geld kom in omloop en beter lewensomstandighede word geskep. Die groter gemeenskap skep 'n behoefte aan leiers oor 'n wye spektrum van die samelewing. Skool,- kerk,- geregs- en velerlei ander leiers het nou 'n noodsaaklikheid geword. Dit het uiteindelik weer die sirkel voltooi wat by die politiek begin het.

Ongeag uit watter oogpunt daar dus na die saak gekyk word, bly dit 'n voldonge feit dat die mens 'n belangrike faktor in enige land se geskiedenis is. Polities, kultureel of ekono=mies gesien, bly die mens een van die belangrikste komponente in die stelsel. Die mens het 'n bepalende rol te speel in hoeverre ekonomie en politiek met mekaar kan saamwerk of van mekaar verskil. Die interaksie tussen die politiek en eko=nomie kan nie negeer word nie en dit is hier waar die rol van die individuele leiers nie oorbeklemtoon kan word nie.

Omdat die mens so 'n deurslaggewende rol in 'n land se ekonomiese en kulturele ontwikkeling speel, is dit belangrik om die sosio-ekonomiese ontwikkeling gedurende 1929-1936 van nader te gaan beskou. Dit is inderwaarheid ook so dat maat=skaplike probleme heel dikwels ontstaan as gevolg van 'n finansiële nood. Die rol wat die ekonomiese rat in hierdie groot komplekse masjien vervul, is van so 'n kardinale belang dat dit met groot vrug onder die vergrootglas geplaas kan word.

## 2.3.1 DIE DEMOGRAFIESE ONTWIKKELING GEDURENDE DIE DERTIGERJARE.

Wanneer dit ekonomies goed gaan met 'n land en daar geen wesenlike gevaar is wat die land bedreig nie, gaan dit inderdaad ook goed met die meeste inwoners van daardie land, maar die teenoorgestelde is ongelukkig ook waar. Tydens die voorspoedfase van die demografiese siklus rondom 1926-28 het Suid-Afrika relatief minder probleme met armoede en verstedeliking ondervind. Soos reeds aangetoon het ernstige sosiale en ekonomiese probleme egter tydens die Groot Depressie van 1933 opgeduik. Dr. D.F. Malan, destydse minister van Binnelandse Sake: Volksgesondheid en Onderwys, het hom sterk uitgespreek ten gunste van 'n plan om met staatshulp die armoedevraagstuk te probeer verlig.

Die Nederduits Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika het met 'n plan vorendag gekom en 'n versoek om hulp tot die Carnegie Korporasie van Amerika gerig.[20] Die kernopdrag aan die Carnegie Korporasie was om die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika te kom ondersoek en met aanbevelings vorendag te kom om die probleem op te los.

---

20. Die Carnegie Korporasie was 'n buitelandse groep wat navorsing wêreldwyd gedoen het. Sulke projekte het hulle dan gewoonlik uit eie fondse finansier. Sommige van die projekte is aangewend om lande waarin die projek gedoen is te help met oplossings vir interne probleme. Vgl. Hoofstuk 1.

## 2.3.2 DIE CARNEGIE-ONDERSOEK.

Die ondersoek het oor 'n lang tydperk gestrek en baie in= ligting is versamel. 'n Deeglike kennis van die omstan= dighede waaronder die blankes, en veral die Afrikaansspre= kendes, in Suid-Afrika leef, is opgedoen. Na baie maande se rondreis en onderhoudvoering het die Korporasie 'n lywige verslag die lig laat sien. Die verslag het veral vyf studie= terreine ingesluit naamlik:

(a) 'n Ekonomiese verslag getiteld: "Plattelandse verarming en plaasverlating."
(b) 'n Psigologiese verslag: "Die armblanke."
(c) 'n Onderwysverslag: "Onderwys en die armblanke."
(d) 'n Mediese verslag: "Die fisieke toestand van die armblanke."
(e) 'n Sosiologiese verslag in twee dele:
(i) "Die Armblanke en die Maatskappy en
(ii) "Die moeder en dogter van die armblankegesin."[21]

Die armblankes is deur die verslag omskryf as persone van Europese afkoms wat hulle bestaan hoofsaaklik uit die boer= dery gemaak het. "Hulle bestaan hoofsaaklik uit trekboere, arm bywoners, huurlinge op plase, eienaars van onwinsgewende stukkies grond, arm nedersetters en die toenemende groep on= geskoolde of swak geskoolde werkers en arbeiders, verste= delikes, ander as spoeldelwers."[22] Die Kommissie het bevind dat meer as 300 000 uit 'n totale blanke bevolking van 1,8 miljoen in 1931 as armblankes getipeer kon word. Die hoof= oorsaak hiervoor was volgens die Kommissie: "--- onvoldoende

---

21. Carnegie verslag, Deel 1,
22 Ibid., p. 16.

aanpassing aan moderne ekonomiese voorwaardes by 'n deel van die ouer Suid-Afrikaanse bevolking. Hierdie deel van die bevolking was grotendeels vir vele generasies van die Europese ontwikkeling afgesonder gewees en het hoofsaaklik 'n eenvoudige selfversorgende pionierslewe gelei, met min verskil in lewenswyse tussen ryk en arm."[23]

Verder was die onderwys, veral op die plase, totaal onvol= doende en die meeste boere was ook nie eens Engels magtig nie. Hierdie tekortkoming het dit vir hulle byna onmoontlik gemaak om in die nywerhede te gaan werk. Die boere was tra= disioneel mense wat gewoond was om met hulle hande te werk, maar dit was beslis 'n ander soort werk as wat van hulle in die nywerhede verwag was. Hulle was ook nie vir enige ambag geskool nie. Die boer het in wese nog altyd die werk, soos deur 'n ambagsman verrig, gesien as werk wat deur die swartman verrig moes word. Derhalwe het hy nie daarin belanggestel om as sulks opgelei te word nie. Hierdie houding van die boere het in die verlede, tydens die 1922 stakings, maar ook in 1929-1936, baie probleme by die nywerhede veroorsaak. swartwerkers was in baie opsigte beter bekwaam om sekere pligte te vervul as die meeste boere wat die plase verlaat het.[24] Dadelik het die ou rassewrywing weer opgevlam. 'n Duidelike bewys dat as gevolg van ekonomiese toestande daar dikwels ook ernstige sosiale konflikte kon ontstaan.

Die ernstige agteruitgang van die boeregemeenskap, veral in 1930, was 'n groot bron van kommer vir die Suid-Afrikaanse regering. Groot bedrae geld is bewillig in 'n poging om die boere te probeer ophef en veral om te probeer om hulle op die plase te hou. Teen hierdie metode het die Carnegie Kor= porasie ernstig beswaar gemaak: "Dit is 'n radikale fout as

---

23. Ibid., p. viii.
24. Ibid., p. xi.

die staat die klasse wat besig is om te verarm as gevolg van die vashou van veranderde en ondoelmatige methodes van boer, wil probeer red deur eenvoudig telkens weer aan hulle finansiële hulp te gee as die nood drukkend word. 'n Beter middel kan nouliks uitgedink word om die verouderde tradisies te bestendig en dus 'n herhaling van die hulpbehoewendheid te verseker. Die Kommissie bestry nie die praktiese nood=saaklikheid dat hulp van staatsweë gegee word in tye wanneer 'n aansienlike deel van die boerebevolking met ekonomiese ondergang bedreig word nie, maar dit is 'n noodlottige kortsigtigheid as stappe gedoen word alleen om in die oombliklike nood te help sonder dat die hulp vergesel word deur maatreëls wat op 'n later toekoms gerig is."[25]

Die Kommissie het besonder klem gelê op voldoende skool=opleiding en het daarop gewys dat tot 25% van alle blanke Afrikanerseuns in die arbeidsmag nie eers laerskoolopleiding gehad het nie. Hulle kon dus nie op die arbeidsmark meeding met selfs die swartman nie en groot sosiale probleme het ontstaan. Om die blankes dus tegemoet te kom, sou werk=reserverings ingestel moes word. Verder het die Kommissie dit beklemtoon dat armoede 'n ongunstige invloed op die eer=likheid, betroubaarheid en sedelikheid kon gehad het. Bogenoemde faktore het almal meegewerk om 'n gevoel van minderwaardigheid by die Afrikaanssprekende blanke te laat ontstaan.[26]

Die Carnegie-verslag het klem gelê op die rol wat die groot swart bevolking in Suid-Afrika gespeel het. Die swartes, met hulle laer lewenstandaard as die van die blanke, kon vir 'n baie laer loon beding. Die geldmagnate het hierdie situa=sie geweldig uitgebuit ten koste van die blanke. Die swart=

25. Ibid., p. xii.
26. Ibid., p. xviii.

man het gevolglik die blanke arbeidsfeer verder binnegedring. Die ongeskoolde blanke moes gevolglik teen 'n lae loon werk en dit het 'n demoraliserende effek op die blanke gehad.

'n Euwel wat ernstige afmetings begin aanneem het, was dat sommige van die armblanke families dit net nie meer kon be= kostig om tussen mede-blankes te bly woon nie. Hulle het hulle derhalwe in oorwegend swart woonbuurtes gaan vestig. Hierdie langdurige kontak met die swart bevolking het 'n ge= weldige nadelige maatskaplike uitwerking op die blankes gehad.[27] Die Carnegie Kommissie het sy kommer oor hierdie situasie uitgespreek. Volgens hulle het hierdie toestande veroorsaak dat rassetrots afgestomp en sosiale verskille ver= dwyn het. Dit het weer op sy beurt bloedvermenging teweeg gebring. Die Kommissie het aanbeveel dat die regering ern= stig aandag moes skenk aan staatshulp vir die blankes, veral wat behuising in die stede, maar ook op die platteland, be= tref het.
Sedert sy bewindsaanvaarding was die Pakt-regering daarop ingestel om die blanke op te hef. Die Pakt, en veral genl. Hertzog, het die saak in 'n baie ernstige lig beskou. Dit was een van die belangrikste prioriteite in 'n politieke bestel met die einddoel werkreservering en die opheffing van die blanke Afrikaner. Verder was dit vir genl. Hertzog onaanvaarbaar dat die blanke volk se voortbestaan bedreig is deur swak maatskaplike toestande in die stede. 'n Daadwerk= like poging sou aangewend moes word om die voortbestaan van die blankedom te verseker.

Die Carnegie Kommissie was verder van mening dat beskerming teen swart oorheersing in die arbeidsmark deur werkreser= vering bloot as 'n oorgangsmaatreël beskou moes word. Daar moes nogtans ruimte gelaat word sodat die blanke en swarte met

27. Ibid., p. xix.

mekaar op 'n gesonde grondslag sou kon meeding. Beide ras=segroepe se kanse om mekaar se arbeidsveld binne te dring, moes nie belemmer word nie. Hulle beveel aan: "Met die oog op die welsyn van die armblankes sal die periode van be=skerming vir hulle 'n leertyd moet wees waarin hulle 'n hoër bekwaamheid as werkers en werksters ontwikkel as wat hulle veral tans het, en waarin die kinders opgelei word om goeie en, waar moontlik, geskoolde arbeidskragte te word. ---- As on- of halfgeskoolde blanke en Gekleurde arbeiders wel met mekaar konkureer, moet dit sover moontlik, plaasvind op 'n minimum loonskaal wat vir beide ingerig is op die basis van dieselfde redelike 'blanke' lone" [28]

Die ekonomiese opheffing van die plattelandse Afrikaner in die stede was 'n belangrike saak vir die regering, maar ook kul=tuur- en kerkleiers het die politieke arena betree in 'n poging om dit te laat slaag. Die Nasionale Party kon staat=maak op die hulp van leiers soos dr. N.J. van der Merwe, ds. C.W.M. du Toit en dr. D.F. Malan.[29] Die Afrikaner het sy politieke tuiste grootliks in die geledere van die Pakt gevind en die Opposisie kon dus heel gerieflik die saak vanaf die kantlyn gade slaan. Die probleem van die armblanke het ook heelwat prominensie in die Afrikaanse dagblaaie geniet. In die Kaapprovinsie het <u>Die Burger</u> en in Transvaal <u>Die Trans=valer</u> goed daarvoor gesorg dat hulle lesers se aandag gevestig word op die probleem van die Armblankevraagstuk.

Die Armblankevraagstuk het 'n remmende invloed op die langtermyn ideale van die Nasionale Party gehad. Dit was vir die Party belangriker om om te sien na die onmiddellike wel=vaart van sy kiesers as die langtermyn projekte wat die

---

28. <u>Ibid</u>., p. xx.
29. P.W. Coetzer en J.H. Le Roux, <u>Die Nasionale Party Deel 4</u>, p. 91.

regering ten doel gehad het. Die regering het besef dat dit swaar met die volk gegaan het en sodra 'n man se gesin begin hongerly, was hy vatbaar vir onrusstokery. Hy was dus meer beïnvloedbaar veral met betrekking tot vreemde ideologieë. Ook die swartman het 'n groter geneigdheid tot beïnvloeding begin toon namate die spanning begin oplaai het.

Die regering het terdeë besef dat iets daadwerkliks gedoen sou moes word om die armblanke van ondergang te red. Die Afrikaanse dagblaaie en veral Die Burger het 'n volkskongres bepleit waar die saak deeglik onder die loep geneem kon word. Die uitsluitlike doel moes wees om die voorstelle van die Carnegie Korporasie te bespreek en 'n plan van aksie daar te stel om uitvoering aan hierdie voorstelle te gee.[30] Die voorgestelde Volkskongres is vir 1934 beplan en verskeie sprekers sou tydens die kongres optree.[31]

### 2.3.3 DIE VOLKSKONGRES VAN 1934.

Om gestalte te gee aan die aanbevelings van die Carnegie Korporasie is besluit om 'n Volkskongres te reël. Die Arm=sorgraad van die Gefedereerde N G Kerk in Kimberley het die inisiatief geneem om so 'n kongres te reël. Die kongres sou plaasvind vanaf 2 tot 5 Oktober 1934 en die uitsluitlike doel van die samesprekinge sou die Armblankevraagstuk wees en wat gedoen kon word om die mense weer op te hef.[32] Die gedagte van so 'n kongres het oral byval gevind en afgevaardigdes vanuit al vier die provinsies het dit bygewoon.
Persone wat die leiding sou neem was die volgende: ds. J.R. Albertyn, (Kaap) as voorsitter, ds. P. du Toit (Transvaal)

30. Ibid.
31. Ibid.
32. E.P. du Plessis, 'n Volk staan op, p. 84.

as sekretaris, ds. P.J. Pienaar (OVS) en ds. A.D. Luckhoff (Kaap).[33] Drie hoofde van studiekomitees was ook medeverantwoordelik vir die reëlings van die kongres, te wete dr. R.W. Wilcocks (Sielkundige-opvoedkundige komitee), ds. J.R. Albertyn (Maatskaplike-godsdienstige komitee) en dr. H.F. Verwoerd (Sosiologies-ekonomiese komitee).[34] Hierdie persone het die leiding geneem maar daar was wye belangstelling onder veral sakelui in die kongres. Tydens die kongres het verskeie senior sprekers opgetree, maar die mees bekende sprekers was onder andere dr. A.J.Stals, Dr. D.F. Malan, prof. C.G.W. Schuman, dr. E.G. Malherbe, mev dr. A.L. Geyer en mnr. A.P.J. Fourie (minister van Arbeid).[35]

In sy openingstoespraak het ds. Albertyn daarop gewys dat armoede nie deur 'n towermiddel besweer kon word nie. "Armoede met sy gevolge- soos siekte sal altyd by ons wees. Vir geen van beide is daar 'n permanente oplossing nie. Maar net soos die gesamentlike mediese wetenskap steeds oue en nuwe middels beproef vir die beter bestryding van siekte en dood, so moet ook die Christelike filantropie met geduld en volharding steeds beter poginge aanwend om die leed van die minderbevoorregtes te versag."[36] Dr. Albertyn het verder 'n sterk pleidooi tot die volk gerig dat al die sektore van die samelewing moes saamwerk om die euwel van armoede te bestry.

Die erns waarmee die Volkskongres deur die koalisie regering bejeën was, blyk duidelik uit die teenwoordigheid van die minister van Arbeid, mnr. A.P.J. Fourie, op die kongres.[37] Mnr. Fourie het die kongres toegespreek en beklemtoon dat die

33. P. du Toit, Volkskongres oor die Armblankevraagstuk. Kimberley 1934, p. 1.
34. Ibid., p. 7.
35. Ibid.
36. Ibid., p. 2.
37. Ibid., p. 15.

regering baie bekommerd was oor die swak ekonomiese toestande in Suid-Afrika. Verder was die regering ook van plan om 'n ernstige poging aan te wend om die armblanke weer op te hef. Om gestalte aan hierdie plan van aksie te verleen was daar reeds vyf Kommissies wat indringend na die toestande gekyk het. Mnr. Fourie het beklemtoon dat hierdie kommissies opdrag gekry het om so spoedig moontlik aan die regering verslag te doen om sodoende die regering in staat te stel om uitvoering aan sekere vereistes van die Carnegie Korporasie te gee. Die vyf regeringskommissies was:

(a) 'n Kommissie insake verligting aan nedersetters.

(b) 'n Kommissie van ondersoek betreffende die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie.

(c) 'n Kommissie van ondersoek insake die Loonwet, Ny= werheidsversoeningswet en Vakleerlingwet.

(d) 'n Komitee om ondersoek in te stel in verband met mynteringlyers en die moontlikheid van werkverskaffing op die myne.

(e) 'n Kommissie van ondersoek betreffende die uitwerking van die doeanetarief.[38]

Mnr. Fourie het die Kongres voorts meegedeel dat die regering, gedurende die agtien maande na koalisie, reeds R40 miljoen aan die boere beskikbaar gestel het in die vorm van finansiële hulp. Met betrekking tot werkverskaffing het mnr. Fourie dit gestel dat "deur Publieke werke op groot skaal aan te pak word daar aan duisende mense werk verskaf. So het die Re= gering die volgende bedrae beskikbaar gestel uit gewone- en leningsbegroting wat ongeveer 50 persent direkte lone sal verteenwoordig, terwyl daar heelwat gespandeer sal word aan lone binne die Unie vir materiaal wat verbruik sal word."[39]

38. Ibid., p. 17.
39. Ibid., p. 18.

Mnr. Fourie het die verskillende bedrae en toewysings aan die Kongres voorgehou en die onderskeie fasette het 'n totale bedrag van R16 miljoen beloop. Voorts het hy verklaar dat daar op 30 Junie 1934, ongeveer 4 000 blanke arbeiders in diens van die regering was, 15 000 was in diens van die Spoorweë en 20 788 was in diens van ander tydelike onder=standsregeringsdienste.[40]

Mnr. Fourie het die blankes gewaarsku dat daar nie op sekere werk neergesien kan word nie. Baie blanke Afrikaners het as bywoners op plase gaan werk eerder as om langs 'n swartman te staan en dieselfde werk as hy te doen. Mnr. Fourie het ver=der verklaar dat dit een van die prioriteite van die regering was om alles in sy vermoë te doen om die blanke Afrikaans=sprekende op sy eie plaas te probeer hou veral omdat dit ook verstedeliking sou teenwerk. Die opheffing van die armblanke was ook nou gemoeid met die algemene welvaart in Suid-Afrika. "Ons menslike meegevoel behoort ons daartoe te dwing om ons eie vlees en bloed wat veragter en versink het, op te hef uit die ellendige toestande waarin hulle verplig is om te leef en hulle families groot te maak."[41]

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die koalisie-regering ernstig aandag aan die armblankes gegee het in 'n poging om hulle ekonomies sowel as maatskaplik op te hef.

40. Ibid., p. 19. Die begrip "onderstandsregeringsdien ste" verwys blykbaar hier na dienste wat gelewer is om instandhouding van sekere regeringsprojekte te verseker.
41. Ibid., p. 22.

Nog 'n bekende spreker op die kongres was dr. H.F. Verwoerd.[42] Hy het dit beklemtoon dat dit belangrik is dat die Afrikaanssprekende sal moet opstaan uit sak en as en dat die Afrikaner sal moet begin veg vir eie regte. Hy het 'n beroep op Afrikaners gedoen om 'n helpende hand uit te steek na mede Afrikaners en daarom het hy dan ook 'n eie Departement vir maatskaplike werk bepleit. Hy het die kongres meegedeel dat dit skokkend is om te moet ervaar dat uit 'n totale blanke bevolking van skaars 2 miljoen, waarvan een en 'n agste Afrikaanssprekend is, byna driehonderd duisend as armblankes getel kan word. Dr. Verwoerd het die ander pool van die probleem baie duidelik uitgelig toe hy gewaarsku het teen die opwekking van antagonisme by die swartman in hierdie proses. "Ook moet openlik in die gesig gesien word die verband tussen blanke armoede en die teenwoordigheid van Kleurlinge en Naturelle in ons land. Dit is onmoontlik om voorstelle te maak tot die meerdere ekonomiese welvaart van die blanke arme, sonder om op een of ander manier hierdie groepe aan te tas."[43]

Dr. Verwoerd het die gedagte van sommige mense, dat die Afrikaner na die platteland moet terugkeer, bevraagteken. Hy het gevoel dat dit beter sou wees om armoede in die stede te probeer uitwis deur meer werksgeleenthede daar te skep. Hy het dit beklemtoon dat dit 'n mite is om armblankes aan werkloosheid te koppel. Dit is wêreldwyd al bewys dat ar=moede en veral die armblanke uit 'n sameloop van ver=slegtende sosiale omstandighede kan voortspruit.[44] Dr. Ver=woerd se standpunte moet gesien word teen die agtergrond van kennis wat hy opgedoen het in sy studie oor die armblankedom

42. Dr. H.F. Verwoerd, later Premier van Suid-Afrika, was op daardie stadium nog verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy het dit vreemd gevind dat, met die uitsondering van vier vroue organisasies, al die ander organisasies wat met die armblankevraagstuk ge-moeid was, Brits georiënteerd was.
43. Du Toit., p. 31.
44. Hierdie stelling van hom het dr. Verwoerd heelwat later weer herhaal toe hy as Premier van Suid-Afrika sy tuis=land-beleid verdedig het.

in Suid-Afrika. Dit was hy wat 'n belangrike rol gespeel het in insette met betrekking tot die Kleurbeleid van genl. Hertzog.

'n Volgende spreker wat met sy bydrae besonder luister aan die geleentheid verleen het, was dr. D.F. Malan, latere Eerste Minister van Suid-Afrika. Hy het die Afrikanervolk gemaan om te bly glo aan die toekoms van Suid-Afrika. "So dikwels," was sy argument, "word gepraat van die rykdomme van ons land. Die volk is nie daar om die land nie maar die land vir die volk. Suid-Afrika is landboukundig arm maar, die Skepper het rykdomme onder die grond gelê vir die volk, die rykdomme is daar vir die volk."[45] Dr. Malan het dit beklemtoon dat dit geen doel gedien het om die armblanke op te hef, maar aan sy geestelike lewe word niks gedoen nie. Hy het gevoel dat daar nie afgedaal moes word na die vlak van die armblanke nie, maar dat opheffingswerk eerder onder die mense gedoen moes word om hulle weer in die lewensstroom te probeer terugkry. Om die armblanke slegs te probeer troos om in sy onmiddellike behoeftes te voorsien sou nie die probleem oplos nie. Hulle moes gehelp en bygestaan word totdat hulle weer hulle volwaardige plek in die samelewing sou kon volstaan.
Prof. C.G.W. Schumann van Stellenbosch het in sy toespraak gesê dat hy heelhartig met die Carnegie-verslag saamgestem het, naamlik dat die oorsprong van die armblanke vraagstuk op die platteland lê. Die plattelandse probleem was vir hom tweeledig van aard. In die eerste plek was daar nog steeds die aanhoudende proses van verarming van 'n deel van die boerebevolking. Om die skepping van 'n nuwe stroom van arm=blankes vir die toekoms te verminder, moes die oorsake wat daartoe bygedra het, ontleed en bestry word. Tweedens was daar die reeds bestaande armblankes op die platteland. Volgens prof. Schumann het hierdie aspek 'n ekonomiese sowel

45. Du Toit, p. 124.

as geestelike sy gehad waaraan indringend aandag geskenk moes word.[46]

Om die ekonomiese kant van die saak op te los, sou daar dringende werksgeleenthede vir die mense geskep moes word, hetsy op die plase, in die nedersettings of bes moontlik in die stede. Die ideaal sou egter wees om die mense so ver as moontlik nie te ontwortel nie. Wat die geestelike sy betref moes daar ernstig gewerk word aan persoonlike reha= bilitasie, opvoeding en sosiale standaarde moes ook verhoog word.[47] Prof. Schumann het gevoel dat die plattelandse verarming nie slegs met werkverskaffing bekamp kon word nie en veel meer sou gedoen moes word. Die aankweek van 'n nuwe lewensuitkyk, 'n nuwe selfstandigheidsgevoel en 'n wil tot iets beters moes voorkeur geniet. Prof. Schumann het ten slotte betoog dat die regering meer betrokke moet raak by die boeregemeenskap. Finansiële hulp aan die Landbank vanuit die regeringskatkis sou die bank in staat stel om meer lenings aan boere toe te staan. Sodra die boer weer fondse tot sy beskikking het, kon hy weer 'n nuwe begin maak. Inmiddels sou die belange van die Landbank eweneens ook uitbrei en dit sou weer verdere groei stimuleer. Die verbetering van kort= termyn- of bedryfskrediet vir die landbou was noodsaaklik. Die staat moes ook relatief veel meer bestee aan aanhoudende ondersoek en navorsing op landboutegniese en landbou-ekonomiese gebied.

Samevattend kan dus gesê word dat die regering van die dag baie meer sou moes doen om die landbousektor sowel as die plattelandse gemeenskap op te voed om 'n hoër lewens= standaard te handhaaf. Dit sou inderwaarheid tot selfon= dersoek by die armblanke lei, wat dan weer 'n wil om uit die

46. _Ibid_., p. 154.
47. _Ibid_.

staat van verarming te kom, in die hand sou werk. Met ander woorde, daar sou beslis meer aandag aan die ekonomiese fak= tore geskenk moes word. Die verskillende politieke partye het ook besef dat hulle politieke gewin sou kon behaal deur die ontevrede armblankes se saak met empatie te hanteer. Sodoende sou die betrokke party dan verseker wees van hier= die stem tydens verkiesings vorentoe.

Aan die einde van die Volkskongres is 'n aantal besluite geneem om kontinuiteit aan die gedagte van opheffing van die armblanke te verleen deur middel van veranderinge op hoof= saaklik die ekonomiese front. Die belangrikste hiervan was ondermeer:[48]

(i) "Herorganisasie van welvaartswerk." Hieronder het die Kongres die regering baie dringend versoek om 'n "Staats= departement vir Maatskaplike Welvaart" in te stel. Die De= partement moes met die plattelandse dorpe saamwerk om plaas= like belangstelling in die werk aan te wakker. Die nood= saaklikheid van die daarstelling van goed opgeleide maat= skaplike werkers of werksters om opheffing en nasorgwerk te doen, is opnuut beklemtoon. Die Kongres het 'n versoek tot Universiteite gerig om gereelde kursusse in maatskaplike werk, veral met die oog op praktiese werk, aan te bied. Koördinasie van die werksaamhede van verskillende wel= vaartsorganisasies moes gereeld en op hoë vlak gekontroleer word. Saam hiermee sou 'n gemeenskaplike poging nodig wees om die algemene welsyn van die volk weer op te hef.

(ii) Die tweede besluit van die Kongres het oor behuising gegaan: 'n Sentrale Behuisingsraad is bepleit. Hierdie Raad sou homself moes vergewis van die behuisingsnood in die stede

48. <u>Ibid</u>., p. 266.

sowel as op die platteland. Dit sou 'n "permanente" Raad moes wees wat baie nou met die voorgestelde Welsynsraad moes saamwerk. Die ernstige noodsaaklikheid van 'n georganiseerde "bouplan" moes voorkeur geniet by hierdie Behuisingsraad. Die Raad sou ook moes waak teen saamwonery van blankes en swartmense. Die Kongres het ook 'n beroep op die Spoorweë gedoen om aandag te skenk aan die swak behuising van Spoorwegwerkers. En laastens onder die besluit "Behuising" het die Kongres die regering versoek om te waak teen die skepping van agterbuurtes, want dit was hier waar die grootste probleme ondervind is.

(iii) "Gesondheidsdiens op die Platteland" was deur die Kongres as 'n belangrike aspek van opheffingswerk bestempel. Die Kongres het die regering versoek om 'n "plattelandse Volksgesondheids- en Verplegingsdiens onder toesig van die Departement van Volksgesondheid" in samewerking met belang=hebbende liggame te organiseer. Die kern van die besluit was dat volksgenesingsdienste makliker en goedkoper bekombaar moes wees. Hierdie dienste was baie swak op die platteland en gevolglik het die mense baie swaar gekry onder hierdie las.

(iv) Die Kongres het 'n dringende versoek tot kerke gerig om stelselmatig voorsiening te begin maak vir versorging van oues van dae. Die lot van pensioenarisse moes deur die regering as 'n belangrike opheffingsprojek beskou word. Die gedagte is uitgespreek dat die kerke selfs oorweging moes skenk om staatspensioene wat onvoldoende is uit eie fondse aan te vul. Tehuise vir oues van dae moes gebou word waar hierdie mense versorg kon word.

(v) 'n Besluit wat sterk ekonomiese implikasies gehad het was die rakende die skepping van groter werksgeleenthede. Die Kongres het by die regering daarop aangedring dat alles

moontlik gedoen moes word om industriële ontwikkeling te bespoedig. Dit sou meebring dat groter werksgeleenthede, veral vir die blankes, geskep sou word. Die Kongres het versoek dat die Regering 'n spesiale kommissie moes aanstel om die wenslikheid van die oprigting van 'n "Industriële Bank in die Unie" te ondersoek.

Die probleem rondom werkverskaffing en werkskepping vir Blan= ke mans sowel as blanke vrouens het verskeie besluite van die Kongres ontlok. Die sistematiese bearbeiding van werkgewers met die oog op beter geriewe vir werknemers was 'n belangrike faktor. Arbeidstoestande, beter higiëniese werkstoestande, koshuise vir fabrieksmeisies, minimum lone, bywoning van Tegniese Kolleges, verpligte registrasie van blanke werkloses en behoorlike beroepsraadgewing aan die jong mense moes dringende aandag geniet. Gepaardgaande hiermee moes daar ook voorsiening gemaak word vir die akkommodasie vir werkloses. Dit kon slegs geskied deur die daarstelling van 'n Staatsondersteunde werkloosheidsversekeringsfonds. Hierdie fonds moes dan ook gekoppel word aan 'n "siekteversekering" omdat, volgens die Kongres, armoede siekte aan die hand werk.

(vi) Onder die opskrif "Werkverruiming op die Platteland deur die algemene bevordering van Landbou" het die Kongres die mening gelug dat die Armblankevraagstuk en die landelike ontvolkingsproses ten nouste saamhang met die winsgewindheid van die boerdery. Die regering moes stappe neem om 'n beskaafde lewenstandaard in die boerdery te handhaaf deur onder andere meer besliste leiding te neem in landbou= voorligting met betrekking tot die ontwikkelingsmoontlikhede van sekere streke van die land en om gedurig die plattelandse toestande in gedagte te hou by die bepaling van stedelike lone.

Om die oorkapitalisering en onoordeelkundige besteding van geld op die plase te verhoed het die Kongres aanbeveel dat die Landbank herorganiseer moes word. Die bank moes minder af= hanklik van die regering gemaak word deurdat die bank toege= laat moes word om self Landbouskuldbriewe uit te reik. Die Kongres het 'n beroep op die regering gedoen om die personeel van die afdeling Landbou-ekonomie en Markte uit te brei ter bevordering van die landboubedryf. Hierdie departement moes meer sistematies ondersoek instel na die bemarkingskoste en verbetering van bemarkingsmetodes om onnodige spekulasie en woekerwinste aan bande te lê.

As daar na hierdie betrokke besluit van die Kongres in sy ge= heel gekyk word, is dit die besluit wat die meeste moontlik= hede getoon het om die plattelandse verarming en verstede= liking teen te werk. Saam met die vorige besluit (v) sou hierdie besluit groot finansiële implikasies vir die regering inhou, maar sou dit ook beskou kon word as besluite wat vir die regering van groot waarde kon wees met die oog op toekomsbeplanning. Die kern van die saak was die ekonomiese opheffing van die armblanke. Die maatskaplike probleme wat ontstaan het was primêr as gevolg van die haglike finansiële toestand van die mense. Indien dit verbeter kon word sou die ander probleme heelwat makliker opgelos word. Die erns van die ekonomiese opheffing kon dus nie negeer word nie.

(vii) "Organisasie van die Skoolstelsel" was nog 'n be= langrike besluit van die Kongres. Onder hierdie besluit is klem gelê op die opvoeding van die kind in 'n poging om te verhoed dat verarming deur ongeletterdheid kon voortduur. 'n Wetenskaplike ondersoek met betrekking tot die hersiening van die skoolstelsel is bepleit. Die Kongres het duidelike rig= lyne daar gestel met betrekking tot verhoogde peil van onderwys, die daarstelling van verpligte onderwys vir blanke

kinders tussen die ouderdomme 6 tot 16 jaar, die skool=leerplanne, sentralisasie van skole, uitreiking van sertifi=kate, voorskoolse opvoeding, die akkommodering van "agterlik en vertraagde" kinders en die daarstelling van 'n goeie opleiding vir onderwysers.

Die groot aantal besluite wat geneem is oor die onderwysaspekte dui duidelik op die Kongres se besorgdheid oor die lae onderwysvlak wat sommige, veral plattelandse kinders, behaal het. Dit is immers 'n voldonge feit dat hoe hoër die opvoedingspeil van 'n volk is, hoe hoër word die aspirasies van daardie mense en hoe hoër die ontwikkelingsvlak van 'n mens is, hoe kleiner word die getal armes. Dit het weer im=plikasies vir die ekonomie van die land.

(viii) Die Kongres het besef dat die doel waarvoor by=eengekom is, totaal nutteloos sou wees indien daar nie uit=voering aan die besluite gegee kon word nie. Om dit te laat realiseer is 'n "Voortsettingskommissie" benoem. Die kom=missie het uit 28 lede bestaan. 'n Uitvoerende bestuur van 6 lede is uit die groep gekies.[49]

Gesien uit 'n sosio-ekonomiese oogpunt, maar dan ook met die politiese strekking daarvan effens op die agtergrond, was hierdie Kongres 'n groot sprong vorentoe in die toekoms van Suid-Afrika. Die Kongres het deeglik besin oor die probleme van die dag en verder ook met konkrete voorstelle vorendag gekom. Voorstelle wat as riglyne kon dien vir die regering om stappe te doen om te verhoed dat die blanke in Suid-Afrika sou ondergaan. Indien die regering erns met die saak sou

---

49. Ibid., pp. 266-291. (Die kongres het 'n totaal van 109 besluite geneem, maar bogenoemde is die kerngedagtes wat betrekking gehad het op hierdie studie.

maak, kon daar beslis baie gedoen word om die blanke weer op te hef uit sy staat van verarming.

Die aanvaarding van die besluite van die Kongres sou oor 'n wye spektrum groot eise en opofferinge vra, maar die eindresultaat sou beslis 'n beter bedeling in Suid-Afrika te weeg bring. Die slotboodskap van die voorsitter, ds. P du Toit, is treffend in hierdie opsig. Hy het dit so gestel: "Die Volkskongres van 1934 is verby. Dit het 'n mylpaal op die pad van Suid-Afrika geplant. Groot planne is aan die hand gegee, maar planne sonder lewe is soos 'n geraamte son=der siel. Op elkeen rus nou die verantwoordelikheid om die siel van lewende belangstelling en daadwerklike hulp in die groot taak te bring. Ons roep u op om te help."[50]

Die Armblankevraagstuk het beslis 'n nadelige uitwerking op die ekonomie van Suid-Afrika gehad. Enersyds was dit omdat ekonomiese aktiwiteite gestrem was as gevolg van die tekort aan deelnemers aan die ekonomiese program en andersyds omdat die Armblankevraagstuk as 'n ekonomiese las beskou kon word. Die armblanke het weinig gedoen om homself op te hef. Dit het beteken dat die regering groot bedrae geld sou moes besteë om die probleem te bekamp. Dit het 'n las vir die regering geword en het ekonomiese vooruitgang erg gestrem.

Die armblanke het ook meegewerk tot die remskoeneffek wat mannekrag tekort in die ekonomie gehad het. Produksie=prosesse is gekortwiek as gevolg van 'n tekort aan geld. Ekonomiese vooruitgang deur die aanpak van nuwe projekte is verder aan bande gelê. Die regering kon egter nie toelaat dat die Armblankevraagstuk vererger nie en het dus meer aandag hieraan geskenk as om nuwe ekonomies vrugbare projekte aan te

50. Du Toit, p. 265.

pak. Die Volkskongres van 1934 het uiteindelik uitgeloop op die groot aksie, "'n Volk staan op", tydens die eerste Ekonomiese Volkskongres van 3, 4 en 5 Oktober 1939.[51] Hoe= wel hierdie kongres so 'n groot rol gespeel het in die algehele opheffing van die Afrikaner het die kongres van 1934 tog as stimilus gedien vir die stigting van verskeie Afrikaner geïnspireerde bedrywe. Na die Kongres het verskeie entrepre= neurs na vore begin kom met die gedagte om maatskappye te stig - maatskappye wat nie alleen werk aan talle werkloses verskaf het nie, maar wat ook die industriële ontwikkeling in Suid-Afrika 'n hupstoot gegee het.

## 2.3.4 DIE STIGTING VAN ENKELE MAATSKAPPYE TOT 1936.

Die inisiatief om 'n onderneming te begin, verg deeglike be= planning en berekening. Gedurende die tydperk 1922-1936 het verskeie Afrikaner-geïnspireerde maatskappye tot stand gekom. Sommige hiervan het gegroei tot groot maatskappye wat 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie sou speel. Ander het nie veel groei getoon nie en is later in die groter maatskappye opgeneem.

Die stigting van SASBANK was so 'n onderneming. 'n Behoefte het by die blanke onderwysers van die Oranje Vrystaat ontstaan om 'n eie bank te hê. Die kerngedagte was om 'n bank te hê waar die onderwyser spaar- en voorskotfasiliteite kon kry.[52] Op die jaarvergadering van die Oranje Vrystaatse Onderwysers= vereniging (OVSOV) in 1921 is 'n besluit geneem wat gelei het tot die stigting van die Spaar- en Voorskotkas van die Oranje

51. Du Plessis, p. 97.
52. E. Buys, Triomf van 'n Reddingsdaad, p. 19.

Vrystaatse Onderwysersvereniging op 11 Maart 1922.[53] Die aan= vangskapitaal was 'n skrale R400 wat deur OVSOV beskikbaar gestel is, maar die bank "vir die onderwyser deur die onderwyser" het nogtans sy deure geopen.

In 1927 het die bank reeds so gegroei dat 'n eie gebou in Bloemfontein teen R10 000 bekom is en in 1928 is 'n tak van die bank op Kroonstad geopen.[54] In 1929 is die naam van die bank verander na die Spaar- en Voorskotbank van die OVSOV en kort daarna smelt die bank saam met die Afrikaanse Verbond Spaar- en Voorskotbank. Dit heet nou die Suid-Afrikaanse Spaar- en Voorskotbank Beperk en het algemeen bekend gestaan as SASBANK.[55] Die bank het hierna takke in al vier die pro= vinsies geopen en het gegroei tot een van die bekendste banke, veral in die Vrystaat. Die bank het so gegroei dat, met die aanname van die Bankwet in 1942, die bank as leningsbank geregistreer is met sy vernaamste bedryf die aanneem van deposito's en die toestaan van persoonlike voorskotte. Die bank wat aanvanklik net vir die onderwysers begin is, het uiteindelik 'n volwaardige bank, wat 'n groot bydrae tot ontwikkeling in die Vrystaat gemaak het, geword.

Die Afrikaner se strewe na selfstandigheid het 'n groot rol gespeel in die stigting van AVBOB. Reeds in 1916 is 'n ver= eniging in Bloemfontein gestig wat hom dit ten doel gestel het: "Die behartiging van die nasionale belange op ekonomiese en maatskaplike gebied; die bevordering van die Afrikaanse taal; en die behartiging van die belange van sy lede."[56] Die naam van hierdie vereniging was die Afrikaanse Verbond en een van die stigterslede was advokaat C.R. Swart, latere Pre= sident van die Republiek van Suid-Afrika. Van die lede van

53. Du Plessis, p. 97.
54. <u>Ibid</u>.
55. <u>Ibid</u>.
56. Buys, pp. 17 - 18.

die Verbond was verwag om die Afrikaanse taal te eer deur voorkeur daaraan te gee en dit oral in die openbaar te gebruik en ook om medelede se belange te alle tye te probeer bevorder. Laasgenoemde vereiste het impliseer dat daar voorkeur aan lede gegee sou word by werkverskaffing en ook sou lede aanspraak kon maak op voorkeurtariewe.

Hierdie ideale is dan ook uitgeleef en die stigting van die Helpmekaartak in Bloemfontein was 'n direkte uitvloeiing hier= van. Die Verbond het later, in 1918, oorgegaan om 'n by= standsfonds te stig om lede te help om begrafniskostes te dra. Die griepepidemie, in 1918, het gelei tot die stigting van 'n behoorlike begrafnisonderneming in Bloemfontein in 1919 deur twee Pretorianers, Jacobs en Opperman.[57] Die Afri= kaanse Verbond het al sy lede aangemoedig om aan die begraf= nisfonds te behoort, nogtans was die onderneming na twee jaar feitlik bankrot. Die Afrikaanse Verbond het besluit om die onderneming oor te neem en op 9 Desember 1921 is die eerste direksievergadering van die Afrikaanse Verbond Begrafnis Onderneming Beperk gehou.[58] Aanvanklik het AVBOB 'n sukkel= bestaan gevoer, maar nadat AVBOB generaal C.R. de Wet se staatsbegrafnis in 1922 baie suksesvol behartig het, het dit algaande beter met die onderneming gegaan.

AVBOB het so gegroei dat dit in 1934 reeds tagtig takke gehad het en in 1935 is 'n nuwe hoofkantoor in Bloemfontein opgerig. In 1936 het een van die stigterslede, H.H. van Rooijen, as voorsitter van die direksie afgetree en is hy deur C.J.H. Reitz opgevolg.[59] Die ledetal was op hierdie stadium reeds 24 000 en veral na 1936 het AVBOB gegroei tot die grootste begrafnisonderneming in Suid-Afrika.

57. Ibid., p. 20.
58. Ibid., p. 25.
59. Ibid., p. 78.

Een van die ligpunte van die depressiejare was die stigting van Volkskas. Dit was 'n bank wat hoofsaaklik bedoel was om die belange van die Afrikaner te behartig. Op 12 Augustus 1933 is daar, op inisiatief van J.J. Bosman, 'n komitee in die lewe geroep om ondersoek in te stel na die moontlikheid van die stigting van 'n Volkspaarbank.[60]

Agt maande later, op 3 April 1934, het 60 persone in Pre=toria vergader en besluit om 'n bank op 'n koöperatiewe grondslag te stig.[61] Op die stigtingsvergadering is besluit dat aandele in die bank bekom kon word en 39 persone het altesaam 615 aandele bekom en slegs drie maande later was daar reeds 5 000 aandele uitgereik.[62] Die bank het nou oor die minimum aantal aandeelhouers beskik wat die wet vereis het en op 9 Julie 1934 is Volkskas amptelik deur die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings geregistreer. Al die nodige voorbereidings is hierna getref en op 1 Februarie 1935 het Volkskas amptelik sy deure vir die publiek geopen.[63]

Volkskas se begin was maar baie klein. Die kantore was aanvanklik maar net twee klein kamertjies in die De Villiers-gebou in Burolaan, Pretoria, met net die bestuurder, mnr. Bosman, en een tikster. Die bank se bedrywighede het op daardie stadium bestaan uit die lewering van "volks=bankdienste", dit wil sê fasiliteite om op spaarrekening of depositorekening geld te belê en waardeur kliënte paaie=mentlenings van die bank kon verkry teen goedgekeurde sekuriteit of deur slegs die handtekening van twee borge. Hierdie diens het groot byval by die publiek van 1935 gevind, veral omdat daar in die jare na die depressie so 'n groot tekort aan kapitaalvloei was.

60. Du Plessis, p. 89.
61. <u>Ibid</u>.
62. <u>Ibid</u>.
63. <u>Ibid</u>., p. 90.

Die vooruitgang van die bank was so snel dat die eerste tak=kantoor reeds op 1 Augustus 1935 geopen is. Op daardie tyd=stip was die bank se spaarrekeningsaldo bykans R3 800 en sy voorskotsaldo bykans R23 500.[64] Die Afrikaner het landwyd vertoë tot die hoofkantoor van Volkskas gerig om in ander dele van die land takkantore te open. Dit was 'n duidelike bewys dat daar 'n behoefte by die Afrikaner was om 'n "eie tuiste" vir sy ekonomiese bedrywighede daar te stel. Die bank het aan talle Afrikaners die moontlikheid gebied om weer op hulle voete te kom na die terugslae van die depressie. Op 15 Julie 1940 is Volkskas amptelik as handelsbank erken.[65]

Dat Volkskas 'n reuse aandeel in die opheffing van die Afrikanervolk gehad het, lei geen twyfel nie. Die dividende daarvan was weliswaar nie na te speur in die tydperk onder bespreking 1929-36 nie, maar in latere jare het Volkskas help stig aan tientalle Afrikanergeïnspireerde maatskappye. Enkele voorbeelde hiervan is dat met die stigting van Federale Volksbeleggings Beperk in 1940 was Volkskas bereid om R40 000 aan 'n dr. Bennie de Wet van Kaapstad voor te skiet om aandele te kon koop. Hierdie aandele was noodsaaklik om F V B as maatskappy geregistreer te kon kry. In 1943, met die stigting van SAAMBOU, het Volkskas R40 000 in die bou=vereniging belê om te help om dit aan die gang te kry. Verder was Volkskas die eerste Afrikaanse Maatskappy wat in 1946 'n kapitaalbate van meer as R2 miljoen besit het.

Die saak van die Afrikaner het by Volkskas altyd voorkeur geniet. Daarom dan ook dat Volkskas die kapitaal voorsien het om van Zyl en van Zyl Reklamemaatskappy te stig. Hierdie maatskappy het hom dit ten doel gestel om reklame te maak vir Afrikanermaatskappye in Afrikaans, en dus te dien as teenvoe=

64. Ibid.
65. Ibid., p. 101.

ter vir die Engelstalige reklame wat oorwegend die saak van die Engelssprekende besigheidsman bevorder het. Die stigting van Nasionale Bouvereniging het geskied op inisiatief van die hoofbestuurder van Volkskas en dit kon ook realiseer, omdat Volkskas die aanvangskapitaal vir die Bouvereniging voorge=skiet het. Die rol van Volkskas in die opheffing van die Afrikaner kan dus nie oorbeklemtoon word nie. Dit was Volkskas, tesame met F V B, Santam-Sanlam en Nasionale Pers wat gesorg het dat die Afrikaner sy regmatige plek in die ekonomiese samelewing in Suid-Afrika kon volstaan: "--- sou dit 'n oordrywing wees om te sê dat die Afrikaanse volk soos hy vandag bestaan, nie daar sou gewees het as die vier nie bestaan het nie? Die verhaal van hulle sukses is immers die verhaal van die Afrikaner se sukses!"[66]

Die opbloei in die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf, na Suid-Afrika se afstapping van die goudstandaard, het 'n invloed op 'n breë spektrum van die Suid-Afrikaanse nywerhede gehad. Een van die opvallendste statistiek is die toename van 77% in werksgeleenthede met 'n gepaardgaande styging van 108% in die Bruto Nasionale Produk[67] in die tydperk. Die skepping van nuwe werksgeleenthede in hierdie proses was vir blank sowel as swart 'n groot uitkoms na die ellende van die depressie. Die opbloei in die goudmyne het as aansporing gedien vir die ontwikkeling van die fabriekswese. Die groot vooruitgang van die fabriekswese het weer die têrsiere sektor, naamlik die dienstebedrywe, 'n hupstoot vorentoe gegee. Hierdie bedrywe het aan die Unie 'n veelsydigheid van ekonomiese aktiwiteite besorg en het 'n groot bydrae gelewer om die stoflike welsyn van die inwoners te verbeter.[68] Met Uniewording was daar

66. Du Plessis, p. 221.
67. J. Natrass, The South African Economy, p. 136. Die Bruto Nasionale Produk word saam met die Bruto Binnelandse Produk as ekonomiese begrippe gebruik om die totale hoeveelhede wat jaarliks in die R.S.A. of enige ander land produseer word, aan te dui.
68. J.L. Sadie, Die Afrikaner in die landsekonomie, p. 10.

2500 fabrieksinrigtings in Suid-Afrika, wat werk aan 21 000 blankes en 43 000 swartes verskaf het, maar met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was die brutowaarde en volume van die bedryf byna vyf keer so groot en was daar byna ses keer soveel werkers in diens van die fabrieke.[69]

Die Afrikaner was tradisioneel 'n landboumens en dit verklaar ook waarom daar so min Afrikaner-entrepreneurs was. Dit het egter tot gevolg gehad dat die Afrikaner 'n ekonomiese agterstand teenoor sy Engelssprekende eweknie begin ontwikkel het. Om 'n suksesvolle entrepreneur te wees, verg egter inisiatief en aanvoeling vir die betrokke rigting. 'n Studie van al die moontlikhede om wins te maksimiseer verg 'n fyn aanvoeling vir die bedryf en daar was die Engelssprekende die Afrikaner ver voor. Swak ondernemingsgees aan die kant van die Afrikaner was die oorsaak dat besighede wat potensiaal gehad het, reeds vroeg tot niet gegaan het.

Verder mag nooit uit die oog verloor word dat die Afrikaner 'n sterk vorm van tradisie openbaar nie. Vandaar die aan= vanklike agterdog van die tradisioneel landelike mens teenoor die sakeman van die stad. Na die Groot Trek het die meeste Afrikaners hulle op plase in die binneland gaan vestig. Omdat dit nie moontlik was om selfvoorsienend in al hulle be= hoeftes te wees nie en ook as gevolg van die ontdekking van talle minerale, het daar naderhand dorpe en later stede ontstaan. Van die begin af was daar konflik tussen die twee groepe mense. Die plattelanders het nog steeds bly vaskleef aan tradisies soos deur hulle voorouers aan hulle voorgehou, maar die stedeling was baie meer vatbaar vir Europese in= vloede wat 'n baie moderner uitkyk op die lewe gehad het. Die jonger geslag Afrikaners van die platteland het 'n groter hunkering na die stede gehad waar hulle gehoop het om 'n beter

---

69. Ibid.

bestaan te kon maak. Dit het die verstedelikingsprobleem laat ontstaan. Sodra die plattelander in die stad aangekom het, het hy heel dikwels groter probleme ondervind as waaraan hy op die plaas gewoond was. Die nuwe sosiale opset was nie vir hom aanvaarbaar nie en hy het ook gou agtergekom dat hy nie oor genoeg kwalifikasies beskik het om 'n goeie werk te kon bekom nie. Die enkeles wat probeer het om 'n besigheid te bekom het hom teen 'n muur van Engelssprekende opponente vasgeloop.

Die gebrek aan bedryfskundigheid sowel as die onvermoë om die nodige kapitaal te bekom, het veroorsaak dat etlike Afrikaner geïnspireerde besighede doodgebore was. Hierdie besighede het ook in gebreke gebly om hulle produkte teen mededingende pryse op die mark te plaas en dit het veroorsaak dat mede-Afrikaners of selfs Engelssprekendes nie die kans wou waag om in hierdie bedrywe geld te belê nie.[70] Tradisioneel was die Joodse bevolking in hierdie tydperk die handelaars. Hulle was die mense wat reeds sedert die Groot Trek en daarna as smouse en handelaars opgetree het. Dit was eweneens hulle wat bereid was om die kans te waag om 'n besigheid te begin en dit is hier waar die Afrikaner dus tweede gekom het. Die enkele Afrikaners wat wel nog die kans gewaag het, het meestal on=dergegaan en moes 'n heenkome op 'n ander gebied gaan soek.

Die Afrikaner het wel die botoon gevoer in die landbousektor. In die depressiejare het baie Afrikaners as bywoners op plase van mede-Afrikaners gaan werk. Dit het meegebring dat heel=wat van hulle meer verarm het en 'n stigma het heel dikwels rondom diesulkes gekleef. Tradisie het 'n belangrike rol ge=speel in die boerderymetodes wat toegepas is. Die Carnegie-Verslag het juis melding gemaak van die onvermoë van die landbousektor om aan te pas by die moderne boerderymetodes.

70. Ibid., p. 13.

Hulle het dus stagneer in hulle boerdery en het geen ag ge= slaan op roofbou, oorbevolking, verouderde boerderymetodes en sakebestuur nie. Hulle het al meer van staatshulp afhanklik geraak. Hieroor het die Carnegie Verslag die volgende rap= porteer: "Dit is 'n radikale fout as die staat die klasse wat besig is om te verarm, as gevolg van die vashou aan ver= ouderde en ondoelmatige metodes van boer, wil probeer red deur eenvoudig telkens weer aan hulle finansiële hulp te gee as die nood drukkend word."[71]

Nogtans het die Afrikaner hom tuis gevoel in die land= bousektor. Dit was een plek waar hy nie nodig gehad het om met die Engelssprekende mee te ding nie. Statistieke toon dat daar in 1926 reeds 174 000 manlike persone in die landbousektor werksaam was, teenoor die 23 000 in die mynbou en 105 000 in die fabriekswese.[72] Teen 1936 was daar bykans 84% Afrikaanssprekendes op die platteland en na beraming was daar 140 000 mans wat op die landbousektor aangewese was vir hulle inkomste.[73] Nogtans was die totale waarde van landbou- en veeteeltproduksie ongeveer R110 miljoen in 1935-35 wat in wese beteken het dat die Afrikaner se inkomste vir die tydperk ongeveer R80 miljoen was.[74]

'n Faktor wat nooit buite rekening gelaat kan word wanneer daar na enige sektor van die arbeidsmark in Suid-Afrika gekyk word nie, is die invloed wat die depressie van 1933 op die ekonomie van die land gehad het. Tussen 1929 en 1933 het die waarde van die wêreldhandel gedaal met 65% vanaf ongeveer 68 miljoen dollar in 1929 na slegs 24 miljoen dollar in 1933,

---

71. Du Plessis, p. 82.
72. Ibid., p. 108
73. Ibid.
74. Ibid.

terwyl die volume wêreldhandel met 25% gedaal het.[75] Desondanks was daar 'n oplewing in die fabriekswese in Suid-Afrika te bespeur. Sedert 1916 tot 1936 was daar, volgens prof. C G W Schumann, 'n toename van 88% in die aantal fabrieke wat opgerig is en 'n toename van 204% blanke en 148% swart werkers met 'n gepaardgaande styging van 255% in die bruto waarde van opbrengs.[76]

Enige land se buitelandse handel is besonder gevoelig vir woelinge binne die land self. Wanneer dit ekonomies goed met 'n land gaan, is daar baie lande wat begerig is om met daar= die land handel te dryf. Wanneer sake binnelands egter nie so rooskleurig is nie, het dit 'n negatiewe invloed op daar= die land se buitelandse handel. Hierdie neiging kan ook op die politiek van toepassing gemaak word. Wanneer daar poli= tieke stabiliteit in 'n land is en daar is binnelands kalmte in die land, dan is daar ook 'n groter geneentheid tot han= del vanuit die buiteland. Onrus, politieke woelinge en swak ekonomiese toestande binne 'n land se grense het gevolglik 'n baie sterk negatiewe invloed op handel met die buiteland.

Die tydperk tot 1929 was 'n tydperk waarin Suid-Afrika 'n be= treklik bestendige buitelandse mark geniet het. Met die aanvang van die depressie was daar 'n relatiewe groot daling in Suid-Afrika se buitelandse handel. Die rol van goud vir Suid-Afrika gedurende die Groot Depressie van 1929 tot 1933 kan egter nie oorbeklemtoon word nie. Dit het werks= geleenthede geskep en meegehelp dat die gevolge van die De= pressie nie so ernstig was soos wat dit in baie ander lande die geval was nie. Goud het veroorsaak dat daar 'n redelike sterk opbloei in die mynbousektor in Suid-Afrika was. Na

75. C.G.W. Schumann, Die Ekonomiese posisie van die Afrikaner, Volume V1, p. 83.
76. Ibid., p. 87.

1933 was daar 'n groot toename in goudproduksie en dit het tot gevolg gehad dat Suid-Afrika se totale uitvoere in 1936 gestyg het tot bykans R230 miljoen, waarvan die totale gouduit= voersyfer bykans 74% verteenwoordig het.[77]

Die invloed van die Volkskongres van 1934 is baie duidelik uit die voorafgaande gebeurlikhede te bespeur. Die kerngedagte van die kongres, naamlik die opheffing van die Afrikaner, het in 'n groot mate tot sy reg gekom. Dat die kongres in 1939 opgevolg is met 'n nog groter Volkskongres, wys duidelik daarop dat die leiers ernstig was in hulle poging om die Afrikaner op te hef uit die staat van armoede.

## 2.4 DIE ROL VAN DIE GOUDSTANDAARD IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK 1929-1936.

Sedert die ontdekking van goud in Suid-Afrika het die edel= metaal 'n groot invloed op die geskiedenis van die land gehad. Wêreldwyd het goud 'n invloed op lande se in- en uitvoerhandel gehad en baie lande se welvaart word gemeet aan sy bates ten opsigte van goud en goudhandel. Om handel te kan dryf met goud is dit egter nodig dat daar 'n sekere standaard waarvol= gens gehandel kan word, vasgestel moet word. Daar word dan internasionaal gepraat van 'n land wat gekoppel is aan die goudstandaard.[78] Daar is deur die jare al op verskeie

77. Ibid., p. 91. Daar moet op gelet word dat hierdie 74% nie die totale goudproduksie van Suid-Afrika behels het nie, daar 'n sekere hoeveelheid goud deur die Reserwebank terug gehou was vir dekking van Suid-Afrika se eie bank= note en deposito's. 'n Verdere hoeveelheid goud was as "goud in bewaring" (earmarked gold) vir vreemde moondhede gehou.

78. Daar is baie soorte goudstandaarde, maar daar bestaan 'n goudstandaard in elke land waarin die prys van ware en verpligtinge van skuldenaars gewoonlik uitgedruk word in terme van die waarde van die geldeenheid wat weer bestaan uit 'n bepaalde hoeveelheid goud in 'n vrye goudmark. Die goud standaard bestaan wanneer die waarde van die

internasionale byeenkomste groot debatte gevoer rondom hierdie begrip. So byvoorbeeld het Brittanje 'n eie siening van die goudstandaard gehad wat duidelik in die volgende na vore kom: "One pound being equivalent to 113 grains of fine gold or one pound of fine silver, is legal tender for all commodities of this value, in accordance with the exigency of the State. The British Commonwealth of Nations guarantee with all their resources the inviability of this instrument of exchange without reservation or exception."[79] Die kern van die saak bly egter dat die goudstandaard 'n baie gerieflike meganisme is om internasionale handel te laat vlot.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het bykans al die lande in die wêreld van die goudstandaard afgestap. Dit het die vraag na goud baie laat afneem, maar kort na die Oorlog het die lande een na die ander weer begin terugkeer na die goud=standaard. Hierdie optrede moet gesien word in die lig daar=van dat daar gewoonlik na 'n oorlog tekens van 'n ekonomiese opswaai in die meeste lande te bespeur is. Dit kom weer voor as gevolg van die industrieë wat genoodsaak is om hoër pro=duksie te lewer om die finansiële skade wat deur die oorlog aangerig is te probeer verhaal. In die finansiële boekjaar 1920-21 was daar 'n afname in die vraag na goud maar sedert 1924 tot en met 1928 het 20 lande weer teruggekeer na die goudstandaard.[80]

---

goud in die vryemark die ware standaard is, afgesien van die meganismes waardeur die standaard gehandhaaf word en afgesien van die oorwegings of die meganismes outomaties werk of deur iemand gemanipuleer word. Dit is belangrik om daarop te wys dat die goudstandaard nie vereis dat goudgeld in omloop moet wees of dat goudgeld gemunt moet word nie. Die goudkoers standaard en die sogenaamde goudstaafstandaard is bloot vorms van die goudstandaard. Vgl. **Hansard**, Deel 18, van 20 November 1931, kol. 24.

79. Ineg Pamflet: P. Gluck, The Gold Value Standard, 30.12.1932.
80. **Schumann.**, p. 35.

Ook in Suid-Afrika moet daar sekere riglyne neergelê word vir die begrip goudstandaard. Dit is egter noodsaaklik dat die man op straat se persepsie ten opsigte hiervan ook bepaal word, omdat dit elkeen se toekoms wel deeglik raak. Kortom kan gesê word dat vir alle geld in omloop, hetsy in papier of silwer, daar in Pretoria in die staatskas voorsiening gemaak word in terme van gouddekking. Sou 'n persoon dus 'n R10 noot neem en na Pretoria gaan kan hy die ekwiwalente waarde daarvan in fyngoud gaan opeis.

Suid-Afrika het ook gedurende die Eerste Wêreldoorlog afgestap van die goudstandaard maar op 1 Julie 1925 het Suid-Afrika weer teruggekeer na die goudstandaard.[81] Hierdie stap het gevolg op aanbeveling van die Kemmerer-Vissering-kommissie, wat op versoek van die Unie 'n ondersoek geloods het na die wysheid al dan nie van so 'n stap.[82] Die Kommissie het 'n grondige ondersoek na die internasionale geldstelsel op daardie tydstip geloods en aanbeveel: "that the wise and conservative action for South Africa to take at this time is to clinch gold parity [sic]--- and to return definetely to the gold standard."[83] Die Kommissie het dit duidelik gestel dat Suid-Afrika, die grootste produsent van goud op daardie tydstip, groot baat sou vind om terug te keer tot die goudstandaard. Dit sou nie alleen verseker dat daar groter stabiliteit in Suid-Afrika se binnelandse sowel as buitelandse handel sou kom nie, maar dit sou ook moontlik tot gevolg hê dat meer buitelandse beleggings na Suid-Afrika gekanaliseer kon word.[84] Suid-Afrika se goudmyne sou oral baat by die te=

---

81. J.H. Le Roux, <u>Die Engelssprekende as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek 1925-1932</u>, p. 677.
82. Die kommissie het uit 2 lede bestaan te wete dr. E.W. Kemmerer van die Universiteit van Princetown VSA en dr. G. Vissering wat op daardie stadium president van die Nederlandse bank in Nederland was.
83. J.H. Le Roux en P.W. Coetzer, <u>Die Nasionale Party Deel 111</u>, p. 170.
84. <u>Ibid</u>.

rugkeer na die goudstandaard, maar die Kommissie het gemaan dat alle beperkings op die munt van goud verwyder moes word en dat die goudmark totaal vry gemaak moes word.[85]

Daar is baie faktore wat verreken moet word om te bepaal of 'n land die goudstandaard moes handhaaf en of 'n land die goud= standaard moes verlaat. Binnelandse sowel as buitelandse faktore moet in aanmerking geneem word alvorens 'n besluit ge= neem kan word. Wanneer daar na die buitelandse faktore gekyk word, is daar veral twee faktore wat van kardinale belang is naamlik die wisselkoers en die handelsbalans. Beide hierdie faktore het 'n groot invloed op 'n land en beide kan van deur= slaggewende belang wees wanneer 'n regering moet besluit in verband met die handhawing van die goudstandaard.
Die wisselkoers kan beskou word as die prys van een land se geldeenheid uitgedruk in 'n ander land se geldeenheid.[86] In die tydperk 1929-36 was die normale wisselkoers tussen Brit= tanje en Amerika vasgestel op een pond = 4,866 Dollar. Dit het beteken dat die waarde van die goud wat in een pond is vergelyk kon word met die waarde van die goud wat in 1 Dollar was. Destyds het dit beteken dat 1 000 goue Ponde dieselfde gewig in fyngoud gehad het as 4 866 goue Dollars.[87] In die praktyk het dit beteken dat die wisselkoers nie altyd op 1: 4 866 gebly het nie, maar daar was beslis sekere perke waar=

85. <u>Ibid</u>.
86. Mohr <u>et.al</u>., p. 122. Saam hiermee moet die buitelandse valuta mark in aggeneem word. Die buitelandse valutamark "forex market" is 'n mark waarin buitelandse geldeen hede verhandel word. Suid-Afrika het 'n dubbele of tweeledige wisselkoersstelsel, bestaande uit die gewone, of kommersiële Rand en die finansiële Rand Die kommersiële Rand is van toepassing op alle inter= nasionale handel tussen Suid-Afrika en die res van die wêreld d.i. op alle transaksies wat in die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken word. Die finansiële Rand wat eintlik 'n vorm van valuta beheer behels, is slegs op sekere ander transaksies van nie inwoners van toepassing.
87. Schumann, p. 40.

binne dit moes opereer. Hierdie fluktuasie is veroorsaak deur die teorie van die betalingsbalans. Om hierdie teorie in die praktyk te laat werk is 'n wisselbrief nodig.[88] Veronderstel nou Amerika het honderde transaksies en hulle voer meer uit as wat hulle invoer, dan sal dit daarop neerkom dat die uitvoerders meer Sterling fakture sal hê om aan te bied as wat die invoerders sou wou aankoop. Die invoerders sal dan as gevolg van kompetisie, of bloot as gevolg van die gewone wet van vraag en aanbod, minder dollars betaal vir die Sterling fakture. Die waarde van die Pond sal as gevolg hiervan neig om te depresieer teenoor die Dollar. Dit bring mee dat die wisselkoers van een pond = 4,866 Dollar verlaag sal word of die neiging sal toon om Amerika te bevoordeel. In realiteit word al hierdie transaksies deur die verskillende lande se banke hanteer en beheer en fakture word gedurig tussen die onderskeie lande heen en weer op mekaar bestel.

Geen land ter wêreld dryf ook slegs met een ander land handel nie. Daar is onderlinge handel oor die wêreld heen. Dit is dus duidelik dat alles nie so simplisties is as die genoemde voorbeeld nie, maar dit is eweneens bewys dat sou 'n land,

88. Die teorie van die wisselbrief kan as volg verduidelik word: Dit is 'n opdrag wat deur A, gewoonlik 'n uitvoerder, aan B, gewoonlik 'n invoerder, gegee word om 'n derde persoon, C, 'n sekere bedrag te betaal binne 'n vasgestelde tyd, gewoonlik nie langer as 3-6 maande nie. A in New York verkoop byvoorbeeld katoen ter waarde van 1 000 Pond aan Z in London. B, in New York koop materiaal ter waarde van 1 000 Pond van Y in London. Die maklikste manier om die transaksie af te handel sou wees vir A om 'n faktuur ten koste van Z vir 1 000 Pond uit te maak, maar dit op B te bestel. B stuur dan die faktuur aan sy krediteur Y in London. Wanneer die rekening dan vereffen moet word, stuur Y die rekening na Z wat op sy "basis" die rekening met A vereffen. Op die wyse betaal B vir A en Z vir Y en die transaksie is afgehandel. Die bedrae balanseer nou en B sal presies 4 866 Dollar vir die 1 000 Pond rekening aan London betaal. Daar word dan gesê dat die transaksie teen pariteit (gelykheid) geskied het.

byvoorbeeld Suid-Afrika, meer uitvoer as wat hy invoer, sou dit meebring dat Suid-Afrika 'n gunstige handelsbalans toon. Die teenoorgestelde is egter ook waar, indien 'n land verplig word om meer in te voer as wat hy uitvoer, weerspieël dit 'n ongunstige handelsbalans.

Die handelsbalans is 'n begrip wat ewe noodsaaklik is in die bestudering van die goudstandaard. 'n Land moet beslis oor= weging gee aan sy handelsbalans in die besluit om die goud= standaard te verlaat al dan nie. Wanneer die genoemde voor= beeld in oënskou geneem word, is dit duidelik dat die Amerikaanse uitvoerders minder vir hulle Sterling fakture gekry het as gevolg van die groter aanbod as aanvraag na hierdie fakture. Sterling sal nou daal tot op 'n punt waar dit vir die Amerikaanse uitvoerders voordeliger sou wees om goud vanuit Engeland verskeep te kry, eerder as om nog minder vir hulle Sterling fakture te kry. Hierdie word die "goudin= voerpunt" genoem, en dit word bepaal deur die koste, assu= ransie en rente ingesluit daaraan verbonde om goud vanuit En= geland in te skeep. Die "gouduitvoerpunt," wanneer meer ingevoer word as wat uitgevoer word, word op dieselfde wyse bepaal. As gevolg van die moontlikheid dat goud in- en uit= gevoer kan word, word die wisselkoers tussen twee limiete vasgestel - in hierdie geval 4,886 Dollar vir een pond Ster= ling.

Tot dusver is net verwys na die in- en uitvoer van han= delsgoedere. Die verhouding tussen die twee word die han= delsbalans genoem en dit omsluit slegs sigbare in- en uitvoere. Enige land het egter nie net sigbare goedere waarin handel gedryf word nie, maar handel ook in kapitaal in- en uitvoere. Verder moet betalings ook gemaak word ten opsigte van dienste gelewer of dienste ontvang.

Al die voorafgaande transaksies en verduidelikings kan slegs geskied indien die betrokke lande wat aan die onderhandelings deelneem, almal aan die goudstandaard gekoppel is. Indien een of beide die lande die goudstandaard sou verlaat, kan goud nie meer in- en uitgevoer word nie, omdat sulke tran= saksies nie meer teen pariteit sal geskied nie. Dit is dan wanneer die een land se geld moet depresieer ten opsigte van die ander land s'n, en die vlak tot waar die daling kan plaasvind kan ook nie beheer word nie.

Ekonomiese toestande in die buiteland word weliswaar nie noodwendig op dieselfde wyse in Suid-Afrika ervaar nie, maar dit moet gedurig in gedagte gehou word dat Suid-Afrika baie nou betrokke by hierdie lande is. Suid-Afrika is noodge= dwonge soms verplig om sy eie finansiële stelsel aan te pas om in voeling met sy handelsvennote te bly. So 'n situasie het inderdaad bestaan toe Brittanje op 21 September 1931 besluit het om af te stap van die goudstandaard.[89]

Soos reeds genoem het Suid-Afrika gedurende die Eerste Wêreldoorlog die goudstandaard verlaat, maar op 1 Julie 1925, op aanbeveling van die Kemmerer-Vissering-kommissie, weer na die goudstandaard teruggekeer.[90] Hierdie besluit was genood= saak omdat Brittanje, een van Suid-Afrika se grootste han= delsvennote, op daardie stadium reeds weer teruggekeer het na die goudstandaard. Dit het veroorsaak dat daar dus nie meer pariteit in die handel tussen die twee lande bestaan het nie. Die wisselkoers tussen die twee lande het op 92 pond van Suid-Afrika teenoor 100 pond van Brittanje gestaan.[91] Toe beide lande weer terug op die goudstandaard was, het hierdie fluk= tuasies afgeneem en het dit 'n redelike korrelasie met die

89. A.P. Cartwright, <u>Gold Paved the way</u>, p. 250.
90. Le Roux, <u>Die Engelssprekende as faktor</u>, p. 677.
91. C.G.W. Schumann, <u>The World Depression. South Africa and the Gold Standard</u>, p. 104.

Suid-Afrikaanse handelsbalans getoon. In die praktyk is die wisselkoers bepaal tussen die Suid-Afrikaanse Reserwebank en twee of drie handelsbanke in Brittanje. Wanneer die Suid-Afrikaanse Pond hoër genoteer is as die Engelse Pond het dit uitvoere vanaf Engeland na Suid-Afrika gestimuleer. Dit het meegebring dat invoere vanaf Suid-Afrika verminder het, wat weer veroorsaak het dat investering in Suid-Afrika gedaal het. Sodoende is die skaal weer in ewewig herstel en is pa=riteit weer bereik. Omdat Suid-Afrika 'n Britse Dominium was, is daar ooreengekom dat Suid-Afrika al sy handels=transaksies met ander lande via Brittanje sou doen. In die ooreenkoms is die wisselkoers tussen Suid-Afrika en Brittanje vasgestel.[92]

Gedurende September 1931 het daar 'n abnormale vraag en aanbod vir Suid-Afrikaanse wissels in Brittanje ontstaan.[93] Die presiese bedrae is nie baie duidelik nie, maar daar word bereken dat tussen 21 September en 31 Oktober 1931 bykans R26 miljoen Suid-Afrika op die manier verlaat het.[94] Die Suid-Afrikaanse regering het besef dat iets drasties gedoen sou moes word om hierdie uitvloei van fondse uit die land te stuit. Namate die droogte in Suid-Afrika in felheid toege=neem het, het daar 'n neiging by sekere lande, veral Amerika en Brittanje, ontstaan om nie langer langtermyn transaksies met goud as basis aan te gaan nie. Brittanje het die voortou geneem en op 21 September 1931 afgestap van die goud=standaard. Hierdie besluit van Brittanje het as 'n skok vir Suid-Afrika gekom. Prof. C.G.W. Schumann beskryf dit as volg: "No other economic problem, of so intricate and delicate a nature, has ever been so universally adopted by the public as their own, so universally discussed, and mostly misunder=stood. At the same time sentiment has not been absent from

92. Ibid., p. 105.
93. Ibid., p. 106. Die rede hiervoor is nie baie duidelik nie.
94. Ibid., p. 107.

the whole controversy. On the one side the ideal of national economic independence has been a force not to be neclected, and on the other side loyalty towards the mother country. The problem of the Gold Standard, one of the most difficult in economic science, and novel in its present aspect, has therefore left the calm atmosphere of impartial analysis and been forced into the field of party-political controversy, where self interest and sentiment have too often been the deciding issues."[95]

Dadelik nadat Brittanje die goudstandaard verlaat het, is groot bedrag geld uit Suid-Afrika uitgestuur, wat weer groot druk op Suid-Afrika se handelsbalans veroorsaak het. Om te verhoed dat Suid-Afrika te veel skade ly in die proses, moes die regering dringend iets doen. As noodmaatreël is beheer oor buitelandse valuta ingestel. Die banke in Suid-Afrika het die verkoop van buitelandse wissels aan bande gelê en streng beheer is uitgeoefen op handelstransaksies met die bui= teland en veral met Brittanje. Indien Suid-Afrika geen stap= pe geneem het nie, sou die uitvloei van kapitaal onbeheersd voortgegaan het en kon dit 'n kettingreaksie ontlok wat moei= lik gestuit sou kon word.

In die stryd rondom die afstapping al dan nie van die goud= standaard in 1931 kon nog die ondersteuner van die Nasionale Party nog die van die Suid-Afrikaanse Party homself vrywaar van sentimentele subjektiwiteite. Vir die Afrikaner Nasio= nalis was die primêre strewe 'n onafhanklike Suid-Afrika met 'n outonome ekonomiese stelsel Daarom was daar vir die Afri= kaner geen regverdiging in die stelling dat Suid-Afrika ook die goudstandaard moes verlaat omdat Engeland dit gedoen het nie. Hierteenoor was daar die siening van die Suid-Afri= kaanse Party ondersteuners dat Suid-Afrika 'n lojaliteit

95. Ibid., pp. 103 - 104.

teenoor Brittanje het en daarom moes die goudstandaard dade=lik verlaat word. Dit is dus duidelik dat daar van die begin af onderlinge verdeeldheid tussen mede-Suid-Afrikaners, En=gels- en Afrikaanssprekendes, was oor die goudstandaard. Dit het in die eerste plek juis nie oor ekonomiese reali=teite gegaan nie, maar oor subjektiewe politieke sienings.

Generaal Hertzog, leier van die Nasionale Party en Premier van Suid-Afrika, was die mening toegedaan dat Suid-Afrika nie die goudstandaard moes verlaat nie. Dit was ook die siening van die Nasionale Party wat nougeset aan die goudstandaard vasgekleef het in 'n poging om hulle ekonomiese onafhank=likheid te probeer bewys. Op 'n kongres van die Vrystaatse Nasionale Party in Oktober 1931 het genl. Hertzog 'n ernstige beroep op die volk van Suid-Afrika gedoen om kragte saam te snoer en die goudstandaard as basis vir Suid-Afrika se handelsbetrekkinge te behou.[96] Hy het hom as volg uitgelaat: "Diegene wat vandag so pleit vir die afstapping van die goudstandaard, is meestal die mense wat hulself deur woeker=winste ten gevolge daarvan wil verryk. Die boer het meer as enige ander persoon bestendigheid nodig en hoe kan hy gebaat word deur 'n geld waarde wat nooit seker is nie?"[97] Genl. Hertzog het geglo dat een van die hoekstene van 'n land se onafhanklikheid juis sy ekonomiese onafhanklikheid was.[98] Daarom dan dat hy nie wou afstap van die goudstandaard nie, enersyds omdat politieke en kulturele onafhanklikheid sonder ekonomiese onafhanklikheid 'n mite was en andersyds omdat hy nie geglo het dat Suid-Afrika moreel verplig was om af te stap net omdat Brittanje dit gedoen het nie.[99]

96. Die Burger, 15.10.1931.
97. Ibid.
98. Van den Heever, p. 555.
99. Ibid., 557.

Genl. J.C. Smuts, leier van die Opposisie, het radikaal van genl. Hertzog verskil. Sy standpunt ten opsigte van die af= stapping van die goudstandaard het die standpunt van die meerderheid Engelssprekendes in Suid-Afrika, asook die stand= punt van die Suid-Afrikaanse Party weerspieël. Smuts wou ge= had het dat Suid-Afrika Brittanje se voorbeeld moes volg en afstap van die goudstandaard. In Londen het hy verklaar: "Brittain had proudly stood up to the dollar and shouldered her burdens and in her generosity had forgiven her debtors, but the breaking point had come, and it was good that is should come."[100]

Smuts, 'n voormalige Minister van Finansies, was in staat om 'n sterk akademiese saak teen die handhawing van die goud= standaard op te bou. Hy het geargumenteer dat veral die boe= re, wat reeds so gely het onder die droogte, baie swaar sou kry indien die goudstandaard gehandhaaf sou word.[101] Hy het beweer dat hulle groot verliese sou ly as gevolg van die prys= stygings wat, volgens hom, sou voortvloei uit die handhawing van die goudstandaard.

Die twee uiteenlopende standpunte van twee sulke sterk leiersfigure was direk daarvoor verantwoordelik dat die goudstandaard ontaard het in 'n politieke debatspunt wat wye bespreking uitgelok het. Daar was veral drie belangegroepe wat baie nou betrokke was by die goudstandaarddebat, te wete die politici, die boere en die pers. Vir al drie groepe was dit 'n saak van erns en was daar verskeie standpunte wat oor die lengte en breedte van die land by verskeie geleenthede goed bespreek is.

---

100. Le Roux, Die Engelssprekende as faktor. p. 682.
101. The Cape Argus, 10.12.1931.

Wat die politici betref, was hulle, soos reeds gesê, veral in twee kampe verdeel naamlik die Hertzog groep, met oorwegend Nasionaliste wat hulle ondersteun het, en die Smuts groep, met die oorwegend Suid-Afrikaanse Party ondersteunersgroep. Tussen hierdie twee hoofstrome was daar nog die Arbei= derspartylede, wat nie eenstemmigheid oor die saak gehad het nie, en die immergroen advokaat Tielman Roos oor wie se op= trede en standpunt oor die ekonomie daar nie altyd duidelikheid was nie.[102]

Met genl. Smuts se terugkeer uit Brittanje in Desember 1931 het hy sy eie siening sowel as die van die Suid-Afrikaanse Party duidelik uitgespel: "It is becoming more and more clear that remaining on the gold standard means economic ruin for this country."[103] Volgens hom sou Suid-Afrikaanse uitvoeders met bykans 30% bevoordeel word indien die goudstandaard verlaat word.[104] Op 11 Desember 1931 het genl. Smuts, tydens die Vrystaatse kongres van die Suid-Afrikaanse Party in Bloemfontein, die gedagte geopper dat die regering 'n fout begaan het om nie saam met Brittanje die goudstandaard te verlaat nie. Volgens hom was die regering se oënskynlike ekonomiese onafhanklikheid net 'n rookskerm.[105] Hy het 'n beroep op die kiesers gedoen om die regering se poging van valse bravade nie te glo nie en om druk op die regering uit te oefen om af te stap van die goudstandaard.[106]

Tydens die Transvaalse kongres van die Suid-Afrikaanse Party in 1932 het Smuts sy ondersteuners gevra om deur middel van hulle onderskeie kiesafdelings monstervergaderings te hou om

---

102. Vgl. Die Burger, 5.3.1933.
103. The Star, 8.12.1931.
104. Ibid.
105. Die Burger, 11.12.1931.
106. Ibid.

steun vir hulle standpunt te kry.[107] Op hierdie kongres het hy verklaar dat dit elke lid van die Volksraad se plig was om teen die goudstandaard te stem. Hy het die voorspelling ge= maak dat die goudstandaard dit nog vir hom moontlik gaan maak om die Hertzog-regering tot 'n val te bring.[108] As bewyse vir sy voorspelling het Smuts daarop gewys dat die wisselkoers op daardie tydstip reeds 'n nadelige effek van 30% getoon het en dat dit die 10% subsidie van die regering sodoende reeds uitgewis het.[109]

Vroeg in Januarie 1932 het genl. Smuts die Hertzogrege= ring skerp aangeval oor sy ekonomiese beleid. Op 16 Januarie 1932 wys hy in 'n toespraak op Standerton daarop dat, as 'n relatief sterker land soos Brittanje, nie eers die druk van die goudstandaard kon handhaaf nie, hoe sou Suid-Afrika, 'n Dominium van Brittanje, dit dan kon doen.[110] Hy het voorts die kiesers gewaarsku dat die probleem rondom die goudstandaard nie verpolitiseer moes word nie. Die blanke inwoners moes egter deur bemiddeling van hulle onderskeie parlementslede druk op die regering uitoefen om af te stap van die goudstandaard.[111] Tydens 'n vergadering op Amersfoort het genl. Smuts beweer dat die regering te blameer was vir die dilemma waarin die wolboere hulle bevind het as gevolg van die 2-3 pennies per pond prysverlaging.[112] Smuts het by verskeie geleenthede die gedagte sterk na vore laat kom dat hy gevoel het dat die handhawing van die goudstandaard die land in bankrotskap sou dompel. 'n Bedekte dreigement was in sy toesprake te bespeur toe hy beweer het dat "ander stappe"

---

107. Ibid., 6.1.1932.
108. A.J.L. Lubbe, Die Goudstandaardkwessie in die Suid-Afrikaanse politiek 1931-1932, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, p. 55.
109. Hansard, Deel 18, van 28.1.32, kol. 481-482.
110. Die Burger, 3.1.1932.
111. Ibid., 8.1.1932.
112. Ibid.

gedoen sou moes word indien die Hertzogregering volhard het in die handhawing van die goudstandaard.

Genl. Smuts se beklemtoning van die bankrotskap wat die land se lot sou wees, het beslis aanklank by baie boere gevind. Die geweldige droogte waaronder die land gebuk gegaan het, het bygedra om sy saak te sterk. Tydens 'n kongres van die boere van Noord-Kaapland op 8 Januarie 1932 op De Aar het die voorsitter, mnr. M.J. Herholdt, dit beklemtoon dat dit nie 'n politieke vergadering was nie, maar dat hulle doel nogtans was: "om hulle stem teen die goudstandaard te laat hoor en die aandag van die regering en die publiek op hul haglike toe= stande te vestig."[113] Volgens Herholdt het die boere se ag= gitasie teen die goudstandaard lank gelede reeds begin, be= slis nog voor Hertzog en Smuts met mekaar begin redekawel het. Nogtans het die betrokke kongres 'n mosie van vertroue in genl. Smuts aangeneem en in 'n memorandum aan Hertzog die re= gering versoek om af te stap van die goudstandaard.[114]

Op 'n verdere vergadering op Standerton het genl. Smuts beweer dat "die hele volk" agter hom staan in sy stryd teen die goudstandaard.[115] Hier het hy genl. Hertzog se stelling dat 'n pond slegs 14 sjielings werd sou wees indien die goud= standaard verlaat sou word, ten sterkste ontken. "As ons die goudstandaard môre verlaat, sal 'n pond 'n pond bly. Wat die binnelandse toestande betref, is die enigste ver= skil, as ons van die goudstandaard afstap, dat ons vir ons papierpond slegs twintig sjielings kan verlang en nie 'n goue pond nie."[116] Vir genl. Smuts was dit 'n "vreeslike toestand" indien minister O. Pirow se uitlating dat Suid-Afrika nog vir meer as 30 maande op die goudstandaard sou bly,

113. Ibid., 6.1.1932.
114. Ibid.
115. Ibid.
116. Ibid.

bewaarheid word.[117] Smuts het beweer dat die volk selde indien ooit oor iets so sterk gevoel het as juis oor die af= stapping van die goudstandaard en daarom het hy die regering soveel te meer verkwalik oor die ongenaakbare houding om aan die goudstandaard te bly vaskleef.

Die strekking van genl. Smuts se argument oor die afstapping van die goudstandaard kan kortliks as volg saamgevat word: Suid-Afrika moet die goudstandaard verlaat. Met hierdie standpunt het hy die boere, wat so gebuk gegaan het onder die droogte en swak ekonomiese toestande, se simpatie probeer wen. Hy was seker van die steun van die groot meerderheid van die Suid-Afrikaanse Partylede, maar sy strewe was om die Nasionale Partygesinde boere oor te haal om druk op die re= gering uit te oefen om die goudstandaard te verlaat.

Op verskeie vergaderings dwarsdeur die land het die Suid-Afrikaanse Party ondersteuners hul leier se voorbeeld gevolg en teen die goudstandaard te velde getrek. Die algemene strekking van diegene wat hulle teen die goudstandaard uitge= spreek het, word weerspieël in die argumente van kol. D. Reitz van die Suid-Afrikaanse Party. Hy het betoog dat die regering nie meer 'n mandaat van die volk gehad het om die beleid van die handhawing van die goudstandaard te kon uitvoer nie. "Die Minister weet dat meer as die helfte van die mense van die land gekant is teen die beleid van die Regering --- Hoe dit ookal sy, geen lid van die Suid-Afrikaanse Party sal ooit in stryd met sy oortuiging stem nie, wat meer is as wat ek van agbare lede aan die oorkant kan sê."[118]

Kol. Reitz het die volk gewaarsku dat die Hertzogregering die droogte die skuld vir die land se probleme sou gee, indien

117. Ibid.
118. Hansard, Deel 18, van 24.11.1931, kol. 275.

die handhawing van die goudstandaard sou misluk. Hy het die regering voorts gewaarsku om nie hulle onvermoë om met gel=dige argumente vir hulle optrede na vore te kom te probeer verbloem agter dreigemente teen diegene wat pleit vir afstap=ping nie. "Moet nie dat ons die saak vertroebel deur 'n misbaksel van Patriotisme in te sleep nie. Samuel Johnson het gesê dat patriotisme die laaste toevlug van'n skurk is. In Suid-Afrika is patriotisme dikwels die laaste toevlug van 'n Nasionale Politikus --- ons aan hierdie kant van die Raad is oortuig dat die enigste verstandige ding wat ons kan doen is om van die goudstandaard af te stap."[119]

Genl. J.B.M. Hertzog het Smuts en sy party beskuldig dat hulle politieke munt probeer slaan het uit die dilemma waarin die land hom bevind het. Hulle het oral probeer om die rege=ring in onguns by die volk te bring met hulle "verdagmakery". Die debat rondom die handhawing al dan nie van die goud=standaard was syns insiens belaglik en totaal oorbodig.[120] Hertzog het verder verklaar dat Smuts die stelling gemaak het, dat die boere beter daaraan toe sou wees indien die goudstandaard verlaat sou word. Hertzog het Smuts egter ge=wys op 'n berig in <u>Die Burger</u> waarin die boere hulle as volg uitgelaat het: "Ons sien in hierdie handelswyse andermaal 'n voorbeeld van hoe ons regering dit sy strewe maak om die belange van Suid-Afrika bo alles te stel in plaas van om die maklikste weg te volg van deflasie en uiteindelike ruïnasie."[121]

Genl. Hertzog het tydens die parlementsitting van 1932 heftig te velde getrek teen die Opposisie se uitlatings dat die goud=standaard net 'n term is.[122] Hy het die Opposisie

---

119. <u>Ibid</u>.
120. <u>Ibid</u>., van 22.2.1932, kol. 1440.
121. <u>Die Burger</u>, 3.1.1932.
122. <u>Hansard</u>, Deel 18, van 23.11.1931, kol. 176.

gekritiseer omdat hulle so min geloof in die geldstelsel van Suid-Afrika gehad het. Dit was vir hom ondenkbaar dat enige staatsman dit kon oorweeg om die goudstandaard te verlaat bloot op die argumente van die Opposisie.[123] Die Eerste Minister het aangevoer dat, indien die goudstandaard dan net 'n term was, dit dan nie vir hom duidelik was waarom die bohaai opgeskop word, omdat die regering nie die goudstandaard wou verlaat nie. Genl. Hertzog het die Opposisie dit verkwalik dat hulle, onder leiding van Smuts, die menings van ekonome geminag het.[124] Om sy standpunt te onderstreep het genl. Hertzog die Britse filosoof, Jevons, aangehaal: "The fall in the value of gold virtually violates every contract expressed in gold money benefits the debtor at the expense of the creditor."[125]

Hertzog het beweer dat Smuts die een persoon was wat besig was om die volk te bedrieg. Hy het verklaar dat Smuts sy bele= digende houding jeens die regering moes laat vaar en veel eer= der 'n poging tot samewerking moes aanwend.[126] Dit was dui= delik dat Smuts 'n poging wou aanwend om politieke gewin uit 'n ekonomiese krisis te behaal, aldus Hertzog. "Dit is tyd dat die agb. lid al hierdie aanmatiging en aanstellery opsy sit, en die volk probeer te oortuig in 'n gees van opregtheid."[127] Oor die bewering van Smuts dat hy, Hertzog, by geleentheid gesê het dat dit selfmoord sou wees om van die goudstandaard af te stap het genl. Hertzog erken dat dit die enigste gevolgtrekking was waartoe hy kon kom. Hy het gevoel dat hy ten minste eerlik en opreg met die volk was, in teenstelling met Smuts wat die goudstandaard wou verpolitiseer en in die proses besig was om die volk ernstig te mislei ten koste van sy eie politieke gewin.

---

123. <u>Ibid</u>.
124. <u>Ibid</u>.
125. <u>Ibid</u>., kol. 178.
126. <u>Ibid</u>., 22.2.1932, kol. 1425.
127. <u>Ibid</u>.

Genl. Hertzog het 'n skerp aanval op lede van die Opposisie gedoen en hulle daarvan beskuldig dat hulle nie vir hulleself kon dink nie. Aanvanklik was baie van hulle ten gunste van die handhawing van die goudstandaard, maar toe genl. Smuts uit die buiteland terugkeer, het hulle, hul mantel na die wind gedraai en Smuts ondersteun. "--- het die S.A.P. op gesag van die agb. leier van die Opposisie, oorlog verklaar teen die Regering, en het hy teen die Regering te velde getrek met die opsetlike doel om die land af te stoot van die goudstandaard,"[128] aldus genl. Hertzog. Generaal Hertzog het sy betoog afgesluit deur voor te stel dat 'n Gekose Komitee benoem moes word om die goudstandaard te ondersoek,[129] veral daar dit die regering se vaste voorneme was om op die goudstandaard te bly.

Die oorgrote meerderheid Nasionaliste het genl. Hertzog ge=steun in sy besluit om die goudstandaard te handhaaf. Op verskeie vergaderings is mosies van vertroue in die standpunt van die regering gestel. Dit was veral in die Vrystaat waar genl. Hertzog groot steun vir sy siening ontvang het.[130] Ook in die parlement het genl. Hertzog se ondersteuners nie op hulle laat wag nie en het hulle Smuts en sy party skerp aangeval. Die goudstandaard het 'n groot invloed op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad en die stand van sake was baie duidelik waarneembaar in veral die vervaardigingsbedryf, maar ook in die boerderysektor.
Dit is dus te verstane dat een van die hoofsprekers in die debat minister P. Grobler, Minister van Lande, sou wees. Saam met minister Klasie Havenga, Minister van Finansies, het hy gevoel dat Suid-Afrika nie die goudstandaard sou kon prysgee nie.[131] Hy het aangevoer dat, indien die goud=standaard verlaat sou word, daar groot wanorde in die boerdery sou wees. Hy het gemeld dat Engeland, Nieu-Zee=

---

128. Ibid., kol. 1429-1430.
129. Ibid., van 18.2.1932, kol. 1297.
130. Van den Heever, p. 555.
131. Hansard, Deel 19, van 13.4.1932, kol. 243.

land, Australië en Rhodesië se ekonomiese toestande geensins verbeter het sedert hulle die goudstandaard verlaat het nie. Hierdie lande moes hoër belastings betaal en meer salaris=verminderings toepas as wat in Suid-Afrika die geval was.

Minister Grobler het aangevoer dat, indien die uitlatings van genl. Smuts en die Opposisie waar was met betrekking tot die sogenaamde voorspoed wat 'n land sou te beurt val indien die goudstandaard verlaat word, dan moes daar geen sodanige beperkings in genoemde lande wees nie.[132] " --- of moet ons aanneem dat die Opposisie- onbewus miskien- wil erken dat ons toestand finansieël soveel gesonder is as die van daardie lande."[133].

Minister Grobler het voorts daarop gewys dat, indien 'n land se geldwaarde verminder, daar noodwendig prysstygings sou moes volg. Dit is 'n ekonomiese wet waarby niemand verby kan kom nie. Hy het 'n sekere A.G. Charles van die Kaapstadse Universiteit aangehaal toe die in 'n toespraak daarop gewys het dat grondstowwe die eerste item is wat prysstygings ondergaan indien die land se geldeenheid devalueer.[134] Wat die aantyging van genl. Smuts met betrekking tot die "spandabelrigheid" van die regering betref, het minister Grobler gemeld dat hy die land se begrotings vanaf 1910 tot 1933 nagegaan het en wel gevind het dat die regering van genl. Hertzog veel minder spandeer het as die voor hom. Grobler het die Opposisie daarop gewys dat hy in sy ondersoek nêrens bewyse kon vind dat die Hertzog-regering hom skuldig gemaak het aan "jobs for pals" nie.[135] As bewys hiervoor het hy daarop gewys dat daar in die tydperk 1919-1925, 3 239 men=

132. Ibid., kol. 3448.
133. Ibid.
134. Ibid.
135. Hierdie bewering is gemaak deur Opposisielede oral op vergaderings naamlik dat Hertzog in die regeringsaanstel=lings voorkeur gegee het aan lede van die Nasionale Party.

se deur die vorige regering in die staatsdiens aangstel is teenoor die 4 687 mense in die tydperk 1925-1930.[136]

Nog 'n minister wat genl. Hertzog ondersteun het, was die Mi= nister van Finansies, minister Klasie Havenga. Deurgaans het hy bankvas agter genl. Hertzog gestaan en hom verdedig oral waar hy in die openbaar opgetree het. Met betrekking tot die goudstandaad het hy verklaar: "Die regering is nie bereid om daarvan af te stap op bevel en voorskrifte van sekere groepe en belange, sowel in hierdie land as oorsee, hoe magtig en invloedryk hulle ookal mag wees."[137]

Minister Klasie Havenga het die Opposisie skerp aangeval, omdat hulle orals bewerings gemaak het dat die regering geld mors. Hy het daarop gewys dat in die 8 jaar wat hy minister was, die landsuitgawes met slegs sowat R5 miljoen gestyg het.[138] Minister Havenga het klem gelê op die groot bedrae wat hy aan ouderdomspensioene, provinsiale administrasies, kindersorg en Unie-onderwys, hospitale vir sielsiekes, lug= vaart, Poswese en Departement van Lande bestee het, maar ook dit het geen inslag by die Opposisie gevind nie.[139] Havenga het wel kommer uitgespreek oor hierdie groot kapitaaluitgawe wat die regering verplig was om aan te gaan, 'n situa= sie waarin die Opposisie hulle verheug het. Hy het aangevoer dat hierdie uitgawe moontlik die regering van die goud= standaard sou kon afdwing.[140]

Hierdie uitlating van Havenga is duidelik 'n erkenning dat die ekonomie 'n veel groter rol in die politiek van die land op

---

136. Dit bring 'n vermeerdering van 1 448 mee wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die uitbreiding van die Poskan= toor.
137. Hansard, Deel 18, van 20.11.1931, kol. 23.
138. Ibid., Deel 19, van 14.4.1932, kol. 3506.
139. Ibid., van 14.4.1932, kol. 3508.
140. Ibid., kol. 3506.

daardie stadium gespeel het as wat die algemene publiek besef het. Inderdaad kan aangevoer word dat die debat rondom die goudstandaard 'n baie sterk politieke kleur gehad het. Genl. Hertzog en sy ondersteuners het botweg geweier om van die goudstandaard af te stap, maar nêrens kon daar werklike ekonomies geldende bewyse vir hierdie weiering gevind word nie. Die Smuts-groep daarenteen het heelwat "ekonomiese" argumente aangevoer waarom die goudstandaard verlaat moes word.

Wat genl Smuts se "alternatiewe Sterling-begroting" betref, het minister Havenga wel toegegee dat dit moontlik sa= larisverminderings sou kon verhoed, maar: "--- Nou, die hooged. lid (Smuts) het ons darem nie terselfdertyd daarop gewys nie dat ons, as ons dit doen, in elk geval met eens onder andere prysgee daardie groot wisselkoers-voordeel wat ons nou het nie."[141] Hy het genl. Smuts versoek om aan te dui of hy werklik glo dat 'n sterling begroting die huidige begroting kon vervang. Havenga het verklaar dat hy na vele navrae geen antwoord van Smuts ontvang het nie, en die enigste gevolgtrekking waartoe hy dus kon kom, was dat Smuts se idee van 'n sterling-begroting nie werkbaar was nie.[142]

Voorts het Havenga daarop gewys dat daar een fundamentele ver= skil tussen die regering en die Opposisie was en dit was naamlik dat die Opposisie langs die kantlyn gestaan en kriti= seer het, terwyl die regering op die speelveld met die reali= teite moes worstel. Dit was maklik om te kritiseer sonder om 'n werkbare alternatief daar te stel. Die sogenaamde ster= ling-begroting van Smuts sou meebring dat die myne, nadat

---

141. Ibid., Deel 19, van 14.4.1932, kol. 3511, Hiermee het hy bedoel dat Smuts se begroting nie werklik 'n oplossing was nie, maar dat dit veel eerder die land se probleme sou vererger.
142. Ibid., Deel 19, van 14.4.1932, kol. 3511.

hulle nege en 'n half maand op die goudstandaard was, nou be= lasting sou moes betaal asof hulle die hele jaar op sterling was: "Hulle sal nie daarmee instem nie, en dan verdwyn die hele 'Sterling-Budget'. Daar bly niks daarvan oor nie."[143] Volgens Havenga sou dit uiters onregverdig wees om die win= ste, wat die volk toegekom het, na die myne te kana= liseer met behulp van die sterling-begroting. Ook die boere sou weinig baat by die afstapping van die goudstandaard. Hy het beweer dat die boere slegs daarby sou kon baat indien in= flasie die hoogte inskiet en daar 'n gevolglike skerp pryssty= ging in hulle produkte sou kom. Havenga het die boere ge= waarsku teen misleiding deur die Opposisie, daar hulle slegs plaaslik meer vir hulle produkte sou kon ontvang. Wat die oorsese markte betef, het die boere meer gebaat daarby wan= neer die land nog op die goudstandaard was, omdat hulle dan nog 'n subsidie kon ontvang.[144] Minister Havenga het onder= steuning vir sy gedagte gekry uit die Opposisie en wel in die persoon van J.H. Hofmeyr, Suid-Afrikaanse Party Volksraads= lid vir Johannesburg-Noord. Hofmeyr het groot lof uitge= spreek vir die moed wat Havenga gehad het om, ten spyte van al die kritiek en probleme, nogtans die goudstandaard in die beste belang van Suid-Afrika te bly handhaaf.[145] Na sy te= rugkeer uit Brittanje het F.C. Sturrock, Suid-Afrikaanse Par= ty Volksraadslid vir Turffontein, ook beklemtoon dat Suid-Afrika die goudstandaard moes bly handhaaf.[146]

Die uitsprake van hierdie twee lede van die Opposisie het dit beklemtoon dat daar nie algehele eenstemmigheid binne Opposi= siegeledere was oor hierdie saak nie. Sommige Opposisielede, waarvan Sturrock en Hofmeyr sprekende voorbeelde was, het die saak pertinent vanuit 'n ekonomiese oogpunt beskou. Vir hul= le het dit dus nie gegaan om subjektiewe senti=

143. Ibid.
144. Ibid., kol. 3516.
145. The Cape Argus, 23.10.1931.
146. The Friend, 20.10.1931.

mentele argumente nie, maar om die werklike brood-en-botter faktore wat oorweeg moes word. Hierdie optrede van hulle is skerp aangeval deur mede-opposisielede.[147]

Minister Havenga het voorts bekend gemaak dat die regering, as tussentydse noodmaatreël besluit het om af te stap van sy beginsel om geen uitvoerpremie op produkte te betaal nie. Dit was 'n poging van die regering om die boere te help.[148] Die regering sou voortaan 'n premie van 10% op alle primêre uitvoerprodukte betaal en om dit te kon finansier sou 'n in=voerreg van 5% gehef word op alle goedere wat ingevoer word.[149] Die doel met hierdie stap was volgens Havenga: "Die hoop is om hierdeur te bereik: eerstens om aan produsente wat na lande uitvoer wat op sterling staan, die verlies wat die wisselkoers veroorsaak, gedeeltelik te vergoed en tweedens om diegene wat na lande uitvoer wat die goudstandaard het op 'n meer gelyke voet te plaas met hul mededingers in lande waarvan die betaalmiddel waardever=mindering ondergaan het."[150]

Minister N.C. Havenga was in hierdie tydperk een van die hoofteikens van Opposisie-aanvalle met betrekking tot die goudstandaard. As Minister van Finansies was hy egter die man wat moes sorg dat die land se geldsake in orde moes bly. Dit was in hierdie hoedanigheid dat hy, uit 'n ekonomiese perspektief, gevoel het dat Suid-Afrika op die goudstandaard moes bly.

In die debat rondom die goudstandaard het die onderskeie dagblaaie 'n eie siening omtrent die saak probeer handhaaf.

---

147. Le Roux, <u>Die Nasionale Party Deel 111</u>, p. 180.
148. <u>Die Burger</u>, 30.10.1931.
149. <u>Ibid</u>.
150. <u>Ibid</u>.

Die dagblaaie wat tradisioneel ondersteuners van die regering en die Nasionale Party was, het hulle ten gunste van die handhawing van die goudstandaard uitgelaat. Die Opposi= siepers daarenteen het 'n sterk pleidooi gelewer dat die goudstandaard eerder verlaat moes word. Die Burger, die Kaaplandse spreekbuis van die Nasionale Party, het die rege= ring gesteun in sy siening dat die goudstandaard gehandhaaf moes word. Volgens die koerant het Suid-Afrika genoeg onder= vinding na die Eerste Wêreldoorlog opgedoen om te kon besef dat dit skadelik sou wees vir die Suid-Afrikaanse Pond om aan die Pond Sterling gekoppel te bly. Die redakteur het in 'n hoofartikel beweer dat Suid-Afrika te veel in buitelandse han= del sou verloor as gevolg van die swak vertoning van die Pond Sterling.[151]
Hy het erken dat produsente in Suid-Afrika deur die stap ge= raak sou word, maar dat dit op die lang duur nie billik teen= oor die volk van Suid-Afrika sou wees om die Pond te koppel aan die Pond Sterling nie. "In ruil vir ons produkte sal ons minder artikels van Brittanje kan invoer en aan ander lande soos die Verenigde State, Frankryk en Holland sal ons veel vir ons benodighede moet betaal."[152] Die koerant het verder gevoel dat Suid-Afrika, as die grootste goudproduserende land ter wêreld, 'n plig teenoor die res van die wêreld gehad het om sy vertroue in goud te toon deur op die goudstandaard te bly.[153]

Die Burger het in die krisistyd rondom die goudstandaard daagliks groot gewag gemaak van uitlatings van persone wat ten gunste van die handhawing van die goudstandaard was.

151. Ibid., 29.9.1931.
152. Ibid.
153. Ibid.

Alle positiewe uitlatings is gunstig bejeën, terwyl diegene wat teen die standpunt van Hertzog gepraat het met openlike vyandigheid en soms snedige beriggewing afgekraak is. Die Burger was ook verantwoordelik vir die skepping van die karakter Hoggenheimer.[154] Hoggenheimer is daagliks ingespan in die koerant se stryd om verdagmaking van genl. Smuts en sy Party se siening van die goudstandaard. Veral die rol van die geldmagnate is baie duidelik onder die loep geneem.

Ons Vaderland, nog 'n Afrikaanse dagblad wat genl. Hertzog goedgesind was, het twee hoofredes aangevoer waarom Suid-Afrika op die goudstandaard moes bly. Net soos Die Burger het die koerant eerstens ook gevoel dat Suid-Afrika 'n morele verpligting het om op die goudstandaard te bly siende dat die land die grootste goudprodusent ter wêreld was. Tweedens was daar die bewering dat die Suid-Afrikaanse geldeenheid sy waar= de kon verloor indien daar van die standaard afgestap word.[155]

Aanvanklik was The Cape Times, 'n Engelstalige dagblad, nie so uitgesproke oor die goudstandaard nie. Die koerant het op 23 September 1931 selfs die mening gelug dat die regering se beleid slegs 'n toepassing van die Kemmerer-Vissering Kom= missie se aanbevelings was. "There seems little doubt, in fact, that the government's decision is a wise one, even if on sentimental grounds it may not be popular in some quarters."[156] Nadat genl. Smuts egter uit Brittanje teruggekeer het en sy veldtog teen die goudstandaard begin het, het The Cape Times ook 'n ander deuntjie begin fluit en teen die handhawing van die goudstandaard begin propageer. Nie lank na Smuts se terugkeer uit Engeland berig die koerant as volg: "We do not think that the Government should commit

154. Vgl. Voetnoot 28 in Hoofstuk 1.
155. Ons Vaderland, 2.10.1931.
156. Le Roux, Die Engelssprekende as faktor, ongepubliseer= de M.A.-verhandeling, p. 680.

itself irrevocably to a gold standard policy which it may ultimately find impossible to maintain."[157] Die blad het voorts daarop gewys dat verliese aan uitvoerhandel 'n belangrike faktor was waarom Suid-Afrika die goudstandaard moes verlaat. Die koerant het aangetoon dat, indien Suid-Afrika enige produk ter waarde van 100 pond na Brittanje sou uitvoer, die land slegs 79 pond daarvoor sou ontvang. "the vast bulk of South Africa's import and export trade is done through London."[158] Die redakteur van The Cape Times het beklemtoon dat, hoe langer Suid-Afrika op die goudstan=daard gebly het, hoe swakker sou die land se uitvoerhandel word. Die handel sou, volgens die dagblad, later so ver=swak dat dit slegs gered sou kon word indien Suid-Afrika die goudstandaard verlaat.[159]

The Cape Times het met behulp van beriggewing alles in sy vermoë probeer om die regering verdag te maak by die kieser. Die blad het onmin probeer saai tussen die Afrikaners en so=doende die Nasionale Party in onguns by die volk probeer bring. Die blad het berig dat Nasionale Party-lede nie ge=regtig was op hulle eie siening van die goudstandaard nie en dat genl.Hertzog en die Nasionale Party koukus druk op par=lementslede uitgeoefen het om teen die afstapping van die goudstandaard te stem.[160]

The Star was aanvanklik ook die mening toegedaan dat die regering korrek opgetree het om nie die goudstandaard te ver=laat nie.[161] Die koerant het beweer dat die handhawing van die goudstandaard meer stabiliteit tot gevolg sou hê.[162] Op

157. Ibid., p. 681.
158. Ibid.
159. Ibid.
160. Ibid., p. 690.
161. The Star, 14.10.1931.
162. Ibid.

14 Oktober 1931 berig die koerant egter dat die vertroue in die goudstandaard aan die kwyn was, hoofsaaklik as gevolg van die wisselvalligheid van transaksies, wat dit nou onmoontlik gemaak het om langer onwrikbaar op die goudstandaard te ver= trou.[163]

'n Wesenlike gevaar wat baie duidelik na vore kom wanneer na die deelname van die pers gekyk word, is dat sekere elemente van die hele argument rondom die goudstandaard oorbeklemtoon was, terwyl ander, dikwels belangriker sake, negeer is. Veral die argumente wat die armoede en swaarkry van die mense uitgebeeld het, het prominensie in die nuusdekking gekry. Die stelling kan dus gemaak word dat die pers tot 'n groot ma= te te blameer was vir die feit dat rasionele argumente dikwels deur sentimentele niksseggende uitlatings oorheers is.[164] Die pers was ook verantwoordelik daarvoor dat politiek later die oorhand oor 'n ekonomiese krisis gekry het en veral par= typolitiek het die saak groot skade berokken in die sin dat, veral die Opposisie, probeer het om voordeel te trek uit die ekonomiese krisis. Die Opposisie het weinig gedoen om die landsekonomie op 'n vaster grondslag te probeer bring. Deur oral kritiek teen die regering se hantering van die probleem uit te spreek, het die Opposisie dit baie moeilik vir genl. Hertzog gemaak om sy volle aandag aan die ekonomiese sy van die saak te skenk. Hertzog moes op 'n partypolitieke front soveel vure doodslaan dat die ware probleem heel dikwels tydelik eers op die agtergrond geskuif is.

Die Londense kwartaalblad, The Round Table, vat die kern van die saak baie goed vas met die stelling: "The underlying

---

163. Ibid .
164. Vergelyk veral in hierdie verband die groot publisiteit wat C.J. Langenhoven ontvang het toe hy sterk sentimen= tele argumente ten opsigte van die boere, wat so swaar gekry het, geopper het.

motive inducing the government to take this decision was probably party political, for the present crisis provides a magnificent opporunity for demonstrating that South Africa is no more an economic satelite of Great Britain, but a fully fledged planet in the world system."[165] Hierdie opmerking van die blad kom baie duidelik by verskeie geleenthede na vore wanneer genl. Smuts geskerm het vir die belange van Brittanje om dan skerp deur die Nasionaliste aangespreek te word oor sy oordrewe drang om nie weg te beweeg van Brittanje nie.

In die debat rondom die goudstandaard was die mening van 'n wye spektrum van die vervaardigingsbedryf, mynwese, poli= tici, pers en selfs buitelanders van groot belang. Een sek= tor van die Suid-Afrikaanse samelewing wie se mening beslis nie buite rekening gelaat kon word nie was die van die boeregemeenskap, akkerbou sowel as veeboere. Dit was immers die mense wat in 1930-1933 die swaarste gebuk gegaan het onder die las van die ekonomiese insinking maar ook nog verder getreiter was deur die geweldige droogte. Die boer van 1930 was nog aan die onderpunt van die welvaartsleer en was in 'n proses van opbou en vooruitgang toe die krisis plaasgevind het rondom die "Wall Street"- ineenstorting van die aandelemark. Die effek daarvan is uiteindelik tot op die kleinste plasie gevoel, veral as gevolg van die opskorting en inperking van kredietfasiliteite. Verder was die siening van die boere oor hierdie sensitiewe saak ook baie belangrik daar Suid-Afrika destyds nog 'n oorwegend landbouland was en die mynwese en industrieë nog relatief ondergeskik aan die boerdery. Die politieke party wat dus daarin kon slaag om die steun van die boer te wen, was verseker van 'n baie sterk groep on= dersteuners. Vandaar dan ook die groot klem wat die Opposisie laat val het, in soms sterk sentimentele toesprake, op die ellende van die boere as gevolg van die regering se handhawing van die goudstandaard.

---

165. Le Roux, Die Nasionale Party Deel 111, p. 173.

Die boeregemeenskap was sedert Uniewording goed georganiseerd. So was daar in 1924 alreeds 316 erkende boereverenigings by die Transvaalse Landbou-unie geaffilieer.[166] By monde van majoor E. W. Hunt (voorsitter) en mnr. D. Allen (sekretaris) het die Unie hulle sterk uitgespreek teen die gedagte dat Suid-Afrika die goudstandaard moes verlaat.[167] Volgens hulle sou daar onsekerheid met betrekking tot buitelandse betaalmiddele ontstaan indien die goudstandaard verlaat sou word en dit sou weer die land beroof van die moontlikheid om gunstige krediet in die buiteland te kry.[168] Hierdie gebrek aan gunstige krediet sou meewerk dat daar nie bestendigheid in die geldstelsel van Suid-Afrika sou wees nie, aldus die Landbou-unie. Die voorsitter het voorts daarop gewys: "dat indien ons die goudstandaard sou behou, daar groot landboukundige en nywerheidsontwikkeling sou plaasvind; ons sou dan in die gelukkige posiesie [sic] wees om vir elke honderd pond masjinerie ter waarde van £137-10-0 te koop, in plaas van £75 se waarde aan masjinerie vir 100 papierponde; dat dit erken word dat wanorde in die geldstelsels en wisselkoerse die handel belemmer."[169]

Die Transvaalse Landbou-unie het verder daarop gewys dat daar 'n groot toename in bankrotskappe sou ontstaan indien die goudstandaard verlaat word, omdat dit sou meebring dat die boere dan nie meer die opemarkpryse vir hulle goedere sou ontvang nie. Die Landbou-unie het gewaarsku dat, indien die goudstandaard verlaat sou word, daar 'n: " --- vernielende toestand van gedruktheid,[sic] werkloosheid, verhongering, lae pryse vir landbouprodukte en hoë pryse vir land=boubehoeftes" sou ontstaan.[170] Die boere was afhanklik van

166. Ineg Pamflet: P17 - 19, Anoniem <u>Die Boer en die Goudstandaard</u>.
167. <u>Ibid</u>.
168. <u>Ibid</u>.
169. <u>Ibid</u>.
170. <u>Ibid</u>.

mededingende pryse vir hulle vee en landbouprodukte om hulle in staat te stel om nuwe implemente aan te skaf om sodoende hulle lande beter te kon bewerk en dit kon alleen geskied in= dien Suid-Afrika op die goudstandaard sou bly. Sodoende sou die boere dan 'n beter prys vir hulle produkte in die buiteland kon beding. "Daar bestaan geen doeltreffender op= lossing vir die wissel- en geldkoers- moeilikhede as die herstel van ons goudstandaard nie, en dit is 'n noodsaaklike, eerste vereiste vir herstel van voorspoed."[171]

Die wolboere is swaar getref deur die depressie van 1933. Dit was veral die wolboer wat in 'n groot mate afhanklik was van die buitelandse markte vir die verkoop van sy produkte. Daarom dan ook dat die handhawing al dan nie van die goud= standaard 'n belangrike rol in die wolboer se lewe gespeel het. Indien Suid-Afrika die goudstandaard sou verlaat, sou dit veral die wolboer wees wat swaar verliese sou lei indien die Suid-Afrikaanse geldeenheid sou depresieer. 'n Gemid= delde wolboer se wolopbrengs was omtrent 20 bale en in 1927-28 het hy ongeveer R1 000 daarvoor ontvang teenoor R296 in Julie-Augustus 1931.[172]

Die Opposisie het die regering blameer vir die daling in wolpryse en het die bewering gemaak dat, indien Suid-Afrika die goudstandaard sou verlaat en aan sterling gekoppel word, die toestand drasties sou verbeter.[173] Hierdie uitlating was gebaseer op die feit dat die wolboer wat in 1931 R336 vir sy wol ontvang het, inderwaarheid R409 daarvoor sou kry indien Suid-Afrika op daardie stadium aan sterling gekoppel was. Dit sou slegs geskied omdat die wisselkoers toe 72 pond van Suid-Afrika was teenoor 100 pond sterling.[174] Dit sou in elk

171. Ibid.
172. Ibid., C.J. Langenhoven: Goud of Papier, p. 34.
173. Ibid.
174. Ibid., p. 54.

geval nie werklik so groot verskil gemaak het ten opsigte van die boer se groot skuldlas nie.

Menige opposisiespreker het egter hierdie verskil in wolprys so aangeblaas dat heelwat boere daardeur beïnvloed en begin het om saam te praat dat Suid-Afrika die goudstandaard moes verlaat.[175] Dit het meegebring dat verskeie oproepe deur die Regering op die boere gedoen is om hulle nie deur die Opposisie te laat mislei nie: " --- want dis die boerestem wat vandag spesiaal uitgesoek word vir eksploitasie deur die nuwe vrinde [sic] wat nog altyd sy bitterste vyand was. Het die wolboer wat so graag Suid-Afrika van die goudstandaard wil afstoot, homself al afgevra waar hy om hulp gaan aanklop wanneer hy sy sin gekry het en dan tot die ontdekking kom dat 'af van goud' 'n voordelige kreet was vir stem soekende politici, vir mynmagnate en spekulante maar beslis nie vir die boere nie"[176] was C.J. Langenhoven se waarskuwing.

Hierdie tendens het landwyd voorgekom en kon nie deur genl. Hertzog en sy party verontagsaam word nie, omdat die boere in der waarheid 'n belangrike sektor van die samelewing was en dus 'n verskil kon maak aan 'n verkiesingsuitslag. Verder was die boere landwyd versprei en kon hulle stemme dus in al vier die provinsies 'n belangrike rol speel. Afrikaner Na= sionalisme het ook baie sterk onder die boere figureer en Hertzog moes deeglik hiermee rekening hou. Dit was nie uit= gesluit nie dat, as die boere as 'n groep saamstaan, hulle die wêreld vir Hertzog baie warm kon maak. Daarom dan dat dit te verstane is dat Hertzog in sy toesprake telkens na die welstand van die boere verwys het en na die feit dat die

175. Ibid.
176. Ibid., pp. 5 - 54.

regering die wel en wee van die boere hoog aangeslaan het.[177] Minister Klasie Havenga het in 'n toespraak voor die parle= ment die boere gewaarsku dat hulle, hulle nie moes laat mislei deur die Opposisie nie. Die boere sou, volgens hom, slegs meer vir hulle produkte kon ontvang indien hulle dit op die plaaslike markte sou aanbied. Die subsidie wat die re= gering betaal het, het 'n beter bedeling vir die boere teweeg gebring met betrekking tot hulle oorsese markte, mits die land op die goudstandaard gebly het.[178] Samevattend kan dus gesê word dat die rol wat die boer as 'n ekonomiese eenheid in die Suid-Afrikaanse politiek in die dertigerjare gespeel het, 'n vername faktor was wanneer dit gekom het by besluite wat die regering moes neem.

Die wyd uiteenlopende menings oor die goudstandaard moes een of ander tyd tot 'n punt gedryf word. Tydens die parle= mentêre sitting van 1932 het genl. J.B.M. Hertzog verklaar dat hy geen verdere sin daarin sien om voort te gaan met bespie= gelinge oor die handhawing al dan nie van die goudstandaard nie.[179] Wat hom betref was dit hoofsaaklik as gevolg van genl. Smuts en die Opposisie se opsweping dat die saak reeds so wyd gedebatteer is. Hy het as volg bevestig: "Met onver= minderde oortuiging in die juistheid van sy optrede volhard die regering nog steeds by die handhawing van die goud= standaard en sien hy geen rede en het hy geen die minste voorneme om van die goudstandaard af te stap nie."[180]

Die Premier het voorts verklaar dat die regering geen rede sien waarom daar in die toekoms van die goudstandaard afgestap

177. Vergelyk in die verband verskeie van genl.Hertzog se toeprake in Spies, et.al., Die Hertzog toesprake Deel 6.
178. Hansard, Deel 19, van 14.4.1932, kol. 3516.
179. Ibid., Deel 18, van 28.1.1932, kol. 474.
180. Ibid.

moes word nie. Hy het gevoel dat dit noodsaaklik was dat die kiesers ingelig moes word om hulle te beskerm teen uitbuiting deur die Opposisie. Die kiesers was nie ten volle op hoogte van sake rakende die wisselkoers en goudstandaard nie en genl. Hertzog het betoog dat dit onregverdige uitbuiting deur die Opposisie was.[181] Volgens hom was die ekonomiese belange van die boere op 'n kwellende wyse bedreig deur die onsekerheid wat ontstaan het as gevolg van die agitasie teen die goudstandaard. Die onsekerheid moedig geld- en Beurs=spekulasie aan en dit op sy beurt veroorsaak weer dat die koop en verkoop van wol en ander landbouprodukte gestrem word: "--- die handel word so goed as stopgesit, selfs die rus en vrede word met nadruk deur die leier van die Opposisie en sy opgesweepte volgelinge bedreig."[182] Genl. Hertzog het voorts aangevoer dat daar syns insiens slegs twee sake van kardinale belang was. In die eerste plek moes daar vasgestel word of en in hoeverre die belange en welvaart van die Unie die handhawing van die goudstandaard vereis. Die tweede saak op die tafel was om vas te stel in watter opsig en op watter wyse die belange en die welvaart van die land beïnvloed sou word deur die afstapping van die goudstandaard.[183]

Volgens genl. Hertzog was daar slegs een manier waarop bo=genoemde twee sake finaal vasgestel kon word en dit was deur 'n gekose komitee aan te stel om die saak te ondersoek en dan met 'n aanbeveling na die regering te kom[184] Hertzog het 'n openlike uitdaging tot die leier van die Opposisie, genl. Smuts, gerig om nou sy kans te benut en voor die komitee te

181. Ibid.
182. Ibid., kol. 475.
183. Ibid., kol. 474.
184. Die Gekose Komitee was onder voorsitterskap van Minister N.C. Havanga en die volgende lede het ook daarop gedien: adv. J.G. Strydom, O. Pirow, J. Christie, M. Kendrid=ge, J.W. Roux, Kol. F.H.P. Creswell, D.G. Conradie en L.J. Steytler. Vgl. Le Roux, Die Nasionale Party Deel 111, p. 194.

getuig. Daar was nou vir hom 'n wettige platvorm geskep van= waar hy sy betoog teen die regering se handhawing van die goudstandaard kon verantwoord. Nogtans het genl. Smuts die aanstel van 'n gekose komitee dadelik teengestaan deur aan te voer dat die Opposisie die bevindinge van die Gekose Komitee sou minag, omdat die regering syns insiens hulle nie aan die uitslag van die komitee sou steur nie en sou voortgaan om die goudstandaard te handhaaf. Dit was volgens Smuts: " 'n spel wat met ons gespeel word, en as die Eerste Minister dink dat die party wat agter my sit gaan deelneem aan daardie klug, dan maak hy 'n groot fout."[185] Smuts het geen rede gesien waarom die regering so 'n komitee benoem het nie, en dit was vir hom duister waarom die regering nie voor die wil van die volk wou buig en afstap van die goudstandaard nie.[186]

Genl. Smuts het 'n amendement by die Volksraad ingedien wat daarop neergekom het dat die regering versoek word om, as ge= volg van die mislukking van die Wet op Buitengewone Finansiële Regulasies en as gevolg van die drastiese verswakking van die finansiële toestand van die land in die algemeen, dadelik af te stap van die goudstandaard. Sodoende sou die probleme rondom die wisselkoers en die oorsese handel ook opgelos word, aldus Smuts.[187]

Dit is belangrik om daarop te let dat die oorgrote meerderheid opposisielede teen die goudstandaard gekant was en dat die oorgrote meerderheid Nasionaliste daarenteen nie werklik aan die debat rondom die goudstandaard deelgeneem het nie. Geen wonder dat genl. Smuts by geleentheid verklaar het dat die Nasionaliste in wese met hom saamstem, maar dat hulle te bang is om hulle daaroor uit te laat nie. "Geen Nasionalis in

185. Hansard, Deel 18, van 28.1.1932, kol. 478.
186. Ibid.
187. Ibid., kol. 485.

ons land durf dit waag om voor die komitee getuienis af te lê ten gunste van afstapping van die goudstandaard sonder dat hy uit sy party gesit word nie."[188]

Onverwagse hulp vir genl. Hertzog se voorstel vir die Gekose Komitee het gekom van J. Christie, Arbeiderslid vir Langlaag=te. Hy het gevoel dat so 'n komitee syns insiens die lug sou suiwer en hy het genl. Smuts skerp aangeval oor sy opswe=pery teen die regering. Hy het verder aangevoer dat die Gekose Komitee die land se kiesers behoorlik sou kon inlig aangaande die ekonomiese voor- en nadele van die handhawing van die goudstandaard. Genl. Smuts het hom hieroor skerp veroordeel en aangevoer dat geen lid van die Suid-Afrikaanse Party voor die Komitee sou getuig nie, daar dit net 'n slenter van die regering was om sy onvermoë om 'n standpunt in te sien te wou verdoesel. Volgens Smuts moes genl. Hertzog lankal reeds besef het dat die handhawing van die goudstandaard katastrofiese gevolge vir Suid-Afrika ingehou het en was die aanwys van die Gekose Komitee dus onnodig.[189]

Ten spyte van die Opposisie se teenkanting teen so 'n stap het Hertzog met sy planne volhard en die Gekose Komitee aangestel. Die Gekose Komitee het oor 'n tydperk van vier maande verskeie persone te woord gestaan in 'n poging om presies vas te stel wat die regte stap vir die Unie sou wees om te neem. Op 6 Mei 1932 verskyn 'n omvangryke verslag van die Gekose Komitee oor die goudstandaard.[190] Uit die verslag was dit duidelik dat 'n indringende studie van die voor- en nadele van die handhawing van die goudstandaard gemaak was. Die komitee het eenparig aanbeveel dat Suid-Afrika die goudstandaard moes handhaaf. Die komitee het dit beklemtoon dat dit nie die

188. Ibid., kol. 480.
189. Die Burger, 23.2.1932.
190. Le Roux, Die Nasionale Party Deel 111, p. 194.

handhawing van die goudstandaard was wat verantwoordelik was vir die ekonomiese krisis waarin die land hom bevind het nie, maar veel eerder was die swak ekonomiese toestande te wyte aan die droogte en die wêreldwye depressie. Die verslag van die Gekose Komitee is deur die regering aanvaar.[191]

Perskommentaar oor die verslag van die Gekose Komitee was wyd uiteenlopend. Die Engelstalige dagblaaie, met The Cape Times op die voorpunt, was hewig ontsteld oor die bevindige van die komitee. Die grootste beskuldiging van hulle kant was dat die bevindinge van die Komitee 'n vals en verdraaide beeld van die werklikheid weergee. Hulle het die komitee be= skuldig van vooroordeel en korrupsie.[192] Hierteenoor was Die Burger se antwoord dat die verslag van die komitee net weer eens bewys het wat die koerant reeds lankal gesê het, naamlik dat Smuts net besig was met verdagmakery teen die regering en dat die weg, wat die regering ingeslaan het, die korrekte een was. Volgens Die Burger was die verslag objektief en onpartydig.

Vanuit opposisiegeledere het heftige kritiek gekom met die leier, naamlik Smuts as die hoofwoordvoerder. Argumente is geopper dat die verslag van die Komitee maar net sowel geskryf kon gewees het nog voordat enige getuienis aangehoor was. Havenga is beskuldig dat hy die bevindinge van die komitee beïnvloed het en dat die verslag van die komitee inderwaarheid 'n propagandaset vir die Nasionale Party was.[193]

---

191. Die uitslag van die stemming was 41 ten gunste van die handhawing van die goudstandaard en 22 daarteen. Vgl. Hansard, Deel 19, van 27.5.1932, kol. 6055.
192. The Cape Argus, 24.5.1932.
193. Hansard, Deel 19, van 25.5.1932, kol. 5913 - 5914.

In teenstelling met hierdie beskuldiginge het kol. F.H.P. Creswell, leier van die Arbeidersparty se Creswell-groep, die Opposisie skerp aangeval en verklaar dat hulle veel eerder die voorbeeld van die Britte moes volg en saam staan terwille van landsbelang. In Brittanje is partypolitiek op die ag= tergrond geskuif om 'n ekonomiese krisis te bowe te kom.[194] Genl.Hertzog, adv. O. Pirow en minister N.C. Havenga het ook skerp kritiek uitgespreek teen die Opposisie se weiering om die verslag van die Gekose Komitee te aanvaar.

## 2.4.1 TIELMAN ROOS EN DIE GOUDSTANDAARD.

Teen 1932 het dit met Suid-Afrika in baie opsigte nie so goed gegaan nie. Die depressie was nog in volle swang, die droogte het ernstige afmetings aangeneem en werkloosheid was steeds aan die toeneem. Verder het die verswakkende eko= nomiese toestande veroorsaak dat baie ondersteuners van die Nasionale Party begin twyfel het of die regering met die hand= hawing van die goudstandaard nog op die regte pad was. Hertzog en Havenga se beginselstandpunte ten gunste van die handhawing van die goudstandaard is op 'n wye front gekri= tiseer en daar is ook verskeie argumente, met goeie gevolg, aangehaal waarin die voordeel van die prysgawe van die goudstandaard uitgewys is.[195] Sodra daar 'n krisis ontstaan het, was daar al dikwels in die Suid-Afrikaanse geskiedenis diegene wat vertroue in die leiers en die regering begin verloor het. Die gebeure in 1932 was in hierdie opsig geen uitsondering nie en stemme het begin opgaan dat daar iemand moes kom om die land te "red" van totale ondergang.

194. *Ibid*., kol. 6038 - 6039.
195. Vergelyk J.C. Smuts, *The Cape Argus* en andere se uitsprake hieroor.

So het dr. W.P. Steenkamp, onafhanklike Volksraadslid vir Na=makwaland, in samewerking met Louis Karovsky van die "Coun=cilliete" die sogenaamde "Nasionale Werkers en Boerebond" gestig.[196] Die hoofdoel van hierdie groep was om onmin tus=sen die boeregemeenskap en die regering te saai. Sy aanhang was nooit baie sterk nie, maar sy siening dat besproeiings=werke vermeerder moes word, minerale rykdomme ontgin moes word, visserye op groter skaal ontwikkel moes word en dat werkloosheid bekamp kon word deur swartes met blankes in die myne te vervang, het heelwat aanklank by sommige afvallige Nasionaliste gevind.
Daar was ook bespiegelinge dat Nasionaliste uit die party bedank het en reeds bykans R200 000 ingesamel het om 'n nuwe party te stig.[198] Die hoofrede hiervoor was blykbaar onte=vredenheid met die regering se hantering van die goud=standaard. Op 1 Desember 1932 verower adv. J.G.N. Strauss van die Suid-Afrikaanse Party die setel Germiston in 'n tussenverkiesing.[199] Dit was 'n gevoelige slag vir die Nasionale Party en daar moes beslis groot kommer op die Nasionale Party-kongres geheers het daar hulle op daardie stadium moes besef dat hulle posisie as regerende party in ge=drang kon kom.

Op 16 Desember 1932 het Tielman Roos as hoofspreker tydens 'n Geloftefees op Haakboslaagte opgetree. In sy toespraak doen hy 'n beroep op Afrikaans- en Engelssprekendes om saam te werk. "Daardie Engelssprekende wat in hierdie land gebore is en aan hierdie land gebind is met liefde net soos die Afrikaanssprekende, wie se kinders hier gebore is en groot word, is net so goeie Afrikaner as die Afrikaanssprekende en dit betaam die Afrikaanssprekende om met hom saam te werk."[200]

196. J.P. Brits, <u>Tielman Roos</u>, p. 373.
197. <u>Ibid</u>., p. 374.
198. <u>Ibid</u>.
199. <u>Ibid</u>.
200. <u>Ibid</u>., p. 381.

Roos het in sy toespraak daarna verwys dat hy by sy uittrede uit die politiek nie belang by die politiek verloor het nie. Hy het verklaar dat dit nie onmoontlik was dat hy in die nabye toekoms na die politieke arena kon terugkeer nie.

Roos het benadruk dat die boere wat die ruggraat van die land was, gered moes word. Dit sou volgens hom weer stabiliteit in die landsekonomie teweeg bring.[201] Roos het die swak ekonomiese toestande blameer vir die haglike omstandighede waarin die armblanke hulle bevind het. Hy het voorts ver= klaar dat die depressie vereis dat mense moet staamstaan. Dit het geleenthede geskep vir mense om saam te staan en mekaar te ondersteun. "As daar Engelssprekendes is wat ge= willig sou wees om met ons saam te werk, waarom sou ons nie bereid wees om hulle halfpad te ontmoet nie?" wou hy weet.[202]

Roos het gewaarsku dat die swak ekonomiese toestande kon veroorsaak dat die lewenspeil van die blanke naderhand so sou verlaag dat dit gelykstaande aan die van die swartman sou wees. Dit kon veroorsaak dat daar rassevermenging plaasvind. Roos se slotopmerking tydens sy toespraak het die hoop by talle van sy ondersteuners laat opvlam, dat hy binnekort na die aktiewe politiek sou terugkeer. Hy het naamlik daarop gewys dat dit vier jaar was sedert hy laas baie van die aanwesiges gesien het en dat hy hoop dat dit nie weer vier jaar sou wees voordat hy hulle weer sien nie.[203]

Hierdie toespraak van Roos het dramatiese gevolge gehad. Die pers het oral begin spekuleer oor wat Roos met hierdie uitla=

---

201. <u>Ibid</u>.
202. <u>Ibid</u>., p. 382.
203. <u>Ibid</u>.

ting bedoel het. The Sunday Times het beweer dat die boere weer moed geskep het na Roos se toespraak. Volgens die blad het die boere in Roos 'n oplossing vir die swaar ekonomiese toestande gesien. "With the possibility of Mr. Roos's return the hang-dog air of the local farmers, old friends of Mr. Roos, dissappeared. They were like school children on holiday, laughing and jesting."[204] Later het Roos sommige van die stellings in die Engelstalige dagblaaie as misleidend bestempel. Hy het verklaar dat die aanhalings nie 'n getroue weergawe van sy juiste woorde was nie.

Die Burger het Roos skerp aangeval en daarop gewys dat Roos by 'n vorige geleentheid skerp kritiek uitgespreek het teen 'n appelregter wat hom met die partypolitiek bemoei het. Roos was nou besig om presies dieselfde te doen, aldus Die Burger. Die blad het Roos veroordeel, omdat hy hom by die Suid-Afrikaanse Party geskaar het en omdat hy die Afri= kaanssprekendes blameer het vir die gebrek aan samewerking tussen die twee taalgroepe.

Dit is teen die agtergrond van die Haakboslaagte-toespraak dat adv. Tielman Roos se terugkeer tot die politiek aan die einde van 1932 gesien moet word.[205] Daar is vir etlike maande baie bespiegel oor die rede vir sy terugkeer: "Wat beoog Mnr. Tielman Roos nou eintlik?" vra Die Burger op 23 Desember 1932.[206] Adv. Roos het hom na sy bedanking as appelregter weer by die Nasionale Party aangesluit.[207] Hierdie besluit

---

204. Ibid.
205. Ibid.
206. Die Burger, 23.12.1932.
207. Ibid., p. 384. Tielman Johannes de Villiers Roos is op 8 Mei 1879 in Kaapstad gebore. In 1896 het hy aan SACS, Kaapstad gematrikuleer. Tydens sy studentejare het Roos goed gevaar sonder om werklik uit te blink. Na voltooiing van sy B.A. Graad het hy die L.L.B. Graad in 1901 voltooi en op 14 April 1902 is hy as advokaat in die Kaapse Hooggeregshof toegelaat. Hierna het hy na

van hom het hy gedoen sonder om enige van die Transvaalse leiers van die Nasionale Party vooraf te ken in die saak. Hy het slegs verklaar dat hy as "Nasionalis wat devaluasie voorstaan" tot die politiek terugkeer. Kol. F.H.P. Creswell het die volgende omtrent Roos se terugkeer te sê gehad: "Wat betref sy herintrede in die politiek, dis natuurlik 'n totaal ander saak. Al wat ons van mnr. Roos self verneem het, is dat hy defnitief tot die politiek terugkeer as teenstander van die beleid van die regering en dis begryplik dat sy stap in sulke omstandighede deur die Suid-Afrikaanse Party verwelkom word."[208]

Baie mense was verheug oor die hertoetrede van Roos. Die boere het in hom die persoon gesien wat hulle sou kon red van ekonomiese ondergang. Op Ventersdorp het 'n vergadering van Transvaalse mielieboere besluit om Roos te versoek om die regering van genl. Hertzog te oorreed om 'n koalisie te vorm en sodoende die land "te red van ondergang."[209] Tielman

---

Trans vaal verhuis waar hy in die politiek begin belangstel het. As jong advokaat het hy 'n rukkie in die Pretoriase stadsraad gedien. Hy reël die bekende "Mishoop" - vergadering en help om oornag van Hertzog 'n held te maak.

In 1917 loods hy die onafhanklikheidsbeweging en beïn= vloed ook die stakers van 1922, Arbeiders sowel as Nasionaliste om Smuts tydens die volgende verkiesing te onttroon. Hy was 'n politieke spreker by uitnemend= heid. Hy was nie lief vir die parlement nie, maar was in sy element voor politieke gehore, ongeag of hulle nou Engels- of Afrikaanssprekend was. In die Pakt - kabinet was hy 'n swak spanmaat en maak tydig en ontydig verklarings namens homself, praat uit sy beurt uit en vervreem dr. D.F. Malan, Kol. F.H.P. Creswell en genl. J.B.M. Hertzog van hom. Sy laaste vyf lewensjare verloop rampspoedig. Die politieke leiers verwerp hom en uiteindelik word hy 'n verstoteling. Die Sentrale Party-gedagte, sy breinkind, misluk en hy sterf as 'n teleur gestelde man. Vgl. J.P. Brits, Tielman Roos, pp. 1 - 17.

208. Die Burger, 5.3.1933.

209. Ibid., 23.12.1932.

Roos self het egter ander planne gehad. Hy het geweet dat genl. Hertzog uit beginsel nie sou afstap van die goud=standaard nie en gerugte wou dit hê dat Hertzog sou gesê het dat hy sal bedank indien Suid-Afrika gedwing sou word om die goudstandaard te verlaat.[210] Daarom het Roos begin praat van 'n Nasionale Regering en hierdie gedagte van hom is deur veral die Engelstalige dagblaaie aangegryp. Daar is uit verskeie oorde druk op Roos uitgeoefen om as adjunk premier in 'n "Best Man Government" onder genl. Smuts as premier te dien.[211] Roos het voorts verklaar dat die handhawing van die goudstandaard syns insiens die belangrikste rede was waarom die boere in die algemeen so swaar gekry het. Hy het ook beweer dat daar 'n beter handelsbalans en wisselkoers sou wees, maar dat sy hoofrede vir hertoetrede die bewerkstelliging van 'n koalisie was. Volgens Roos kon nie Hertzog of Smuts dit regkry nie: "anders het ek nie weer tot die politiek teruggekeer nie".[212]

Die feit dat adv. Roos ten gunste van devaluasie was en die bespiegelinge dat hy moontlik aan die hoof van 'n sentrale regering kon staan, het groot kommer by bankiers laat ont=staan. Spekulante het begin om groot bedrae geld na Brit=tanje te stuur in so 'n mate dat hierdie uitvloei van ka=pitaal teen 23 Desember 1932 kommerwekkende afmetings begin aanneem het.[213] Dit was so 'n krisis dat 'n spesiale verga=dering van die kabinet vir 26 Desember belê is. Voordat hierdie kabinetsvergadering egter nog kon plaasvind, het bankiers op 'n noodvergadering in Pretoria as noodmaatreël bepaal dat die verkoop van alle buitelandse wissels by alle

210. Ibid.
211. P.W. Coetzer, Koalisie en Samesmelting, 1933 - 1934 'n Histories-Kritiese Studie, ongepubliseerde D.Phil-proefskrif p. 128.
212. Die Burger, 28.12. 1932.
213. Brits, p. 388. Daar word beweer dat ongeveer R4 miljoen binne 'n paar dae die land op hierdie manier verlaat het.

banke regdeur Suid-Afrika op 24 Desember 1932 gestaak sou word.[214]

Gesien vanuit 'n ekonomiese oogpunt was adv. Roos se optrede 'n waardevolle geskenk aan aandeelhouers van die goudmyne. Stygende pryse op die aandelemark direk na sy aankondiging kan as die mees fundamentele hiervan beskou word. Die wis=selkoersspekulante was ook verheug oor sy aankondiging, omdat hulle, pas nadat Brittanje aangekondig het dat daar afgestap is van die goudstandaard, groot bedrae geld die land uitgestuur het. Hulle het daarna voortgegaan om die anti-goudstandaardveldtog te steun in 'n poging om hulle doel te verwesenlik, naamlik om groot wins ten koste van die Unie te maak. Klem moet egter daarop gelê word dat die ontydige aankondiging van Roos dat hy die regering gaan oorneem en dat hy devaluasie voorstaan, veroorsaak het dat baie mense on=nodig groot somme geld in die proses verloor het. Som=mige het weliswaar groot wins uit die aankondiging en die daaropvolgende geldtransakies gemaak, maar dit was enkelinge en diegene is wel verryk ten koste van 'n groot deel van die bevolking wat onregverdiglik daarvoor moes betaal.

In 'n hoofartikel waarsku Die Burger dat die kunsmatige devaluasie op die korttermyn inkomstes kon laat styg, maar dit sou 'n styging in produksiekoste nie kon verhoed nie en tesame met die verhoogde lewenskostes sou dit hierdie winste gou opneem.[215] Op 28 Desember 1932 het adv. Roos 'n stampvol stadsaal in Johannesburg toegespreek.[216] Wat devaluasie be=tref het Roos verklaar dat hy nie een spesifieke soort devaluasie voorgestaan het nie, maar devaluasie moes net

214. Die Burger, 29.12.1932.
215. Ibid., 27.12.1932, Hoofartikel.
216. Teen seweuur die aand het 5 000 mense reeds hulle plekke ingeneem en 'n uur later het nog 5 000 mense buite die gebou en op balkonne van ander geboue na Roos oor 'n luidsprekerstelsel geluister. Vgl. Brits, p. 390.

sorg dat geld na Suid-Afrika terugkom. Voorts het hy hom ten sterkste uitgespreek teen die vermindering van salarisse en lone in 'n depressie. Hy het beweer dat die koopkrag van die publiek in moeilike tye gestimuleer moes word en dit kon beslis nie geskied as daar vermindering in salarisse was nie.[217] Roos het gevra dat die Minister van Spoorweë 'n verlaging in spoortariewe moes instel, omdat dit sou meebring dat meer goedere per spoor vervoer sou word en dat vol treine teen 'n lae tarief beter beleid sou wees as leë treine teen 'n hoë tarief. Roos het verder aan die hand gedoen dat die regering al die gelde wat die Landbank gedurende 1931 te veel aan die mielieboere voorgeskiet het, moes afskryf. Saam hiermee moes die regering 'n verbod plaas op die uitvoer van mielies en die surplus mielies moes opgekoop word en aan die dele van die land wat so swaar onder die droogte gely het, beskikbaar gestel word.[218] Roos het afgesluit deur aan te beveel dat die nywerheidsbeleid ook hersien moes word en dat slegs nywerhede wat 70% blankes in diens het regeringsbe= skerming moes geniet.

Tielman Roos se optrede kan, vanuit 'n ekonomiese oogpunt be= skou, sekerlik as die enkele faktor wat die meeste spekulasie oor die goudstandaard laat ontstaan het, gesien word. Dit was vir hom, wat vanaf die buiteveld op die speelveld inge= spring het, heelwat makliker om kritiek uit te spreek teen die optrede van die regering. Dat hy ernstig oor die eko= nomiese implikasies van sy optrede besin het, is sterk te be= twyfel. Hy het byvoorbeeld nooit laat deurskemer wat gedoen kon word om die boere wat so swaar onder die las van die droogte gebuk gegaan het te help nie. Hy het nie 'n aan= duiding gegee hoe hy die handelsbalans gunstig sou kon hou indien hy die uitvoere beperk het nie. Ironies dat dieselfde Roos wat so teen die handhawing van die goudstandaard te velde

217. Brits, p. 391.
218. <u>Ibid</u>.

getrek het vroeër duidelik teenoor sy vrou laat blyk het dat die versaking van goud rampspoedige gevolge vir Suid-Afrika sou inhou.[219]

Die vraag kan dus met reg gevra word wat Roos eintlik wou be= reik. Dit wil voorkom asof hy ekonomiese faktore gebruik het om sy politieke doelstellings te bereik. Die uiteenlopende standpunte oor Suid-Afrika en die goudstandaard het hom die nodige kans gegun om sy hertoetrede tot die politiek met fan= fare aan te kondig.

### 2.4.2 HERTZOG WORD GEDWING OM AF TE STAP VAN DIE GOUDSTANDAARD.

Die jaar 1932 kan beskou word as een van genl. Hertzog se moeilikste bewindsjare. Druk was uit talle oorde op hom uit= geoefen om die goudstandaard te verlaat. Die droogte het in felheid toegeneem en gepaardgaande hiermee het die ekonomiese toestande nie net in Suid-Afrika nie, maar ook wêreldwyd versleg. Die depressie was in volle swang en die damwal het gedreig om te breek en Hertzog mee te sleur. 'n Verdere ver= ontrustende faktor was die onenigheid wat onder Nasionaliste begin posvat het - 'n onenigheid wat by tye gedreig het om veral onder die boeregemeenskap, hand uit te ruk. Genl. Hertzog moes boonop aan die einde van die jaar verneem dat Tielman Roos aktief tot die politiek teruggekeer het. Roos het met groot selfvertroue verklaar dat sy devaluasiebeleid die oplossing vir die land se probleme was.
Dit moes vir genl. Hertzog al duideliker geword het dat die oormag te veel geword het en dat hy nie veel langer in staat sou wees om die *status quo* ten opsigte van die goudstandaard te handhaaf nie. Die hertoetrede van Roos was die spreekwoordelike laaste strooi. Hertzog het besef dat Roos

219. Ibid., p. 393.

'n gevaar ingehou het indien hy tot 'n vergelyk met Smuts kon kom en die "Best Man Government" met Roos as moontlike premier het al meer by Hertzog begin spook. Die finale nekslag vir Hertzog het gekom toe fondse teen 'n onrusbarende tempo in Desember 1932 die land uitgestuur is.[220] Hy het die koukus van die Nasionale Party op 26 Desember 1931 saamgeroep.

Op 27 Desember bring minister N.C. Havenga 'n einde aan byna 'n jaar se ekonomies politiese twisappel. Op die dag reik minister Havenga 'n verklaring uit waarin hy dit duidelik stel dat die politieke toestand wat in die land gedurende Desember 1932 geheers het, die oorsaak was dat groot bedrae geld die land uitgestuur is. Die hoofrede, volgens Havenga, was die onsekerheid wat by mense en veral bankiers ontstaan het as gevolg van die verdagmakery van Smuts en Roos. Abnorma=le groot aankope van buitelandse wissels het gevolg en abnormaal baie goudmunte is vir opberging aangekoop bloot as gevolg van die devaluasiespook wat geloop het. Indien hier=die toestand sou voortgaan, verklaar Havenga, kon dit erns=tige ekonomiese gevolge vir die land inhou en bankiers en fi=nansiers was bekommerd en het vertoë tot die regering gerig om in te gryp om die land se goud- en wisselkoers te red.[221]
In die lig van bogenoemde het die regering toegestem en is die Reserwebank onthef van sy verpligtinge kragtens die Wet op Munt- en Bankwese van 1920 om vir sy note in goud te betaal en is 'n gedeelte van artikel 18 van die Wet geskors ten einde die banke in staat te stel om papiernote as 'n wettige betaalmiddel te aanvaar.[222] Suid-Afrika het dus amptelik op 27 Desember 1932 die goudstandaard verlaat.

Vir genl. Hertzog moes hierdie beslis nie 'n baie maklike be=sluit gewees het nie. Deur af te stap van die goudstandaard

---

220. Die Burger, 28.12.1932.
221. Ibid.
222. Ibid.

het hy homself inderwaarheid repudieer en moes hy teenoor sy politieke vyande erken dat hy die stryd verloor het. Hy het egter geen ander keuse gehad nie. Die ontydige terugkeer van Roos en die gepaardgaande bespiegelinge wat Roos en Smuts in die mou gevoer het, het Hertzog gedwing om meer drastiese stappe te neem. Dit het nou dringend noodsaaklik geword dat hy iets moes doen om homself en die Nasionale Party van 'n ernstige verleentheid te red.

Die invloed wat die ekonomie op 'n land se politiek het, kom baie duidelik hier na vore. Hertzog was moontlik nog bereid om met Roos te onderhandel oor 'n politieke toekoms in Suid-Afrika, maar toe bankiers en finansiers die skroef aandraai, moes hy toegee. Dit is nie baie duidelik of Roos direk enige aandeel gehad het in die skielike wisselkoerskrisis nie, maar indirek het sy dreigemente van devaluasie 'n mini "Great Crash" in Suid-Afrika veroorsaak. Verder was die gebeure rondom 25 Oktober 1929 ook nog baie vars in die geheue van die geldbesitters en daarom dan dat hulle ook so geskarrel het om goud op te gaar. Die stelling word dus gemaak dat ekonomiese probleme veel eerder as politieke probleme genl. Hertzog ge= dwing het om die goudstandaard te verlaat. Die harde feite spreek egter ook baie duidelik naamlik dat Hertzog onder die omstandighede geen ander keuse gehad het nie.

### 2.4.3 GEVOLGE VAN DIE AFSTAPPING VAN DIE GOUD= STANDAARD.

Byna onmiddellik na die afstapping van dié goudstandaard het die ekonomiese gety verander. Die prys van goud het oornag gestyg en mynaandele het die hoogte ingeskiet. Reserwe= bankaandele het in waarde baie toegeneem en geld, wat 'n paar

dae te vore die land uitgestuur is, het begin terugvloei.[223] Met die verhoogde produksie in die myne moes meer mense weer in diens geneem word en dit het werkloosheid laat afneem. Die verhoogde produksie van die myne het 'n sneeubaleffek op die industrieë gehad en daar was tekens dat daar 'n opbloei op die sektor gewag het.[224]

Op die korttermyn het sake egter nie so rooskleurig gelyk nie. Op Donderdag 5 Januarie 1933 is aangekondig dat nuwe motors se prys met 15 - 20% gestyg het en dat die petrolprys met 11 pennies verhoog is.[225] Saam hiermee het die ongekende spekulasiekoors op die aandelemark 'n styging in die inflasiekoers ingelei. Banke het rentekoerse met 5% verlaag en landbouimplemente se prys het met 30 - 40% gestyg.

Die Burger het onder die opskrif "Nou sien hulle die verskil" op 2 Februarie 1933 beweer dat die gevolge van die afstapping van die goudstandaard nog verreikende implikasies in Suid-Afrika gaan hê. "Die arm man sien nou dat sy pond nog 'n pond is, maar net sy pond koop nie meer dieselfde waarde nie. Waar ons eers 20 pond koffie vir 'n pond gekry het kry ons nou maar 16 pond."[226]

Onder die besture van die goudmyne was ook kommer oor die on=sekerheid wat met die land op die politieke vlak gaan gebeur. Die spekulasie rondom Roos se doen en late is met kommer aan=gehoor. Dit was gebiedend noodsaaklik dat daar politieke stabiliteit in 'n land moet wees vir die maksimale funksio=nering van die wisselkoers en goudkoers. Sir Abe Bailey, bekende mynmagnaat, het gewaarsku dat die goudmyne groot

223. D.W. Krüger, The Making of a Nation, p. 162.
224. Ibid.
225. Die Burger, 7.1.1933.
226. Ibid, 2.2.1933.

skade kon ly as gevolg van hierdie onsekerheid en hy het Hertzog versoek om sy toekomsplanne bekend te maak sodat die mynhuise die nodige aanpassings kon doen om te verseker dat die handel en gepaardgaande voorspoed weer herstel kon word.[227]

Op die politieke front het die afstapping van die goudstandaard eweneens wye reperkussies gehad. Die belang=rikste hiervan was dat die breë publiek van Hertzog en Havenga wou weet waarom hulle nie nou hulle woord gestand doen en bedank soos wat hulle in toesprake voorheen te kenne gegee het nie. Feit van die saak was egter dat Hertzog nooit sulke voornemens gehad het nie en dat die vorige uitlatings wat hy gemaak het ten opsigte van bedanking, maar net 'n rookskerm was waaragter hy probeer het om die bespiegelinge rondom die goudstandaard hok te slaan.[228] Dat die Nasionale Party en sy leiers in die proses groot skade aan geloof=waardigheid gelei het, is nie te betwyfel nie en heelwat kiesers wat nog in 'n politieke woestyn verkeer het, het hulle weggedraai van die Nasionale Party en was op soek na 'n nuwe politieke tuiste

## 2.5 EVALUERING.

Die tydperk 1929-1936 kan inderdaad beskou word as 'n tydperk van gemengde suksesse op ekonomiese gebied. Na die ineen=storting van die New Yorkse aandelemark in 1929, het die wêreld en veral Suid-Afrika se rykdomme drasties verminder. Daar was letterlik paniek onder sakemanne en ekonome. Finan=siers het te doen gekry met 'n groot styging in armoede en 'n

---

227. *Ibid*, 13.2.1933.
228. Kruger, p. 162.

gepaardgaande styging in land-sowel as persoonlike skulde. Die droogte het groot skade aan die landbousektor veroorsaak en boerderye het op 'n groot skaal bankrot geraak. Die Afrikaner het in die proses so verarm dat hulle veel eerder die relatiewe rykdom van die stede gaan opsoek het. In die proses is groot sosiale en maatskaplike probleme veroorsaak as gevolg van die haglike omstandighede waaronder hulle geleef het.

In Suid-Afrika het die ekonomie so 'n groot rol in die tydperk gespeel dat dit selfs 'n drastiese invloed op politieke ge=beure gehad het. Die geldmag van die finansiers en mynhuise, die Hoggenheimers, het druk op die regering van genl. Hertzog uitgeoefen om af te stap van die goudstandaard. Inderdaad kan beweer word dat Hertzog uit vrye wil nie van die goudstandaard sou afstap nie, maar as gevolg van hierdie drukgroepe, waaraan Roos en andere ook deelgeneem het, was Hertzog verplig om die goudstandaard te verlaat. Daar was selfs in 'n stadium sprake van samewerking tussen twee aartsvyande, Roos en Smuts, wat andersinds nooit sou plaas=vind nie, maar die gemeenskaplike strewe om Suid-Afrika van die goudstandaard te dwing, het dit vermag. Finansiële krisisse het dus reg gekry om van mense met wyd uiteenlopende standpunte politieke bedmaats te maak.

Die Armblankevraagstuk en verstedeliking het ernstige gevolge vir die landsekonomie ingehou. Deurdat die Afrikaner so verarm het as gevolg van die droogte en ander ekonomiese faktore kon hy dit nie langer meer op die plaas uithou nie en dit het sy uittog na die stede verhaas. Vanuit 'n ekonomiese oogpunt gesien was dit 'n ramp. Eerstens was daar die plaas wat dus nou onbewerk agtergelaat is en dit het 'n daling in die landbou en veeteelt teweeg gebring. In die stede was daar nie werk vir almal nie en moes die staat moes weer ingryp

om hongersnood en sosiale probleme oor die kleurgrens heen te bekamp. Potensiële ekonomies produktiewe mense het nou verander in versukkelde armlastiges wat net genl. Hertzog en sy regering se taak bemoeilik het. In die proses het dit Hertzog verplig om aanpassings ten opsigte van behuising en armsorghulp te maak - 'n onnodige uitgawe wat hy beslis nie op daardie stadium kon bekostig nie.

Kontrasterend met die bogenoemde donker prentjie moet die ekonomiese herstel na 1933 gesien word. Die herstel het inderdaad begin met die Volkskongres van 1934 waarop daar riglyne uitgespel was wat die land kon help om weer op sy eie bene te kon staan. Die stigting van maatskappye en banke waarvan Sasbank, Volkskas, Avbob en Sanlam die sprekendste voorbeelde was, het die proses van herstel bespoedig.

Samevattend kan die stelling dus gemaak word dat dit die ekonomie of ekonomiese faktore was, wat die botoon in 1932 in die Suid-Afrikaanse opset gevoer het. 'n Ekonomiese krisis het vermag om 'n land se Premier, wat op die kruin van sy politieke loopbaan was, te dwing om teen sy sin 'n be=sluit te neem wat verreikende gevolge vir sy land kon hê. Die ekonomiese krisis rondom die goudstandaard het gedreig om Roos en Smuts in mekaar se arms te dryf. Dit het geimplï=seer dat Hertzog dan uitgeskakel kon word. Om dit te ver=hoed moes Hertzog vinnig 'n besluit neem en is hy dus gedwing om af te stap van die goudstandaard. Hierna het Hertzog en Smuts saamgespan en is Koalisie en Samesmelting bereik- 'n proses waarin Roos heeltemal uitgeskakel is. Die vraag kan tereg ook gevra word of daar ooit sprake van koalisie en samesmelting sou wees as dit nie vir die ekonomiese druk was waaraan Hertzog moes toegee nie.

# HOOFSTUK 3

## HISTORIESE PERSPEKTIEF OP DIE POLITIEKE GEBEURE IN DIE TYDPERK 1929-1936.

### 3.1 INLEIDING.

In die vorige hoofstuk was dit duidelik dat daar ongekende be=langstelling in die ekonomiese aktiwiteite in die tydperk 1929-1936 in Suid-Afrika geheers het. Dit was ook duidelik dat hierdie ekonomiese faktore 'n belangrike rol in die politiek gespeel het. Met die interaksie tussen ekonomie en politiek as agtergrond is dit nodig dat daar ook na dieselfde tydperk gekyk sal word, maar meer uit 'n politieke perspektief.

Die tydperk 1929-1936 was egter ook 'n tydperk waarin daar op veral partypolitieke terreine baie verwikkelinge plaasgevind het. Die twee generaals, J.B.M. Hertzog en J.C. Smuts, het aanvanklik baie van mekaar verskil, maar tog later besluit om saam te werk. Die rol wat Tielman Roos in die Suid-Afrikaanse politiek gespeel het, bereik ook in hierdie tydperk 'n hoogtepunt.

Die partypolitieke verwikkelinge moet nogtans gesien word teen die agtergrond van die belangrike rol wat ekonomiese aktiwi=teite in die proses gespeel het. Die Pakt-regering het in hierdie tydperk voor 'n belangrike krisis te staan gekom en

die invloed van die ekonomie op die politiek was eweneens hier duidelik waarneembaar. Die ineenstorting van die New Yorkse aandelemark, die daaropvolgende droogte en die verarming van die blankes het dit vir die Pakt moeilik gemaak om die land te regeer. Tesame met hierdie terugslae het die Opposisie, met genl. Smuts aan die voorpunt, met 'n hernieude aanslag teen die regering gekom. In plaas van die regering in sekere op=sigte te steun, het hulle hierin eerder 'n geleentheid gesien om dalk aan bewind te kom.

Generaal J.B.M. Hertzog kon aan die begin van 1929 tereg met trots terugkyk oor die eerste bewindsjare van die Pakt sedert 1924. Die jong, en soms nog onervare regering, was stewig in die saal en dit het goed gegaan met die land. Ekonomies was die situasie uiters bevredigend, moet ook op politieke gebied het dit heel rustig daaraan toegegaan. Hertzog kon tevrede voel, want hy het op die regte tydstip die leisels in 1924 oorgeneem. Die na-oorlogse depressie waarmee Smuts opgesaal was, was aan die afneem. 'n Tydperk van ongekende nywerheidsgroei en 'n algemene opbloei van die ekonomie het aangebreek. Uit tussenverkiesings vanaf 1924 tot 1929 was dit duidelik dat die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners hulle tuis gevoel het binne die optrede van die Pakt.

Genl. Hertzog kon op die vooraand van die 1929-verkiesing baie tevrede voel met homself; sy politieke toekoms het goed daaruit gesien. Die stand van die partye met die ontbinding van die Volksraad voor die 1929 verkiesing was as volg: die Nasionale Party 63, die Suid-Afrikaanse Party 54 lede, die Arbeidersparty 17 lede en een onafhanklike kandidaat.[1]

---

1. Hansard, Deel 12, van 25.1 - 27.3.1929, pp. iv - v, (Die Arbeidersparty se 17 lede het bestaan uit 11 Cres=welliete en 6 Hoofbestuurslede.

3.2 DIE ALGEMENE VERKIESING VAN 1929.

Baie van die politieke profete het die 1927 provinsiale verkiesing gesien as 'n voorspel tot die gebeure van die 1929-algemene verkiesing. Daar is 'n tendens dat die kiesers nie soveel belangstel in wat in 'n provinsiale verkiesing gebeur, as in wat in 'n algemene verkiesing plaasvind nie. Die stempersentasies tydens provinsiale verkiesings is heelwat laer as tydens algemene vekiesings. Die 1927 provinsiale verkiesing was nie 'n uitsondering in hierdie opsig nie. Vir die onderskeie politieke partye was die 1927 provinsiale verkiesing dus 'n oefenlopie vir wat voorgelê het.

Vir genl. Smuts was die 1927 provinsiale verkiesing 'n voorbereiding vir die verkiesing van 1929 . Die Opposisie het reeds toe al hulle visier op die 1929 verkiesing gerig en in 'n gees van optimisme skryf senator Charles Smith van die Suid-Afrikaanse Party die volgende aan Smuts: "I feel that our party can frame such a terrible indictment of mis-government on the part of the Pact that the country would take a hand in the matter and a general election at the end of their term would result in an overwhelming victory for the South African Party."[2]

Die uitslae van die 1927 provinsiale verkiesings het geen noemenswaardige verskil aan die stand van partye gemaak nie. Die Nasionale Party het 46%, die Suid-Afrikaanse Party 44,7% en die Arbeidersparty 7.3% stemme op hulle verenig.[3] Dit is

2. J.H. Le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party Deel 111, p. 6.
3. Die stelling word gemaak, omdat die verkiesingsuitslag van die 1924 algemene verkiesing as volg was: N.P. 46,6%, S.A.P. 39,2% en A.P. 13,3%. Dit is 'n duidelike bewys dat daar geen werklike verskil was nie. Vgl. B.M. Schoeman Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910 -

dus slegs die Suid-Afrikaanse Party wat 'n effense wins aan stemme getoon het, maar hierdie wins was ten koste van die Arbeidersparty wanneer dit vergelyk word met die 1924-verkie= singsuitslae. Vandaar dus dat genl. Smuts sy optimisme ge= grond het op die uitslag van die 1929 algemene verkiesing. Dit sou egter beteken dat hy nogtans 'n aantal setels moes verower om die Nasionale Party verby te steek en die regering van die land oor te neem.

Die algemene verkiesing van 1929 is voorafgegaan deur 'n aantal tussenverkiesings. Tydens hierdie tussenverkiesings het die Nasionale Party nie baie kragtig voorgekom nie. 'n Goeie voorbeeld om hierdie argument te staaf, kom uit die tussenverkiesing in Transvaal wat op 25 Februarie 1928 by Drie Riviere en op 8 Januarie 1929 by Langlaagte plaasgevind het.[4] Verder het daar ook nog tussenverkiesings in Germiston, Ventersdorp, Pretoria-Oos, Potchefstroom en Waterberg plaas= gevind. Die uitslag van die tussenverkiesing by Germiston was 'n duidelike bewys dat, alhoewel daar onmin in Arbeidersparty geledere was, die twee groepe binne die Party, naamlik die Creswelliete sowel as die Cromwelliete, nogtans teen die Suid-Afrikaanse Party kandidaat gestem het. [5] Die tussenverkiesing by Langlaagte waar die Arbeidersparty lid van die Pakt nie die paal gehaal het nie, het weer getoon dat die onmin in Arbeidersgeledere die Pakt groter skade berokken het as wat aanvanklik gemeen is. Die tussenverkiesing aan

---

1976, p. 153, sowel as Le Roux, Die Nasionale Party Deel 111, pp. 6 - 7.

4. Die uitslae van hierdie verkiesing was as volg: Drie Riviere mnr. F. Gibaud, (S.A.P): 3141, mnr. J. Stewart, (ARB): 1403, S.A.P. meerderheid 1738. Langlaagte: mnr. W Bawden, (S.A.P.) 1150, mnr. J. Christie, (ARB) 895, S.A.P. meerderheid 275. In 'n vorige verkiesing was die Arbeidersparty meerderheid in Langlaagte 243. Vgl. Die Burger, 9.1.1929.
5. Creswelliete was diegene wat die leier van die Party kol. F.H.P. Creswell ondersteun het en die Councilliete was diegene wat John Christie en die Hoofbestuursgroep van die Arbeiders Party uitgemaak het.

die begin van 1929 in Potchefstroom is deur die Nasionale Party met 'n meerderheid van 31 stemme gewen teenoor die vorige provinsiale verkiesing van 1927 se 41 meerderheid. [6] Eweneens 'n bewys dat daar nie noemenswaardige verandering plaasgevind het nie. Nogtans het Potchefstroom bewys dat die Nasionale Party kon staat maak op 'n bestendige stemtotaal in die platteland.

## 3.3 DIE SKEURING BINNE ARBEIDERSPARTY-GELEDERE.

Die Arbeidersparty is in 1924 deur die Nasionale Party genader in 'n poging om die oorhand in die regering te kry. Die twee hoofleiers, Hertzog en Creswell het ooreengekom dat daar tydens die verkiesing van 1924 geen driehoekige stryde sou plaasvind nie. Die Nasionale Party sou dus nie 'n kandidaat stel waar die Arbeidersparty 'n sterk kandidaat gehad het nie en *vice versa*. Die leiers sou ook met hulle kiesers onderhandel in 'n poging om hulle te oorreed om eerder mekaar se kandidate te ondersteun om so die Suid-Afrikaanse Party by die stembus uit te skakel. Die Arbeidersparty was op hulle eie nie instaat om 'n volwaardige Opposisieparty in die land te word nie en het daarom samewerking gesoek met 'n party wat bereid was om hulle te help in hulle stryd teen die onderdrukking van die werkersklas. Ekonomiese oorwegings het by die party 'n groot rol gespeel, want die werkers het maar altyd 'n behoefte aan finansies en werkstevredenheid gehad. Die rede vir sameweking moet verder gesien word in die Arbeidersparty se verset teen die mag van die kapitalis en die mynmagnaat in Suid-Afrika. [7] Vir die arbeider was die

6. Die uitslag van hierdie tussenverkiesing was mnr. Alberts N.P. 1268, mnr. Barnard S.A.P. 1237, N.P. meerderheid 31. Vgl. Die Burger, 1.2.1929.
7. O. Geyser en A.H. Marais, Die Nasionale Party Deel 1, p. 465.

kapitalis 'n natuurlike vyand en in die Nasionale Party het hulle 'n bondgenoot in die opsig gevind, omdat ook die Nasionale Party in verset teen die kapitalis gekom het. Die Afrikaner wou hom distansieer van Brittanje en die kapitalis het konsekwent die Party gesteun wat hom vir nouer bande met die Britse Ryk beywer het.[8] Na die besluit van die kongresse van die Nasionale Party sowel as die Arbeidersparty om in die 1924 verkiesing saam te werk, het The Guardian die volgende kommentaar gehad: "We believe the National Party to be just as bad as the S.A.P. But if Labour can use the Nationalist to teach the S.A.P. the lesson that no party can safely sell the country to the Chamber of Mine and the Big Fat Men, then we shall be glad."[9] Hier is weer 'n duidelike bewys dat ekonomiese aktiwiteite 'n belangrike rol gespeel het in die politiek, veral as The Guardian se uitlating gesien word teen die agtergrond daarvan dat hulle selfs bereid was om met 'n party saam te werk met wie hulle nie werklik saamgestem het nie. Tog was dit die enigste moontlike manier waarop hulle die ekonomiese laste van die kapitalis kon ontkom. Die 1924 verkiesing is dan ook op die manier gewen en 'n nuwe regering bekend as die Pakt het die land regeer.

Op die vooraand van die 1929-verkiesing het die onweerswolke begin saampak op die horison van die Arbeidersparty. Op 1 Januarie 1928 het die Arbeidersparty hulle kongres gehou.[10] Op die kongres het daar probleme ontstaan tussen kol. F.H.P. Creswell, die leier van die party, en die hoofbestuursgroep van die party. Die hoofrede vir hierdie botsing was omdat Creswell wou gehad het dat die parlementêre koukus en nié die Hoofbestuursgroep nié, beheer oor die party in die parlement moes uitoefen.[11] Hierdie onmin het gedui op 'n moontlike skeuring in Arbeiders-geledere.

8. Ibid.
9. The Guardian, 8.9.1922 soos aangehaal in Geyser, p. 479.
10. Schoeman, p. 151.
11. Ibid.

Met betrekking tot die onmin in Arbeiders-geledere het Hertzog verklaar dat die Hoofbestuursgroep met hulle leiers, Walter Madeley en John Christie, vir hom onaanvaarbaar was. Hierdie Hoofbestuursgroep het die steun van ekstremiste en kommuniste geniet en Hertzog het hom van hulle gedistansieer. Die Opposisie het hierdie sosialisties-ekstremistiese grond=slag met die Nasionale Party vereenselwig in 'n poging om die Nasionale Party in onguns by die kiesers te bring. [12]

Genl. Smuts het die skeuring in die Arbeidersparty tot voordeel van die Suid-Afrikaanse Party probeer uitbuit. Hy het geen geleentheid laat verby gaan om dit by die kiesers in te vryf dat die regering weer as 'n Pakt na die stembus sou gaan en dat in hierdie Pakt daar tans geen ekstremistiese kommunistiese faksie was nie. Smuts laat hom as volg hieroor uit: "die Creswell affaire [sic] kan sake tot een breukspul breng; anders hoor ek is dit nog Hertzogs plan die eleksie midden van 1929 te hou. Die rusie onder die Arbeiders word onheelbaar en kan dinge verspoedig."[13] The Star se kommen=taar oor die toestand binne die Pakt was: "The ship of State is very near the shoals, and the cpatain can hardly feel very secure with his turbulent crew."[14]

Die skeuring binne die Arbeidersparty kon die partypolitiek in Suid-Afrika beïnvloed deurdat, indien die Arbeiders nie as 'n party saamstaan nie, dit die Pakt sou verswak. Driehoekige gevegte in die komende 1929 verkiesing sou die Suid-Afrikaanse Party voordelig beïnvloed, in so 'n mate dat die Party weer die bewind kon oorneem. Die skeuring in die Arbeidersparty het eweneens 'n sluier van onsekerheid oor die komende verkie=sing getrek. Niemand wou dit waag om 'n voorspelling te maak

---

12. Le Roux, Die Nasionale Party Deel 111, p. 13.
13. Smuts Papers V. Smuts aan Levi, 17.1.1928, soos aan=gehaal in Le Roux, Die Nasionale Party Deel 111, p. 11.
14. The Star, 13.11.1928.

van wat gaan gebeur nie. Waar genl. Hertzog in 1924 dus seker was van die sameweking van die Arbeidersparty in geheel, moes hy in die 1929 verkiesing basies op eie geledere staatmaak en kon hy maar net hoop dat die onmin nie die Nasionale Party te veel skade sou berokken nie. Die stryd om Imperialisme en Nasionalisme was ook nog nie uitgewoed nie en die uitslag van die verkiesing was dus moeilik voorspelbaar.

Inmiddels het genl. Hertzog probleme in eie geledere begin ondervind. Daar was diegene binne die Nasionale Party wat maar net nie die Republikeinse strewe wou laat vaar nie. Vir hulle was die Balfour-verklaring nie die einde van die pad nie, inteendeel het hulle dit eerder gesien as 'n goeie wegspring plek om hulle ideale te verwesenlik.[15] Onder hulle was dr. D. F. Malan wat die stryd gevoer het om 'n eie vlag vir Suid-Afrika daar te stel en dr. N.J. v d Merwe wat sterk voorspraak gemaak het vir 'n Republiek. Vir hulle was die uitbouing van Afrikaner Nasionalisme van kardinale belang, omdat hulle besef het dat dit uiteindelik sou uitloop op 'n Republiek indien dit ver genoeg gedryf kon word.[16] Beide Malan en v d Merwe is heel dikwels uit eie geledere ge= kritiseer omdat hulle so sterk standpunt ingeneem het teen Brittanje. Tydens die vlagstryd het adv. Tielman Roos en Oswald Pirow, Nasionale Party Volksraadslid vir Soutpans= berg, Malan geopponeer en v d Merwe is deur Hertzog en Havenga gemaan dat dit beter sou wees dat die republikeinse strewe eers op die langebaan geskuif moes word.

'n Verdere probleem waarmee genl. Hertzog te kampe gehad het, was dat Tielman Roos, leier van die Nasionale Party in Transvaal en dr. Malan leier van die Nasionale Party in Kaap= land, oënskynlik heelwat van mekaar verskil het.

15. D.W. Krüger, <u>The Making of a Nation</u>, p. 156.
16. <u>Ibid</u>., p. 156.

Hertzog moes dus waak dat die twee leiers nie in direkte konfrontasie met mekaar kom nie, omdat beide in hulle provinsies groot aanhang onder die kiesers gehad het en dit kon groot probleme, selfs skeuring, binne die party veroorsaak. The Star berig hieroor as volg: "Hertzog cannot afford to break with Mr Roos, because everybody knows that the moment Mr Roos walks out of the cabinet it will be the end of the Nationalist Party."[17]

In die tydperk wat die algemene verkiesing van 1929 voorafgegaan het, was daar belangrike faktore wat die politieke opset in die land in die dertigerjare beïnvloed het. Sekere van hierdie faktore is deur die onderskeie stry= dende faksies gebruik in hulle voorbereiding vir die verkiesing. Hiervan was die Duitse handelsverdrag, die Mosambiekse-ooreenkoms, ekonomiese maatreëls, nywerhede arbeid en die afskaffing van Provinsiale rade die belangrikste.

## 3.4 DIE ROL VAN DIE EKONOMIE IN DIE 1929 VERKIESINGSVELDTOG.

Sedert die Pakt-bewindsoorname in 1924 het dit op ekonomiese gebied met die land baie goed gegaan. 'n Voorspoedfase in die ekonomiese konjunktuur was kenmerkend tot in 1929 en daar was sterk ekonomiese groei. Hierdie oplewing in die ekonomie het dit baie moeilik gemaak vir die Opposisie om die Pakt-bewind in diskrediet by die volk te bring. In 'n poging om 'n deel van die opbloei in die ekonomie vir homself toe te eien, het genl. Smuts daarop gewys dat die wêreldekonomie in elk geval aan die verbeter was en dat die Pakt bewind maar

17. The Star, 13.11.1928.

net voortgebou het op die fondament wat daar deur die Suid-Afrikaanse Party gelê was. In 'n hoofartikel wys Die Burger daarop dat Smuts egter geen aanspraak het op die feit dat die Pakt-regering die landskuld laat daal het van meer as R132 miljoen in 1924 tot R76 miljoen in 1929 nie. [18] Voorts was daar ook 'n groot afname in die belastingverpligtinge op die bevolking. 'n Prestasie wat slegs bereik kon word deur goeie finansiële bestuur en daadwerklike pogings vanaf regeringskant. Hierin het veral minister Klasie Havenga, Minister van Finansies, 'n groot rol gespeel.

Ekonomiese feite en - realiteite spreek dikwels baie duide=liker as lang uitgerekte toesprake oor die moontlikhede wat kon wees. In die 1929-verkiesing het min argumente soveel gewig gedra om die kiesers te probeer oortuig van die opregte bedoelings van die Pakt-regering as juis die argumente wat betrekking gehad het op die landsekonomie. Een van hierdie realiteite was die Duitse Handels- en skeepvaartverdrag wat op 1 September 1928 tussen Suid-Afrika en Duitsland gesluit is.[19] Hierdie verdrag het bepaal dat daar wedersyds vryhandel tussen die twee lande sou wees. Dit het verder bepaal dat die han=del sou plaasvind op 'n basis dat die mees begunstigde land die grootste voordeel sou trek. Hierdie bepaling het im=pliseer dat die Duitse handelsvoorkeur nie dieselfde voorkeure as die van die Unie aan Rhodesië (die huidige Zimbabwe), Mosambiek of die Britse Ryk toestaan nie. Dit het dus bete=ken dat die Duitse handelsverdrag uitdrukking gegee het aan die goeie betrekkinge wat daar tussen Duitsland en die Unie bestaan het, en dat die Unie se nuwe status as onafhanklike Dominium, volgens die Balfour-verklaring, binne die Britse Ryk hiermee onderstreep was. Die verdrag het dadelik 'n klank van onafhanklikheid by veral die Engelssprekendes, in

18. Die Burger, 6.6.1929.
19. J.H. Le Roux, Die Engelssprekende as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, ongepubliseerde D. Phil-proefskrif p. 644..

die Suid-Afrikaanse Party veroorsaak. Vir hulle was dit 'n skending van die vertroue wat Brittanje in Suid-Afrika gehad het, daar alle handel met ander lande nog altyd in die ver= lede via Brittanje gegaan het. Duitsland was tradisioneel 'n vyand en mededinger van Brittanje op ekonomiese gebied.[20]

Brittanje het die verdrag as 'n skending en 'n bedreiging van die goeie bande met Suid-Afrika beskou. Genl. Smuts het in die verdrag 'n geleentheid gesien om die Pakt-regering in on= guns by, veral die Engelssprekende, Suid-Afrikaners te bring. "I am all for fostering inter-Empire trade and when Hertzogs German treaty comes before the house, we shall do our best so to amend it as to have the door open for more Empire preference in future."[21] Daar was 'n gevoel onder die aanhangers van die Pakt-bewind dat die bohaai oor Suid-Afrika se handelsverdrag met Duitsland maar net bewys het dat aggressiewe Britse imperialisme slegs verskuif het vanaf die konstitusionele na die ekonomiese. As bewys hiervoor kan aangevoer word dat die Engelssprekendes met sterk Britse sentiment in Suid-Afrika die geleentheid gesien het om die Unie se ekonomiese afhanklikheid van Brittanje te herbe= klemtoon.[22] Suid-Afrika was, volgens hulle, konstitusio= neel verplig om sy eie handels - en nywerheidsontwikkeling on= dergeskik aan die Britse Ryk te stel. Hierdie siening van hulle was 'n doelbewuste poging om die Unie se konsti= tusionele onafhanklikheid te neutraliseer deur voortdurend nouer ekonomiese bande binne die Britse Ryk te propageer. Dit kon op die lang duur Suid-Afrika se uitvoerhandel erns= tig benadeel. Genl. Smuts het aangevoer dat die verdrag 'n anti-Britse gesindheid van Suid-Afrika se kant openbaar het, terwyl Brittanje op daardie stadium 70% van Suid-Afrika se buitelandse handel hanteer het.[23] Deur hierdie houding aan

20. Ibid..
21. Ibid., p. 646..
22. Ibid., p. 647.
23. Ibid.

te neem het Smuts verseker dat hy die steun van die lojale Engelssprekendes binne die Suid-Afrikaanse Party sou kry. "The South African Party stood for co-operation within the Common wealth of Nations. We stand for the maintainance and extension of Imperial trade preference - within the Em= pire."[24]

Sonder uitsondering het al die Engelse dagblaaie die verdrag veroordeel. Hulle kommentaar was deurgaans dat hierdie ver=drag neergekom het op 'n minagting van Brittanje se seggenskap oor die Dominiums. Hulle het die Pakt-regering daarvan beskuldig dat hulle 'n wig wou indryf tussen Suid-Afrika en Brittanje en gewaarsku dat die Pakt die gevolge daarvan in die komende verkiesing sou moes dra. "The treaty in short, is the public evidence of the anti British bias that inspires so many of the decisions of the present Govern= ment"[25] was <u>The Friend</u> se opsomming daarvan.

Namate die verkiesingsveldtog gevorder het, het Suid-Afri= kaanse Party aanhangers met hulle imperialistiese voorkeure al meer in botsing gekom met pro-Duitse Nasionaliste. Vir hier= die Nasionaliste was die handelsverdrag 'n verdere stap in die rigting van algehele ekonomiese onafhanklikheid vir Suid-Afrika. Die toutrekkery oor die Duitse handelsverdrag het duidelik gewys tot watter mate 'n ekonomiese situasie, wat veel eerder met rasionele denke benader moes word, deur 'n po= litieke party vir sy eie gewin uitgebuit kon word. Dit het duidelik hier nie gegaan oor wat vir Suid-Afrika op die lang= termyn die beste sou wees nie, maar veel eerder oor wie van Hertzog of Smuts die ekonomiese situasie tot die beste voordeel vir sy party sou kon uitbuit.[26] Dat die verdrag

24. Ibid.
25. The Friend, 28.1.1929.
26. Le Roux, Die Engelssprekende as faktor, pp. 657 - 660.

aanvanklik geen opslae in Brittanje veroorsaak het nie, dui duidelik daarop dat dit wêreldwyd as 'n positiewe stap in die rigting van gemeenskaplike ekonomiese handelsbetrekkinge gesien was.[27] Rassegevoelens is egter opnuut weer aangewakker in die hele debat. Die Pakt en veral die Nasionaliste binne die Pakt, het gepoog om die kiesers te oortuig dat diegene wat teen die verdrag gekant was, oordrewe imperialisties in hulle siening was. Hulle het Suid-Afrika nie die reg tot selfbeskikking, soos in die Balfour-verklaring van 1926 uiteengesit, gegun nie en ook wou hulle nie erken dat Suid-Afrika baie by die verdrag sou baat nie. Die Nasionaliste wou dus Suid-Afrika se ekonomiese selfstandigheid demonstreer - suiwer ekonomiese beginsels het hier die deurslag gegee.

Teenoor hierdie Nasionaliste was die Suid-Afrikaanse Party eweneens vasberade om die kiesers daarop te wys dat die hele verdrag slegs 'n poging van genl. Hertzog was om weg te beweeg van die Britse Ryk. Hertzog wou volgens hulle slegs poog om 'n gevoel van oordrewe Nasionalisme by die kiesers te laat ontstaan. Hulle was vasberade om dit nie te laat gebeur nie.[28] Hierdie twee uiterse pole, Nasionalisme en Imperia= lisme soos gemanifesteer in die Duitse Handelsverdrag, sou beslis hulle stempel op die 1929-verkiesing laat.

## 3.5 DIE PAKT SE HANTERING VAN DIE BLANKE ARBEIDERS.

Reeds sedert 1922 was daar probleme oor die Kleurgrens heen met betrekking tot die arbeidsbeleid van die regering. Die 1922 werkersopstand het juis as gevolg van die vervanging van blanke-arbeiders met swartwerkers plaasgevind. Die insident

---

27. Ibid., p. 662.
28. Hansard, Deel 13, van 7.8.1929, kol. 558 - 570.

in 1922 was grootliks verantwoordelik vir die daling in gewildheid van die Suid-Afrikaanse Party. Vandaar dat genl. Hertzog deurentyd gepoog het om die belange van die blankewerkers verskans te kry deur wetgewing. Die beleid wat die Pakt gehandhaaf het ten opsigte van geskoolde arbeid het skerp onder die soeklig gekom tydens die 1929-verkiesing. Die Kleurlingstem [29] in Kaapland was vir beide van die twee partye van die uiterste belang en dit was juis hier waar die aangeleentheid prominensie geniet het.

In reaksie op beweringe van die Suid-Afrikaanse Party dat die Pakt slegs vir blanke arbeiders gesorg het, het genl. Hert=zog daarop gewys dat daar in 1924 by die Pakt-bewindsoorname slegs 4 294 Kleurlinge in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë was. In 1928 was daar egter reeds 7 031 wat 'n duidelike bewys was dat die Kleurlinge voorkeur bo swart ar=beiders gekry het.[30] Hierteenoor het Hertzog die blanke kiesers se aandag daarop gevestig dat die blankes in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë slegs 4 670 was teenoor die 15 878 in Desember 1928.[31] Wat die Loonwet [32] betref, wil dit voorkom asof die Opposisie uit twee monde gepraat het. Aan die stedeling het Smuts verkondig dat hy die Wet nie sou herroep nie, terwyl hy op die platteland presies die teen=

29. Die Kleurlingstem was belangrik, omdat daar sommige kiesafdelings veral in Kaapstad was waar die partyverde=ling op 'n 50 - 50 basis was. Verder was die Kleurling=stem manipuleerbaar en die Suid-Afrikaanse Party het daarin geslaag om die Kleurlingkieser vir homself te wen. Die Nasionale Party daarenteen het in sommige kiesafde=lings, waar die Kleurlingstem groot gewig gedra het selde die mas kon opkom teen die gekombineerde poging. Vgl. in die verband R.E. van der Ross, The Rise and Decline of Apartheid, p. 75.
30. Die Burger, 4.1.1929.
31. Ibid., 25.4.1929.
32. Die Loonwet van 1925 was deur die Pakt-regering ingestel in 1925. Die hoofdoel van die wet was om vir minimum lone en segregasie in die nywerheid voorsiening te maak. Die Wet het die totstandbrenging van 'n permanente Loon=raad tot gevolg gehad.

oorgestelde kwyt geraak het. Die Burger berig op 1 Februaie as volg oor hierdie oënskynlike dubbelpratery van die Suid Afrikaanse Party: "Aan diegene wat ten gunste van die Loonwet is, word vertel dat die S. A. Party dit ook steun. Tegelyk praat die Party saam met die ontevredenes. En dit is die Party wat in die laaste tyd sedepreke hou oor Politieke moraliteit!"[33] Dit wil voorkom asof genl. Smuts nie mooi geweet het wat om met die Wet te maak nie. Nadat hy verklaar het dat die wet gehandhaaf moes word, het hy daarna verklaar dat die wet syns insiens beperk moes word tot die georga= niseerde nywerhede. Hierdie uitlating was in skerp kontras met sy vroeëre verklaring, dat sy Party sal sorg dat daar nie met die georganiseerde nywerhede ingemeng sal word nie, maar dat daar slegs vir beskerming van die halfgeskoolde arbeiders gepleit word.[34]

Die feit dat die Suid-Afrikaanse Party hulleself dikwels ge= repudieer het, het die Party se saak net skade berokken in die oë van die breë kieserspubliek. Wat die Loonwet betref was daar dus weer twee standpunte waaroor die kiesers in 1929 vir hulleself moes besluit. Aan die een kant was daar die Pakt-regering se standpunt dat die Loonwet primêr ingestel is om die regte en voorregte van die blanke arbeider te beskerm. Die wet het verder ook onderskeid getref tussen beskaafde- en onbeskaafde arbeid en het voorsiening gemaak vir die daarstelling van 'n Loonraad wat minimum lone vir ge= skoolde en ongeskoolde arbeiders sou vaspen. Hierdeur sou die arbeider dus beskerm word teen uitbuiting van die kapitalis. Teenoor hierdie siening was daar die Opposisie se standpunt dat die wet onaanvaarbaar is, synde dat dit 'n so= sialisties geïnspireerde maatreël was, wat deur die Arbei= dersparty op die Nasionale Party afgedwing was sedert 1925.

---

33. Die Burger, 1.2.1929.
34. Ibid., 20.2.1929.

Die Pakt het op 16 Mei 1928 'n ooreenkoms met die Portugese gesluit, waarin voorsiening gemaak is vir die werkers vanuit Mosambiek om in die Suid-Afrikaanse myne te kom werk. Dit het bekend gestaan as die Mosambiek-ooreenkoms.[35] Die Na= sionale Party was die mening toegedaan dat hierdie werkers 'n positiewe bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie kon maak. In teenstelling met hierdie siening het die Suid-Afrikaanse Party verklaar dat hierdie werkers slegs die werksgeleenthede van die Suid-Afrikaanse arbeiders benadeel. Volgens Smuts sou hierdie vreemde werkers net probleme skep daar hulle geen werklike belang by die Suid-Afrikaanse opset gehad het nie. By die bewindsaanvaarding van die Pakt was daar 45 000 werkers uit dele van Afrika werksaam in die Unie en in 1929 het die getal gegroei tot 107 500.[36]

Deur die aangaan van hierdie verdrag wou die Nasionale Party wys dat Suid-Afrika minder afhanklik van Brittanje was ten op= sigte van die daarstelling van 'n eie infrastruktuur. Hierdie ooreenkoms was nog 'n stap verder in die uitbouing van Hertzog se "Suid-Afrika eerste" beleid.

Ekonomiese argumente het in die verkiesingsveldtog van 1929 groot gewig by die kiesers gedra. Een van die belangrikstes was die belastingverligting wat deur minister Klasie Havenga aangekondig is. Dit het meer geld in die sak van die kieser beteken. 'n Verdere belangrike voordeel was dat die boere 'n beter uitvoermark vir hulle produkte bekom het as gevolg van die Duitse- en Mosambiekse handelsverdrae. Die Pakt-regering se gesonde finansiële beleid en die daarmee gepaardgaande oor= skotte was besondere goeie nuus vir die Suid-Afrikaanse kiesers. Die feit dat die landskuld met byna R58 miljoen ge=

---

35. R. Horwitz, <u>The Political Economy of South Africa</u>, p. 218.
36. <u>Hansard</u>, Deel 12, van 18.3.1929, kol. 1682.

daal het, het ook gunstige reaksie vir Hertzog ontlok.[37] Die feit dat die landsfinansies kerngesond was, kan toegeskryf word aan die nywerheidsbeskerming, wêreldwye ekonomiese sta= biliteit en veral die ekonomiese oplewing in die Unie wat na 1924 so sterk op die voorgrond getree het. Minister N.C. Ha= venga se ferme optrede en die groot sukses wat hy met die land se finansies behaal het, het dit vir die kieser makliker gemaak om nie te twyfel aan die geloofwaardigheid van die verkiesingsbeloftes van die Pakt nie.

Hierteenoor het die Suid-Afrikaans Party mank gegaan aan ar= gumente om die Pakt se ekonomiese suksesse verdag te maak. Smuts het moedig probeer om die kiesers daarop te wys dat dit inderwaarheid die Suid-Afrikaanse Party was wat die grondslag vir 'n ekonomiese oplewing gelê het. Hy het beweer dat die Pakt-regering maar net kom voortbou het op dit wat tydens sy bewind daar gestel is. "Nothing is more ridiculous or more laughable than to hear the Government, and the Pact generally say that they launched South Africa on an industrial career. The foundations were laid by us, the policies were laid by us, the protection was given by us.[38]

Agt partye het tot die verkiesing toegetreë naamlik die Nasionale Party, die Suid-Afrikaanse Party, die Arbeider-Creswelliete, die Arbeider-Hoofbestuursgroep, die Boereparty, die Demokratiese Party, die Liberale Party en die Kom= munistiese Party.[39] Hiervan was nege kandidate van die Suid-Afrikaanse Party onbestrede, wat in wese beteken het dat die party reeds met 'n voorsprong begin het.[40] Reeds lank voor 12 Junie was verskeie menings gelug oor wat die uitslag van die verkiesing sou wees. Die twee wat egter die mees

37. Die Burger, 6.6.1929.
38. The Cape Argus, 20.2.1929.
39. Die Burger, 15.5.1929.
40. Ibid.

opvallende was, was Smuts se uitlating dat die Suid-Afrikaanse Party weer die leisels gaan oorneem. Tielman Roos het die versekering gegee dat dit nie gaan gebeur nie en dat die Nasionale Party alleen 70 uit die 148 setels gaan verower.[41] The Friend som die situasie vooraf egter baie mooi op: "Both the Nationalist and South African Party men show confidence in their ability to carry their candidates to success. When ever one party or the other is uncertain about its chances, it bravely hide its doubts and the great game of reciprocal bluff goes on. What is probably nearer the mark is that there is a vast uncertainty in the majority of the Cape constituencies, just as there probably is in the majority of the Transvaal constituencies."[42]

Namate die uitslae van 12 Junie 1929 bekend geword het, was dit duidelik dat die Nasionale Party baie sterker uit die stryd gaan tree. Teenoor die 63 setels wat die Party in 1924 verower het, het hulle in 1929 nie minder as 78 setels verower nie. Die finale uitslag was as volg, Nasionale Par=ty 77, Suid-Afrikaanse Party 61, Arbeiderspartye (beide groepe) 8 en 1 Onafhanklike.[43]
Die uitslag van 12 Junie was vir genl. J.B.M. Hertzog 'n groot vreugde maar genl. J.C. Smuts was baie teleurgesteld. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Nasionale Party het die Party 'n volstrekte meerderheid, naamlik 8 setels, in die Volksraad gehad.[44] 'n Belangrike kenmerk van die uitslag van die verkiesing was dat die Arbeidersparty nie werklik meer 'n faktor was waarop die Nasionale Party kon staatmaak nie. Verder het die Nasionale Party ook goeie winste op die Suid-Afrikaanse Party in veral die Kaapprovinsie en Transvaal be=

41. Ons Vaderland, 29.5.1928.
42. The Friend, 25.5.1929.
43. In die 1924-verkiesing was die stand van partye as volg: N.P. 63, S.A.P. 54, A.P. 17, en onafhanklikes 2. Vgl. Die Burger 15.6.1929.
44. Die Burger, 15.6.1929.

haal, maar in teenstelling hiermee kon die Nasionale Party slegs 1 setel in Natal, die van Vryheid, verower.[45] Die uitslag van die verkiesing het opnuut getoon dat die jonger garde binne die Nasionale Party deels verantwoordelik was vir die groot vordering wat die Party gemaak het en dat die Nasionale Party beslis nie aan die agteruitgaan was nie.

Plaaslik en oorsee het die dagblaaie behoorlik gegons oor die uitslag van die verkiesing. Sommige plaaslike dagblaaie se teleurstelling was so groot dat hulle kommentaar gegrens het aan beledigings. The Star se kommentaar was dat dit as ge= volg van die Nasionale konvensie se belaglike reëlings, om die plattelandse kiesafdelings met 15% van die kwota te ont= laai, was dat die Nasionale Party so 'n groot sukses behaal het.[46] The Natal Mercury het die Transvalers blameer vir die Nasionale Party se sukses. Die blad het aangevoer dat die Transvaalse ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Party die Party in die steek gelaat het. Hulle organisasie was nie na wense nie en hulle het ook geen veggees getoon in vergelyking met byvoorbeeld die Natallers, wat nog steeds die Imperiale gedagte sterk gesteun het nie.[47] The Friend het die mis= lukking van die Suid-Afrikaanse Party toegeskryf aan die sukses wat die Nasionale Party met die kleurbeleid behaal het, waardeur die Afrikaner Nasionalisme opnuut opgevlam het. 'n Belangrike faktor volgens die blad was die mislukking van die ekonomiese beleid van die Suid-Afrikaanse Party, veral in die stedelike kiesafdelings.[48] Die Suid-Afrikaanse Party kon geen alternatief vir Hertzog se ekonomiese beleid stel nie en die suksesse wat Havenga op die finansiële akker behaal het, het die deurslag in stedelike kiesafdelings gegee. The

45. Adv. E.G. Jansen het Vryheid met 'n meerderheid van 331 stemme by die S.A.P. gevat.
46. The Star, 14.6.1929.
47. The Natal Mercury, 14.6.1929, in Le Loux, Die Nasionale Party Deel 111, p. 69.
48. The Friend, 14.6.1929. Vgl. ook Die Burger, 20.6.1929.

Cape Times lê ook klem op die feit dat die Suid-Afrikaanse Party swak gevaar het in die plattelandse kiesafdelings, maar die blad skryf dit eweneens toe aan die suksesvolle manier waarop die Nasionale Party die kleurvraagstuk hanteer het. Die blad gaan voort om die blaam in 'n mate op J.H. Hofmeyr te plaas, omdat hy Smuts in die steek gelaat het tydens die verkiesingsveldtog.[49] The Cape Argus het beweer dat die uitslag van die verkiesing bewys het dat onkunde die hoofsom van Nasionaliste is en dat die verkiesing sy respek vir gesonde verstand laat daal het.[50]

In kontras met die Opposisiepers het Die Burger skerp te vel= de getrek teen diegene wat nog so sterk imperialistiesgesind was. Vir die blad was die uitslag 'n klinkklare bewys dat die volk 'n mosie van vertroue in die Nasionale Party gehad het. Die blad het Nasionaliste geloof vir hulle optrede en die Opposisie pers gemaan om nie die oorwinning van die Na= sionale Party te probeer afkraak nie, maar hulle moes die fout eerder in eie geledere gaan soek. Die Suid-Afrikaanse Party moes nou besef het dat Hertzog 'n mandaat van die kiesers ge= kry het, en dat daar nie sprake van gelyke regte vir alle rasse sou wees nie.[51]

Die buitelandse pers, en by name die Britse pers, was nie baie ingenome met die uitslag van die verkiesing nie. Die kerngedagte rondom hulle kommentaar was dat Hertzog 'n be= dreiging vir imperiale bande met Brittanje ingehou het en dat daar kommer in die buiteland bestaan het oor die feit dat die Nasionale Party, met sy sterk Afrikanerelement, nou alleen die land kon regeer. Dit sou, volgens kommentaar, ook 'n negatiewe invloed op ekonomiese handelsbetrekkinge meebring.[52]

---

49. Die Volksblad, 4.12.1930.
50. Die Burger, 21.6.1929.
51. Ibid., 24.6.1929.
52. Le Roux, Die Nasionale Party Deel 111, pp. 72 - 73.

Samevattend kan gesê word dat die 1929-verkiesing wel aan Hertzog 'n mandaat vir sy kleurbeleid gegee het en dat dit op sigself 'n groot oorwinning vir hom was. 'n Verdere ken= merk van die verkiesing was dat dit die Engelstaliges met die sterk imperialistiese siening tot kommer gestem het, oor wat nog vorentoe deur die Afrikaner binne die Nasionale Party ver= mag kon word. Die ekonomies selfstandige houding wat die Nasionale Party openbaar het met die aangaan van die Duitse handelsverdrag is in, veral Duitsland, met groot entoesiasme ontvang. Die verdrag het ook bevestig dat die Nasionale Party nie anti-Duits gesind was nie en hoop het in die buite= land opgevlam dat Hertzog dieselfde gesindheid teenoor Suid= wes-Afrika, die mandaatgebied, sou openbaar.

Die uitslag van die 1929-verkiesing het op beide die Nasionale Party sowel as die Suid-Afrikaanse Party sy stempel gelaat. Genl. Smuts het met die ontevredenheid van die pro-Britse fak= sie in sy Party gesit. Diesulkes het begin twyfel of hulle werklik 'n toekoms in Suid-Afrika kon hê. Daar was by hulle kommer dat genl. Smuts nie meer die mas teen genl. Hertzog sou kon opkom nie. Dit sou beteken dat Hertzog met sy anti-Britse gesindheid al verder weg van Brittanje sou beweeg. In Natal het die Devolusioniste [53] begin praat van afskeiding van die res van Suid-Afrika. Dit was lynreg in stryd met Smuts se holistiese gedagte en dat generaal Smuts daarin geslaag het, al was dit net tydelik, om hierdie manne in toom te hou, spreek boekdele vir die generaal.

Binne Nasionale Party geledere het genl. Hertzog weer met die anderkant van die munt gesit. Diegene met die republiekeinse ideaal, was weer vir hom 'n groot probleem. Voorstanders van 'n Republiek het die tyd nou ryp gesien vir aanvoorwerk om

---

53. Die Devolusioniste was 'n groep in Natal wat gepoog het om Natal van die res van die Unie af te skei. Hulle het deurgaans groot probleme vir Smuts veroorsaak.

hulle ideaal te bereik. Hulle het hulle daarvoor beywer om groter staatkundige onafhanklikheid te verkry. Die feit dat genl. Hertzog self nie meer heeltemal negatief gestaan het teenoor samewerking met die Suid-Afrikaanse Party nie, het sy saak geensins by die republikeine bevorder nie. Die kloof tussen Hertzog en diegene met die republikeinse ideaal het al groter geword na die 1929-verkiesing, omdat die republikeine gevoel het dat daar meer daadwerklik oor 'n Republiek besin moes word. Op 17 Desember 1929 het 'n buite-parlementêre groep republikeinsgesindes in Bloemfontein bymekaar gekom om uiting aan hulle gedagtes te gee.[54] Op 26 Mei 1930 is 'n Re= publikeinse Bond, onder leiding van drr. N.J. v d Merwe en T. C. Visser, deur 20 Nasionaliste gestig.[55]

Beide hierdie twee elemente binne die partye sou vorentoe nog 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse politiek speel. Beide partye het ook jong leiers gehad wat met groot ideale tot die politieke arena toegetree het. Die rol van die Afri= kaanse pers het ook tydens die verkiesingsveldtog sterk toegeneem en dit was veral Die Burger en Die Volksblad wat hier 'n belangrike rol gespeel het. Die feit dat hierdie twee Afrikaanstalige dagblaaie die Nasionale Party gesteun het was vir die Party van groot waarde.[56]

Nog 'n nadraai van die verkiesing was dat genl. Hertzog, al= hoewel hy hulle nie meer nodig gehad het nie, twee van die Arbeidersparty lede in sy kabinet opgeneem het, te wete kol. F.H.P. Creswell, as Minister van Verdediging en H.W. Sampson,

54. M.P.A. Malan, Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p. 165.
55. Ibid.
56. Om die rol van die media te beklemtoon: Na die verkie= sing het 'n ondersteuner aan Smuts geskryf dat dit tyd geword het dat die Suid-Afrikaanse Party ook 'n Afri= kaanstalige dagblad moet kry om as teenvoeter vir Die Burger en ander Afrikaanstalige dagblaaie te dien.

as Minister van Poswese en Telegrafie [sic].[57] Hierdeur het Hertzog verseker dat hy nog steeds kon staatmaak op 'n aan=sienlike persentasie van die steun van die Arbeidersparty. Hulle opname het 'n effens Engelstalige inslag aan die andersins Afrikaanssprekende kabinet, verleen. Deur hulle opname het Hertzog ook getoon dat hy nog steeds 'n simpatieke houding jeens die Arbeiders, veral blanke arbeiders, in die land sou openbaar.

Die nuwe Pakt-regering sou voortaan in die Senaat ook die meerderheid lede hê en dit het vir Hertzog baie beteken, gesien teen die agtergrond daarvan dat die Opposisie nie verder by magte was om enige wetgewing te vertraag nie. Hertzog moes inderdaad nuwe vergesigte met betrekking tot sekere van sy beoogde Wetsontwerpe gesien het. Dit sou ook meehelp dat wrywing tussen die twee belangrikste blanke politieke partye afgeskaal sou word.

## 3.6 GEBEURE WAT SAMESMELTING VOORAF GEGAAN HET.

Met die aanvang van genl. J.B.M. Hertzog se tweede termyn as Premier was alles nie so rustig as wat dit met die eerste oog=opslag wou voorkom nie. Met sy bewindsoorname in 1924 was hy seker van die lojaliteit van al die lede van sy Party. In 1929 was dit egter nie meer die geval nie. Die skeuring binne die Arbeidersparty het veroorsaak dat Hertzog slegs op die steun van die Creswellgroep binne die party kon staatmaak. Daarby het die Arbeidersparty by die stembus ook heelwat swakker gevaar en kon in die nuwe parlement slegs agt van die vorige agtien setels behou. Hertzog kon egter slegs op die steun van 5 van hierdie 8 lede staatmaak.

57. Die Burger, 19.6.1929.

Kort na die verkiesing van 1929 het adv. Tielman Roos vanuit 'n siekbed in Duitsland, aan genl. Hertzog laat weet dat hy nie langer sy weg oopsien om aan die politiek deel te neem nie.[58] Dit moes vir genl. Hertzog 'n verligting gewees het toe hy die nuwe bewindstydperk sonder die "leeu van die Noorde" aangepak het, omdat Roos en dr. Malan juis tekens getoon het dat hulle nie langs dieselfde vuur sit nie en ook omdat Roos en Hertzog self oor die Arbeiders-Creswelliete met mekaar verskil het. Verder was Roos geneig om dikwels uitsprake te maak wat die Opposisie of Hertzog self omgekrap het. 'n Duidelike voorbeeld hiervan was Roos se voorstel, op 20 Desember 1926, aan dr. D.F. Malan en F.W. Beyers dat die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party elk twee verteenwoordigers bymekaar moes kry met die oog op samespreking ten einde samewerking tussen die partye te bewerkstellig.[59] Roos wou die Arbeidersparty in die proses buite rekening laat en het bygevoeg dat indien onderhandelinge met die Opposisie tot voordeel van die Nasionale Party aangegaan kon word, die Arbeidersparty geïgnoreer moes word.[60] Creswell was met reg ontsteld hieroor, omdat juis Roos voorheen kwansuis samewerking met die Arbeidersparty as belangrik beskou het. Hy het Roos as 'n koelbloedige skepsel beskryf.[61] Roos se plek in die kabinet is deur nog 'n jong man adv. Oswald Pirow ingeneem.[62]

Verskeie Parlementslede, van beide hoofpartye, het hulle begin beywer vir een sentrale party. As motivering het diegene, met sulke gedagtes, aangevoer dat daar in wese nie veel meer verskil tussen die twee hoofpartye was nie. Die enigste wesenlike verskil was die gevoel jeens die Britse Ryk en lojaliteit teenoor Brittanje. Sommige van die troue

58. J.P. Brits, Tielman Roos, p. 354.
59. Ibid.
60. Ibid.
61. Ibid.
62. Kruger, p. 156.

ondersteuners van die ou imperialisme het genl. Hertzog dit verkwalik dat hy 'n beleid van selfstandigheid gevolg het. Tog was daar onder die jonger garde binne die Suid-Afrikaanse Party manne wat die nodigheid van samewerking met die oog op beter verhoudinge binne Suid-Afrika, bo kleinlike persoonlike verskille gestel het. Een hiervan was die jeugdige en begaafde Jan Hofmeyr.[63]

Jan Hofmeyr het besef dat hy iets sou moes doen in belang van 'n oplossing vir die probleem van samewerking tussen die twee hoofpartye. Hy was deel van die nuwe denkers wat par=typolitieke hergroepering en rasseversoening voorgestaan het.[64] In Januarie 1930 het Joel Krige, wat as leier van die Suid-Afrikaanse Party waargeneem het, verklaar dat die Suid-Afrikaanse Party bereid was om saam te werk met be=trekking tot die Wetsontwerpe oor swart verteenwoordiging en Kleurlingregte.[65] Hierdie belofte het werklikheid geword toe generaal Hertzog en Smuts later ooreengekom het om die Wets=ontwerp, voor die tweede lesing, na 'n Gekose Komitee te ver=wys.[66]

Beide die generaals het op die Gekose Komitee gedien, maar die Komitee het etlike maande later te kenne gegee dat die ondersoek nog nie afgehandel was nie en dat die werk nog voortgesit moes word. Daarna het die Komitee die opdrag gekry om ook die Kleurlingwetsontwerp te hanteer.[67] Die Kleur=vraagstuk was een van die moeilik hanteerbare Wetsontwerpe en genl. Hertzog moes die Wetsontwerp verskeie kere na die Gekose Komitee terug verwys.[68]

---

63. B. Friedman, Smuts a Reappraisal, p. 119.
64. Ibid.
65. C.M. van den Heever, Generaal J.B.M. Hertzog, p. 545.
66. Le Roux, et. al., Genl. J.B.M. Hertzog, p. 410.
67. Verenigde Vergadering van albei huise van die Parlement, 20.2.1930 - 26.5.1930, kol. 18.
68. Ibid.

Tydens die Rykskonferensie van 1930 het genl. Hertzog sy aansien by sy partygenote laat styg met sy ferme optrede voor die Britte. Hy het ondermeer verklaar: "The policy of the paramountsy of the natives' interests and the 'equal rights' doctrine were alike impossible of application where the white man had established his home in Africa for himself and those who followed him."[69]

Vir die Suid-Afrikaners was dit duidelik dat genl. Hertzog 'n keuse gemaak het en dat hy nie geskroom het om daardie standpunt van hom aan die wêreld voor te hou nie. Met hier= die optrede van hom het Hertzog die siening van die Afrikaner aan die wêreld uitgespel, en die gedagte dat die blanke toegelaat moes word om sy eie sake te reël in geen onduidelike taal onderstreep nie.[70] Vir die voortbestaan van die blankes in die land het hy gesê, moes die blankes self besluit oor wat gedoen moet word: "In South Africa, European is syno= nomous with civilization, and the extinction of the white man must inevitably be the extinction of civilization just as the extinction of civilization must prove the extinction of the white man in South Africa."[71]

Die Gekose Komitee het 'n verdere toevoeging tot hulle werk= saamhede gekry toe aan hulle opgedra is om ondersoek in te stel na die aankoop van grond vir uitsluitlike swart bewoning. Die gedagte was dat 'n Naturelletrust gestig sou word om meer as 7 miljoen hektaar grond uit te koop.[72] Hier sou slegs swartes kon woon. Hierdie laaste opdrag het dit vir die komitee onmoontlik gemaak om hulle werksaamhede af te handel en moes hulle noodgedwonge vir langer tyd vra. Dit is aan hulle toegestaan met die opdrag om hulle werksaamhede voort te

69. Le Roux, et. al., Genl. J.B.M. Hertzog, p. 413.
70. Spies, et. al., Deel 5, p. 266.
71. Ibid.
72. Hansard, Deel 18, van 22.2.1932, kol. 379.

sit. Een van die grootste knelpunte waarmee die komitee te doen gehad het, was die struwelinge rondom die instromings=beheer van die swartes.

Met genl. J.B.M. Hertzog se terugkoms op die lughawe na die Rykskonferensie het hy aan die skare verklaar dat dit hoog tyd was dat daar versoening in Suid-Afrika moet kom.[73] Hy het die gedagte geopper dat die twee blanke groepe in Suid-Afrika saamgevoeg moes word en dat klein partypolitieke verskille terwille van die voortbestaan van die blanke in Suid-Afrika oorboord gegooi moes word.[74] Hy het beklemtoon dat hy 'n "Suid-Afrikaanse Volkseenheid" in die vooruitsig stel.[75] Klem moet gelê word op die volgende uitlatings van genl. Hertzog: "Daardie nuwe oriëntasie; daardie 'coalition' met sy 'bestman government', is niks minder dan 'n partyspel, hoofrol gespeel deur belanghebbendes. Hierdie intrigante, wat ook deur hulle mag voorgegee word, en wat ook hul per=soonlike motiewe mag wees, beoogmerk in die eerste plek die verbrokkeling van die Nasionale Party, en nie die opbou van die volk nie. Alleen langs daardie weg sien hulle kans om hulle verdere doeleinde verwesenlik te kry."[76] Uit hierdie woorde kan 'n mens aflei dat hy nie ten gunste van koalisie was nie, en tog, enkele maande later, was hy 'n voorstan=der van koalisie en samesmelting. Dit het aan manne soos dr. Malan skietgoed verskaf waarmee hulle die generaal kon konfronteer. Sy eie woorde hierbo is male sonder tal na hom teruggeslinger, toe hy begin saampraat het oor koalisie en samesmelting.

Die gedagte van samesmelting het by 'n groter gedeelte van die bevolking begin posvat. Veral die Engelse pers het Hertzog

73. Le Roux, Die Nasionale Party Deel 111, p, 145,
74. Ibid.
75. Ibid.
76. Spies, et. al., Deel 5, p. 267.

se verandering ten opsigte van samewerking met die Suid-Afrikaanse Party geprys. Dit was vir hulle asof 'n nuwe lig aangegaan het en dat die hoop om tog uiteindelik die bande met die Britse Ryk te behou, tog nie finaal gebreek is nie. Genl. Hertzog het dit egter kategories gestel dat samewerking nie net van een kant kon kom nie en het gewaarsku: "Ek het aangetoon dat ek die konsiliasiekreet verag het wat nie werklik samewerking beoog nie. Toe, net soos nou, wou ek konsiliasie en toenadering hê maar nie op 'n basis van een= sydige opoffering nie."[77] Genl. Hertzog het nooit 'n politieke party bokant die volk gestel nie, en indien hy oor= tuig was dat die volk in sy ekonomiese ellende die ver= nietiging van die partyverdeling begeer het, met die opbou van 'n nuwe party uit hulle verguising, sou hy onmiddellik sy ernstige aandag daaraan gee.[78]

Op Woensdag 25 Januarie 1931 skryf genl. Hertzog in sy dagboek dat hy van voornemens was om genl. Smuts te besoek met die oog op samesprekinge: "dat ek, sodra die mosie van Smuts verwerp is en my amendament van vertroue in die Regering aangeneem is, na Smuts sou gaan en vir hom aan die hand gee dat ons die moontlikheid bespreek van samewerking in die Regering. Havenga en Pirow is dit beide eens met my."[79] Nie al genl. Hertzog se ondersteuners was egter ten gunste van same= smelting nie. Dr. D.F. Malan was van die begin af gekant teen hierdie denkrigting. Op 'n koukusvergadering van die Nasionale Party het genl. Hertzog daarop gewys dat Smuts 'n uitnodiging tot samewerking gerig het, en as die Nasionale Party daardie uitnodiging summier verwerp kon dit hulle, in verkiesings vorentoe, dalk duur te staan kom. Hertzog was veral bekommerd oor wat sou gebeur indien Smuts die same= werking van die Devolusioniste[80] kon bekom.

77. van den Heever, p. 591.
78. Ibid.
79. Ibid., p. 592.
80. Vgl. voetnoot 66.

Die toenadering het egter nie net van Hertzog se kant gekom nie. Met die opening van die parlement, in Januarie 1933, het Smuts, in plaas van die gebruiklike mosie van wantroue in die regering, verklaar dat hy bereid was om saam te werk aan een regering, met ander woorde 'n saamgroepering van die par= tye. Beide Smuts en Hertzog se hoofswepe, Louis Esselen en Tielman Roos was ook te vinde vir samewerking. Louis Esselen het as volg teenoor Roos opgemerk: "Met 'n bietjie toegee oor en weer is ek seker dat ons pogings sal slaag. Die nuwe party moet kom hoe gouer hoe beter."[81]

Die groot speek in die wiel was sonder twyfel die rol wat Tielman Roos na sy terugkeer in die politiek gespeel het. By hom het dit om sy persoon gegaan, terwyl die argument by Hertzog en Smuts juis was dat die belange van Suid-Afrika in die eerste plek gedien moes word. Ten spyte van Roos se mo= tiewe was hy egter die katalisator wat die twee generaals later in mekaar se politieke arms gedwing het.[82]

Die Nasionale Party het Roos se optrede tydens die goud= standaard debat baie veroordeel. Hulle het hom daarvan be= skuldig dat hy die Opposisie gesterk het in hulle saak. Ge= volglik wou die Nasionale Party nie eens met Roos oor samewerking tussen die twee hoofpartye onderhandel nie. In= tussen het Tielman Roos al meer gewild onder die mense geword. Daar was in beide die taalgroepe heelwat onduidelikheid oor wat Roos se toekomsplanne was en presies wat sy gesindheid jeens samewerking was. In Kaapstad het Roos sy toekomsplanne as volg saamgevat: "If an arrangement is made, as I believe will be made within the next few days, with the South African Party, it will be the easiest thing in the world to throw out

81. P. Meiring, Jan Smuts - Die Afrikaner, p. 138.
82. H.B. Thom, Dr. D.F. Malan en Koalisie, p. 60.

the Government in Parliament."[83] Met hierdie verklaring van hom het Roos impliseer dat hy planne van sy eie gehad het om buite die Nasionale Party 'n poging aan te wend om met die Opposisie samewerking te soek.

Tielman Roos het dr. D.F. Malan, met wie hy in die verlede heel dikwels ernstig verskil het, genader in 'n poging om Ma= lan te oorreed om met hom saam te werk.[84] Malan het egter geweier. Roos se voorstel aan Malan was dat hulle twee moes saamwerk om vanuit die binnekringe 'n poging aan te wend om Hertzog en Smuts te elimineer waarna hulle twee dan saam die land kon regeer.[85] Volgens Malan het dr. H. Reitz, Volks= raadslid vir Brits, hom eerste genader namens Roos om die Roos-aanhangers en die oorblywende Nasionaliste onder Malan se leiding saam te snoer. Roos het verklaar dat dit 'n onoor= winlike kombinasie sou wees, dog Malan het dit as 'n "politieke kaartespel" beskou en summier verwerp.[86] Daarna het Roos, dr. Malan self besoek en Reitz se versoek herhaal. Malan laat hom so daaroor uit, "Ek is nie bereid om aan enig-iemand [sic] my vriendskap met my een hand aan te bied terwyl ek met my ander hand agter my rug 'n dolk vashou waarmee ek van plan is om onmiddellik daarna hom 'n doodsteek te gee nie."[87]

Op 10 Januarie 1933 het adv. Roos op sy eie samesprekinge gehou met genl. J.C. Smuts met die oog op samesmelting van die Suid-Afrikaanse Party en die Roosiete, 'n aantal Nasionale Party lede wat hulle steun aan Roos toegesê het.[88] Smuts was egter nie van plan om met Roos te onderhandel sonder dat

83. The Star, 21.1.1933.
84. Thom, p. 85.
85 Ibid., p. 88.
86. Ibid.
87. Le Roux, Nasionale Party Deel 111, p. 215.
88. P.W. Coetzer, Koalisie en Samesmelting, ongepubli= seerde D. Phil-proefskrif p. 152.

hy sy eie party in die saak geken het nie. In die onder=handelinge met Roos is Smuts bygestaan deur Louis Esselen en Jan Hofmeyr. Die debat met Roos het veral gegaan oor die vraag oor wat Roos die Suid-Afrikaanse Party kon bied en wat hy in ruil daarvoor verwag het. Volgens Roos het hy belang gestel in 'n Koalisie wat sou bestaan uit 5 Nasionaliste, 5 Suid-Afrikaanse Partylede en 1 Arbeider.[89] Roos het sy uitgeslapenheid bewys toe hy geëis het dat die Premier iemand moes wees wat vir almal aanvaarbaar sou wees. So 'n persoon was op hierdie tydstip beslis nie Hertzog of Smuts nie en Roos was dus die voor die hand liggende persoon. Die Suid-Afri=kaanse Partylede wou niks van hierdie voorstel weet nie en het geëis dat Smuts Premier moes wees met Roos, adjunk-Premier.[90] Die verteenwoordigers kon egter nie met Roos ooreenkom nie en op 13 Januarie 1933 is aangekondig dat die onderhandelinge met Roos misluk het.[91] Roos se toekomsplanne was nou omver gegooi, omdat die onderhandelings afgespring het.

Op 20 Januarie 1933 het die parlementsitting 'n aanvang geneem en op 24 Januarie het Smuts, as Opposisieleier, 'n mosie in die Volksraad gestel waarin hy versoek het dat die regering dadelik bedank. As rede vir hierdie versoek het hy aangevoer dat Hertzog herhaalde male in die nabye verlede gesê het dat die regering sal bedank indien Suid-Afrika die goudstandaard verlaat. Dit is nie gedoen nie en hy het gevoel dat die rege=ring nou plek moes maak vir 'n nuwe "Nasionale Regering."[92] Smuts gebruik dus die ekonomie om op 'n swakpunt van Hertzog se beleid te wys.

Hiermee het Smuts duidelik sy misnoë met die Pakt-regering te kenne gegee en het hy daarop aangedring dat 'n Koalisie van

89. Ibid., p.153.
90. Ibid., p. 154.
91. Brits, p. 408.
92. Hansard, Deel 20, van 24.1.1933, kol. 36 - 46.

die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionaliste wat saamgestem het met hierdie siening, gevorm moes word. Hy het verklaar dat Partypolitiek op die agtergrond moes verdwyn om plek te maak vir 'n Nasionale Regering wat die belange van Suid-Afrika bo die belange van 'n spesifieke party gestel het. Smuts het voorts verklaar dat dit aan hom geen saak sou maak wie premier word of watter individue baat sou vind by so 'n koalisie nie, solank iets net gedoen kon word om die land uit die ekonomiese krisis te red.[93] Daarom het hy verklaar dat hy bereid sou wees om terug te staan as die volk iemand anders sou verkies as Premier.[94]

Hierdie bereidwilligheid van genl. Smuts om terug te staan moet gesien word teen die agtergrond van die verslegtende ekonomiese toestande. Die land se handelsbande met ander lande was in hierdie stadium nie baie gunstig nie as gevolg van die gebrek aan goeie uitvoerprodukte. Die droogte het in felheid begin toeneem en die boere het die regering blameer vir die toestand van armoede wat byna daagliks versleg het. Die realiteite spreek dikwels baie duideliker as urelange toesprake. In 1933 het ekonomiese realiteite dus 'n baie belangrike rol gespeel in die argumente rondom koalisie en samesmelting. Die ekonomie het dus 'n bepalende invloed op die politieke denke van die kiesers gehad.

Hertzog het negatief reageer op hierdie mosie van Smuts deur te verklaar dat hy geen werklike doel agter die gedagte van Koalisie kan sien nie. Vir hom was daar geen gemeenskaplike oogmerke en ideale tussen die twee Partye nie en daarom sou so 'n stap vir hom geen sin inhou nie.[95] Hy het verklaar dat Smuts hom gevlei het: "die agbare lid vir Standerton (Smuts)

93. Ibid.
94. Ibid.
95. Ibid.

het begin vlei, daarna het hy gedreig en eindelik het dit waarlik gelyk asof hy my wou omkoop."[96] Hierdie nega= tiewe respons van Hertzog het alle hoop op samewerking die nek ingeslaan.

Inmiddels het die Roosiete nog nie moed verloor nie. Hulle het na hierdie uitlating van Hertzog met 'n voorstel gekom dat Smuts en Hertzog moes uittree en die leisels oorlaat aan 'n man soos Roos, wat "die agting van die volk geniet het."[97] Hulle boodskap aan die twee generaals was: "You have an honoured place in your country's history; you may not have it in twelve month's time."[98] Hiervan wou nie een van die twee leiers se volgelinge iets hoor nie en Klasie Havenga som die situasie goed op toe hy Volksraadslede gewaarsku het dat hulle die hele gedagte rondom samewerking maar kon laat vaar, indien hulle van plan was om die twee leiers uit te skakel.[99]

Klasie Havenga is sterk deur dr. D.F. Malan ondersteun. Malan het verder gegaan en die Suid-Afrikaanse Party daarvan beskuldig dat hulle die Pakt en die Nasionale Party teen me= kaar wou afspeel, in 'n poging om die twee te laat skeur.[100] Hy het gevoel dat Smuts besig was om met die vyande van die Nasionale Party te heuel, terwyl hy met sy voorstel van koalisie na Hertzog gekom het.[101] Hierna het die Nasionale Party begin om die Roosiete te identifiseer in 'n poging om die Nasionale Party te suiwer.

96. Ibid.
97. Ibid.
98. Ibid.
99. Ibid.
100. Ibid
101. Hier verwys hy na die Smuts-Roos onderhandelings.

Op 'n koukusvergadering het die Nasionale Party besluit dat geen lid van die Party binne of buite die Parlement die koa= lisie gedagte mag ondersteun of propageer nie. Indien enige Nasionale Partylid hom skuldig maak aan sulke oortredings sal hy summier uit die Party geskors word.[102]

Op 'n koukusvergadering van die Suid-Afrikaanse Party op 28 Januarie 1933 het Smuts, nadat hy baie kalm na al die argu= mente sit en luister het, hom bereid verklaar om onder Hert= zog as Premier te dien, solank dit net tot voordeel van die land sou wees.[103] Dit was 'n goed berekende skuif van Smuts en aan die einde van die vergadering het hy sy partylede aan sy voete gehad. Hulle het hom dan ook volmag gegee om met Hertzog te onderhandel oor koalisie tussen die twee Partye. Vir Smuts was dit ook meer aanvaarbaar om met Hertzog oor koalisie te onderhandel omdat hy Roos nie vertrou het nie, en omdat hy nie werklik oortuig was dat Roos die hoeveelheid aanhang wat hy wou voorgee inderwaarheid onder die Nasiona= liste geniet het nie. "Smuts was ready to believe that his own long march and Hertzogs march had led them at long last to the threshold of reconsiliation."[104]

Een persoon wat behoorlik uit sy pad gegaan het om die twee generaals bymekaar te probeer uitbring was die jong Jan Hof= meyr. Hy wat as genl. Smuts se regterhand beskou was, het gevoel dat Smuts en Hertzog mekaar moes vind oor koalisie. Hy het Smuts oorreed om aan die einde van die Volksraadsdebat nogeens te pleit vir 'n Nasionale eenheids Regering. Hieruit is dit duidelik dat die tussenkoms van Roos, Smuts se planne ietwat omvergegooi het. Vandaar Hertzog se aanvanklike weie= ring om met Smuts te onderhandel. Smuts het teenoor Hofmeyr

---

102. Die Burger, 25.1.1933.
103. Coetzer, p. 219.
104. Ibid.

erken dat hy baie teleurgesteld was in die wending wat die onderhandelings geneem het, daar hy werklik gedink het dat Hertzog ietwat meer positief oor die saak begin redeneer het: "Perhaps I am to blame," het hy verklaar, "Perhaps I have handled the subject unskillfully --- I did not want to start a general indictment of the government or a general dog fight."[105] Smuts het Hofmeyr se raad gevolg en sy versoek tot 'n koalisieregering herhaal.

In teenstelling met die Smuts ondersteuners wat hom aangespoor het tot 'n koalisieregering, het Hertzog se Nasionale Party ondersteuners hom aangemoedig om enige toenadering van Smuts beslis te verwerp.[106] Baie telegramme is aan hom gestuur om hom sterkte toe te wens in sy stryd, nie alleen teen Smuts nie maar ook teen die Roosiete. Die Nasionale pers het ook nie agtergebly nie en het die stryd teen koalisie tot groot hoogtes gevoer. Veral Die Burger was heftig gekant teen koa=lisie en het selfs met sy spotprente orals probeer om koalisie en die Suid-Afrikaanse Party verdag te maak.[107] Sake is nog verder vertroebel deur dubbelsinnige uitlatings van genl. Hertzog in die Nasionale dagblaaie. So het genl. Hertzog by=voorbeeld op 4 Februarie 1933 in 'n onderhoud met Die Burger nadruklik ontken dat hy oor koalisie onderhandel.[108] Op 6 Febraurie 1933 het hy na aanleiding van 'n vraag in Die Burger weereens ontkennend geantwoord met betrekking tot koalisie, maar slegs een dag later, 7 Februarie, het hy aan die Nasio=nale Party-koukus bekend gemaak dat hy bereid is om te onderhandel met die Suid-Afrikaanse Party in 'n poging om 'n koalisie te vorm.[109] Hierdie oënskynlik skielike verandering van Hertzog kon gekoppel word aan die gedagte dat hy besef het dat sy kanse om 'n volgende algemene verkiesing te wen begin

105. Hansard, Deel 20, van 24.1.1933, kol. 318.
106. Friedman, p. 94.
107. A. van Wyk, Die Keeromstraat - kliek, pp. 36 - 37.
108. Die Burger, 4.2.1933.
109. Ibid., 8.2.1933.

kwyn het. Die volgehoue druk van die ekonomie wat nogsteeds verswak het moes hom laat besef het dat daar geen kits oplossing vir die probleem was nie. Verder het hy nogsteeds gepoog om 'n tweederde meerderheid in die parlement te behaal vir die veranderinge in die kleurwetgewings. Indien hy dus tot 'n koalisieregering met Smuts sou instem sou hy heelwat van hierdie druk verminder.

Verdere aanvoorwerk tot onderhandelinge is ook deur onder andere J.B. (Pen) Wessels, Nasionale Party Volksraadslid vir Frankfort, en die reeds genoemde Jan Hofmeyr gedoen. Ge=sprekke tussen die twee het aan die lig gebring dat die Suid-Afrikaanse Party begerig was om van Roos ontslae te raak sodat die weg gebaan kon word vir onderhandelinge met Hertzog.[110] Wessels het hierop verklaar dat gerugte die rondte doen dat Hertzog al meer begin dink aan onderhandelinge. Wessels het Hofmeyr belowe om terugvoering te gee sodra hy kon agterkom indien daar 'n konkrete wending in Hertzog te bespeur was. 'n Dag later kon hy na samesprekinge met Havenga en Pirow, aan Hofmeyr rapporteer dat Hertzog hom op die Nasionale Party koukus ten gunste van samewerking uitgespreek het.[111] Volgens Wessels sou die generaal toenadering deur Smuts ver=welkom.[112]

Op 7 Februarie 1933 het die Nasionale Party-koukus 'n belang=rike vergadering in Kaapstad gehou. Op die vergadering het Hertzog, tot groot verbasing van die koukuslede, hom bereid verklaar om op daardie tydstip onder sekere voorwaardes, met die Suid-Afrikaanse Party te onderhandel om 'n koalisie met genl. Smuts te vorm.[113] Hertzog het verklaar dat hy oortuig was dat die Nasionale Party nie die verkiesing van 1934 sou

110. O.Pirow, James Barry Munnik Hertzog, p. 145.
111. Ibid.
112. Die Burger, 6.3.1933.
113. van den Heever, p. 594.

wen nie en daarom was 'n koalisieregering vir hom die aange= wese ding om te doen. Volgens Hertzog was die haglike ekono= miese toestande een van die kernoorsake waarom hy van besluit verander het. Hierdie ekonomiese toestande verwys na die algehele agteruitgang van die land op die ekonomiese gebied na die 1929-verkiesing.

Op 29 Oktober het die New Yorkse aandelebeurs in duie gestort. Pandemonium het losgebars en binne enkele dae het duisende mense miljoene Dollars in aandele verloor. Die na= draai van die ineenstorting was 'n geweldige skok vir die finansiers en selfs in Suid-Afrika het hulle miljoene Rand verloor. Op die hakke van die ekonomiese skok het 'n erns= tige droogte in Suid-Afrika die boere begin ruïneer. Die droogte was so erg dat dit in 1932-1933 in 'n depressie ont= aard het. Hierdie probleme het veroorsaak dat Hertzog net nie langer die mas kon opkom as gevolg van die aanslae op so 'n wye front nie.

Hertzog het dit baie duidelik aan die koukuslede gestel dat hulle sou moes kies. Indien hulle nie bereid was om sy koa= lisie voorstelle te oorweeg nie, sou hy bedank.[114] Hierdie aankondiging van Hertzog is begroet met uiteenlopende reaksie onder die lede. Dit het gewissel van uitroepe van verbasing en skok tot uitbundige gejuig. Hierdie vergadering het be= slis 'n nuwe era in die Suid-Afrikaanse politiek ingelui. Dr. Malan het hom op hierdie vergadering teen koalisie uit= gespreek en dit het 'n besliste botsing met Hertzog voorspel.

Hertzog het hom nie deur die reaksie van stryk laat bring nie, en het verklaar dat hy hom verplig voel om iets daadwerkliks te doen om te red wat nog te redde was. Hy het voorts ver=

---

114. Ibid.

klaar dat hy bewus was van die verdeeldheid binne die kabinet maar ook binne die geledere van die Nasionale Party koukus, maar dat hy as leier voel dat die tyd aangebreek het om op te tree.[115] Hy het nie kans gesien dat daar later gesê sou word dat hy sy verantwoordelikhede probeer ontduik het nie, en daarom het hy so opgetree: "Ek beslis toe dat ek sou voortgaan met die uitvaardiging van 'n verklaring in die gees soos gemeld en die toesending van 'n kopie aan Smuts. Indien dan Smuts my te kenne sou gee om my te wil spreek daaroor, sou ek hom ontmoet."[116] Genl. Hertzog het nogtans sewe voor=waardes vir die Nasionale Party se deelname aan 'n koalisie gestel.[117] Die belangrikste hiervan kan as volg opgesom word.

Eerstens het Hertzog dit as 'n vereiste gestel dat die land nog op 'n basis van Nasionale beginsels regeer word met 'n gees van Nasionale selfstandigheid. Hierdeur wou generaal Hertzog verseker dat die doel en strewe van die Nasionale Party nie verlore sou gaan in 'n koalisie nie.

Tweedens sou die taalregte gelyk wees ten opsigte van die staatsdiens. Hierdie bepaling sou dit vir die Afrikaner Na=sionalis makliker maak om sy weg oop te sien om met die Suid-Afrikaanse Party saam te werk.

Derdens het Hertzog dit as 'n vereiste gestel dat die regte van die blanke arbeider beskerm moes word. Hierdeur het hy die deur oopgehou vir sy beleid van beskaafde arbeid en wou hy die blanke se voortbestaan as arbeider verseker teen oorheer=sing deur die swartwerker. 'n Vierde en baie belangrike

115. <u>Ibid</u>., pp. 593 - 594.
116. <u>Ibid</u>.
117. Sien Bylaag 2 vir die 7 Voorwaardes, p. 473.

vereiste wat Hertzog gestel het was dat deur 'n koalisie-regering, daar voorsiening gemaak moes word vir die voort=bestaan van die Unie op die ekonomiese gebied. Die be=skerming van die bankwese, myne en kapitale bates was vir Hertzog van kardinale belang om te verseker dat die Unie nie sy selfstandigheid sou inboet nie. Ekonomiese voortuitgang moes deur die nuwe regering verseker word.[118]

Indien 'n koalisie-regering hierdie sewe punte sou aanvaar, sou dit baie Nasionaliste minder agterdogtig gelaat het, daar heelwat van die Nasionale beginsels in die sewe punte vervat was.

J.H. Hofmeyr het aan Smuts die nuus gaan meedeel dat Hertzog hom bereid verklaar het om saam te werk waarna hy Hertzog se verklaring aan Smuts oorhandig het.[119] Op 16 Februarie 1933 het die twee generaals ontmoet waartydens Smuts aan Hertzog 'n dokument gegee het, synde 'n program van beginsels as=ook 'n aksieprogram van wat moontlik gedoen kon word om beslag te gee aan die onderhandelinge.[120] Tydens hierdie ontmoe=ting is ooreengekom dat Hertzog, Smuts, Duncan en Havenga in die nabye toekoms sou vergader om die dokument te ontleed.[121] Hertzog het nogtans dit kategories aan Smuts gestel dat die samesprekinge slegs van 'n tydelike aard was en dat dit eers deur die Party-kongres goedgekeur moes word, waarmee Smuts ingestem het.

Die volgende dag, 17 Februarie, het Hertzog bygestaan deur Havenga, en Smuts bygestaan deur Duncan weer ontmoet vir verdere samesprekinge. Tydens hierdie vergaderinge is enkele

118. <u>Die Burger</u>, 15.2.1933.
119. van den Heever, p. 595.
120. <u>Ibid</u>.
121. <u>Ibid</u>.

veranderinge aan Hertzog se voorstelle gemaak, maar oor be=ginselsake en kabinetsposte is konsensus bereik. Alle sit=tende lede sou hulle setels behou en Smuts het ingestem dat Creswell in die kabinet gehou sou word. Die Kleurvraagstuk het egter probleme opgelewer. Smuts wou gehad het dat geen wetgewing in die verband ingedien sou word, terwyl die on=derhandelinge aan die gang is nie.[122] Verder wou Smuts geen verwysing na die Kleurvraagstuk, in die dokumente met be=trekking tot koalisie, gehad het nie, maar Hertzog het ver=klaar dat hy dit aan die Nasionale Party verskuldig was om wel daarna te verwys.[123] Na vele beraadslaging het die Suid-Afrikaanse Partylede hulle eers weer onttrek om op hulle eie te gaan vergader en by hulle terugkoms het hulle 'n gewysigde voorstel aan Hertzog voorgelê. Smuts se standpunt was: "Let us have unity first and settle the Native problem afterwards."[124] Hierna het die twee generaals, op aanbeve=ling van Hertzog, ooreengekom dat Smuts 'n eerlike poging sou aanwend om tot 'n vergelyk te kom oor die Kleurvraagstuk, sonder om die blanke se reg op voortbestaan in 'n beskaafde omgewing in gevaar te stel, maar nogtans ook die swartman ook sy reg op ontwikkeling te gun. Daarna is besluit dat die twee hoofpartye sou saamwerk en 'n koalisie-regering vorm.[125]

Suid-Afrika was in daardie stadium ekonomies op sy knieë en die twee leiers moes alles in hulle vermoë doen om die land van algehele ondergang te red. Dit was immers as een van die heel belangrikste redes aangetoon waarom daar oor koalisie besin moes word. Beide leiers sou ook versigtig moes wees in hulle uitsprake omdat daar, onder elkeen se geledere, sekere lede van die onderskeie partye was wat nie met hulle leiers saamgestem het nie. Sommige van beide die generaals se ge=

---

122. Ibid.
123. Friedman, p. 101.
124. Ibid., p. 102.
125. Ibid., p. 103.

troue ondersteuners het ook nog hulle bedenkinge gehad of die twee enigsins oor die weg sou kon kom.

Daar kan verskeie redes aangevoer word waarom twee jarelange groot politieke aartsvyande in 1933 besluit het om politieke bedmaats te word. Adv. C.R. Swart voer aan dat dit seker een van die mees onverklaarbare gebeurtenisse was waarmee hy nog te doen gekry het.[126] Dit bly egter 'n feit dat beide die generaals nie uit emosionele opwellinge besluit het om saam te werk nie, maar dat omstandighede hulle daartoe gedwing het. Hertzog het beweer dat hy eerste deur Smuts genader was en dat hy dit nie op sy gewete wou hê dat hy die hand van vriendskap geweier het nie. Daar moet egter nooit uit die oog verloor word dat Smuts bereid was om onder Hertzog as Premier te dien nie en dit moes vir Hertzog baie beteken het. Indien Smuts adjunkpremier was, het dit verder beteken dat Hertzog nie meer enige vrese sou gehad het dat sy ou aartsvyand aspirasies sou koester om Premier te word nie.

'n Verdere rede wat Hertzog tot koalisie kon aanspoor was die taalkwessie. Indien daar 'n koalisie kon ontstaan met Afri= kaans as een van die erkende tale sou dit beslis vir Hertzog groot gemoedsrus kon verseker. Hertzog het voorts verklaar dat daar baie Afrikaanssprekendes in die Suid-Afrikaanse Party was en dat, deur koalisie, daar beter bande en onderlinge vertroue kon bewerkstellig word. Hertzog het hom ook laat lei deur baie Nasionaliste wat gevoel het dat die Afri= kaanssprekendes onder die Suid-Afrikaanse Party eerder die saak van die Nasionaliste goedgesind sou wees indien die twee partye in een sentrale party saam gevoeg kon word.

126. <u>PV. 193, C.R. Swart Versameling</u>, kasset 63 en 64, Swart aan Le Roux.

Hertzog het in 1933 gevoel dat sy "tweestroombeleid" lank ge= noeg gesorg het dat die Afrikaanssprekende se taal, identiteit en kultuur behoue gebly het en dat die tyd ryp was vir die daarstelling van 'n verenigde Suid-Afrika.[127]

Die moontlike uitskakeling van rassewrywing was 'n verdere goeie rede waarom koalisie aangegaan kon word. So verklaar Smuts dat die Suid-Afrikaanse Party ernstig oorweging aan hierdie feit gegee het. Aan Louis Esselen skryf hy: "We have to consider whether it is not worth while paying a price for racial peace."[128] Hy het later verklaar dat daar vir hom voortaan nie meer 'n Afrikaner groep in die parlement sou wees nie, maar eerder 'n Afrikaanse blok, wat alle rasse en klas= se van die samelewing sou verteenwoordig. Hertzog het gevoel dat segregasie van blank en swart slegs effektief toegepas kon word indien al die blankes saam daaroor sou besluit. Soos die regering tans daar uit gesien het was dit nie moontlik nie, omdat die saak onder bespreking dikwels in 'n par= typolitieke geskilpunt ontaard het en die werklike doel voor oë dan verlore geraak het. Hieruit is dit duidelik dat Hertzog baie vlug van denke en 'n briljante staatsman was, want dit sou die enigste manier wees waarop hy die verlangde tweederde meerderheid in die parlement kon kry deur die Kaapse anderskleuriges op 'n aparte kierserslys te kon plaas.

Wanneer daar na redes vir Hertzog se toetrede tot koalisie gesoek word moet daar nooit uit die oog verloor word dat die Nasionale Party van 1933 beslis nie meer die opkomende party van 1924 was nie. Inteendeel die Party moes op 'n wye front al ernstige skokke weerstaan. Die finansiële krisis rondom Oktober 1929 en daarna met die daaropvolgende droogte het

127. G.D. Scholtz, Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner Deel 7 - 1924 - 1939, p. 411.
128. D.W. Krüger, The Age of Generals, p. 159.

mense al meer in geldelike moeilikheid laat beland. Stem=me het begin opgaan dat die Pakt-regering te blameer was, omdat daar kwansuis nie voorsorgmaatreëls getref was om die probleme te oorkom nie. Saam hiermee het Hertzog met die strewe na 'n Republiek onder 'n seker faksie van sy party te doen gekry. Dr. Malan het al meer aanhang onder Nasiona=liste, met hierdie gedagtegang, begin kry en Hertzog moes voortdurend waak teen 'n skeuring binne eie geledere.[129]

Een van die belangrike redes waarom koalisie wel plaasgevind het kan beslis gesoek word in die hertoetrede van Tielman Roos. Hy was die onbekende faktor vir beide die Nasionale Party sowel as die Suid-Afrikaanse Party. Hy was polities uitgeslape en het nooit werklik laat blyk wat sy planne was nie. Hy het aan Smuts die versekering gegee dat hy die steun van minstens 15 tot 20 Nasionaliste in die Parlement geniet en dat hy die regering van Hertzog tot 'n val kon bring.[130] Beide die generaals moes dus deeglik met Roos rekening hou en op die manier het hulle eerder hulle weg oopgesien om met mekaar saam te werk as met Roos. Hulle het hom albei in elk geval nie vertrou nie. Roos se optrede tydens die krisis rondom die goudstandaard het beide die generaals versigtig vir hom gemaak.

Die belangrikste en grootste rede waarom koalisie aangegaan is moet beslis in die ekonomie gesien word. Ekonomies was Suid-Afrika in die spreekwoordelike woestyn. Dit het met die land, oor 'n wye spektrum van die ekonomiese lewe sleg gegaan. Die droogte en die depressie was besig om die land dood te wurg. Mense was besig om te verarm en werkloosheid met gepaardgaande hongersnood was besig om onrusbarende afmetings aan te neem. Hertzog was baie bekommerd hieroor en het hom

129. Pirow, p. 154.
130. Ibid., pp. 145 - 147.

as volg uitgelaat: "Kyk hoe lyk die volk, kyk hoe ernstig is die depressie. Die mense is verarm en die enigste manier is dat ons nou ophou baklei onder mekaar, dat ons bymekaar staan en die volk red. Dit is die enigste rede waarom ek in die koalisie gaan."[131] Die ineenstorting van die New Yorkse aandelemark het veroorsaak dat kredietfasiliteite oor 'n wye front ingekort is en dit het 'n remmende invloed op ontwikkeling, veral op industriële gebied in Suid-Afrika veroorsaak. Die daling in pryse van landbouprodukte en die afname in koopkrag van die inwoners van die land het probleme veroorsaak. In die buiteland is ekonomiese nasionalisme gevorm, wat beteken het dat geen of relatief min produkte vanuit Suid-Afrika ingevoer is.[132] As gevolg van hierdie aksie teen invoer het die Suid-Afrikaanse landbouers se inkomste onder die vlak gedaal waarop dit die moeite werd was om voort te gaan. Die verlies aan inkomste het dit vir die boere onmoontlik gemaak om selfs die verbandverpligtinge op hulle plase na te kom.[133] Bankrotskappe en plaasverlatings het tot onrusbarende hoogtes gestyg. Die tendens om die plase te verlaat het werkloosheid onder blank en swart die hoogte laat inskiet, en genl. Hert=zog het geen raad of daad meer met die situasie gehad nie.[134]

Die depressie met die gepaardgaande ekonomiese probleme was egter nie tot die platteland beperk nie. Die wêreldwye af=name in die vraag na die basis-grondstowwe uit die Suid-Afri=kaanse myne was verantwoordelik daarvoor dat baie myne moes sluit. Saam hiermee moet egter in gedagte gehou word dat die platteland 'n verdere koopkrag van die stede was, en ook daardie vraag na masjienerie, saad en verskeie ander kommo=diteite het 'n ernstige afname getoon. Die ander sy van die

131. Le Roux, Die Nasionale Party Deel 111, p. 296.
132. Ineg. Pamflet: L., Esselen en K., Roodt "What Coalition has achieve for South Africa", p. 4.
133. Ibid., p. 5.
134. Ibid.

saak is, dat die plattelanders na die stede gekom het om van hulle produkte ontslae te raak en het dan terselfdertyd nuwe voorraad aangekoop. Met die sluit van die myne was daar 'n ineenstorting van die infrastruktuur in die stede en kon die plattelanders dus ook nie meer hulle produkte kom verkoop of voorraad aankoop nie.

Die ineenstorting van die wêreldhandel het 'n afname in die skeepvaart tot gevolg gehad. Hierdie afname het 'n afname in die vraag na Suid-Afrikaanse steenkool veroorsaak, en dit het werklik die sneeubal aan die rol gesit.[135] As ge=volg van die daling in steenkoolproduksie moes sommige myne sluit en was daar ook 'n algemene afname in die vraag na spoorverkeer. Dit het 'n daling in inkomste vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë beteken wat uiteindelik tot die ver=mindering van salarisse en selfs werkloosheid onder spoor=wegamptenare aanleiding gegee het.[136] Die bose kringloop is hiermee nie voltooi nie, want duisende ongeskoolde blanke ar=beiders het beteken dat net soveel gesinne sonder 'n inkomste moes klaarkom.

Ook in die buiteland was die prentjie nie veel beter nie. Daar was egter twee alternatiewe waarna gelet moet word. Om uit die verknorsing te kom het die meeste lande die werkers summier uit die diens ontslaan en hulle dan maar aan hulle eie lot oorgelaat. In die groter demokratiese lande is koalisie of nasionale regerings gevorm om 'n gesamentlike poging aan te wend om die mas op kom.[137] Sommige lande het oorgegaan tot 'n fasistiese of diktatoriale vorm van regeringsgesag.

---

135. <u>Ibid</u>.
136. <u>Ibid</u>.
137. <u>Ibid</u>.

Punt sewe van die program van beginsels vir die nuwe koalisie regering wat deur genl. Hertzog opgestel is, het sterk klem gelê op die ekonomie. Volgens hierdie beginselstandpunt sou die geldwese en kapitale bronne van die Unie beskerm word deur wetgewing en tweedens word die twee primêre nywerhede, landbou en die ontginning van die minerale bronne van die Unie, erken as die belangrikste grondslae van duursame stof=like welvaart van die land. Die twee nywerhede moes versterk word deur die ontwikkeling van fabriekswese en sekondêre nywerhede. Derdens moes 'n gesonde en regverdige finansiële beleid gevolg word om ekonomiese standvastigheid te bestendig.[138] Daar moet gelet word op die groot tekort vir die finansiële boekjaar 1932-33, wat in die omgewing van R4 miljoen beloop het.[139] Die totale inkomste van die staat vir die boekjaar was ongeveer R57 miljoen, terwyl die noodsaaklike uitgawe, om die sukkelende bevolking te help in die omgewing van R69 miljoen beloop het."[140]

Om bogenoemde probleme die hoof te bied moes daar dus plan gemaak word. Louis Esselen skryf as volg daaroor: "The South African people met the emergency by coalition. They were not merely following set by European peoples. They were ta=king the only possible action in a crisis. Union is strength, states the wise maxim."[141]

138. Ibid., p. 11.
139. Ineg Pamflet: L., Esselen, Die Vrug van Koalisie, p. 6.
140. Ibid., p. 5.
141. Ibid.

## 3.7 KOALISIE TUSSEN DIE NASIONALE PARTY EN DIE SUID-AFRIKAANSE PARTY.

Op 24 Februarie 1933 is die koalisie-ooreenkoms tussen Hertzog en Smuts amptelik in die pers bekend gemaak. Die bewoording van die koalisieverklaring was in sekere opsigte insiggewend omdat daarin die versigtigheid aan beide kante, om nie die indruk te skep dat die een Party teenoor die ander een ka=pituleer het nie, duidelik waarneembaar was. Dit het as volg gelui: "Ten einde vrede en samewerking tussen die rasse te verseker, en met die oog op die Nasionale bedreiging wat ontstaan het ten gevolge van die werelddepressie, is deur die twee leiers van die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party onderskeidelik besluit om te ko-opereer tot die same=stelling van 'n regering waarby dit moontlik sal wees om saam te werk op 'n grondslag van min of meer gelyke deelneming en op die grondslag van vooraf vasgestelde beginsels, sodat terwyl die identiteit van hulle onderskeidelike partye behou sal bly, 'n hartlike samewerk sal kan plaasvind tussen die lede van die Regering in ooreenstemming met 'n vasgestelde rigsnoer van nasionale beleid."[142]

Die koalisiekabinet sou uit 12 lede bestaan. Genl. Hert=zog, as Premier en nog 5 Nasionale Party ministers, saam met genl. Smuts en 5 Suid-Afrikaanse Party ministers.[143] Smuts was, tot baie mense se verbasing, sonder voorbehoud bereid om onder Hertzog te dien as adjunkpremier. Die besluit tot koalisie was egter nie eenparig nie. By beide die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party was daar groepe wat nie met die gedagte van 'n koalisie kon saamleef nie. Aan die kant van die Nasionale Party was dr. D.F. Malan nie bereid om met die gedagte van koalisie saam te gaan nie en aan die kant van

142. Die Burger, 24.2.1933.
143. Ibid., 25.2.1933.

die Suid-Afrikaanse Party het die Devolusioniste van Natal eweneens nie kans gesien vir koalisie nie.

Dr. Malan het op 24 Februarie 1933 sy bekende Malan-manifes uitgereik.[144] Hierin het hy dit duidelik gestel dat hy, en diegene wat saam met hom teen koalisie gekant was, hulle voorlopig by die koalisie besluit sou berus, omdat daar vir hulle nog baie sake was wat nie duidelik was nie, en ook omdat hulle nie 'n skeuring in die Party wou veroorsaak nie. Hy het voorts verklaar dat hulle hierdie besluit onder protes doen omdat dit vir hulle in beginsel gegaan het om 'n gebrek aan 'n gemeenskaplike strewe van die twee partye.[145] Malan het gevoel dat alles syns insiens oorhaastig gedoen is en dat hy en sy vriende hulle slegs hiermee sou kon vereenselwig indien die breë Nasionale Party beginsels deur die koalisie-regering gehandhaaf sou word.[146] Hy het eger gewaarsku dat die besluit om nie nou te skeur nie, beslis nie beteken het dat hy sou toelaat dat verdere inbreuk op die demokratiese karakter van die Nasionale Party gemaak word nie.[147] Hy het die gedagte geopper dat daar blykbaar 'n ommeswaai gekom het, want hy was nog altyd van mening dat die Nasionale Party daar was om die volkswil aan die leiers oor te dra, maar Hertzog het dit blykbaar andersom laat gebeur.[148] Saam met hom was daar 'n groep Nasionaliste wat ook nie hulle weg oop gesien het om in 'n koalisie in te gaan nie, die sogenaamde Ma= laniete. Vir hulle was dit net nie denkbaar dat die Na= sionale party en die Suid-Afrikaanse party polities onder een dak kon saam leef nie.[149]

---

144. Thom, pp. 109 - 111.
145. Ibid.
146. Ibid., p. 110.
147. Ibid.
148. Ibid., p. 111.
149. Ibid., p. 112.

Genl. Smuts het ook probleme ondervind binne eie geledere. Die ekstremistiese Suid-Afrikaanse Partyondersteuners van Na= tal, die sogenaamde Devolusioniste, het geensins kans gesien om aan die koalisiesamesprekings mee te doen nie. Vir hulle was die Nasionale Party se hantering van die Kleurvraagstuk gladnie aanvaarbaar nie en hulle het gedreig dat Natal veel eerder sou afstig van die res van die Unie van Suid-Afrika.[150]

Daar is besluit dat 'n algemene verkiesing op 17 Mei 1933 ge= hou sou word.[151] Met die nominasies in vooruitsig het Hert= zog en Smuts ooreengekom om 4 Creswelliete te ondersteun in 'n poging om te verseker dat Creswell weer tot die parlement toegang kon verkry. Die totale aantal Volksraadslede was 150 waarvan 78 onbestrede herkies is, wat inderwaarheid dus beteken het dat in slegs 72 kiesafdelings gestem sou word.[152]

Die uitslag van die algemene verkiesing 1933 was geen groot verrassing nie. Die koalisie-kandidate het 138 van die 150 setels ingepalm en 39 nuwe lede sou vir die eerste keer par= lement toe gaan.[153] Op 20 Mei het genl. Hertzog die kiesers toegespreek en hulle bedank vir hulle lojaliteit jeens Suid-Afrika. Hertzog het verklaar dat hy nou 'n mandaat van die kiesers ontvang het en dat hy voortaan al sy aandag aan veral die ekonomiese probleme van die land kon skenk.

150. Die Burger, 3.3.1933.
151. Ibid., 1.3.1933.
152. Ibid., 17.4.1933.
153. van den Heever, p. 601.

### 3.8 SAMESMELTING WORD 'N WERKLIKHEID.

Genl. Hertzog het binne 'n maand na die verkiesing van 1933, begin onderhandel vir nog 'n groter samewerkingsooreenkoms. In 'n onderhoud met Die Burger laat hy hom as volg uit oor samesmelting: "Hoewel genl. Smuts en ek vandag nog ons partye het, weet ek oor 'n paar jaar ons tevergeefs sal probeer om die verenigde volk uitmekaar te skeur, al doen ons ook wat ons wil. Die verdeling van die toekoms sal nie gaan oor volksbelange nie maar oor groepsbelange."[154] Oor hierdie uit= latings van hom het die Engelse pers Hertzog geloof. Op 22 Mei 1933 het The Friend berig dat stappe gedoen gaan word om 'n Sentrale party van gematigdes te stig. Die nuwe Volks= raad het op 26 Mei 1933 vir die eerste keer bymekaar gekom en die twee koukusse sou die volgende week vir die eerste keer bymekaar kom om te beraadslaag oor sake van gemeenskaplike belang.

Die gedagte was egter dat die twee partye langs mekaar saam sou beweeg en dat die koukusse apart sou vergader wanneer dit by sake van eie belang kom. Kol. C.F. Stallard, Suid-Afri= kaanse Party Volksraadslid vir Roodepoort, het die saak baie mooi saamgevat toe hy gesê het dat dit een van die groot voordele van koalisie was en dat die onderskeie koukusse dus nie meer nodig was nie. Hy het 'n beroep op die mede-parle= mentslede gedoen om die regering te alle tye te steun en die kritiek te beperk tot positiewe kritiek.[155]

Stemme het oral begin opgaan dat een sentrale party gestig moes word. Die Suid-Afrikaanse Party was bevrees dat ver= eniging op die platteland kon lei tot onenigheid in die

154. Die Burger, 13.5.1933.
155. Hansard, Deel 21, van 1.6.1933, kol. 164 - 170.

stede. Beide Hertzog en Smuts was nog lugtig vir'n algemene samesmelting van die partye. Hertzog omdat hy geweet het dat Malan dan finaal sou wegbreek, en Smuts omdat hy onseker was oor wat die Devolusioniste van Natal in gedagte gehad het. Hierdie oënskynlike huiwering by die twee leiers het agterdog by sommige Volksraadslede veroorsaak. Indien die leiers be= reid was om saam te werk om met 'n koalisie te begin, was die argument, kon hulle seer sekerlik hulle weg oopsien om as een sentrale party saam te smelt. Beide die leiers se raadgewers het hulle aangeraai om aan samesmelting van die twee partye te begin dink, omdat die Malaniete en die Devolusioniste van Natal dalk die hele gedagte kon laat skipbreuk lei. Met sy terugkoms uit Londen in Julie 1933 het genl. Smuts sy kommer teenoor Hofmeyr oor die saak uitgespreek toe hy hom as volg uitgelaat het. "On the one hand the Malanites might split off at the Cape, and the Natal section of the S.A.P. may also fade away, but risks will have to be faced, whatever we do. Only I do not think we could sit still."[156]

Genl. Hertzog het die voortou geneem in die rigting van samesmelting toe hy verklaar het dat, koalisie tot voordeel van die Afrikaner plaasgevind het. Volgens hom het koalisie veroorsaak dat mede Afrikaners mekaar oor partypolitieke grense heen ontmoet het, en so ook die kulturele lewe van die volk weer laat oplewe het. "Die tyd is dan ook nie meer ver nie," verklaar Hertzog, "als wanneer daar in plaas van koalisie sal tree 'n samesmelting of hereniging."[157] Hertzog het gewaarsku dat ook samesmelting as 'n volksaak gesien moet word en dat diegene wat hulle daarteen verset, dit tevergeefs sal doen.

156. A.58: L., Esselen-versameling, Smuts aan Esselen, 11.7.1933, soos aangehaal in Le Roux, Die Nasionale Party Deel 111, p. 379.
157. Hertzog-versameling, Band 31, Hertzog aan J.D., Pot= gieter, 14.7.1933. Soos aangehaal in Le Roux, Die Nasionale Party Deel 111, p. 381.

Daar was duidelik meer optimisme te bespeur in die same=sprekinge met betrekking tot samesmelting as wat algemeen ver=wag is. Nogtans was dit veral die Transvaalse Nasionaliste wat sekerheid wou kry oor sekere aspekte van die program van beginsels waarop samesmelting gebasseer was. Die gedagte is selfs uitgespreek dat die Suid-Afrikaanse Party genooi moes word om van hulle ministers te stuur om die Transvaalse kongres van die Nasionale Party op 9 Augustus 1933, by te woon.[158] In Julie 1933 het die Nasionale Party van Transvaal die volgende besluit geneem: "Dat die Nasionale Party van Transvaal met die S.A.P. onderhandel om samesmelting te bewerkstellig maar voordat finaal daartoe besluit word, moet die terme en voorwaardes van samesmelting eers voor die partykongres gelê word vir goedkeuring, of andersinds."[159]

Die aanvanklike lokaas tot koalisie, naamlik die ekonomiese probleme van Suid-Afrika, het op hierdie stadium nie veel aandag geniet nie. Inteendeel, dit is eerder op die agter=grond geskuif, en partypolitieke faktore het die voorrang ge=niet. Oral is praatjies oor samesmelting van die twee hoof=partye gehoor, maar nêrens is daar klem gelê op die nood=situasie wat op ekonomiese gebied in die land geheers het nie. By verskeie geleenthede en op verskillende plekke het sprekers van beide die hoofpartye die koalisie as voorbeeld voorgehou van wat vermag kon word indien daar saamgewerk sou word. Die "Waaksaamheidskomitee"[160] van Transvaal het die volgende hieroor verklaar: "Die beste bewys vir valsheid van hierdie argument is die koalisie. Na ruim 18 maande het die koalisie nog maar bloedweinig gedoen om Suid-Afrika ekonomies te red; die beste getuienis hiervoor die boer en die arm man wat albei bitter ontevrede is met die Koalisie regering. Die biekie [sic] wat gedoen is vir die ekonomiese redding van die volk is

158. Die Burger, 15.7.1933.
159. Ibid., 17.7.1933.
160. Die waaksaamheids komitee was 'n komitee wat gestig is met die primêre doel om teen samesmelting te werk.

onder dwang gedoen, soos duidelik blyk uit die feit dat die prys vir mielies styg namate advokaat Roos soos 'n perdeby aan die regering sit."[161]

Tydens die Transvaalse kongres van die Nasionale Party in Augustus 1933 het genl. Hertzog, 'n sterk pleidooi ten gunste van samesmelting gelewer en wel onder die vaandel van "Eendrag is Mag." Hy het die vyande van koalisie voor stok gekry, "Aan hierdie mense wil ek vra: wat meer wil julle dan nog? Wat is daar wat julle wil hê wat die Suid-Afrikaanse Party nie wil toegee nie?[162] Hy het voorts gewaarsku dat ver= deeldheid in die verlede die oorsaak was van menige struweling tussen die Afrikaner in Suid-Afrika. Hy het hom bereid ver= klaar om alles in sy vermoë te doen om samesmelting 'n reali= teit te maak. Volgens hom moes die tydelike maatreël van koalisie omskep word in iets meer permanent soos samesmelting. "Alleen as daar eenheid bewerkstellig word, kan ons publieke manne hulle plig teenoor die volk doen."[163]

Smuts en sy aanhangers onder die Suid-Afrikaanse Party het gevoel dat die tyd ryp was vir samesmelting en het veral hulle blydskap uitgespreek oor die feit dat die platteland besig was om die gedagte van samesmelting vinnig aan te neem. Smuts laat hom as volg hieroor uit: "If we are not careful, the leaders will soon be without a party, as a new party will have been formed all over the rural parts. I am all in favour of this, and have only some doubt about Natal and the Rand."[164]

161. Ineg Pamflet, C.J.H., De Wet, Bewaarskrif teen samesmelting.
162. Spies, et. al., Deel 6, p. 56.
163. Ibid.
164. Le Roux, Die Nasionale Party Deel 111, p. 384.

Intussen is op heelwat Nasionale Partykongresse teenstand teen samesmelting ondervind. Veral die Vrystaat en Kaapland het steun aan dr. Malan gegee vir sy agitasie teen samesmelting. Malan se aanhang het al meer geword en 'n skeuring binne die Nasionale Party het al meer 'n werklikheid begin word. Die Burger het die Natalse pers en die Rand Daily Mail daarvan beskuldig dat hulle 'n skeuring in die Nasionale Party probeer aanhelp het. Saam hiermee het genl. Hertzog 'n geweldige veldtog teen die Nasionale pers begin. Hy het gedreig om Die Burger in Kaapland en Die Volksblad in die Vrystaat "dood te maak."[165]

Wat die geskil tussen Malan en Hertzog betref, het baie Na= sionaliste op hulle beurt probeer om die oënskynlik onver= mydelike skeuring te probeer verhoed. So het die Vrystaatse leier, dr. N.J. v d Merwe, talle pogings aangewend om Hert= zog en Malan weer bymekaar te probeer uitbring. Hertzog het teenoor v d Merwe verklaar dat hy nie kon verstaan waarom Malan nie sy weg oopgesien het om saam te smelt nie. Daar was volgens Hertzog nie 'n wesenlike verskil tussen die twee hoofpartye nie en hy het gevoel dat Malan net positief moet probeer om saam te werk.[166] Hierteenoor het Malan aan v d Merwe 'n skrywe gerig waarin hy dit duidelik gestel het dat hy Hertzog verkwalik omdat Hertzog volgens hom (Malan) probeer om hulle as republikeine af te hok, mense wat nie wil saamwerk om eenheid in die land te bewerkstellig nie: "Tensy Hertzog homself heeltemal anders voordoen op ons kongres as sy brief en toesprake van Havenga en Kemp ons laat verwag, voorsien ek maar een einde" was Malan se kommentaar.[167]

---

165. Van Wyk, p. 17.
166. Brits, p. 441.
167. G.D. Scholtz, Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, p. 256.

Die Devolusioniste van Natal het ook nie hulle goedkeuring aan die samesmelting gegee nie, maar daar moet in gedagte gehou word dat die groep reeds van 1932 af 'n remmende effek op Smuts se planne gehad het. Dit sou dus vir Smuts 'n ver= ligting wees om van hulle ontslae te raak indien hulle sou wegbreek na samesmelting. Die Devolusioniste het dan ook later, 1934, oorgegaan tot die stigting van die Dominium Party.[168]

As die jaar 1933 in oënskou geneem moet word, is dit duidelik dat dit 'n jaar van vele wedervaringe in Suid-Afrika was. Dit was beslis 'n jaar van ekonomiese verknorsing vir elke in= woner van die land. Die droogte en die gepaardgaande ar= moede het sy tol geëis. Internasionaal was die ekonomie eg= ter ook in 'n benarde toestand en wêreldwyd was daar finan= siële krisisse. Op politieke terrein het die jaar 1933 in Suid-Afrika begin met 'n getwis tussen die twee hoof poli= tieke partye. Die groot geskilpunte is later in die jaar by= gelê en 'n koalisie tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party is bereik. Die 1933-algemene verkiesing was 'n voorspel tot die drama wat sou volg tussen Hertzog en Malan, 'n twis wat later so ontaard het dat daar tekens van 'n skeuring binne die Nasionale Party waargeneem kon word. In teenstelling met die Nasionale Party het genl. Smuts se Suid-Afrikaanse Party, met die uitsondering van die Devo= lusioniste, oënskynlik in krag gegroei. Daar was nie duide= lik waarneembare onmin tussen Smuts en die res van sy party nie en hulle het die jaar as 'n sterker eenheid as Hertzog en sy party geëindig. Smuts se nuwejaars boodskap het boekdele vir 1934 voorspel. "We aim at going further, and in cementing in 1934 the largest movement toward national unity which South Africa has yet seen."[169]

168. The Natal Mercury, 31.10.1934, soos aangehaal in Le Roux Die Nasionale Party Deel 111, p. 531.
169. The Cape Argus, 2.1.1934.

In Mei 1934 het die dagbestuur van die Nasionale Party, van Kaapland onder voorsitterskap van dr. D.F. Malan 'n program van beginsels saamgestel waarin hulle sekere vereistes neer=gelê het waarvoor voorsiening gemaak moes word alvorens hul=le bereid was om saam te smelt.[170] 'n Maand later het genl. Hertzog na oorlegpleging met genl. Smuts, 'n soortgelyke pro=gram opgestel.[171] Die twee programme het oral op party=kongresse en in die pers hewige besprekings uitgelok. Daar was inderdaad enkele fundamentele verskille in die twee programme waarvan onder andere die vertolking van die Kleur=vraagstuk, sesessie van die Britse Gemenebes, die neutra=liteitskwessie en Unieburgerskap die belangrikste was.[172]

Op 20 Junie 1934 het die Federale Raad van die Nasionale Par=ty in Pretoria vergader om te besin oor die probleme rondom samesmelting. Later die dag is die Hertzog-Smuts voorstelle, met betrekking tot samesmelting, met 13 teen 7 stemme deur die raad aanvaar.[173] Dit het beteken dat die Kaaplandse dag=bestuur se voorstelle verwerp is en dadelik het dr. Malan aangekondig dat hy en sy ondersteuners die vaandel van die Nasionale Party sal bly voortdra en dat hulle die basis van samesmelting verwerp.[174]

Op dieselfde dag het die Uniale Hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse Party ook in Pretoria vergader. Daar is eenparig besluit om die voorgestelde program van beginsels te aanvaar. Die Devolusioniste wou hulle egter nie met die besluit vereenselwig nie.[175]

170. <u>Die Burger</u>, 5.6.1934.
171. Sien Bylaag 3 en 4 vir programme van beginsels.
172. <u>Die Burger</u>, 6.6.1936, Vgl. ook bylaag 3 en 4.
173. <u>Die Burger</u>, 21.6.1934.
174. <u>Ibid</u>.
175. Scholtz, p. 381.

Gedurende die tydperk 25 Julie tot 23 Augustus 1934 het Party-kongresse van beide die Nasionale en Suid-Afrikaanse Partye landwyd plaasgevind. Die hoofbesprekingspunt op al hierdie kongresse was samesmelting en oral moes gestem word vir of teen die gedagte van samesmelting. Na afloop van die laaste kongres is 'n gesamentlike komitee van lede van albei die partye gestig. Die reëlingskomitee se opdrag was om reëlings te tref vir 'n stigtingskongres van die beoogde nuwe party.

Op 19 September 1934 het die sentrale uitvoerende komitee van 72 lede, 36 Nasionaliste en 36 Suid-Afrikaanse Partylede, in Bloemfontein vergader om reëlings te tref vir die stigting van die nuwe party.[176] Daar is besluit dat die stigtings kongres op 5 en 6 Desember 1934 in Bloemfontein sou plaasvind en dat 'n ontwerpgrondwet intussen opgestel sou word.

Twee weke voor die stigtingskongres is die grondwet van die nuwe party bekend gemaak. Die nuwe party sou die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party heet en sou beheer word deur takbesture, afdelingsbesture, algemene rade Provinsiale kon= gresse, Provinsiale besture, 'n Uniale kongres en 'n Sen= trale Hoofbestuur.[177] Die hoogste gesag sou die Uniale kongres wees wat saamgestel sou word uit lede van die sentrale hoofbestuur, Provinsiale besture, Volksraadslede en twee afgevaardigdes uit elke kiesafdeling.[178] Voordat iemand 'n lid van die party kon word moes hy eers 'n verklaring aflê.[179]

176. S.L. Barnard en A.H. Marais, Die Verenigde Party - die Groot Eksperiment, p. 24.
177. Ibid.
178. Ibid.
179. Die verklaring het as volg gelui: "Ek die ondergeteten= de verklaar dat ek die beginsels van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party aanvaar en sal handhaaf, dat

Die stigtingskongres het op 5 Desember 1934 in Bloemfontein plaasgevind en is deur ongeveer 'n 1000 ondersteuners by= gewoon. Senator W.J.C. Brebner van die Vrystaat, is as voor= sitter en majoor J.P. Jooste as ondervoorsitter gekies. Genl. Hertzog het op die kongres verklaar dat die wil van die Afrikanerdom tot volkseenheid nou verwesenlik word. "Na 'n stryd van honderd jaar tussen die twee rasse het die oor= winning ons deel geword -'n oorwinning wat deur geen van beide rasse behaal is nie, maar wat tot stand gebring is deur gemeenskaplike prestasie van die Nasionale Afrikanerdom uit albei se geledere."[180]

Op die kongres is genl J.B.M. Hertzog as leier en genl. J.C. Smuts as onderleier verkies. Eindelik is die twee partye in een party saamgevoeg. Die gees van vereniging was egter nie oral teenwoordig nie. Aan beide kante was daar maar nog= steeds diegene wat na Hertzog of Smuts opgesien het as hulle persoonlike leier. Daar was nog verskeie terreine waar daar nie werklik vrede was nie.

Die kern van die onmin was die Malaniete se siening dat dit tyd geword het dat daar in terme van groter onafhanklikheid gedink moes word. Verder het die groep duidelik daarop gewys dat koalisie nie aan die verwagtinge wat daarvoor gestel is voldoen het nie. Beloftes soos byvoorbeeld, dat die ekono= miese probleme van die land opgelos sou word onder koalisie, het toe nooit gerealiseer nie. Malan was ook bevrees dat die Afrikaner later deur die Engelssprekende oorheers sou word en dan sou dit 'n terugwaartse stap ten opsigte van

---

ek hiermee by die Party aansluit en dat ek my aan die konstitusie en regulasies daarvan onderwerp. Vgl. Barnard, p. 124.

180. Coetzer, p. 750.

Afrikaner Nasionalisme wees. Malan wou ook nie aanvaar dat twee aartsvyande soos die twee generaals ewe skielik alle ver= skille, wat oor jare heen gestrek het, oorboord kon gooi en skynbaar in alles met mekaar sou saamstem nie.

Saam met die Malaniete was die Devolusioniste ook bevrees dat die Engelse karakter uit die Suid-Afrikaanse Party sou ver= dwyn. Hulle was ook bevrees dat Hertzog vir Smuts later so sou oordonder dat Smuts ook bereid sou wees om alle bande met die Britse Ryk te verbreek. Vandaar die weiering van hulle kant om saam te werk.

## 3.9 DIE STIGTING VAN DIE GESUIWERDE NASIONALE PARTY.

Nadat die Verenigde Party gestig is, was dit duidelik dat dr. Malan en sy ondersteuners iets sou moes doen, om 'n politieke tuiste te vind. Die groep Afrikaner Nasionaliste wat nie in die nuwe party opgeneem is nie, het dadelik begin organiseer in 'n poging om hulle eie party te stig. By hulle was daar geen twyfel dat die Afrikaanssprekendes in die Verenigde Party deur die Engelsgesindes oorheers sou word nie. Hulle het dus in dr. Malan 'n nuwe kampvegter vir die Afrikaner se saak gesien in die plek van genl. Hertzog. Die groep het besluit dat hulle 'n meer gesuiwerde Nasionale Party wou hê. Hulle wou terugkeer na 'n party soos wat die ou Nasionale Party was, waar die Afrikaanssprekende homself in kon tuisvoel.[181]

In Kaapland was die gevoel teen Hertzog baie sterker as in ander provinsies. Een van die redes hiervoor was die dina= miese persoon van dr. D.F. Malan, Kaaplandse leier van die Nasionale Party. Die provinsie se mense het hom vertrou en dit beklemtoon die feit dat daar tog mense is wat aan 'n

181. Ibid., p. 752.

sekere politieke party behoort terwille van die leier van daardie party. Nog 'n belangrike faktor wat bygedra het tot die groot aanhang wat die gesuiwerdes in Kaapland geniet het was die rol wat <u>Die Burger</u> in die hele polemiek gespeel het. As hoofblad van die Nasionale pers het <u>Die Burger</u> 'n groot rol te speel gehad in die opsweep van die mense teen die Verenigde party en veral teen genl. Hertzog. Dr. A.L. Geyer, redak= teur van die blad, kon genl. Hertzog se dreigement dat hy die blad sou dood maak nooit vergewe nie.[182] <u>Die Burger</u> wat Hertzog se saak vir soveel jare trou gedien het, het nou teen hom gedraai en prominensie verleen aan uitsprake van Malan. Deur dit te doen het hulle Malan se denkrigting aan sy lesers begin oordra en dit het aan die lesers 'n vaste pa= troon verskaf waarmee hulle, hulle eie denkrigting kon volg.[183] Die gesuiwerdes het begin om die gedagte van 'n Republiek te propageer en Kaapland het die voortou hier ge= neem, en nie lank daarna nie het die Vrystaatse republiekeine ook begin om die gesuiwerdes van Kaapland te ondersteun.

Op 7 en 8 November 1934 het die gesuiwerdes hulle eerste Fede= rale Raadsitting in Bloemfontein gehou onder voorsitterskap van dr. D.F. Malan.[184] Die gedagte was dat daar by hierdie Federale Raad 'n program van beginsels saamgestel sal kan word waarvolgens die nuwe Nasionale Party regeer kon word. Die Party sou op die tradisionele Federale basis bedryf word en nie op 'n Uniale basis soos die Verenigde Party nie.[185]

182. Van Wyk, p. 17.
183. <u>Ibid</u>.
184. Daar was 19 lede teenwoordig en het uit die volgende persone bestaan: dr. N.J. v d Merwe, adv. C.R. Swart, mev. E.S. de Villiers, mev. E.M. v Schalkwyk en senator M.J. Vermeulen (almal van die OVS) Sen. T.C. Stoffberg, adv. J.G. Strydom, P.P. Venter, mev. M. Jansen eb dr. T. Wassenaar (almal van Transvaal), P. van Niekerk, H. Tromp, J. Kemp en H. Nel (van Natal), dr. D.F. Malan, sen. W. Hoffmeyer, ds. C. du Toit, adv. P.C. Erasmus en dr. K. Bremer (van Kaapland) vgl. <u>Die Burger</u>, 8.11.1934.
185. Coetzer, p. 767.

Dit sou volgens dr. Malan meer doeltreffend wees indien elke provinsie sy eie sake sou kon behartig en dan op 'n geor= ganiseerde basis aan die Federale Raad verslag sou kon doen. Dit is duidelik dat daar tussen die gesuiwerdes en die ou Nasionale Party nie werklik groot verskille was nie. Daar word beweer dat tot soveel as 40% van die ou Nasionale Party nie saam met genl. Hertzog in samesmelting in beweeg het nie en vir hulle het die gesuiwerde Nasionale Party dus nog maar net hulle tradisionele Party gebly net met 'n nuwe baadjie aan.[186] 'n Groot groep van Hertzog se Nasionale Party het dus nie saam met hom gegaan tydens samesmelting nie en dit het impliseer dat hy heelwat van sy Afrikaanssprekende vriende moes inboet ten koste van samesmelting met sy nuwe Engels= sprekende vriende in die Suid-Afrikaanse Party. Hierdie ver= lies aan Afrikaanssprekendes van Hertzog was Malan se wins, omdat hy hom beywer het om diegene wat hulle ontuis in die nuwe party gevoel het, by hom in sy Gesuiwerde Nasionale Party te verwelkom.[187]

Ook in die drie ander provinsies is afdelings van die Gesuiwerde Nasionale Party gestig. Dr. N.J. v d Merwe is as die Vrystaatse leier van die party aangewys en hy het verklaar dat dit nie die gesuiwerdes was wat weggebreek het nie, maar eerder die Hertzog-groep: "Ons is nie mense wat wegskeur nie," het hy verklaar, "Ons hou koers. Die Nasionale Party van die Oranje Vrystaat verklaar hom beslis ten gunste van die Christelike Republiekeinse ideaal en wil doelbewus strewe vir die verwesenliking van die ideaal."[188] Dr. v d Merwe het die Federale Raad van die Nasionale Party versoek om artikel 4 van die program van beginsels duideliker te formuleer.[189] Dr. v

---

186. <u>Ibid</u>., p. 757.
187. Sien bylaag 5 vir 'n uiteensetting van die vernaamste verskille tussen die beleidsbeginsels van die Gesuiwerde Nasionale Party en die Smelters.
188. <u>Die Volksblad</u>, 7.12.1934.
189. Artikel 4 het as volg gelees, "Die Party grond hom op die ondubbelsinnige erkenning dat Suid-Afrika volgens

d Merwe het verder daarop gewys dat die Verenigde Party die kern beginsels van die Nasionale Party weggelaat het. Die kleurbeleid van die Verenigde Party het radikaal verskil van die van die Nasionale Party.

Met betrekking tot die Kleurlingstemreg het die Nasionale Party baie verskil van die Verenigde Party. Hertzog wou met sy Kleurlingwetsontwerp die Kleurling polities binne die blanke bestel akkommodeer, maar het teenstand van die noor= delike provinsies gekry. Hertzog het Malan veral verkwalik vir hierdie gesindheid van die ander provinsies. Hy het die Nasionale Party beskuldig dat daar 'n gebrek aan trou en getrouheid jeens die Kleurling was.[190] Hertzog het Malan daarvan beskuldig dat dit nog altyd die beleid van die Na= sionale Party was, selfs in die tyd wat Malan deel van die ou Nasionale Party was, om die Kleurling polities op dieselfde vlak as die blanke te hanteer. Dit was volgens Hertzog nou eers dat dr. Malan en die gesuiwerdes besluit het dat die Kleurling op 'n aparte kieserslys moes kom.[191] Malan het nou van die oorspronklike beleid afgewyk en selfs so ver gegaan om die Kleurlinge op aparte kieserslyste te plaas en afsonderlike verteenwoordiging in die parlement voor te staan.[192] Die Kleurlingstemreg probleem is nooit in genl. Hertzog se bewindstydperk opgelos nie.

Ook op ekonomiese gebied het die Nasionale Party en die Ver= enigde Party van mekaar verskil. Dr. Malan het Hertzog daar= van beskuldig dat hy die baie belangrike aspek van die tyd, naamlik die ekonomiese verknorsing waarin die land op daardie

---

wet 'n soewerein onafhanklike staat is, en dat hy daar= om alle regte besit en op eie gesag alle staatsfunksies mag uitoefen wat deur daardie uitdrukking in sy volle internasionale betekenis aangedui word. Vgl. Ibid.

190. Die Volksblad, 7.12.1934.
191. Ibid.
192. Ibid.

stadium verkeer het, agterweë gelaat het in sy strewe tot samewerking. Die boere het nog meer verarm en die land se ekonomie was nog in 'n swak toestand. Malan was van mening dat Hertzog die volk bedrieg het deur voor te gee dat koalisie en samesmelting aangegaan moes word om die land se ekonomiese probleme makliker te kon oplos.[193] Die Malaniete het die aantyging gemaak dat die Verenigde Party die tydelike bates van die land wat uit goudmyn belasting verkry is wanbestee het. Hulle het beweer dat hierdie belasting nie werklik tot voordeel van die inwoners van Suid-Afrika aangewend sou word nie [194] Die kapitaalkragtige mynmagnate het ook meer ge= baat by die belastings op goudmyne en die posisie van die armblanke het net verder versleg. Die Verenigde Party het nie daadwerklike optrede beplan om hierdie probleem hok te slaan nie.

Die Gesuiwerde Nasionale Party het in die Vrystaat die luukse van 'n Afrikaanse dagblad gekry toe Die Volksblad besluit het om die saak van die Nasionale Party te steun ten koste van die Verenigde Party.[195]

Die Transvalers het op hulle eerste kongres van die Gesuiwerde Nasionale Party op 16 en 17 April 1935 in Pretoria besluit om drie leiers in plaas van die tradisionle een te kies om die provinsie se Gesuiwerdes te lei. Hulle was, advokaat J.G. Strydom, mev. M.M. Jansen en prof. C.J.H. de Wet.[196]

193. Ineg Pamflet, D.F., Malan, Is die ooreenkoms verbreek?
194. Ibid.
195. Van Wyk, p. 171.
196. Saam met hulle het dr. T.C. de Wet en sen. Stoffberg die Transvaalse Federale Raad gevorm, vgl. Die Volksblad, 20.4.1935.

In Natal is, vreemd genoeg, ook groot klem gelê op die Re=publikeinse gedagte tydens die kongres van die Gesuiwerdes aldaar. Ook hulle het Die Burger en Die Volksblad as hulle spreekbuise aanvaar.[197] Die Natallers het die konstitusie, soos deur die Vrystaters opgestel, net so oorgeneem en A.J. Nel is tot leier en G.J. Lombard tot onderleier ver=kies.[198] Die groep aanhangers van die Gesuiwerdes in Natal was maar klein, maar hulle was nogtans 'n "Gideons-bende" wat bereid was om die doel en strewes van die Nasionale Party uit te leef in 'n poging om hulle ideaal te verwesenlik.

Op die eerste Koukusvergadering van die Gesuiwerde Nasionale Party is dr. D.F. Malan amptelik as leier van die party en senator T.C. Stofberg as voorsitter van die Party gekies.[199] Dat hef aan nog vir die Party voorgelê het, is gewis, maar dat dit hulle aan moed nie ontbreek het nie is duidelik in die klein groepie Natallers se uitlatings te bespeur. Hulle het te midde van die groot Britse imperialistiese aanhang in Natal nogtans verklaar dat hulle 'n Christelike-Nasionale republiek vir Suid-Afrika in vooruitsig gestel het. Die jong party sou dan ook van krag tot krag gaan en vriend en vyand verras deur later 'n kardinale rol in die geskiedenis van Suid-Afrika te speel.

### 3.10 DIE AANNAME VAN 'N VIERTAL BELANGRIKE WETGEWINGS - HERTZOG SE IDEAAL VERWESENLIK.

Reeds sedert die Pakt se bewindsaanvaarding in 1924 het genl. Hertzog 'n aantal belangrike wetgewings in gedagte gehad wat hy deur die parlement wou voer. Dit het later byna 'n obses=

197. Die Volksblad, 14.12.1934.
198. Ibid.
199. Coetzer, p. 770.

sie by die generaal geword. Die belangrikste van hierdie wetgewings was die Statuswette, die belangrike Kleurvraag=stuk wat hy in wetgewing wou vaspen, die Naturelleverteen=woordigingswetsontwerp en die Naturelletrust -en grondwets=ontwerp.

3.10.1 DIE AANNAME VAN DIE STATUSWETTE.

Reeds voordat samesmelting 'n werklikheid geword het, het genl. Hertzog 'n poging aangewend om die statuswette aanvaar te kry. Op 22 Maart 1934 is die eerste lesing van die kon=stitusionele wetsontwerpe, naamlik die Wet op die Status van die Unie, Wet 69 van 1934 en die Wet op die Uitvoerende Magte en Seëls van die Koning, Wet 70 van 1934, in die parlement voorgestel.[200] Hierdie wette was 'n uitvloeisel van die Statuut van Westminister. Die belangrikste bepalings van die Wette was dat die uitvoerende gesag van die Unie in sy bin=nelandse en buitelandse beleid berus het by die Britse Koning in samewerking met die Unie-ministers. Die gesag kon deur die Koning self of deur die goewerneur-generaal uitgeoefen word.[201] Voorsiening is ook gemaak vir Unie-burgerskap en wetgewing is verander met betrekking tot die gebruik van die Koninklike seëls. Verder sou alle aktes voortaan deur die Koning en 'n Unie-minister onderteken word.[202]

In die parlement het die aanname van die wette heelwat bespre=king uitgelok en veral genl. Smuts se toespraak ten gunste van die wet het wye reaksie ontlok. Smuts het kategories ontken dat hy en Hertzog vooraf oor die wetsontwerp gekoukus het.

---

200. Hansard, Deel 22, van 22.3.1934, kol. 1894.
201. Ibid.
202. Die Burger, 23.3.1934.

Hy het die verklaring gemaak omdat C.W.A. Coultner, hom beskuldig het dat hy van standpunt verander het sedert hy en Hertzog na koalisie onderhandel het.[202] Smuts het verklaar dat hy nooit sy Party in die steek gelaat het nie en dat hy hulle alles aangaande die wetsontwerpe meegedeel het. Smuts het voorts verklaar dat die Statuswette nie strydvrae sou kon oplos nie en ook nie verder sou gaan as die bestaande konstitusionele toestand nie. Smuts het voorts verklaar dat hy en Hertzog ooreengekom het om nie verder oor die status=wette te verskil nie.[203] Wat die konstitusionele posisie van die Unie betref is besluit om die *status quo* te handhaaf soos in die Suid-Afrika-Wet van 1909 vasgevang, en so in die Sta=tuswette te behou. Met betrekking tot die soewereiniteit van die parlement het Smuts verklaar dat dit beteken dat geen Britse wet voortaan op die Unie van toepassing sou wees tensy dit deur 'n wet van die Unie-Parlement ondersteun word nie.[204] Die Koning sou voortaan ook net op advies van die Suid-Afrikaanse ministers kon handel.

Smuts het voorts in sy betoog daarop gewys dat Suid-Afrika nog steeds die reg tot afskeiding soos vervat in die Blafour-verklaring, behou het en dat die reg tot neutraliteit onaan=getas bly.[205] Smuts het die betoog afgesluit deur 'n beroep op Afrikaans- en Engelssprekendes te doen om te strewe na eensgesindheid en dat 'n ernstige poging aangewend moes word om die statuswette aanvaar te kry.[207]

Wanneer in ag geneem word dat genl. Smuts in wese teen die Statuswette gekant was, spreek hierdie betoog van hom boek=

202. Hansard, Deel 22, van 9.4.1934, kol. 2098.
203. Ibid.
204. Ibid.
205. Dit was dieselfde Smuts wat later tydens die 1939 Neu=traliteitsdebat heftig geagiteer het teen Suid-Afrika se reg om neutraal te bly.
207. Hansard, Deel 22, van 9.4.1934, kol. 2283.

dele. Sy leierskap kom ook sterk na vore wanneer gelet word op die feit dat die sterk Brits-gesindes in sy party bereid was om hom blindelings te volg wat die wette betref. Verder moet in gedagte gehou word dat Smuts presies geweet het hoe Hertzog oor die Wette voel en dit maak Smuts se opoffering, om ietwat teen sy beterwete, ten gunste van die Wette te praat soveel meer lofwaardig. Dit is 'n bewys dat hy die erns van samesmelting voorop gestel het.

Op 2 Mei 1934 is die derdelesing van die wetsontwerp egter aanvaar en op 22 Junie 1934 het die Britse Koning die Wet of die Status van die Unie van Suid-Afrika as Wet 69 van 1934 en die Wet op die Uitvoerende Magte en Seëls van die Koning as Wet 70 van 1934 goedgekeur.[208]

3.10.2 GENERAAL HERTZOG EN DIE KLEURVRAAGSTUK IN 1930-1936.

Die Kleurvraagstuk het gereeld die aandag geniet in die be= windstydperk van Genl. Hertzog. Die saak is dikwels op die agtergrond geskuif om maar weer later opgehaal te word. Sedert die Pakt-bewindsaanvaarding het genl. Hertzog alles in sy vermoë gedoen om die regte van die blanke te beskerm deur wetgewing. Veral in die nywerhede was daar gedurig konflik tussen blank en swart oor lone en -werkreservering. Reeds in 1925 het genl. Hertzog in samewerking met kol. Creswell die Loonwet op die Wetboeke geplaas. Hierdie wet was weer ter aanvulling van die nywerheidsversoeningswet van 1924 en het veral aandag aan die lone van nywerheidswerkers gegee.

208. Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1934, p. 915.

Die lone van geskoolde, - ongeskoolde en swak georganiseerde werkers is deur die wet bepaal.[209]

Generaal Hertzog het deurentyd gepoog om voorkeur aan blankebo swartarbeiders te gee en om die regte van die blankes te beskerm. Teen 1930 was die oorgrote meerderheid van hierdie blankearbeiders Afrikaanssprekend en boonop baie behoeftig. Die wet op Myne en Bedrywe is deur die Pakt met die Kleurslagboomwet vervang en ook hierin is die geskoolde blanke en Kleurlingarbeiders teen onregverdige mededinging van die swart en Indiërarbeiders beskerm. In 1929 kon genl. Hert=zog nie 'n tweederde meerderheid in die parlement verkry om sy wetgewing in verband met verteenwoordiging van swartes en kleurlinge in die parlement deur te voer nie.

Na genl. Hertzog se terugkeer van die 1930 Rykskonferensie het hy te kenne gegee dat hy hom opnuut sou beywer om die Kleur=vraagstuk op 'n bevredigende manier op te los. Met die aan=vang van die 1931- parlementsitting het die Gesamentlike Komitee wat die parlementêre verteenwoordiging van die swartes en Kleurlinge moes ondersoek, sy werksaamhede hervat.[210] 'n Konsepwetsontwerp, wat die stigting van die Naturelletrust in vooruitsig gestel het was ook tydens die parlementsitting onder bespreking.[211] Die Naturelletrust sou verantwoordelik wees vir die aankoop van byna ses en 'n half miljoen hektaar grond vir swartes uit regeringsfondse.[212]

Genl. Hertzog het maar al te goed besef dat die praktiese toepassing van 'n effektiewe segregasiebeleid tussen blank en swart nie baie maklik sou wees nie. Hy moes verder baie ver=

209. Hansard, Deel 3, van 16.2.1925, kol. 12.
210. Ibid, Deel 18, van 22.2.1932, kol. 379.
211. Ibid.
212. Le Roux, Genl. J.B.M. Hertzog, p. 415.

sigtig wees in sy hantering van die kleurvraagstuk, omdat hy op daardie stadium nog die redelike goeie samewerking van genl. Smuts geniet het. Aan die anderkant het hy gesit met die ongeduld van 'n dr. Malan, wat hom beskuldig het dat daar onnodig lank gesloer word met die kleurvraagstuk.[213] Malan het te kenne gegee dat dit tyd geword het dat die Gesamentlike Parlementêre kommissie die volk moes inlig aangaande hulle werksaamhede en vordering met die kleurvraagstuk. Malan het sy twyfel uitgespreek oor die bevredigende oplossing van die vraagstuk.

Selfs in die koalisie-ooreenkoms tussen generaals Hertzog en Smuts is 'n poging aangewend om die swart vraagstuk be= vredigend op te los: "Langs 'n weg wat sonder om die Naturel sy reg van ontwikkeling te ontneem, die vereiste van die blanke beskawing op die voorgrond stel en voorsiening maak vir aparte politieke verteenwoordiging van wit en swart."[214]

Genl. Hertzog het besef dat hy nooit die verlangde tweederde meerderheid in die Parlement sou kon verkry om wetgewing met betrekking tot die kleurvraagstuk deur te voer nie. Dit kan dan ook as een van die redes aangegee word waarom die generaal bereid was om selfs 'n Party skeuring te waag, toe hy hom be= reid verklaar het tot samesmelting. Hy was dus bereid om hierdie prys te betaal om sy groot lewensideaal verwesenlik te kry. Hy het daarin geslaag om die wetsontwerpe saam te vat in twee wetsontwerpe naamlik: 'n Naturelletrust en Grond= wetsontwerp en die Naturelleverteenwoordigingswetsont= werp.[215] Hierby was die beginsels van die Wetsontwerp op Na= turellerade van 1926 ingesluit.

---

213. Die Burger, 1.10.1932.
214. Ineg Pamflet, F.C., Erasmus, Die twee Basisse verge= lyk.
215. Verenigde Vergadering van albei Huise van die Parlement, 13.2.1936, kol. 305.

Binne die eerste ses maande van 1936 het genl. Hertzog gesorg dat die twee Wetsontwerpe by die parlement ingedien word. Die veronderstelling was dat die twee 'n geïntegreerde een=heid vorm en dat albei dus of aanvaar of verwerp moes word.[216]

3.10.3 DIE NATURELLEVERTEENWOORDIGINGSWETSONTWERP.

Genl. Hertzog het op 14 Februarie 1936 verlof gevra om die Naturelleverteenwoordigingswetsontwerp by die parlement in te dien.[217] Dadelik met die indiening van die wetsontwerp, is verdere registrasie van die swartes as kiesers verbied. Die swartes sou ook deur, aanvanklik 4 en daarna 6 blankes in die Senaat verteenwoordig word. Dit het weer wrywing veroorsaak en genl. Hertzog, moes vinnig planne beraam om 'n skeuring in die splinternuwe Verenigde Party te verhoed. Genl. Smuts het ook daarop aangedring dat Hertzog groter toe=gewings aan die swartes moes maak om te vergoed vir die stem=reg wat hulle verloor het.[218] Hertzog het bes gegee en die wetsontwerp so verander dat die swartes van die Kaapprovinsie hulle stemreg kon behou, alhoewel hulle op 'n aparte kie=serslys geplaas sou word.[219] Hulle kon ook 3 blankes kies om hulle in die parlement en 2 blankes om hulle in die Pro=vinsiale Raad te verteenwoordig. In die Senaat sou swartes landswyd verteenwoordiging hê in die vorm van 4 blanke verteenwoordigers.[220]

216. Le Roux, Genl. J.B.M. Hertzog, p. 221.
217. Verenigde Vergadering van albei huise van die Parle-ment, 13.2 - 7.4.1936, kol. 6.
218. Ibid., kol. 305 - 316.
219. Ibid., kol. 49.
220. Ibid., kol. 60.

Die Gesuiwerde Nasionale Party het genl. Hertzog skerp ge=kritiseer oor hierdie wetsontwerp en het hom daarvan beskuldig dat hy 'n totale verandering ondergaan het sedert same=smelting. Hertzog het hulle op sy beurt aangeval en hulle daarop gewys dat hulle, tot voor die skeuring, saam met hom gestem het dat die Kleurvraagstuk buite Partypolitiek gehou moes word, "Ek het altoos vanaf die eerste dag dat ek oor die saak gepraat het," het Hertzog verklaar, "dit gesê, dat ons die naturellevraagstuk natuurlik kan oplos."[221] Hiermee het Hertzog bedoel dat die partypolitiek nie 'n rol moes speel nie omdat hy geveg het vir die regte van alle blankes ongeag aan watter politieke Party hy behoort het. Die wetsontwerp moes slegs dien om die blankes teen swart oorheersing te beskerm. Hy het verder geglo dat daar nooit werklik vrede tussen blank en swart sou kom indien die swartman nie ook inspraak in sake wat hom raak gehad het nie.[222] Hertzog het 'n baie debat=teerbare saak aangeraak toe hy verklaar het dat die swartman immers ook inwoners van die land was. Hertzog het geglo dat, indien die wetsontwerp aanvaar sou word, dit 'n einde aan die blanke se vrese vir oorheersing sou bring en terselfdertyd ook nuwe hoop by die swartman opwek.

Genl. Hertzog het dit baie duidelik gestel dat daar geen werk=like verskil tussen die Naturelleverteenwoordiging en die Na=turellegrondwet was nie en daarom wou hy die twee saam in=dien.[223] Na twee en 'n half maande van ernstige debattering in die parlement is die Naturelleverteenwoordigingswet op 6 April 1936 deur die parlement met 168 teen 11 stemme aanvaar.[224] Generaal Hertzog was besonder in sy skik met die uitslag want uiteindelik het hy die vereiste tweederde meer=

221. Spies, et.al., Deel 6, p. 164.
222. Ibid.
223. Vgl. voetnoot 229.
224. Verenigde Vergadering van albei huise van die Parlement, 13.2 - 7.4.1936, kol.1245 - 1247.

derheid behaal en die baie jare se harde werk en vaste ver= troue het uiteindelik vrugte afgewerp. Ook sy kollegas in die Kabinet was beïndruk met die wyse waarop die, toe reeds 70 jarige generaal, volhard het in sy strewe om die Kleur= vraagstuk tot 'n punt te dryf.

### 3.10.4 DIE NATURELLETRUST EN GRONDWETSONTWERP.

Generaal Hertzog het gepoog om die Naturelletrust en Grond= wetsontwerp saam met die vorige wetsontwerp as 'n geheel aan= vaar te kry. Dit het egter nie realiseer nie en op 31 Desember 1935 is die Naturelletrust en Grondwetsontwerp in 'n buitengewone staatskoerant gepubliseer.[225] Die kern van die Wet kan saamgevat word daarin dat dit voorsiening gemaak het vir die instelling van 'n Suid-Afrikaanse Naturelletrust. Daar sou nog grond afgebaken sou word in al die Provinsies van Suid-Afrika vir swart ontwikkeling en laastens sou swartes verbied word om hulle in sekere gebiede te gaan ves= tig.[226] 'n Suid-Afrikaanse Naturelletrust is gestig om al die vorige trustrade te vervang en die Goewerneur-generaal sou as trustee optree.[227] Die trust moes fondse gebruik om grond aan te koop vir swartontwikkeling.

Hierdie Wet sou vergestalting gee aan genl. Hertzog se beleid van, "om in die algemeen die materiële, morele en maat= skaplike welsyn van die Naturelle, woonagtig op grond in die genoemde gebiede of op grond deur die Trust besit, te be= vorder."[228] Die Wetsontwerp het bepaal dat daar orde sou

225. Buitengewone Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika, Vol. C11, van 31.12.1935, No. 2319, p. iii.
226. Ibid.
227. Ibid.
228. Ibid., p. v.

wees in die hele stelsel van swart grondbesit in Suid-Afrika. Die Wetsontwerp is deur minister P.G.W. Grobler, Minister van Naturellesake, ingedien tydens die tweede lesing van die wetsontwerp.[229]

Minister Grobler het in die hele debat die siening van genl. Hertzog, in die breë, uitgespel met betrekking tot die Wets= ontwerp se historiese aanloop.[230] Die primêre doel van die wetsontwerp was om grond beskikbaar te stel sodat swartmense in hulle eie tradisie en in hulle eie kultuur milieu daar kon gaan woon.[231] Dit is ook later in die debat bevestig toe genl. Hertzog verklaar het dat die Wetsontwerp bedoel was om aan die swartes wat nie direk in diens van die blankes was nie, 'n gebied te gee waar hulle op hulle eie kon gaan woon.[232] Inderwaarheid kom die gedagte sterk na vore dat genl. Hertzog hiermee 'n poging wou aanwend om die swart verstedeliking te probeer hokslaan. Hierdie swart verstede= likingsproses was besig om ernstige afmetings aan te neem en dit het geweldige ekonomiese implikasies tot gevolg gehad. Op die maatskaplike, sosiale en kulturele akker het hierdie probleem eweneens ernstige probleme veroorsaak. Rassewry= wing het weer begin ontstaan en die onaangename gebeure rondom die 1922 werkersopstand is weer in herinnering geroep.

Die totale oppervlakte van die grond wat vir die doel opsy ge= sit sou word, of wat dan deur swartmense as eie gebied benut kon word, was ongeveer sewe en 'n kwart miljoen hektaar, bykans 12% van die totale oppervlakte van Suid-Afrika.[233]

---

229. Hansard, Deel 26, van 30.4.1936, kol. 2798.
230. Ibid., kol. 2799 - 2806.
231. Ibid.
232. Ibid., Deel 27, van 20.5.1936, kol. 4151 - 4152.
233. D. Joubert, Brandpunte No. 4. Die Naturelle grond-kwessie, p. 10.

Hertzog het dit egter baie duidelik gestel dat die blankes nie in die proses enige skade sou lei nie.[234]

Die Malaniete het in die debat sterk te velde getrek teen die Wetsontwerp en genl. Hertzog aangeval oor sy bemoeienis met die swartes, terwyl daar baie blankes was wat op daardie stadium gebuk gegaan het onder die las van die droogte en die haglike ekonomiese omstandighede. Genl. Hertzog het dr. Malan dit verkwalik dat hulle, wat in 1926 saam met hom gestem het, nou teen hom gedraai het. Dit is ook treffend dat dr. Malan en die Nasionale Party wat weggebreek het van genl. Hertzog oor die stryd om die behoud van 'n politieke party, nou nie hulle weg oopgesien het om oor 'n saak wat alle blankes in Suid-Afrika geraak het, saam met Hertzog te staan nie.

Genl. Hertzog het drie belangrike sake wat op die prioriteitslys van die Verenigde Party-regering aandag moes geniet beklemtoon. Eerstens moes daar so spoedig moontlik met die aankoop van die grond vir die toekenning aan swartes begin word. Tweedens moes daar R20 000 bewillig word om oor die daaropvolgende 5 jaar die grond aan te koop. Laastens moes daar in beginsel besluit word dat, indien enige verdere fondse vir die aankoop van grond vir swartes benodig sou word, dit beskikbaar gestel moes word.[235] Genl. Hertzog se ideaal is ook hier verwesenlik toe die Wetsontwerp op 27 Mei 1936 in die Senaat bekragtig is.[236]

Met die deurvoer van bogenoemde wette het genl. Hertzog bewys dat hy dit erns gemaak het met die beleid van afsonderlike

---

234. <u>Ibid</u>.
235. <u>Hansard</u>, Deel 26, van 30.4.1936, kol. 2883.
236. <u>Ibid</u>., Deel 27, van 27.5.1936, kol. 4504.

ontwikkeling. Dit was vir genl. Hertzog duidelik dat blank en swart nie maar net kon voortbestaan in 'n gemengde same=lewing nie en daarom het hy so byna fanaties volhard om hier=die wette aanvaar te kry. Hy het bewys dat elke bevol=kingsgroep oor die reg beskik om sy eie identiteit vir sy na=geslag te bewaar. Vele terugslae en teleurstellings het genl. Hertzog nie onder gekry of laat tou opgooi nie. Ten spyte van teenkanting in eie geledere, het genl. Hertzog as gevolg van die ekonomiese impak van die depressie en die droogte, besluit om 'n koalisie en later samesmelting aan te gaan, om sy doel te bereik. Die verlangde tweederde meer=derheid moes deurgaans 'n belangrike rol in die generaal se besluit gespeel het.

## 3.11 EVALUERING.

Die tydperk 1929-36 is polities ingelui met die verkiesing van 1929. Dit was 'n verkiesing waarin die Kleurvraagstuk 'n oorheersende rol gespeel het tydens die verkiesingsveldtog.[237] Vanaf die uitslae van die verkiesing kon genl. Hertzog 'n dui=delike beeld vorm van waar die Pakt-regering op daardie stadium in die Suid-Afrikaanse politiek gestaan het. Een ding moes vir die generaal baie duidelik gewees het, naamlik, dat hy nie meer veel kon staatmaak op die Arbeidersparty vir hulp nie. Die skeuring in Arbeidersgeledere was deels hier=voor verantwoordelik. Aan die ander kant was daar die ver=blydende tekens, gesien vanuit Hertzog se oogpunt, dat die Nasionale Party as die sterker Party uit die stryd getree het.

Die algehele ineenstorting van die wêreldekonomie, maar meer spesifiek in Suid-Afrika, met die daaropvolgende droogte het

237. Le Roux, Genl. J.B.M. Hertzog, p. 406.

sake vir die Nasionale Party in 1932-33 baie bemoeilik. Veral genl. Hertzog het swaar gely onder hierdie omstandighede en dit was bykans nie meer moontlik vir die Pakt-regering om die land te regeer nie. Dit was hierdie ekonomiese knelpunte wat die gedagte van koalisie met die Suid-Afrikaanse Party by genl. Hertzog laat posvat het. Die daaropvolgende onder= handelings met genl. Smuts het ook nie tekort geskiet in hul= le kwota van venyn tussen die Afrikaanssprekende en Engels= sprekendes met betrekking tot die vraag oor die trou aan die Britse Kroon nie. Uiteindelik het die twee generaals se vêrsiendheid oorwin en is die twee hoofpartye in 'n koalisie-regering saamgevoeg, om enkele maande later as die Verenigde Suid-Afrikaanse Party saam te smelt.

Hierdie tydperk was ook gekenmerk deur skeurings. Eers was daar die skeuring binne Arbeidersparty-geledere en daarna was daar die wegbreek van dr. Malan en die "Gesuiwerdes," na sa= mesmelting. Hierdie besluit van dr. Malan moes ook seker geen maklike besluit gewees het nie, daar hy inderdaad moes besef het watter verreikende implikasies so 'n stap op veral die Afrikaanssprekendes sou gehad het.

'n Belangrike faktor wat in hierdie tydperk na vore gekom het was genl. Smuts se bereidwilligheid om saam te werk, en dit is baie duidelik dat dit op daardie tydstip vir genl. Smuts gegaan het om die beswil van Suid-Afrika en nie om partypolitiek nie. Sy bereidwilligheid om onder sy eertydse politieke aartsvyand, genl. Hertzog, as adjunk-premier te dien is voldoende bewys hiervan. Hy het immers geweet dat genl. Hertzog nie werklik soveel erg aan die imperialistiese bande gehad het nie. Dit is eweneens moontlik dat genl. Smuts hom met Hertzog kon misgis het en dat Smuts miskien nooit verwag het dat Hertzog sou instem tot koalisie nie. Dit was prysenswaardig van hom om, nadat Hertzog tot koalisie

ingestem het, nie op sy woord terug te gaan nie, maar wel voortgegaan het, terwille van die eenheid en welstand van Suid-Afrika.

Die jaar 1936 moes sekerlik vir genl. Hertzog 'n besondere jaar gewees het. Na byna 'n dekade se gesukkel het hy uiteindelik 'n tweederde meerderheid in die parlement gekry vir die deurvoering van wette om aan sy Kleurbeleid gestalte te gee. 'n Lewensideaal was dit gewis, veral gesien in die lig daarvan dat genl. Hertzog selfs bereid was om 'n groot persentasie van sy Afrikaner-ondersteuners agter te laat in 'n poging om sy doel met die Kleurbeleid te bereik.

Dit is ook duidelik dat die ekonomie in partypolitiek 'n rol gespeel het. Verder het genl. Hertzog ook nog die ekonomie as 'n skuifmeel gebruik om te kon saamsmelt. Die ekonomiese krisis van 1932-33 het Hertzog verplig om hulp te soek om die krisis te bowe te kom. Hulp wat hy gesien het deur met Smuts saam te smelt. Die optrede van Tielman Roos moes eweneens vir Hertzog nog verder aangespoor het om vinnig op te tree, want Roos was die onbekende faktor. Vir Smuts het hy die ver= sekering gegee dat hy Hertzog se regering omver kan gooi en dat hy en Smuts dan kon saamsmelt. Om dit te verhoed moes Hertzog dus daadwerklik optree. Saam het die twee faktore dus aan Hertzog genoeg rede verskaf om toenadering tot Smuts te soek en terselfdertyd verseker dat hy 'n tweederde meerderheid kon kry om sekere wetgewings, wat by hom al byna 'n obsessie geword het, deur die parlement te loods.

Die tydperk 1929-1936 was beslis 'n tydperk waarin politiek en ekonomie so inmekaar geweef geraak het dat die een later ge= dreig het om die ander in orde van belangrikheid te oorheers. Die interafhanklikheid van die ekonomie en die politiek in

hierdie tydperk word geïllustreer in die gebeure rondom koalisie en samesmelting. Ekonomies het dit sleg met die land gegaan, veral met die ernstige droogte. Dit het 'n in= vloed op die politiek gehad. Stemme het begin opgaan dat Hertzog nie meer die mas kon opkom nie en dat hy die pos as regeerder van die land moes ontruim. Ekonomiese druk het uitdrukking in die politiek gevind toe eers koalisie en daarna samesmelting aangegaan is. Nadat die politieke huis weer aan die kant gemaak was, het die ekonomie ook drasties herstel. Die herstel in die ekonomie het nog meer politieke besten= digheid aan die hand gewerk sodat daar selfs 'n tweederde meerderheid stemme verkry kon word om wetgewing wat vir byna 'n dekade lank gesloer het, deur te voer.

# HOOFSTUK 4.

## DIE EKONOMIE AS DOMINANTE FAKTOR IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK, 1929-1936.

### 4.1 INLEIDING.

Soos die meeste ander samelewingsordes, het ook ekonomie 'n betekenisvolle invloed op die politieke ontwikkeling van 'n land. Ekonomiese realiteite kan 'n politieke party dwing om van 'n ingeslane weg af te wyk. Dit is selfs in staat om partybeginsels te wysig om veranderde ekonomiese omstandighede te pas. Finansiële magsgroepe in die ekonomie het onder be=paalde omstandighede dikwels 'n dominante invloed op die be=sluite van politieke leiers. So het die bekende Lord Bryce by geleentheid verklaar, dat die demokrasie geen groter en ver=raderlike vyand as die geldmag het nie. Daardie vyand is ge=dug, omdat dit in die geheim deur middel van oorreding of mis=leiding werk, eerder as deur mag en so mense niksvermoedend betrek. Dit is oral 'n gevaar vir enige goeie regering.[1]

Pres. Abraham Lincoln van die V.S.A. het hom met hierdie siening vereenselwig en hom as volg hieroor uitgelaat, " The money-power preys upon the nation in times of peace, and conspires against it in times of adversity. It is more despotic than monarchy, more insolent than autocracy, more selfish than bureaucracy. It denounces as public enemies all who question its methods or throw light upon its crimes."[2]

1. B.M. Schoeman, Die Geldmag - Suid-Afrika se onsigbare Regering, p. 7.
2. Ibid., p. 6.

Met hierdie uitlating van hom in gedagte is dit dus te verstane waarom hy in die stryd tussen die Noorde en Suide tydens die Amerikaanse Burgeroorlog verklaar het, dat hy twee groot vyande het die Suidelike leër voor hom en die groot finansiële instellings agter hom. Van die twee was die een agter hom sy grootste vyand.[3] Daar is geen land ter wêreld waar die ekonomiese magsgroepe nie 'n bepalende rol speel in die gang van sy politieke geskiedenis nie. Sir Reginald McKenna, gewese voorsitter van die Midlands Bank in Engeland, beweer tereg dat, hulle wat die krediet van die land beheer, bepaal ook die beleid van die regering, en hou die lotgevalle van nasies in die holte van hulle hand.[4] Dieselfde argument word gevoer deur McKenzie, 'n voormalige Eerste Minister van Kanada, wat dikwels verklaar het dat alvorens die beheer en voorsiening van geld en krediet nie teruggeplaas is na die regering en die regering dit nie aanvaar as sy belangrikste en heiligste verantwoordelikheid nie, bly alle versekerings oor die Soewereiniteit van die Parlement en die demokrasie futiel en ydele praatjies.[5]

Die werking van die politiek op internasionale, sowel as op nasionale vlak kan gevolglik nooit volkome begryp word sonder om die rol wat die ekonomie speel, raak te sien nie. Die bestaan van 'n beperkte aantal invloedryke en vermoënde indi= vidue en instansies wat die geldsake van 'n land manipuleer, kan nie negeer word nie. Dit is hierdie groepe wat uiters belangrike aangeleenthede soos die geldvoorsiening van 'n land, werkloosheid, nasionale skuld, nywerheidsonrus, eko= nomiese insinkings kan beheer. Geld is so essensieël vir 'n regering as wat dit vir individue is, nie een kan daarsonder klaarkom nie.

3. Ibid., p. 7.
4. Ibid., p. 9.
5. Ibid.

Dat die invloed van die ekonomie op die politiek nie iets nuuts in Suid-Afrika is nie, spreek uit die gebeure van die tydperk 1929-1936. Dit was gewis 'n tydperk van ingrypen= de ekonomiese veranderinge wat 'n direkte en bepalende in= vloed op die politiek gehad het.

Dit het die politiek in 'n sekere rigting, wat uiteindelik op die samesmelting van die Suid-Afrikaanse Party en die Na= sionale Party en die daaropvolgende stigting van die Verenigde Party van Suid-Afrika uitgeloop het, gedwing. Om die gel= digheid van hierdie stelling te bepaal is dit nodig om die gebeure vanaf 1929-1936 teen 'n ekonomies-politiese agtergrond van daardie tydperk te projekteer.

## 4.2 DIE INTERAKSIE TUSSEN DIE POLITIEK EN DIE EKONOMIE IN SUID-AFRIKA, 1929-1936.

Dit is belangrik om daarop te let dat ekonomie nie die enig= ste faktor is wat gedurende hierdie tyd op die partypolitieke situasie 'n invloed uitgeoefen het nie. Faktore soos onder andere die wit-swart verhoudinge, die gedurige wedywer om as regerende party aan die bewind van sake in die land te wees, probleme rondom internasionale erkenning op staatkundige ge= bied het neerslag gevind en het ook 'n bydrae gemaak tot partypolitieke optredes in die dertigerjare in Suid-Afrika. Vir die doel van hierdie studie is daar egter gekonsentreer op die ekonomiese realiteite wat veral in die tydperk 1929-1936 'n deurslaggewende impak op politieke besluite gehad het. Daar moet op gelet word dat die ekonomie ook deur die politiek beïnvloed kan word en dat nie net die omgekeerde al= tyd waar is nie. Die teenoorgestelde proses naamlik: 'n po= litieke besluit wat die ekonomie kan bevorder of benadeel kan

ook plaasvind. Die tydperk 1929-1936 het egter bewys dat daar sekere faktore was waarop die ekonomie so 'n stewige hou= vas gehad het dat dit inderdaad partypolitici, wat vir baie jare met mekaar oorhoops was, in mekaar se arms gedryf het.

4.2.1 DIE INEENSTORTING VAN DIE AANDELEMARK.

Ekonomiese gebeure van die jaar 1929 kan geneem word om te illustreer dat Suid-Afrika nie geïsoleerd van die res van die wêreld kan opereer of bestaan nie. Aan die begin van 1929 was Suid-Afrika ekonomies relatief stabiel. Die goudprys was bestendig en Suid-Afrika, wat op daardie tydstip die wêreld se grootste leweransier van hierdie edelmetaal was, kon tereg aanspraak maak op 'n stewige inkomste uit buite= landse valuta wat uit gouduitvoere verkry is.[6] Suid-Afrika was egter nie verskans teen skokke op die wêreld se geld= markte nie.

Met die ineenstorting van die Wall Street aandelemark in New York op 29 Augustus 1929, het die probleme nie rondom Amerika beperk gebly nie. Binne enkele dae na die ineenstorting is die eerste rimpels van die skokgolf van hierdie ekonomiese ramp ook in Suid-Afrika gevoel. Die goudprys het dadelik gedaal en die land se ekonomie het in duie gestort. Werk= loosheid het onmiddellik die hoogte in geskiet. Baie maat= skappye moes hulle deure sluit en talle individue het insol= vent geraak. Die kalmte op politieke gebied is versteur en die Opposisie het die Hertzog-regering vir die swak ekonomiese toestande blameer. Beskuldigings dat die owerheid betyds voorsorgmaatreëls moes getref het, is deur Smuts en sy Suid-

6. C.G.W. Schumann, The World Depression,. South Africa and the Gold Standard, p. 100.

Afrikaanse Party teen Hertzog en die Pakt-regering geslinger. Die swak handel en die daling in die vraag na goud het gou 'n politieke speelbal geword.

Die ineenstorting van die Wall Street aandelemark het be= wys dat Suid-Afrika nie ekonomies geïsoleerd van die res van die wêreld is nie. Saam hiermee moet dit egter duidelik gestel word dat Suid-Afrika eweneens ook nie polities geïsoleerd van die wêreld kan staan nie. Die krisis rondom die afstapping van die goudstandaard in 1931 is afdoenbare be= wys hiervan. Suid-Afrika was op daardie stadium in die po= sisie dat die land die hoogste vorm van verskansing teen 'n ekonomiese krisis gehad het, naamlik sy groot rykdom aan goud. Die goudkrisis word egter 'n krisis vir die regering, omdat daar druk vanuit die buiteland en veral vanuit Brittanje via die Opposisie op die Suid-Afrikaanse regering toegepas is om as't ware in wêreldbelang ook van die goudstandaard af te stap. Dit was op daardie stadium nie werklik in Suid-Afrika se belang om die goudstandaard te verlaat nie.

Hierdie ekonomiese krisis het ook op Suid-Afrika se par= typolitiek 'n bepalende impak gehad. Tielman Roos se her= toetrede tot die politiek "om die land te red van bankrotskap" en sy opportunistiese toetrede tot die debat om die goud= standaard is voldoende bewys hiervan. Roos se onderhande= linge met Smuts en Hertzog het in 'n sekere opsig nie gegaan om politieke redes nie. Roos het immers by geleentheid ver= klaar dat hy slegs gepoog het om die land te red van ekonomiese ondergang.[7] Hy het hom baie duidelik op die eko= nomie beroep en nie Hertzog of Smuts kon werklik sy vermoë om die regering oor te neem, peil nie. Vandaar dat hulle nie bereid was om met hom saam te werk nie.

---

7. <u>Die Burger</u>, 29.12.1932.

Die feit dat Suid-Afrika polities nie geïsoleerd kan optree nie word verder onderstreep deur die druk wat deur die im= perialistiesgesinde Smuts op Hertzog toegepas is om van die goudstandaard af te stap. Smuts was vas oortuig dat Suid-Afrika as Britse Dominium geen ander keuse gehad het as om Brittanje se voorbeeld te volg nie. Die Opposisielede het hulle by hul leier geskaar en aangedring dat Hertzog van die goudstandaard moes afstap of bedank. Soos hierbo aangetoon het Brittanje via die Opposisie ook op Hertzog druk uitgeoefen om die goudstandaard te verlaat. Die feit dat Brittanje nie direkte druk op Hertzog of die Pakt-regering as sulks uit= gevoer het nie, maar via die Opposisie dui eweneens op die feit dat, polities gesproke, Suid-Afrika nie geïsoleerd kon optree nie. Internasionale politiek en ekonomiese op= trede was dus teen 1931 totaal verweef en Suid-Afrika het hom midde in hierdie arena bevind.

Die afleiding kan gemaak word dat die Hertzog-regering se be= sluit om van die goudstandaard af te stap beslis nie net as gevolg van partypolitieke gebeure geneem is nie. Die eko= nomiese realiteite het so 'n bepalende rol gespeel en omdat die ekonomie en politiek moeilik van mekaar te skei is, kon Hertzog later net nie meer die ekonomiese druk, nasionaal so= wel as internasionaal, weerstaan nie en daarom dat hy be= sluit het om bes te gee. Die impak van partypolitiek op die Suid-Afrikaanse ekonomie kom hier duidelik na vore want na 'n aanvanklike daling [8] in die ekonomiese aktiwiteite, het die ekonomie drasties herstel. Dit was ten spyte van die in= vloed van die Depressie. Saam met die ekonomiese herstel het daar ook in 'n groot mate kalmte op die politieke terrein ingetree.[9]

---

8. Die Suid-Afrikaanse pond het met 29% gedaal.
9. Om die krag van die gebeure na afstapping te illustreer kan genoem word dat die goudaandele dadelik gestyg het en dat die Suid-Afrikaanse pond gedevalueer het. So byvoor= beeld het City Deep se goudaandele binne een week na die

Na die afstapping van die goudstandaard het stemme opgegaan dat daar beter samewerking tussen die twee politieke partye, die Nasionale Party van Hertzog en die Suid-Afrikaanse Party van Smuts, moes wees. Die inmenging van Tielman Roos in die debat oor die afstapping van die goudstandaard is duidelik sigbaar. Tielman Roos het die geskil tussen Hertzog en Smuts oor die goudstandaard uitgebuit om die twee generaals in 'n koalisie te dwing om later as een party saam te smelt en die Verenigde Party te vorm. Dit wat as 'n ekonomiese debat begin het, het uiteindelik gelei tot een van die mees dramatiese gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis sedert Uniewording.

4.2.2. INDUSTRIALISASIE.

Wanneer industrialisasie in Suid-Afrika geevalueer word, is die stigting van Yskor een van die belangrikste ontwikkelinge gedurende hierdie tydperk. Alhoewel Yskor reeds in 1928 ge= stig is, het sy impak eers in die tydperk 1929-1936 werklik inslag gevind. Die belangrikste invloed wat industrialisasie soos vergestalt deur Yskor asook die myne op die land gehad het, was die primêre faktor wat die verstedelikingsproses aan die gang gesit het. Op sy beurt het verstedeliking weer sosio-ekonomiese en maatskaplike toestande geskep wat deur die politieke partye aangespreek moes word. Sodoende het ekonomiese faktore 'n groot invloed op die partypolitiek ge= had.

---

afstapping met 100% gestyg volgens Die Burger, 31.12.1932.

Die droogte van 1931-1933 het veroorsaak dat baie boere ver= plig was om hulle plase te verlaat om elders 'n heenkome te vind. Oënskynlik het die stede en dorpe met hulle ont= wikkelde fabrieke, industrieë en myne die antwoord op die boere se probleem gebied. Dit was egter 'n perd van 'n an= der kleur wanneer die ongeskoolde boer werk probeer kry het in die stede. Hy is teen die goedkoper arbeid van die swartman opgeweeg en dikwels het groot konflikte hieroor ont= staan. Die omvang van verstedeliking van die Afrikaner word geïllustreer deur die feit dat dit vanaf ongeveer 20% in 1910 tot byna 40% in 1936 toegeneem het.[10]

'n Direkte ekonomiese gevolg van industrialisasie in Suid-Afrika was die groei in die aantal ondernemings wat tot die vervaardigingsbedryf toegetree het. Wanneer na die toename in die aantal ondernemings gekyk word, is dit duidelik dat hierdie sektor van die ekonomie 'n baie beduidende invloed op die landspolitiek kon uitoefen. Fabrieke het in Suid-Afrika met 88% vermeerder in die tydperk 1917-1936.[11] Saam hiermee het die getal werksgeleenthede oor dieselfde tydperk met 204% vir blankes en 148% vir swartmense gestyg.[12] Die styging in Bruto Binnelandse Produk oor dieselfde tydperk was 225%.[13] Geen ander Dominium van Brittanje kon met soortgelyke pres= tasies spog nie. Die beleid van die Pakt-regering om industrialisasie in Suid-Afrika aan te moedig, was grootliks vir hierdie groot groei in Suid-Afrika verantwoordelik. Die fabriekswese het in die tydperk 1917-1936 'n baie hoër groei as die landbousektor en die mynwese getoon, naamlik 156% teenoor 8% van die landbou en 47% van die mynbou.[14]

---

10. E.P. du Plessis, _'n Volk staan op - Die Ekonomiese Volkskongres en Daarna_, p. 32.
11. C.G.W. Schumann, _Die Ekonomiese Posisie van die Afri= kaner_, p. 87.
12. _Ibid_.
13. _Ibid_.
14. _Ibid_., p. 88.

Staatsondersteunde korporasies het nie alleen nywerheidsont= wikkeling in Suid-Afrika ondersteun nie, maar ook bygedra om die ernstige sosiale probleme in die land te probeer verlig. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë het in die tydperk 1929-1936 'n belangrike bydrae gelewer in die pogings om werkloosheid onder die blankes te bekamp en sodoende die armblanke te probeer op= hef. Die Spoorweë het uitbreidings van R4 miljoen aangegaan en in die proses probeer om werk vir veral blankes te skep.[15] Met betrekking tot vervoer het die Spoorweë 'n nuwe stelsel van pad- en lugvervoer ingestel om die treinvervoer te onder= steun. Daar was egter 'n ferme beheer oor die hele stelsel en die Spoorweg-administrasie in samewerking met die Sentrale Padvervoerraad, het 'n wye reeks beheermaatreëls ingestel om te sorg vir behoorlike koördinasie van die land se verkeers= wese.[16]

Die vervaardigingsbedryf het veral in die tydperk begin 1936 tot 1951 geweldig toegeneem. Vanaf 1919-1936 het die netto opbrengs met 51% gestyg en het dit tot 1951 met 29% toege= neem.[17] Hierteenoor het die vervaardigingsbedryf in sy ge= heel 'n groei van 4,5% getoon vanaf 1919-1936 terwyl 'n groei van 8,4% vanaf 1936-1951 aangedui word.[18] In 1929 was die meeste werkers in die landbousektor bedrywig. Nogtans was daar 345 000 werkers in die mynwese en 218 000 in die vervaardigingsbedryf werksaam.[19] Van hierdie groepe in die vervaardigingsbedryf was daar in 1929 bykans 91 000 blanke- en 90 000 swartmans werksaam. Teen 1934-1935 het die prentjie

15. Ineg Pamflet: L., Esselen, Die Vrug van Koalisie, p. 12.
16. Ibid.
17. J. Natrass, The South African Economy. Its growth and change, p. 165.
18. Ibid., p. 186.
19. Sabra Referaat Januarie 1951, Die Naturel in die Suid-Afrikaanse Nywerheidslewe, p. 99.

egter relatief baie verander en was daar 92 000 blanke- en 112 000 swartmans in die industrieë werksaam.[20]

In die lig hiervan is dit duidelik dat die industriële ont= wikkeling in Suid-Afrika vinnig aan die toeneem was en het genl. Hertzog sy vroeëre uitspraak gestand gedoen toe hy ver= klaar het dat die ontwikkeling van industrieë in Suid-Afrika hoë prioriteit moes geniet. Hy het hom as volg oor die nywerhede uitgelaat, "The great aim of industrial development was to build up a self supporting, vigorous population."[21]

Die waarde van die Suid-Afrikaanse fabriekswese en veral van Yskor is terdeë besef tydens die Tweede Wêreldoorlog en die groot rol wat hierdie sektor toe gespeel het kan nooit oor= beklemtoon word nie.

4.2.3 LANDBOU.

Suid-Afrika was tradisioneel 'n landbouland- die land van die boer. Wanneer daar van die boere gepraat is, word daar byna in dieselfde asem na die Afrikaner verwys. Die tydperk 1929-1936 is deurtrek met voorvalle waar die lotgevalle van die boere as wapen gebruik is om een of ander argument te staaf. Partypolitici het die lewensomstandighede van die boere telkens in politieke debatte ingesleep, asof die boere die mense was wat die swaarste getref was deur die droogte en die ineenstorting van die ekonomie. Smuts het by geleent= heid selfs beweer dat Hertzog die boere as stemvee gebruik het. Die invloed van die boerestem tydens 'n verkiesing,

20. Ibid., p. 101.
21. P.W. Coetzer, Die Verhouding tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party, 1924 - 1929, ongepubli seerde M.A.- verhandeling, p. 397.

veral op die platteland, was een waarmee deeglik rekening gehou moes word.

Die boere was meestal gesien as ongeletterde plaaswekers wat nie werklik 'n rol te speel gehad het in die ekonomiese stelsel van die land nie: nogtans was die bydrae wat die landbousektor tot die ekonomiese aktiwiteite gelewer het van groot belang vir Suid-Afrika. In direkte kontras met die boerderybedryf moet die mynwese, en veral die ryk mynbase van die land gestel word. Dit was meestal hierdie ryk myn= magnate wat bereid was om die boere, wat op daardie stadium sonder enige inkome was, in diens te neem. Teen 1930 was dit duidelik dat die landbouer as deel van die ekonomiese krisis nog 'n swak landboujaar voor die deur gehad het. Die droogte het in felheid begin toeneem en die getal Boere wat hulle plase moes verlaat het daagliks gegroei. Die be= langrikste nadeel van hierdie plaasverlating vir die blanke in Suid-Afrika, was dat diegene wat verplig was om hulle plase te verlaat dikwels selfs langs, of tussen anderskleuriges in die stede moes gaan woon. Teen 1930 is die toedrag van sake dikwels in die partypolitieke arena ingetrek. Sosiale en maatskaplike probleme was legio.

Genl. Hertzog het die inwoners van die land reeds in 1929 ge= waarsku dat daar gewaak moet word teen 'n te hoë lewen= standaard en dat die boere in besonder bedag moet wees om nie hulle grond te oorkapitaliseer nie.[22] Nogtans moes Hertzog by monde van F.C. Sturrock verneem dat hy (Hertzog) nie heel= temal so onskuldig staan aan die dilemma waarin die land ver= keer het nie. Volgens Sturrock het die Pakt-regering in die voorspoedjare te veel op regeringsvlak spandeer, vandaar dan die ekonomiese agteruitgang van die land en veral van die

22. Die Volksblad, 17.10.1929.

Boere.[23] Genl. Smuts het ook gewaarsku dat, indien die eko= nomie nog verder sou verswak, die Unie belas sou word met uitgawes waarvan die einde nie bekend sou wees nie. Dit is hier baie duidelik dat Smuts en die Opposisie, uit hulle pad gegaan het om die ekonomiese krisis en die Armblankevraagstuk, sowel as die toenemende werkloosheid, te gebruik om poli= tieke gewin vir die Suid-Afrikaanse Party te probeer behaal.

In die finansiële boekjaar 1933-1934 het die Regering 'n aan= tal projekte van stapel gestuur om werkloosheid, armoede en die finansiële posisie van die boere te probeer verlig. 'n Voorbeeld hiervan is die gronderosieprojek wat 'n tweeledige doel gehad het. Die doel met die projek was nie slegs om aan werkloses werk te verskaf nie, maar was ook bedoel om grond= erosie, wat deur water veroorsaak is, te probeer hokslaan. Hierdie projek het vir bykans 3 000 mense werk verskaf en die projek was uiteraard bedoel vir die platteland en spesifiek die plase.[24] By implikasie het dit beteken dat die projek 'n belangrike aspek van kommer, naamlik verstedeliking, ook aangespreek het.

Nog 'n belangrike faset van die regeringsplan van opheffing, was die poging om werkloses na die plase te laat terugkeer. Die staat het R300 000 beskikbaar gestel om aan boere te leen met die doel dat bywoners in diens geneem kon word.[25] Die gedagte was dat die boere nie nodig gehad het om die geld terug te betaal nie, maar dat 'n bedrag jaarliks van die le= ning afgetrek sou word vir elke voltooide jaar wat hy 'n bywoner op sy plaas gehad het. Hierdeur is 2 000 werkloses van werk voorsien.[26] Saam met hierdie projek het die re=

23. Die Burger, 20.10.1929.
24. Ineg Pamflet, L., Esselen, Die Vrug van Koalisie, p. 11.
25. Ibid.
26 Ibid.

gering 'n hernieude poging aangewend om, deur middel van beter opleiding, te verseker dat plaasseuns vir die beroep behoue sou bly. Die gedagte was dat die seuns so opgelei sou word dat hulle 'n sukses van die boerdery kon maak en ge=volglik nie as werkloses in die stede sou beland nie.

Beide landbou en mynbou was van onskatbare waarde vir die re=gering van 1929-1936. Die landbou was verantwoordelik vir die binnelandse wel en wee van die inwoners, en was hoof=saaklik verantwoordelik dat die land se voedselvoorraad kon=stant kon bly en mynbou was weer 'n belangrike verdiener van buitelandse valuta. Die inkomste uit hierdie buitelandse valuta was in die moeilike jare van 1933 die redding van die Suid-Afrikaanse ekonomie en dikwels was die enigste bron van inkomste uit uitvoere. Nogtans was daar ontevredenheid met die optrede van die mynmagnate. Die werkersopstand van 1922 en die gepaardgaande onderdrukking van die Afrikaner blanke arbeider, was maar nooit vêr op die agtergrond nie. Partypolitieke leiers het dikwels van die geleentheid gebruik gemaak om te wys op die uitbuiting van die Afrikaner deur hierdie magnate. Die Burger het deur die pen van Boonzaaier 'n karrikatuur, Hoggenheimer, voorgehou as 'n vet ryk Jood, wat hom nog meer verryk het deur geld van die arm Afrikaner te vorder en dit vir homself toe te eien. Hierdie voorstelling het dikwels konflik tussen Afrikaner en Engelsman veroorsaak en was een van die faktore wat in die partypolitiek 'n rol gespeel het.

Die ekonomiese krisisjare rondom 1929 tot 1933 moet vanuit twee hoeke beskou word. Enersyds is dit duidelik dat, soos reeds genoem, die boere ekonomies gesproke die swaarste ge=tref is. Armblankes en verstedeliking was probleme waarmee die regering geworstel het. Die boere kon voor die af=stapping van die goudstandaard implemente teen 'n baie laer

prys aankoop, as daarna, omdat die pariteit van die Suid-Afrikaanse pond teenoor die Britse pond baie hoër was as na die afstapping. Daar was 'n daling van bykans 54% in die koopkrag met betrekking tot die landbou-implemente.[27] Tesame met die duurder landbouimplemente het landbouprodukte se pry= se met byna die helfte gedaal.[28] " ---- maar die boere self skryf die oorsaak toe aan die dag waarop die goudstandaard vir betaalmiddele oorboord gegooi is."[29]

4.2.4. MYNBOU.

In skrille kontras met die swak toestande in die landbou het dit met die mynmagnate baie beter gegaan nadat Suid-Afrika die goudstandaard verlaat het. Die styging van meer as R2 per fynons goud het 'n vermeerdering van bykans R4,5 miljoen per maand vir die myne beteken.[30] Nog 'n belangrike verandering wat die goudmyne betref, was dat die myne nie meer verplig was om al hulle goud aan die Reserwebank te verkoop nie. Hulle kon dus 'n beter prys vir hulle produk beding en ge= volglik was hulle nie baie begerig om 'n nuwe ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse regering aan te gaan nie.[31] Saam hiermee was daar 'n geweldige styging in goudaandelepryse en die de= presiasie van die pond het veroorsaak dat aandele verder die hoogte ingeskiet het. Die algemene prys van goud het binne

27. Ibid., P17.19.
28. Ibid.
29. Ibid.
30. Die Burger, 30.12.1932. Let daarop dat dit slegs 'n wisselkoers was wat in Londen betaalbaar was en dat die premie nie na Suid-Afrika versend kon word tensy die goudprodusente bereid was om 'n groot persentasie van sy vermeerderde waarde te verloor nie.
31. Die Burger, 31.12.1932.

die eerste paar dae gestyg van R8.50 per fynons tot R14.04 per fynons.[32]

Die feit dat die mynhuise se eienaars oorwegend Engelssprekend was, het meegebring dat die kulturele stryd tussen Afrikaans- en Engelssprekendes ook die ekonomiese terrein be= treë het. Dit het nou gegaan om die gedagte dat die Afrikaner ekonomies ondergeskik was aan die Engelssprekende en hierdie feit het 'n belangrike neerslag in die par= typolitiek gevind. Omdat die Suid-Afrikaanse Party oorwegend Engelssprekendes was, het die boere hulle meer tuis gevoel binne die geledere van die Nasionale Party wat weer meer Afrikaanssprekendes onder hulle gehad het. Die wisselwerking tussen die ekonomie en die politiek blyk duidelik uit die talle voorbeelde waar die een party die boere en hulle be= narde posisie gebruik het om voordeel bo die ander party te behaal. Die ekonomiese en politieke stryd tussen die Afrikaner en die Engelssprekende het ook in 'n ideologiese stryd tussen faksies van pro-Suid-Afrika en pro-Brittanje ont= wikkel. Die beste voorbeeld hiervan word gevind in die stryd tussen die twee generaals, Hertzog en Smuts, oor die vraag of daar van die goudstandaard afgestap moet word aldan nie. Genl. Smuts wou dat Suid-Afrika die goudstandaard verlaat bloot net omdat Brittanje dit gedoen het en derhalwe was Smuts se gevoel dat Suid-Afrika as Britse Dominium, dieselfde moes doen. Hierteenoor het genl. Hertzog gevoel dat Suid-Afrika alreeds vêr genoeg op die pad van selfstandigheid gevorder het, om hom nie meer deur Brittanje te laat oorheers nie.[33]

Hierdie ideologiese stryd het sy neerslag ook in die politiek gevind. Reeds sedert die gewelddadige onderdrukking van die

---

32. F.A. van Jaarsveld, Van van Riebeeck tot Verwoerd 1652 1966, p. 304.
33. Vergelyk in hierdie verband die hele polemiek rondom die afstapping van die goudstandaard in hoofstuk 2.

mynstakings in 1922, deur genl. Smuts het baie Afrikaners hulle begin tuis voel in die Nasionale- en Arbeiderspartye. Alhoewel die Arbeidersparty van kol. F.H.P. Creswell inderwaarheid ook baie Engelssprekendes in sy geledere gehad het, het die verontregte, Afrikaner wat hom op daardie stadium bedreigd gevoel het deur die moontlike oorheersing op arbeidsterrein deur die swartman, 'n tuiste gevind in 'n politieke party wat vir sy regte geveg het. Vandaar dan ook dat genl. Hertzog nie veel teenkanting gekry het, omdat hy 'n hele paar jaar lank baie nou met die Arbeidersparty saamgewerk het.

### 4.2.5 DIE KOÖPERATIEWE EKONOMIESE STELSEL.

Nog 'n belangrike faset van die tydperk was dat daar wegbeweeg is van die suiwer imperialistiese stelsel in die ekonomie en dat daar meer klem gelê is op 'n Afrikaner geïnspireerde koöperatiewe stelsel. Die wortels van die Suid-Afrikaanse koöperatiewe stelsel is in die landbou geanker. Die stigting van Sasbank dien hier as voorbeeld. Dit het vir die Afrikaner gegaan om die stigting van 'n bank waarin hy hom tuis kon voel en dit het voortgevloei in die stigting van Volkskas en talle ander reeds genoemde Afrikaner geïnisieerde organisasies. Geen buitelander het in hierdie instellings 'n aandeel gehad nie en die aandeelhouers was aanvanklik ge=lyke vennote, wat daarop uit was om hulp te verleen en 'n diens te lewer. Hierdie koöperatiewe gedagte word later dan ook deur die Suid-Afrikaanse Handelsinstituut oorgeneem as die ekonomiese stelsel vir Suid-Afrika, waar hy pleit vir die vervanging van die kapitalistiese stelsel in Suid-Afrika met 'n koöperatiewe stelsel.

'n Verdere afleiding uit bogenoemde is dat die Afrikaner, wanneer dit met hom polities goed gaan, begin om nuwe

inisiatiewe met betrekking tot die ekonomie te toon. As die Afrikaner dus aan bewind van sake gestaan het, het hy inisiatief aan die dag gelê en met planne na vore gekom wat die land en veral die Afrikaner tot groot voordeel gestrek het. As hy nie in beheer is nie dan kwyn hy en daar kom nie veel inisiatief van sy kant nie. Die stigting van Afrikaner geïspireerde maatskappye het immers eers na die Pakt bewindsoorname begin plaasvind. Teen 1932-1933 het die onseker jare op die partypolitieke front die Afrikaner weer eens effens op die agtergrond geskuif en het daar nie veel van die stigting van maatskappye gekom nie. Na samesmelting is daar afgeskop met die Volkskongres van 1934, insake die armblanke en hierna was daar weereens 'n bloeitydperk in die stigting van Afrikaner geïnisieerde maatskappye. Dit het dan uitgebou tot die geweldige industriële ontwikkeling, wat die land een van die leiers in Afrika op hierdie gebied gemaak het. Hier vind ons dus die ander pool van die saak naamlik dat die politiek soms ook dempend kan inwerk op die ekonomie.

Dat daar 'n gedurige wisselwerking tussen politiek en ekonomie is, kan nie ontken word nie. Daar was tye in die Suid-Afrikaanse geskiedenis waar die politieke faktore seer sekerlik die botoon gevoer het, maar in die tydperk 1929-1936 het die ekonomie 'n baie groter rol en invloed op die politiek gehad, as wat andersom die geval was. So intens was die ekonomiese ingrype in die politiek in hierdie tydperk dat dit regeringsleiers gedwing het om saam te werk en dat die twee hooffigure in die drama, genls. Hertzog en Smuts, die stryd=byl begrawe het en terwille van 'n hegter eenheid besluit het om as een party saam te smelt. Dit wat politieke argumente en verkiesings oor baie jare nie kon vermag het nie, was binne enkele maande moontlik deur druk wat ontstaan het as ge=volg van 'n ekonomiese krisisse.
Bogenoemde in aggenome kan beweer word dat diegene wat die geld en die ekonomie van 'n land kan beheer en manipuleer die


mag het om die land as hulle skaakbord te gebruik. Indien hulle, hulle skuiwe baie goed beplan, kan hulle die ge= skiedenis van daardie land radikaal beïnvloed. Hulle sal dan beheer hê oor die lewensaar van daardie land, naamlik die ekonomie en nie net die finansiële aspekte van die land in sy geheel nie, maar ook die van individue. Rothchild het immers baie lank gelede reeds verklaar, dat indien hy beheer oor die rykdomme *[ekonomie]* van 'n land het, hy nie sou omgee wie die wette van die land maak nie.[13]

## 4.3 SLOTOPMERKING.

Die ekonomiese en politieke gebeure gedurende 1929-1936 het op 'n besondere wyse die interaksie tussen ekonomie en poli= tiek geïllustreer en dit bied vir die historikus 'n insig= gewende perspektief op die verloop van die Suid-Afrikaanse samelewing. Die twee begrippe, naamlik ekonomie en poli= tiek is vasgevang in 'n nimmereindigende spel van invloed en gevolge. In die formulering van beleid moet enige regering hierdie onderlinge afhanklikheid duidelik verreken. Een fak= tor staan egter duidelik en dit is dat die twee begrippe in 'n landbestuur op generlei wyse van mekaar geskei kan word nie. In sewe van die mees deurslaggewende jare in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis, 1929-1936, was die bepa= lende invloed van ekonomiese gebeure op die politieke verloop duidelik sigbaar. Die politieke geskiedenis van die land sou beslis 'n ander wending geneem het as 'n hele reeks ekonomiese gebeure nie die gang van sake dikteer het nie. Hierdie ge= beure was nie slegs binnelandse faktore waaroor die regering beheer probeer uitoefen het nie, maar ook buitelandse in= vloede waaroor die regering weinig beheer gehad het.

BYLAE 1.

'N TEOREtiese MODEL VAN DIE EKONOMIESE KONJUNKTUUR.




Hierdie is 'n suiwer teoretiese model van die ekonomiese konjunktuur bewegings van die land (vandaar die reguitlyne). Dit moet duidelik gestel word dat daar in die praktyk nie sulke ideale modelle bestaan nie. Aanhoudende prysskommelings veroorsaak 'n gedurige verandering in die B.N.P., wat dan 'n gereelde verandering in die piekpunte op die grafiek sal veroorsaak. . Wat die tydperk betref, waaroor die hele siklus plaasvind, kan net genoem word dat ook die tydperk kan wissel van weke, maande of selfs jare.

BYLAE 2.

PROGRAM VAN BEGINSELS VAN "DIE VERENIGDE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PARTY", 1934.

1.

"Die Party erken die oppermag en leiding van God, in die lot=gevalle van lande en volkere en verlang die ontwikkeling van die volk van Suid-Afrika langs kristelik-nasionale weg, sonder afbreuk van die reg tot vryheid van gedagte, van gewete en van godsdiens.

Dit stel sig ten doel die ontwikkeling van 'n kragtig gevoel van Suid-Afrikaanse volkseenheid, gegrondves op die gelyke regte van die Afrikaans-sprekende en Engels-sprekende dele van die bevolking gepaard met die erkenning en waardering van elk=ander se kulturele erfreg.

Met hierdie doel soek die Party om tot politieke samewerking te verenig almal wat gereed is om die oogmerke en beginsels van die Party te onderskryf, en om sig in goeder trou te onderwerp aan die verpligtinge daaraan verbonde, - onver=skillig of hul totnoutoe buite enige Party gestaan het of lid was van die Nasionale Party of tot die Suid-Afrikaanse Party behoor het.

11.

Die Party neem aan as sy uitgangspunt die sewe punte van same=werking tussen die Suid-Afrikaanse en Nasionale Party en set op grond daarvan sy oogmerke en beginsels as volg uiteen:

1. BEGINSELS EN GEES VAN REGERING.

a) Die regering van die land sal gevoer word op 'n basis van Suid-Afrikaanse Nasionale beginsels, en in 'n gees van Suid-Afrikaanse Nasionale selfstandigheid in harmonie met ons soewereine, onafhanklike status bekragtigd deur "Statute of Westminster" en deur die "Status van die Unie Wet", 1934.

b) Die Party stel sig ten doel die versekering in die regering van die land, van:

i) die verwesenliking van die nasionale aspirasies en oortui=gings van die volk van die Unie van Suid-Afrika, met die leuse, "Suid-Afrika eers".

sowel op geestelike as op stoflike gebied;
iii) die bevordering van 'n gesonde besef van nasionale eie=waarde gevestigd op die volste waardering van alles wat die geestelike en kulturele besittinge van die volk uitmaak, in al sy verskillende vertakkinge en deur die beskerming van die regte van ieder deel van die bevolking.

## 2. KONSTITUSIONELE POSISIE

a) Die Uniale basis van 'n verenigde Suid-Afrika bly gehand= haaf so as in die Suid-Afrika Wet neergelê; en geen bevoegd= heid of reg in stryd daarmee of wat in stryd daarmee kan aangewend word, sal aan enige Provinsie of Provinsies toegeken word.

b) Die status van die Provinsies sal gehandhaaf bly; en on= derworpe aan wat neergelê is in sub-paragraaf (a) voorafgaande, sal, binne die perke van die Suid-Afrika Wet, Teneinde beter uitvoering te kan gee aan die bepalinge van genoemde Wet, uitbreiding mag geskied van provinsiale magte en funksies, waar sulks nodig mag bevind word.

c) Die Party verklaar sig ten gunste van die handhawing van die bestaande verhouding van die Unie tot die Britse Gemenebes van Nasies en sy samewerking met die andere State daartoe behorende, onderworpe ewewel daaraan dat geen afbreuk geskied aan die Status van die Unie, en dat geen buitelandse verplig= tinge aanvaar word in stryd met die belange van die Unie.

d) Terwyl die Party die bestaande staatsregtelike posisie handhaaf sal aan niemand die vryheid ontsê word om sy per= soonlike sienswyse in verband met enige verandering van ons regeringsvorm uit te spreek of sy eerlike oortuigings te be= pleit nie.

e) Sonder afbreuk te doen aan die bepalings van die Unie Vlagwet of aan die plek onder daardie Wet aan die Union Jack toegeken, sal die gesag en mag van die Unie gesimboliseer bly deur ons eie Nasionale Vlag.

f) Die Party beskou dit as noodsaaklik dat die regte en voor= regte aan elke deel van die bevolking deur die Grondwet

gewaarborg onpartydig betrag en gehandhaaf sal word deur die Regering.

3. GELYKE TAALREGTE.

Die gelyke taalregte ten opsigte van die Afrikaans- en Engels=sprekende dele van die bevolking, sal in die praktyk, vir sover die Staat daarmee gemoeid is, uitgeoefen en gehandhaaf word in alle opsigte en in elke deel van die volkslewe binne die Unie.

4. LANDBOUBELEID.

a) Terwyl die belange van die verskillende volksdele almal gelykelik die aandag, en sorg van die Regering sal geniet, sal die bestaan en welvaart van die landelike bevolking die onderwerp vorm van besondere strewe en toewysing.

b) Deur die toepassing van 'n vooruitstrewende nedersettings=beleid sal die daarstelling op 'n gesonde basis, van 'n self=standige en selfonderhoudende klas van klein grondbesitters bevorder word.

5. MAATSKAPLIKE BELEID.

Aan die werksman sal 'n behoorlike lewensstandaard verseker word en die bestaande beskaafde arbeidsbeleid van die Regering sal gehandhaaf word. Die tevredenheid en welvaart van die werkers sal verder bevorder word deur 'n gevoel van gemeen=skaplike belang en van onderlinge toegeneentheid tussen werk=gewer en werknemer in te boesem, deur vertroue aan te kweek in die onpartydigheid van die Regering en sy besorgdheid vir die belange van die werker, en deur lone en arbeidstoestande, waar doenlik, te verbeter met die doel om die status en die lewensstandaard van die werkers te verhoog.

6. NATURELLEBELEID

a) 'n Ernstige poging sal aangewend word om 'n bevredigende oplossing te verkry van die naturellevraagstuk langs 'n weg wat, sonder om die naturel se reg van ontwikkeling te ontneem, die hoofsaaklikheid van die Europese beskawing sal erken.

b) Dit word erken dat 'n oplossing van die politieke aansig van hierdie vraagstuk op die grondslag van afsonderlike ver=teenwoordiging van Europeane en Naturel of andersins iets fun=damenteels is, en tot nou toe nog nooit 'n saak van partyge=skil was nie en behoort so ver moontlik gesoek te word langs die weg van ooreenkoms en oorgelaat word aan die vrye uitoefening van die oordeel van individuele lede wat die Party in die Parlement verteenwoordig.

c) As 'n grondbeginsel van Naturellebeleid word aanvaar die erkenning van die naturel as 'n blywende deel van die landsbe=volking onder kristelike voogdyskap van die Europese rasse, met strenge wraking van elke poging tot menging van die rasse,

en die aankweking van 'n gees van welwillendheid en van onderlinge vertroue tussen die twee rasse, as synde in die beste belang van Suid-Afrika.

7. <u>ALGEMENE EKONOMIESE BELEID</u>.

a) Die handhawing van vertroue in die ekonomiese toekoms van die Unie sal gewaarborg word deur beskerming van ons geldwese, sowel as sy kapitale bates en hulpbronne wat dien tot bevordering van die vooruitgang en ontwikkeling van die land en sy bevolking.

b) Die twee groot primêre nywerhede, landbou en die ontgin= ning van die minerale bronne van die Unie, word erken as die grondslae van die duursame stoflike welvaart van die land, wat moet versterk word deur die ontwikkeling daarnaasaan van die handel en die fabrieksnywerheid op 'n wyse as wat mees bevorderlik sal wees tot bestendige vooruitgang en selfstandigheid.

c) 'n Gesonde en regverdige finansiële beleid, wat rekening sal hou met die noodsaaklikheid vir spaarsaamheid in die administrasie sal gevolg word, met die billike verdeling van die belastingdruk, en met die aanwending, sover dit met regverdigheid gedaan kan word, van die tydelike bates van die land op sodanige wyse en sal dien om die ontwikkeling van sy permanente hulpbronne te bevorder en sy ekonomiese standvastigheid te bestendig.

d) Op ekonomiese terrein wil hy alle seksies en stande wat bestaansreg het, saambind tot 'n hegte volkseenheid in 'n gevoel van veiligheid en in 'n gees van onderlinge vertroue, samehorigheid en gesamentlike nasionale verantwoordelikheid.

e)Hy streef daarom na die skepping van sodanige ekonomiese toestande dat aan iedere seksie 'n behoorlike lewensbestaan verseker sal word en dat iedereen, maar veral die ekonomies swakkere seksies, teen uitbuiting van enige aard beskerm sal word.

f) In ooreenstemming hiermee verklaar die party hom beslis teen enige politiek of beleid wat daarop bereken is of wat die strekking het om klassestryd te bevorder of om enige volksbe= lang op te offer ten bate van die georganiseerde geldmag.

111.

Tot bevordering en bereiking van sy oogmerk en beginsels, staan die Party die volgende voor:

1) Die regverdige en gelyke behandeling van alle dele van die Unie.

2) Die handhawing deur die Staat van die beginsel van die eerbiediging van die Sondag as rusdag, met inagneming van die vryheid van die individuele burger in eie kring.

3) Die erkenning van die plig van die owerheid om toesig te hou oor die onderwys op 'n wyse wat 'n nasionale stelsel van opvoeding sal verseker, gebaseer op gesonde sielkundige en opvoedkundige beginsels; met volle erkenning van die regte van ouers, meer bepaald wat betref die sedelike en godsdienstige opleiding van hulle kinders.

4) Die handhawing van die volksgesondheid en van 'n hoë sede= standaard.

5) Die aanmoediging van gewenste Europese immigrasie met ver= sekering van gelyke behandeling in die Unie, met verstande

dat 'n finansiële Staatsondersteunde stelsel van immigrasie onder bestaande toestande onwenslik geag word.

6) Die beskerming van die Europese bevolking sowel as van die kleurling en die naturel teen Asiatiese immigrasie of konkur= rensie, met erkenning en handhawing van die bestaande regte van Asiate in die Unie gebore of wettig gevestig.

7) Die versekering aan alle dele van die bevolking van Suid-Afrika, - blank, gekleurd en swart, - van 'n billike en ge= lyke regspleging, 'n onpartydige administrasie, en redelike geleenthede vir vooruitgang, sowel stoffelik as geestelik.

8) Die instandhouding van 'n doelmatige stelsel van nasionale landsverdediging opgestel met inagneming van die status en ligging van Suid-Afrika, en sy behoeftes aan beskerming teen vyandelike aanval.

1V.

Sodra en so dikwels as dit nodig gevind word, sal die Party 'n program van Aksie vasstel en publiseer, waarin saamgevat word haar eise vir praktiese wetgewing. Hierdie eise sal, in sover beginsels daarmee verbonde is, op die grondslag van die bostaande artikels berus wat dan as politieke grondwet vir die Party sal geld." (Bron: J.H., Le Roux en P.W., Coetzer, Die Nasionale Party Deel 111, Byale A, pp. 630 635.)

BYLAE 3.

PROGRAM VAN BEGINSELS VAN DIE NASIONALE PARTY VAN DIE UNIE, 1936.

Reeds in 1934 is 'n komitee deur die Federale Raad aangestel om die program van beginsels van die Nasionale Party te hersien. Gedurende die eerste helfte van 1935 is hierdie verslag voltooi en op 5 Julie van daardie jaar deur die Federale Raad goedgekeur. Op 26 Februarie 1936 het die Federale raad van die Nasionale Party die Konsepprogram van Beginsels, soos deur die Raad in 1935 opgestel, oorweeg en vir goedkeuring aan die provinsiale kongresse voorgelê. Die aanvaarde Program van Beginsels van die Nasionale Party in 1936 was soos volg:

KARAKTER EN DOEL.

1. Die Party erken die opperheerskappy en leiding van die Almagtige God en soek die ontwikkeling van ons volkslewe langs Christelik-nasionale weg.

2. Hy stel hom ten doel om die welvaart van Suid-Afrika en sy bevolking te bevorder en te beskerm vir sover dit langs politieke weg kan geskied.

3. Hy verteenwoordig die nasionale aspirasies en strewe van die Suid-Afrikaanse volk, wat hy wil opbou deur die aankweking van 'n kragtige besef van nasionale selfstandigheid en onafhanklikheid en deur die bevordering van 'n sterk gevoel

van nasionale eenheid, gegrond op 'n gemeenskaplike en onverdeelde toewyding aan Suid-Afrika en sy belange.

NASIONALE SELFSTANDIGHEID EN ONAFHANKLIKHEID.

4. Die Party grond hom op die ondubbesinnige erkenning dat Suid-Afrika volgens wet 'n soewerein-onafhanklike staat is, en dat hy daarom alle regte besit en op eie gesag alle staatsfunksies mag uitoefen wat deur daardie uitdrukking in sy volle internasionale betekenis aangedui word.

5. Hy onderneem om hierdie onafhanklikheid getrou te handhaaf, om enige vertolking, rigting, optrede op politiek wat daarmee in stryd is of daarop inbreuk maak, met alle geoorloofde middele te bestry en om alle nog bestaande konstitusionele ongerymdhede te verwyder.

STAATKUNDIGE TOEKOMS.

6. Die Party erken onomwonde die reg van die volk om te eniger tyd, as hy dit in die belang van die land ag, sy regeringsvorm langs konstitusionele weg te verander.

7. Die Party is daarvan oortuig dat die republikeinse staats=vorm, afgeskei van die Britse Kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afri=kaanse volk en daarom sal hy die republikeinse ideaal beskerm en hom beywer om 'n republiek in S.A. tot stand te bring.

8. Hy erken dat 'n republiek tot stand gebring kan word alleen op die breë grondslag van die volkswil en met die getroue inagneming van die gelyke taalregte van die twee seksies van die blanke bevolking. In ooreenstemming hiermee

lê hy vas dat hierdie konstitusionele verandering tot stand gebring sal word alleen ingevolge 'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die volk.

NASIONALE VLAG.

9. Die Party verklaar nadruklik dat hy die Nasionale Vlag beskou as die enigste en uitsluitende simbool van ons eie Suid-Afrikaanse nasieskap en van die staatkundige gesag en mag van die Unie. Hy dring daarop aan dat hierdie plek vir ons landsvlag ook in die praktyk verseker sal word deur sowel die Regering as deur alle openbare liggame en burgers van die land.

VERHOUDING TOT BUITELAND.

10. Die Party eis dat ons buitelandse politiek volkome onder ons eie beheer sal staan en dat Suid-Afrika se belange in geen enkele opsig ooit aan die van enige ander land ondergeskik gemaak of opgeoffer sal word nie.

Hy weier om enige verbintenis of bondgenootskap (hetsy staatkundig, militêr of andersins) met enige ander volk of groep van volke, insluitende die Britse Gemenebes van Nasies, te erken, wat nie vooraf uitdruklik deur die Parlement goedgekeur is nie.

Hy dring verder aan op die bevordering van Suid-Afrika se ekonomiese onafhanklikheid en die uitbreiding van sy han=delsbetrekkinge in alle rigtings vir sover sy belange die

beste daardeur gedien kan word en verklaar hom derhalwe teen enige politiek of optrede wat daarna streef om dit te verhinder of te strem.

IMMIGRASIE

11. Die Party verwelkom die versterking van die blanke bevol= king deur die immigrasie van gewenste persone. Hy verklaar hom egter teen enige immigrasie op staatskoste. Verder dring hy daarop aan dat van staatsweë sodanige maatreëls geneem word dat geen onwenslike persone die land binnekom nie en dat immigrasie soveel moontlik beperk moet word tot elemente wat deur die Suid-Afrikaanse volk geassimileer kan word en wat nie deur hul aanwesigheid of die stoflike lewenstandaard of die sedelike peil van die blanke bevolking sal verlaag nie.

VOLKSEENHEID.

12. a) Provinsiale Samewerking: Die Party wil die goeie verstandhouding en samewerking tussen die provinsies bevorder deur aan ieder afsonderlik reg te laat wedervaar en aan almal gesamentlik 'n billike behandeling te verseker. Verder verklaar hy hom teen enige verbreking of verslapping van die bestaande uniale bande wat die strekking mag hê om ons volkseenheid te ondermyn.

b) Rasse-samewerking: Hy wil 'n gees van onderlinge vertroue en samewerking tussen die blanke rasse aankweek deur toe te sien dat in alle dele van die Unie die twee landstale op presies gelyke voet behandel word en dat die beginsel van

tweetaligheid toegepas word, nie alleen in die verskillende departemente van die staatsdiens nie, maar ook in verband met al die dele van die provinsiale administrasie sowel as alle openbare administratiewe liggame en alle staatsinrigtings of deur die staatondersteunde inrigtings.

c) Ekonomiese Samewerking: Op ekonomiese terrein wil hy tus= sen alle seksies wat bestaansreg het, samewerking bevorder in 'n gevoel van veiligheid en in 'n gees van onderlinge ver= troue, saamhorigheid en gesamentlike nasionale verantwoorde= likheid.

Hy streef daarom na die skepping van sodanige ekonomiese toe= stande dat aan iedere seksie 'n behoorlike lewensbestaan verseker word en dat iedereen, maar veral die ekonomiese swakkere seksies, teen uitbuiting van enige aard beskerm sal word.

In ooreenstemming hiermee verklaar die Party hom beslis teen enige politiek of beleid wat daarop bereken is of wat die strekking het om klassestryd te bevorder of om enige volksbe= lang op te offer ten bate van die georganiseerde geldmag.

13. Die Party erken die plig van die owerheid om toesig te hou oor die onderwys en te sorg dat elke kind na aanleg en geleentheid onderwys ontvang, gebaseer op gesonde sielkundige en nasionale beginsels, sodanig dat hy daardeur in staat gestel word om sy plek met eer in te neem in die maatskappy en dit met erkenning van die reg van die ouers om te bepaal in watter rigting hierdie onderwys moet gegee word wat betref sedelike en godsdienstige vorming van die kind.

Dit geld sowel vir middelbare en hoër as laer, en sowel vir professionele en tegniese as vir algemene onderwys.
Verder verklaar die Party dat hy ten gunste is van 'n organi= sasie van die onderwys waardeur, sonder verspilling van staatsgeld, elke deel van die land gebring sal word onder die invloed sowel van hoër as van laer onderwys en waardeur alle dele van die Unie in staat gestel sal word om voorsien te wees van 'n toereikende, bekwame en redelik besoldigde onder= wyserspersoneel.

NIE-BLANKE RASSE.

14. Die Party erken die Christelike voogdy van die Europese ras oor die naturelle en kleurling-bevolking en verklaar hom beslis teen die menging van die blanke en nie-blanke rasse. Hy wil aan die nie-blanke rasse die geleentheid verskaf om hulself op eie terrein te ontwikkel ooreenkomstig hul natuurlike aanleg en vatbaarheid.

Hy verklaar hom ten gunste van die territoriale en politieke segregasie van die naturel en van die aparte politieke verteenwoordiging van die kleurling. Op industriële gebied verklaar hy hom ten gunste van segregasie tussen blankes en nie-blankes.

Hy wil sowel die blanke bevolking as die kleurling en die naturel beskerm teen Asiatiese immigrasie of konkurrensie, deur 'n doelmatige skema vir Indiër-segregasie in die lewe te roep en deur te belet dat enige uitbreiding van hulle regte plaasvind.

EKONOMIESE WELVAART.

15. a) Boerebedryf: Die Party beoog 'n selfstandige en wel=varende boerestand. Aangesien die landbou in sy verskillende afdelings die hoofbron van die blywende inkomste van die Unie vorm en die welvaart van die volk hoofsaaklik daarvan afhang, moet hierdie bedryf kragdadig van staatsweë aangemoedig word, o.a. deur plaasprodukte doeltreffend teen mededinging van buite te beskerm, markte daarvoor te vind, onbehoorlike winste deur die middelman te belet en 'n doeltreffende stelsel van landbou-krediet en landbou-onderwys op te bou.

b) Minerale Hulpbronne: Hy wil die uitbreiding en ontwik=keling van ons minerale hulpbronne in alle opsigte aanmoedig met behoorlike inagneming van die welvaart van die werker en van die aanspraak van die staat op sy regmatige aandeel in die land se minerale rykdom.

c) Sekondêre Industrieë: Hy wil alle sekondêre industrieë wat lewensvatbaarheid besit, kragdadig bevorder o.a. deur 'n stelsel van doeltreffende beskerming, met behoorlike in=agneming van die belange van die binnelandse verbruiker, en deur die uitbreiding van hul binnelandse en buitelandse markte.

d) Finansiële Beleid: Hy wil 'n waaksame oog hou oor die uitgawe en inkomste van die land, en met nadruk aandring op 'n gesonde beheer van die finansies.

Hy wil 'n belastingstelsel toepas in eweredigheid met die draagkrag van die belastingbetaler, waardeur die land se na=tuurlike bronne van tydelike rykdom in voldoende mate behulp=saam gemaak word tot die bevordering van sy duursame welvaart.

Hy wil voorsorgmaatreëls tref waardeur die bronne van staats= inkomste ontstaande uit die ontginning van minerale en ander tydelike rykdomme, by ewentuele uitputting op voldoende wyse sal vervang word deur nuwe bronne van inkomste van 'n duursame aard.

Hy wil behoorlike toesig van staatsweë instel oor bank- en geldwese en algemene handel.

ARBEID.

16. Die Party staan vir 'n beskaafde arbeidsbeleid in= sluitende o.a.:

a) die skepping van arbeidstoestande waardeur aan elke burger 'n geskikte, gelukkige en versekerde werkkring verskaf word;

b) die behoorlike beskerming van die arbeiders teen die kon= kurrensie van arbeidskragte van buite die Unie;

c) die doeltreffende beskerming van die beskaafde arbeider teen uitdrukking deur onbeskaafde arbeidskragte;

d) die versekering van 'n behoorlike loon- en lewenstandaard vir die arbeider;

e) die skepping van 'n gevoel van vertroue en simpatie tussen werkgewer en werknemer, en

f) die oplossing van onderlinge geskille tussen werknemers en werkgewers deur tussenkoms van die staat.

g) die skepping by die Regering van 'n opregte belangstelling in en sorg vir die belange van die arbeiders, met behoorlike inagneming van die belange van die werknemers.

DIE BLANKE ARME.

17. Die Party beskou die verskynsel van armoede en agteruit=gang by 'n groot deel van die blanke bevolking as 'n ernstige en dringende volksvraagstuk en dring daarop aan dat die staat in verband daarmee sy volle verantwoordelikheid vir stelsel=matige ondersoek en oplossing sal aanvaar.

VERDEDIGING.

18. Die Party erken die plig van die Regering om te sorg vir 'n doelmatige stelsel van landsverdediging sowel op land as op see en in die lug, vir beskerming van die land en sy belange en in ooreenstemming met ons nasionale selfstandigheid.

SONDAG EN OPENBARE SEDELIKHEID.

19. Die Party erken die plig van die owerheid om met inagne=ming van die soewereiniteit in eie kring die Sondag as dag van rus op openbare terrein te eerbiedig en te handhaaf en om alle onchristelike praktyke in die volkslewe te bestry.

UITVOERING VAN BEGINSELS.

20. Om die bogenoemde beginsels te verdedig en in die praktyk toegepas te sien, handhaaf die Party hom as 'n selfstandige politieke groep, organiseer hy hom op demokratiese en federale grondslag en stel hy van tyd tot tyd sy program van aksie vas, gegrond op hierdie program van beginsels as sy politieke grondwet.

VERANDERING VAN BEGINSELS.

21. Hierdie Program van Beginsels bevat die gemeenskaplike beginsels van die Nasionale Party-organisasies in die Unie wat tot die Federasie van die Party toegetree het en word nie deur hul kongresse verander nie anders as in oorleg met mekaar deur middel van die Federale Raad." (Bron J.H. Le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party Deel 111, pp. 636 - 641.)

## BYLAE 4.

### HERTZOG SE SEWE VOORWAARDES VIR KOALISIE.

1. "Die Regering van die land sal voortgesit en gevoer word op 'n basis van nasionale beginsels en in 'n gees van Suid-Afrikaanse nasionale selfstandigheid, in harmonie met ons soewereine onafhanklike status bekragtig deur die Statuut van Westminister.

2. Die uniale basis van 'n verenigde Suid-Afrika bly onaangeraak soos in die Suid-Afrika Wet neergelê en geen bevoegdheid of reg in stryd daarmee of wat in stryd daarmee kan aangewend word, sal aan enige provinsie of provinsies toegeken mag word nie. Die gesag en die mag van die Unie bly gesimboliseer deur ons eie selfstandige nasionale vlag.

3. Die gelyke taalregte ten opsigte van die Afrikaans- en Engelssprekende dele van die bevolking sal in die praktyk vir sover die staat hiermee gemoeid is, uitgeoefen en gehandhaaf word in alle opsigte en in elke deel van die volkslewe binne die Unie.

4. Terwyl die belange van die verskillende volksdele almal gelyktydig die aandag en sorg van die regering sal geniet, sal die bestaan en welvaart van 'n gesonde landelike bevolking die onderwerp van besondere strewe en toewyding vorm.

5. Aan die Suid-Afrikaanse arbeider sal 'n behoorlike lewenstandaard verseker word en sal deur die regering voortgegaan word met die bestaande beskaafde arbeidsbeleid.

6. 'n Ernstige poging sal aangewend word om 'n bevredigende oplossing van die Nie-Blankevraagstuk, langs 'n weg wat, sonder om die Bantoe sy reg tot ontwikkeling te ontneem, die vereistes van die Blanke beskawing op die voorgrond sal stel en voorsiening maak vir aparte politieke verteenwoordiging van wit en swart. Met hierdie doel sal die beraadslagings van die Gesamentlike Gekose Komitee oor verteenwoordiging van Bantoes, ensovoorts bespoedig word ten einde die nodige wetgewing so spoedig moontlik voor die Parlement te bring.

7. Daar sal deur die Regering gesorg word vir die handhawing van vertroue in die toekoms van die Unie op ekonomiese gebied, deur beskerming van ons geldwese, tesame met kapitale bates en hulpbronne wat dien tot die ontwikkeling en vooruitgang van ons land en sy bevolking." Bron: J.H., Le Roux, P.W., Coetzer en A.H., Marais, <u>Generaal J.B.M. Hertzog</u>, pp. 473 - 474.

## <u>BYLAE 5</u>.

## <u>ENKELE VERGELYKINGS TUSSEN DIE TWEE PROGRAMME VAN BEGINSELS VAN DIE KAAPLANDSE HOOFBESTUUR VAN DIE NASIONALE PARTY EN DIE BASIS VAN GENL. HERTZOG.</u>

<u>HOOFBESTUUR</u>.

1. Erkenning van God.

Hy erken die opperheerskappy en leiding van die Almagtige God en soek ontwikkeling langs Christelik-Nasionale weg.

HERTZOG-SMUTS.

Hy erken die oppermag en leiding van God en soek ontwikkeling langs Christelik-Nasionale weg .. sonder afbreuk van die reg op vryheid van gedagte, van gewete en van godsdiens.

2. Doel en karakter.

HOOFBESTUUR.

Hy wil 'n volk opbou deur die aankweking van 'n kragtige besef van nasionale selfstandiheid en onafhanklikheid en deur die bevordering van 'n sterk gevoel van nasionale eenheid.

HERTZOG-SMUTS.

Hy wil volle volkseenheid bereik en tot politieke samewerking verenig almal wat gereed is om die oogmerke en beginsels van die party te onderskryf en om hulle te goeder trou te onder=werp aan die verpligtings daaraan verbonde.

3. Onafhanklikheid.

HOOFBESTUUR.

Hy erken ondubbelsinnig dat Suid-Afrika volgens wet 'n soewerein onafhanklike staat is in volle internasionale sin.

HERTZOG-SMUTS

Hy wil die bestaande verhouding van die Unie tot die Britse Gemenebes van Nasies handhaaf.

4. Staatkundige toekoms.

HOOFBESTUUR.

Hy wil die staatkundige toekoms van die Unie aan geen bande lê nie, en hy erken die reg van die volk om te eniger tyd sy regeringsvorm langs konstitusionele weg te verander.

HERTZOG-SMUTS.

Hy handhaaf die bestaande staatsregtelike posisie van die Unie.

5. Republikeinse propaganda.

HOOFBESTUUR.

Hy erken aan iedereen van sy lede die volste reg en vryheid toe om die republikeinse regeringsvorm te bepleit en daarvoor propaganda te maak.

HERTZOG-SMUTS.

Hy sal aan niemand die vryheid ontsê om sy persoonlike sienswyse in verband met enige verandering van ons rege=

ringsvorm uit te spreek of sy eerlike oortuigings te bepleit nie.

6. Provinsiale magte.

<u>HOOFBESTUUR</u>.

Hy verklaar hom teen enige verbreking of verslapping van die bestaande uniale bande wat die strekking mag hê om ons volkseenheid te ondermyn.

<u>HERTZOG-SMUTS</u>.

Uitbreiding van provinsiale magte en funksies mag geskied waar sulks nodig bevind word.

7. Deelname aan oorlog.

<u>HOOFBESTUUR</u>.

Die Unie sal in alle gevalle in internasionale sin neutraal bly, tensy die Parlement van die Unie anders besluit.

<u>HERTZOG-SMUTS</u>.

Geen buitelandse verpligtings sal aanvaar word in stryd met die belange van die Unie nie.

8. **Landboubeleid.**

HOOFBESTUUR.

Hy beoog 'n selfstandige en welvarende boerestand. Die Van der Horst-skema en ander dergelike verbandaflossingskemas moet dadelik ondersoek word. Die boer moet op dieselfde gunstige voorwaardes geld kan leen as die staat, en die mag en onder= steuning van die staat moet daartoe aangewend word.

HERTZOG-SMUTS.

Die bestaan en welvaart van die landelike bevolking sal die onderwerp vorm van besondere strewe en toewyding. Ten einde 'n selfstandige en self-onderhoudende klas van klein grond= besitters op te bou, sal 'n voortuitstrewende nedersettings= beleid aangewend word.

9. **Goudmynbelasting.**

HOOFBESTUUR.

Hy wil die ontwikkeling van die minerale hulpbronne aanmoedig met behoorlike inagneming van die welvaart van die werker en van die aanspraak van die staat op sy regmatige aandeel in die land se minerale rykdom.

HERTZOG-SMUTS.

Hy wil die tydelike bate van die land aanwend op 'n wyse wat sal dien om die ontwikkeling van sy permanente hulpbronne te bevorder en sy ekonomiese standvastigheid te bestendig.

10. Arbeidsbeleid.

HOOFBESTUUR.

Hy staan 'n beskaafde arbeidsbeleid en 'n behoorlike lewen= standaard voor deur vir die arbeider 'n gelukkige en versekerde werkkring te verskaf en hom teen konkurrensie van arbeidskragte van buite die Unie en teen uitdrukking deur onbeskaafde arbeid te beskerm. Hy wil geskille tussen werk= nemer en werkgewer deur tussenkoms van die staat uit die weg ruim.

HERTZOG-SMUTS.

Hy wil aan die werkman 'n behoorlike lewenstandaard verseker om die beskaafde arbeidsbeleid van die regering handhaaf. Hy wil vertroue aankweek in die onpartydigheid van die regering en sy besorgdheid vir die belange van die werker deur lone en arbeidstoestande, waar doenlik, te verbeter met die doel om die lewenstandaard van die werkers te verhoog.

11. Blanke arme.

HOOFBESTUUR.

Hy erken dat dit 'n volksvraagstuk geword het en dat die staat sy volle verantwoordelikheid op hom moet neem, sodat daar voortdurende ondersoek en bestryding van die armoede en agter= uitgang kan wees. Hy wil die vraagstuk nie langer aan private inisiatief oorlaat nie.

HERTZOG-SMUTS.

Niks.

12. Unie-vlag.

HOOFBESTUUR.

Sonder afbreuk te doen aan die plek wat onder die Vlagwet aan enige ander vlag toegewys mag word, beskou hy die nasionale vlag as die enigste en uitsluitende simbool van ons eie nasieskap en van die staatkundige gesag en mag van die Unie, en dring hy daarop aan dat hierdie plek vir ons landsvlag ook in die praktyk verseker word deur die regering sowel as deur alle openbare liggame en burgers van die land.

HERTZOG-SMUTS.

Sonder afbreuk te doen aan die bepalings van die Unie-vlagwet of aan die plek onder daardie wet aan die Union Jack toegeken, sal die gesag en mag van die Unie gesimboliseer bly deur ons eie nasionale vlag.

13. Tweetaligheid.

HOOFBESTUUR

Hy wil toesien dat in alle dele van die Unie die twee lands= tale op presies gelyke voet behandel word, nie alleen in die verskillende departemente van die staadsdiens nie, maar in al die dele van die Provinsiale Administrasies, openbare ad=

ministratiewe liggaame en alle staatsinrigtings of staatson= dersteunde inrigtings.

HERTZOG-SMUTS.

Die gelyke taalregte ten opsigte van die Afrikaans- en Engelssprekende dele van die bevolking sal in die praktyk, vir sover die staat daarmee gemoeid is, uitgeoefen en ge= handhaaf word in alle opsigte en in elke deel van die volks= lewe binne die Unie. **Bron:** Ineq Pamflet: F.C., Erasmus, Die Twee Basisse Vergelyk.

# BRONNELYS EN BIBLIOGRAFIE.

## 1. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE.

### 1.1 Instituut vir Eietydse Geskiedenis, UOVS, Bloemfontein.

PV. 451: Albert-Hertzog-versameling.
PV. 389: L. Esselen-versameling.
PV. 4: E.H. Louw-versameling.
PV. 193: C.R. Swart-versameling.

## 2. AMPTELIKE PUBLIKASIES.

### 2.1 Buitengewone Staatskoerant.

Buitengewone Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika, Vol. C11 van 31.12.1935, No. 2319.

### 2.2 Parlement van die Unie van Suid-Afrika.

2.2.1 Dabatte van die Volksraad: 1922 - 1936 deurlopend.

2.2.2 Debatte van die Verenigde Vergaderings van albei Huise van die Parlement:

2.2.2.1 12 - 25 Februarie 1926.
2.2.2.2 29 - 30 Maart 1928.
2.2.2.3 26 Mei 1930.
2.2.2.4 13 Februarie tot 7 April 1936.

### 2.3 Wetten van de Unie van Zuid-Afrika.

1924 - 1925.

2.4 Wette van die Unie van Suid-Afrika. 1934.

3. PERIODIEKE PUBLIKASIES.

3.1 Koerante.

Die Burger, 1920 - 1936.
The Cape Argus, 1925 - 1934.
The Friend, 1924 - 1934.
The Star, 1924 - 1936.
Die Vaderland, 1928.
Die Volksblad, 1929 - 1936.

3.2 Onderhoude:

B., Wheeler, 18.3.1989.

3.3 Pamflette en Vlugskrifte.

Back Cunningham, A., The Gold Standard, Johannes=burg, s.a.

Beukes, F., Politieke Ondankbaarheid, Kaap=stad, s.a.

Cilliers, A.C., Britse Holisme of Suid-Afrikaanse Nasionalisme, Bloemfontein, s.a.

Cilliers, A.C., Genl. Hertzog en Hereniging, Stel=lenbosch, 1940.

Coulter, C.W., et. al., Terms for Fusion, Kaap=stad, 1934.

De Wet, C.J.H., Beswaarskrif teen Samesmelting, s.l., s.a.

Die Boer en die Goudstandaard, P17.19.

Die Wrange Vrug van Koalisie en Samesmelting, P24.273.

Du Toit, F.D., Laat Feite Praat, Bloemfontein, 20.12.1935.

Erasmus, F.C., Die Nasionale Party Weer Een, Kaap=stad, 1934.

Erasmus, F.C., Die Twee Basisse vergelyk, Kaap=stad, 1934.

Erasmus, F.C., Generaal Hertzog - Toe en Nou, Kaap=stad, s.a.

Erasmus, F.C., Hoe genl. Hertzog Verander het - Toe en Nou, Kaapstad, s.a.

Erasmus, F.C., Die S.A.P. se Plunderbeleid, Kaap=stad, 1932.

Esselen, l., Die Vrug van Koalisie, Pretoria, s.a.

Esselen, L., What Coalition has Achieved for South Africa, Pretoria, s.a.

Fourie, A.P.J., Die Beskuldiginge van Kontrakbreuk, Pretoria, 1934.

Generaal Hertzog oor Samesmelting, P24.259, Kaap=stad, 1933.

Gluck, P., The Gold Value Standard, Zeerust, 1932.

Haywood, J.J., Genl. Hertzog Veroordeel Grondkopery vir Naturelle, Bloemfontein, s.a.

Hertzog, J.B.M., Program van Beginsels vir 'n Ver=enigde Party, Kaapstad, 1934.

Langenhoven, C.J., Goud of Papier, Kaapstad, 1932.

Malan, D.F., Is die Ooreenkoms Verbreek? Kaap=stad, 1934.

Op Eie Bene, P24.245.

The Fruits of Fusion, Pretoria, 1938.

Van den Heever, D.J.G., Gekleurde Sappe in Kaapland Bloemfontein, s.a.

Werth, A.J., et. al., Nasionalisme In Die Krisis, Bloemfontein, 1933.

4. GEPUBLISEERDE WERKE.

Albertyn, J.R., Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, - Sociologiese verslag, Stellenbosch, 1932.

Albertyn, J.R., Die helpende hand - Nood van Hulpbehoewendes, Johannesburg, 1938.

Barnard, S.L. en Marais, A.H., Die Verenigde Party die groot Eksperiment, Durban, 1982.

Bezuidenhout, W.J., Dr. Tinie Louw - 'n Kykie in die Ekonomiese Geskiedenis van die Afrikaner, Johannesburg, 1969.

Brits, J.P., Tielman Roos - Sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek 1907 - 1935, Pretoria, 1979.

Buys, E., Triomf van 'n Reddingsdaad, Pretoria, 1955.

Cartwright, A.P., Gold paved the way, London, 1967.

Cartwright, A.P., The Gold Miners, Kaapstad, 1962.

Coetzee, J.H., Verarming en Oorheersing, Bloemfontein, 1942.

Coleman, F.L., Economic history of South Africa, Pretoria, 1983.

Davies, R., Capital, State and White labour in South Africa 1900 - 1960, Engeland, 1979.

De Kiewiet, C.W., A History of South Africa - Social & Economic, Oxford, 1941.

De Kock, M.H., Economic History of South Africa, Johannesburg, 1924.

De Kock, M.H., The economic development of South Africa, London, 1936.

Du Plessis, E.P., 'n Volk staan op - Die ekonomiese Volkskongres en daarna, Kaapstad, 1964.

Du Plessis, J.C., Economic fluctuations in South Africa 1910 - 1949, Stellenbosch, 1950.

Du Toit, P., Verslag van die Volkskongres oor die Armblanke=vraagstuk gehou te Kimberley 2 tot 5 Oktober 1934, Kaapstad, 1934.

Franzen, D.G. en Reynders, H.J.J., Die Ekonomiese lewe van Suid-Afrika, Pretoria, 1966.

Friedman, B., Smuts - A Reappraisal, Johannesburg, 1975.

Geyser, O. en Marais, A.H., Die Nasionale Party Deel 1, Pretoria, 1975.

Gottfried, H., The World Economy, Money and the Great Depression, 1919 - 1939, Washington, 1976.

Grosskopf, J.F.W., Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, - Ekonomiese verslag, Stellenbosch, 1932.

Heilbroner, R.L., The Making of Economic Society, London, 1975.

Henry, J.A., Die eerste 100 jaar van die Standard Bank, Kaapstad, 1963.

Horwitz, R., The Political Economy of South Africa, London, 1967.

Houghton, D.H., The South African Economy, Kaapstad, 1964.

Houghton, D.H. en Dagut, J., Source material on the South African Economy: 1860 - 1970, Vol. 3, Kaapstad, 1970.

Ingham, K., Jan Christiaan Smuts - The conscience of a South African, Johannesburg, 1986.

Joubert, D., Die Kaapse Stemreg - Verteenwoor=diging vir Swart en Bruin in 1936, Brandpunte 5, Kaap=stad, 1973.

Joubert, D., Die Naturelle-grondkwessie - Uit die Volks=raadsdebat in 1936, Brandpunte 4, Kaapstad, 1973.

Kruger, D.W., The age of the Generals; A short political history of the Union of South Africa, 1910 - 1948, Johannesburg, 1958.

Kruger, D.W., The making of a nation; a history of the Union of South Africa, 1910 - 1961, Johannesburg, 1969.

Le Roux, J.H. en Coetzer, P.W., Die Nasionale Party Deel 11, Bloemfontein, 1980.

Le Roux, J.H. en Coetzer, P.W., Die Nasionale Party Deel 111, Bloemfontein, 1982.

Le Roux, J.H. en Coetzer, P.W., Die Nasionale Party Deel 1V, Bloemfontein, 1986.

Le Roux, J.H., Coetzer, P.W. en Marais, A.H., Generaal J.B.M. Hertzog - Sy strewe en stryd, Vol. 1 en 2, Johannesburg, 1987.

Lombard, J.A., Die ekonomiese politiek van Suid-Afrika, Kaapstad, 1967.

Lombard, J.A. en Stadler, J.J., Die Ekonomiese stelsel van Suid-Afrika, Kaapstad, 1967.

Lombard, J.A. et. al., Teoretiese grondslae van die politieke ekonomie, Pretoria, 1986.

Lumby, A.B. en North Coombes, M.D., A Bibliographical guide to South African Economic development, Durban, 1984.

Macdonald, T., Jan Hofmeyr - Heir to Smuts, Kaapstad, 1948.

Macmillen, W.M., Complex South Africa. An Economic footnote to History, London, 1930.

Malan, M.P.A., Die Nasionale Party van Suid-Afrika. Sy stryd en Prestasies 1914 - 1964, Elsiesrivier, 1964.

Malherbe, E.G., Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika - Onderwys verslag, Stellenbosch, 1932.

McKenzie, R. en Tullock, G., Modern political economy - An introduction to economics, Johannesburg, 1978.

Meiring, P., Ons eerste ses Premiers, Kaapstad, 1972.

Meiring, P., Jan Smuts - die Afrikaner, Kaapstad, 1974.

Meiring, P., Tien politieke leiers - Manne na ons aan Premiers, Kaapstad, 1973.

Meyer, P.J., Die stryd van die Afrikaner werker, Johannesburg, 1944.

Mohr, P.J. et. al., Ekonomiese aanwysers, Johannesburg, 1988.

Müller, A.L., Die Ekonomiese Ontwikkeling van Suid-Afrika, Pretoria, 1979.

Muller, C.F.J., (red.) 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Pretoria, 1968.

Murray, W.A., Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, - Mediese Verslag, Stellenbosch, 1932.

Natrass, J., The South African Economy. Its growth and change, Kaapstad, 1981.

Paauw, S., Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad, Stellenbosch, 1946.

Palmer, R. en Parsons, N., The Roots of Rural Poverty in Southern & Central Africa, London, 1977.

Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog, Kaapstad, 1957.

Rothmann, M.E., Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, - Sociologiese verslag, Stellenbosch, 1932.

Sackrey, C., The Political Economy of Urban Poverty, New York, 1973.

Sadie, J.L., Die Afrikaner in die landsekonomie, Johannesburg, s.a.

Schoeman, B.M., Die Geldmag, S.A. se Onsigbare Regering, Pretoria, 1980.

Schoeman, B.M., Parlementêre Verkiesings in S.A. 1910 - 1976, Pretoria, 1977.

Scholtz, G.D., Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner Deel 7 van 1924 - 1939, Johannesburg, 1979.

Scholtz, G.D., Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888 - 1940, Johannesburg, 1944.

Schumann, C.G.W., Die Ekonomiese posisie van die Afrikaner, No 1V, Bloemfontein, 1940.

Schumann, C.G.W., Structural Changes and business cycles in South Africa 1806 - 1936, London, 1938.

Schumann, C.G.W., The World Depression - South Africa and the Gold Standard, Kaapstad, s.a.

Smuts, J.C., Jan Christiaan Smuts, Kaapstad, 1952.

Spies, F.J. du T., et al., Die Hertzogtoesprake Deel V, Johannesburg, 1977.

Spies, F.J. du T., et al., Die Hertzogtoesprake Deel V1, Johannesburg, 1977.

Stals, E.L.P., (red.) Afrikaners in die Goudstad, Johannesburg, 1983.

Steenkamp, W.F.J., Suid-Afrika se Buitelandse Handels= politiek in die afgelope veertig jaar, Pretoria, 1966.

Thom, H.B., Dr. D.F. Malan en Koalisie, geredigeer en voltooi deur M.C.E. van Schoor, Kaapstad, 1988.

Van den Heever, C.M., Generaal J.B.M. Hertzog, Johannes= burg, 1943.

Van der Ross, R.E., The Rise and Decline of Apartheid, Kaapstad, 1986.

Van der Walt, A.J.H., et al., Geskiedenis van Suid-Afrika, Kaapstad 1965.

Van Jaarsveld, F.A., Die Afrikaner se Groot Trek na die stede, Johannesburg,1982.

Van Jaarsveld, F.A., Van van Riebeeck tot Verwoerd 1652 - 1966, Johannesburg, 1971.

Van Wyk, A., Die Keeromstaatkliek, Kaapstad, 1983.

Wilcocks, R.W., Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, - Psychologiese verslag, Stellenbosch, 1932.

## 5. ONGEPUBLISEERDE WERKE.

### 5.1 Verhandelinge en Proefskrifte.

Coetzer, P.W., Die Verhouding tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party, 1924 - 1929. (M.A. - verhande= ling, UOVS, Bloemfontein, 1975.)

Coetzer, P.W., Koalisie en Samesmelting, 1933 - 1934. 'n Histories - Kritiese Studie. (D.Phil. - proefskrif, UOVS, Bloemfontein, 1980.)

Le Roux, J.H., Die Engelssprekende as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1925 - 1932. (D.Phil. - proefskrif, UOVS, Bloemfontein, 1977.)

Le Roux, J.H., "Die Gesuiwerde" Nasionale Party, 1935 - 1940. (M.A. - verhandeling, UOVS, Bloemfontein, 1972.)

Lubbe, A.J.L., Die Goudstandaardkwessie in die Suid-Afrikaanse politiek, 1931 - 1932. (M.A. - verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1986.)

Minnaar, F.J., Die Plattelander in die stad. (D.Phil. - proefskrif, Stellenbosch, 1946.)

Potgieter, A.J., Die Swartes aan die Witwatersrand, 1900 - 1933. (D.Phil. - proefskrif, RAU, 1978.)

Ravenscroft, A.P., The course of the Depression in South Africa. (M.A. - verhandeling, Unisa, 1938.)

Van Heerden, F.J., Die Randse staking van 1922. (M.A. - verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1965.)

5.2 Ongepubliseerde Dokumente;

Saaiman, S.F., Die Volksblad, 1917 - 1925, Ongepubliseerde dokumentebundel, Bloemfontein, 1981.

----oOo----

# OPSOMMING

**TITEL:** DIE EKONOMIE AS BEPALENDE FAKTOR IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK 1929-1936.

**KANDIDAAT:** J.A.H. VAN DEN BERG.

**KURSUS:** M.A.

**DEPARTEMENT:** GESKIEDENIS.

---

Die doel van hierdie dissertasie was primêr om ondersoek in te stel na die rol wat die ekonomie op die politiek van Suid-Afrika uitoefen. Die rede waarom die tydperk 1929-1936 gekies is, is omdat dit as 'n belangrike tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis getipeer word. Dit was 'n tydperk wat inderdaad as 'n waterskeidingstydperk in die land se ge=skiedenis beskou kan word. Dit was 'n tydperk waarin ou begrippe as't ware afgebreek is om plek te maak vir nuwe, meer moderne begrippe. 'n Nuwe era het veral na 1934 in die Suid-Afrikaanse politiek sy beslag gekry.

Die *status quo* ten opsigte van politieke en ekonomiese faktore tot 1928 word oorsigtelik beskou. Faktore wat deurlopend van aard was en wat 'n rol in die tydperk onder bespreking gespeel het, is meer in detail bespreek.

Daarna is 'n dieptesnit met betrekking tot die ekonomiese faktore, wat bepalend was, gemaak. Die belangrikste hier= van is die ineenstorting van die aandelemark in Wall Street op 29 Oktober 1929. Hierna het die ekonomie in Suid-Afrika 'n laagtepunt bereik. Die Droogte het sake net vererger en kan as 'n bydraende faktor beskou word om die Armblankedom tot sy hoogtepunt in hierdie tydperk op te stoot.

Die politieke debat wat landwyd gevoer is oor die afstapping al dan nie van die goudstandaard was een van die hoogtepunte om die invloed van 'n ekonomiese gebeurlikheid op die politiek te illustreer. Die werklikheid waaroor dit gegaan het, naamlik sou Suid-Afrika enige baat vind daarby om die goud= standaard te verlaat, het later in die niet verdwyn namate partypolitici die dispuut gebruik het om persoonlike politieke gewin daaruit te behaal.
Die Ekonomiese Volkskongres van 1934 het voortgevloei uit die verslag van die Carnegie Korporasie. Hierdie kongres kan be= skou word as die beginpunt van die opheffing van die Af= rikaner. Die ekonomiese herlewing wat na Samesmelting plaasgevind het, spreek boekdele vir Suid-Afrikaanse entre= preneuers.

Die kragtige rol wat die ekonomie in hierdie tydperk gespeel het word uitgelig en daar word duidelik uitgewys hoe eko= nomiese argumente selfs 'n regeringsverandering te weeg kon bring.

Die tweede hooffaset van hierdie studie is die politieke gebeure van 1929-1936. Enkele hoofmomente hier was beslis generaal J.B.M. Hertzog se rol in die politiek van hierdie tydperk. Die 1929 Verkiesing het reeds die duidelike tekens

getoon dat die Pakt-bewind nie meer bo verdenking was nie. Die invloed wat ekonomiese gebeure op die politiek gehad het, word ook telkens weer uitgewys.

Die rol wat Tielman Roos, onder die dekmantel van die ekonomiese krisis rondom die goudstandaard, gespeel het word in hierdie gedeelte beklemtoon. Dit was immers as gevolg van sy inmenging en die onsekerheid by generaals Hertzog en Smuts oor waartoe hy instaat was, wat veroorsaak het dat Hertzog en Smuts begin saamwerk het. Die besluit van die twee generaals om eers Koalisie en daarna samesmelting aan te gaan, het veroorsaak dat die politieke gesig van Suid-Afrika 'n totale metamorfose ondergaan het. Dit was ook 'n manier waarop genl. Hertzog sy bekende viertal wette deur die Parlement aan=vaar kon kry, omdat hy voorheen nie 'n tweederde meerderheid in die Parlement kon verkry nie.

Die finale deel van die werk word gewy aan die gevolgtrekking waartoe gekom is, naamlik dat die ekonomie wel 'n bepalende rol in die tydperk 1929-1936 op die Suid-Afrikaanse politieke bestel gespeel het. Met negering van verskeie ander faktore wat wel in die tydperk 'n rol kon speel is die fokus op die ekonomies-politiese geplaas en is argumente aangevoer om die hipotese te verifieer.